# DIE SEINSTELSEL AAN DIE KAAP, 1652 - 1795.

deur

S.A. MULLER

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad van Magister in
die Lettere en Wysbegeerte (Geskiedenis)
aan die Universiteit van Stellenbosch.

STUDIELEIER: DR. J.C. VISAGIE

JANUARIE 1992

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening: 20 Januarie 1992

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## OPSOMMING

'n Seinstelsel is aan die Kaap opgerig omdat daar geen manier was om inwoners vinnig en doeltreffend uit die binneland op te roep wanneer hulle met die verdediging van die land moes help nie. Dit was 'n eenrigting kommunikasiestelsel vanaf die kasteel na die binneland en het gedien as kommunikasieskakel van die verdedigingstelsel. Die doel met die stelsel was nooit om boere in kennis te stel dat skepe in Tafelbaai aangekom het en hulle hul produkte kon bring om te verkoop nie.

Eintlik was daar twee seinstelsels aan die Kaap. Die een is gebruik om bewindhebbers in kennis te stel dat daar skepe in aantog was en het terselfdertyd Nederlandse skepe gewaarsku dat die Kaap steeds veilig was en hulle Tafelbaai of Valsbaai kon binnevaar. Die seinposte van hierdie stelsel was op Leeukop, Robbeneiland, Simonsbaai en Houtbaai. By elke seinpos was daar 'n kanon en 'n vlagpaal. Vir elke skip wat opgemerk is, is 'n kanonskoot afgevuur en 'n geheime seinvlag aan die vlagpaal gehys. Die bevelvoerders van Nederlandse skepe is vooraf ingelig oor hoe die vlae moes lyk wat by die seinposte sou wapper.

Die ander stelsel wat gebruik is om burgers op te roep, het in drie verskillende rigtings na die binneland ontwikkel, naamlik die Swartland, Boland en Overberg. Daar was 35 seinposte wat almal op hoë koppe of berge geleë was.

Elke seinpos is deur 'n seinman beman wat gewoonlik die eienaar van die plaas was waarop die pos geleë was. By elke seinpos was daar 'n kanon met toerusting en die nodige benodigdhede waarmee seinskote afgevuur is. Afgesien van die kanonskote is daar ook by elke pos met behulp van vure rookseine gemaak. Wanneer die burgers wat rondom 'n seinpos gewoon het kanonskote gehoor en rookseine gesien het, was dit vir hulle 'n teken dat hulle onmiddellik na die Kaap moes gaan om met die verdediging van die land te help.

Elke seinpos is gereeld deur 'n burgeroffisier geïnspekteer. Die offisiere is deur die burgerkrygsrade van die verskillende distrikte waar die seinposte geleë was, aangestel.

In die tydperk 1652 tot 1795 is die seinstelsel by vier geleenthede op die proef gestel en het dit doeltreffend gefunksioneer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## SUMMARY

A system of signals was established in the Cape because there was no fast and effective method in which the inhabitants from the interior could be called up to help with the defence of the settlement. It was a one way communication system from the castle to the interior and it served as a communication link of the defence system. The aim of the system had never been to inform farmers that ships had landed and that they could bring their products to sell.

There were actually two systems of signals in the Cape. One system was used to inform the rulers that ships were on their way. At the same time it warned the Dutch ships whether the Cape was still safe and that they could therefore enter Table Bay or False Bay. The signal posts of this system were situated on Lion's Head, Robben Island, Simon's Bay and Hout Bay. Each signal post had a cannon and a flag pole. Each time a ship was detected a cannon shot was fired and a secret signal flag was hoisted. The Dutch ship commanders were informed beforehand what this signal would look like.

The other system, that was used to call up citizens, developed in three different directions to the interior, namely the Swartland, Boland and the Overberg. There were thirty five signal posts that were all situated either on high hills or mountains.

Each signal post was manned by a signal man who was usually the farmer on whose farm the post was situated. Each signal post had a cannon with all the equipment needed to fire signal shots. Smoke signals were also used. When inhabitants who lived in the vicinity of a signal post either heard cannon shots or saw smoke signals, they knew that they had to go to the Cape immediately to help with the defence of the settlement.

A civil officer regularly inspected each signal post. These officers were appointed by the civil councils of war of the various districts where the signal posts were situated.

From 1652 to 1795 the system of signals were tested on four occasions and each time they functioned effectively.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# I N H O U D

Bladsy

LYS VAN KAARTE EN ILLUSTRASIES i

VOORWOORD ii

1. DIE ONTSTAAN EN STIGTING VAN DIE UITKYK- EN SEINSTELSEL 1

2. LEEUKOP AS SEINPOS 21

3. ROBBENEILAND AS VROEë WAARSKUWINGS- EN SEINPOS 45

4. DIE SEINSTELSEL WORD UITGEBREI NA VALSBAAI EN HOUTBAAI 73

5. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE EERSTE SEINPOSTE EN SEINKODES OM BURGERS UIT DIE BINNELAND OP TE ROEP - 1652 - 1713 93

6. DIE OPRIGTING VAN DIE EERSTE SEINSTELSEL - 1734 117

7. DIE TWEEDE SEINSTELSEL - 1759 142

8. INSPEKSIES VAN SEINPOSTE 165

9. DIE TWEEDE SEINSTELSEL WORD OP DIE PROEF GESTEL 186

10. EVALUERING VAN DIE SEINSTELSEL 205

BYLAES 208

BRONNE 241

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# LYS VAN KAARTE EN ILLUSTRASIES

## KAARTE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Kaart van Robbeneiland teenoor bladsy | 49 |
| 2 | Kaart met seinposte in Tafelbaai, Houtbaai en Valsbaai teenoor bladsy | 87 |
| 3 | Kaart met seinposte soos in 1795 teenoor bladsy | 163 |
| 4 | Kaart met seinposte nader as 75km vanaf kasteel teenoor bladsy | 164 |


## ILLUSTRASIES


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Skets van Geheime seinvlae teenoor bladsy | 36 |
| 2 | Skets van 'n slee teenoor bladsy | 157 |
| 3 | Sketse van gereedskap en toerusting vir 'n seinpos teenoor bladsy | 158 |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# VOORWOORD

Die ondersoek na die ontstaan en stigting van die seinstelsel het ontstaan uit 'n begeerte om meer uit te vind waarom daar so 'n stelsel was. Hierdie onderwerp is in historiese werke slegs in enkele sinne of paragrawe genoem. Daar is nog geen wetenskaplike historiese verhandeling oor hierdie onderwerp geskryf nie. Uit die navorsing was dit baie duidelik dat die seinstelsel die kommunikasieskakel van die verdedigingstelsel was en ontstaan het uit en voorsien het in 'n behoefte wat aan die Kaap bestaan het.

Die seinstelsel is uitsluitlik gebruik om burgers uit die buitedistrikte op te roep wanneer 'n vyandelike aanval verwag is en nie soos sommige skrywers al verkeerdelik berig het om boere in kennis te stel dat skepe in Tafelbaai aangekom het en hulle hul produkte kon bring om te verkoop nie.

In hierdie verhandeling word daar gepoog om so objektief, wetenskaplik en noukeuring as moontlik vas te stel watter rol die seinstelsel vanaf 1652 tot 1795 in die beveiliging en verdediging van die Kaap gespeel het.

Daar word aangedui hoe die seinstelsel gefunksioneer en uitgebrei het, hoeveel seinposte daar was, waar hulle geleë was, hoe doeltreffend die stelsel was en hoe dikwels dit gebruik is. Uit die navorsing het dit geblyk dat daar eintlik twee seinstelsels aan die Kaap bestaan het. In die eerste deel van die verhandeling word die stelsel bespreek wat gebruik is om skepe te waarsku dat die Kaap nog veilig was en dat hulle in Tafelbaai of Valsbaai kon vasmeer. In die tweede deel word die stelsel bespreek wat gebruik is om burgers uit die buitedistrikte op te roep om met die verdediging van die Kaap te help wanneer 'n vyandige aanval verwag is.

Hierdie verhandeling gee egter geen volledige historiese oorsig van gebeure gedurende die tydperk vanaf 1652 tot 1795 nie. Feite en gebeurtenisse wat nie direk in verband met die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



seinstelsel staan nie word slegs genoem waar dit absoluut noodsaaklik is en waar anders die historiese verband verlore sou gaan. Dit was om hierdie rede telkens noodsaaklik om na die oorloë te verwys wat in Europa gewoed het waarby Nederland betrokke was aangesien dit die tye was wanneer die verdediging- en seinstelsel opgeknap, uitgebrei is en aandag ontvang het.

Die navorsing vir hierdie verhandeling is in die Kaapse Argiefbewaarplek, die Kaapse Aktekantoor en die Carnegie-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Die dokumente wat in die Kaapse Argiefbewaarplek geraadpleeg is, was grotendeels in ou Gotiese skrif. Dit het die navorsing bemoeilik aangesien dit aanvanklik moeilik was om die dokumente te lees, maar met gereelde oefening is die probleem oorbrug. 'n Aantal V.O.C.-dokumente van Kaapse oorsprong het verlore gegaan of is vernietig en daarom was dit onmoontlik om die onderwerp volledig na te vors. Dit sou veral belangrik gewees het om die geheime dokumente te kon raadpleeg wat aan die bewindhebbers in die Kaap gestuur is, maar slegs enkeles kon opgespoor word. 'n Verdere probleem wat ondervind is, was dat die inligting baie wydverspreid binne die Kaapse Argiefbewaarplek voorgekom het. Daar is besonder baie moeite gedoen om sover moontlik alle bestaande inligting oor die onderwerp te bekom en daarom is verskeie argiefversamelings deurgewerk. Die gevolg was dat die navorsingstydperk veel langer geduur het as wat aanvanklik beplan is.

Terwyl ek navorsing in die Kaapse Argiefbewaarplek gedoen het, is dokumente van tyd tot tyd onttrek en na Pretoria gestuur om gerestoureer en weer ingebind te word. Ek was dus gedwing om die toenmalige sowel as nuwe verwysingsnommers in hierdie verhandeling te gebruik.

Die name van persone en plekke is, waar dit enigsins moontlik was, deurgaans gemoderniseer en ook so gespel. Wanneer daar verwys word na 'n datum wanneer 'n persoon 'n plaas in besit geneem het, hetsy as eiendom of deur dit van die Kompanjie te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



huur, is die datum gebruik soos wat dit in die betrokke dokument of akte verskyn het en moet daarop gelet word dat 'n persoon reeds lank voor dié datum op die plaas kon gewoon het.

Ten slotte wil ek graag my dank betuig teenoor verskeie persone. Eerstens wil ek my dank uitspreek teenoor proff. D.J. Kotzé en D.J. van Zyl vir die hulp wat hulle verleen het. 'n Besondere woord van dank aan my studieleier, dr. J.C. Visagie, vir sy hulp, leiding, raad en motivering. Dit was werklik 'n voorreg om hierdie verhandeling onder sy leiding te voltooi. Verder wil ek dr. G.C. de Wet, eksterne eksaminator, vir sy wenke en leiding bedank. Die vriendelike hulp van die personeel van die Kaapse Argiefbewaarplek, die Kaapse Aktekantoor en die Carnegie-biblioteek verdien ook vermelding. Dan ook my dank aan my skoonsuster, mev. I. Muller, wat die tikwerk gedoen het.

My ouers en skoonouers verdien 'n woord van dank vir hul finansiële hulp, voortdurende aanmoediging en belangstelling. Baie dankie aan my vrou vir haar geduld, verdraagsaamheid en voortdurende aanmoediging. Sonder haar bystand sou ek hierdie tesis nie kon voltooi nie. Laastens alle eer en dank aan my Skepper vir krag en genade wat ek so onverdiend ontvang het.

ANDRé MULLER

Somerset-Wes
20 Januarie 1992

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 1

## DIE ONTSTAAN EN STIGTING VAN DIE UITKYK- EN SEINSTELSEL

Die Dertigjarige Oorlog wat in September 1618 in Europa begin het, is op 24 Oktober 1648 beëindig met die ondertekening van die Vredesverdrag van Wesfale.(1) Hierdie vredesluiting word as een van die belangrikste gebeurtenisse beskou in die politieke geskiedenis van Europa gedurende die sewentiende eeu.(2) 'n Era van godsdiens-oorloë is met die vredesverdrag afgesluit en 'n nuwe tydperk in Europa se geskiedenis is daarmee ingelui.(3)

Die Nederlandse Republiek was met die ondertekening van die Vrede van Wesfale 'n welgestelde moondheid. Dit was 'n federale staat met 'n Calvinistiese godsdiensinslag en op see was dit 'n mag waarmee deeglik rekening gehou moes word.(4)

Die Nederlandse Republiek kon met geregverdigde trots terugkyk na die oorlog wat verby was en die vrede wat daarna gesluit is. Na 'n stryd wat jare geduur het, was hy weer onafhanklik en het hy as een van die groot moondhede met veel roem uit die stryd getree. Na die oorlog was die Republiek nie net een van die magtigste lande in Europa nie, maar ook een van die welvarendste lande op die Europese kontinent. Handel, wat die fondament van sy welvaart en rykdom was, het jaar na jaar toegeneem en daartoe aanleiding gegee dat hy in 'n groot moondheid ontwikkel het.(5)

Teen die sewentigerjare van die sestiende eeu het die Nederlanders hoofsaaklik met die lande in en rondom Europa

---

1. P. de Klerk e.a.: Die Opkoms van Europa 1500 - 1815, p. 155; M.J.Swart e.a.: Uit ons Wording, pp. 389 - 390.
2. C.J.H. Hayes e.a.: History of Western Civilization, pp. 402 - 404.
3. M.J. Swart e.a.: Uit Ons Wording, pp. 389 - 390.
4. C.J.H. Hayes e.a.: History of Western Civilization, pp. 404 - 405.
5. H Brugmans en G.W. Kernkamp: Algemene Geschiedenis, pp. 253 - 254; J.E. Morris: A History of Modern Europe, pp. 63 - 64, 81 - 82.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



handel gedryf. Voor die einde van dié eeu het hulle ook egter die Kaap Verdiese Eilande en Brasilië besoek en nie lank daarna nie begin om ook met hul skepe na die Ooste te vaar om dáár handel te dryf.(6)

Die bloeitydperk wat die Nederlandse handel beleef het, het tot gevolg gehad dat verskeie handelsmaatskappye gestig is. Almal wou deel in die winste wat hierdie nuut-gevonde bedryf gebied het en dit het veroorsaak dat die handel met die Ooste snel toegeneem het. Die mededinging tussen die verskillende maatskappye was egter só sterk dat dit tot gevolg gehad het dat hul winsgrense baie laag was. Om wrywing tusen die maatskappye uit te skakel en winsgewende handel te verseker, het die Nederlandse regering, die State-generaal, besluit om die verskillende maatskappye in een groot handelsmaatskappy te verenig en daaraan 'n handelsmonopolie te verleen. Die Verenigde Geoktrooieerde Oos-Indiese Compagnie (V.O.C.) het gevolglik op 20 Maart 1602 tot stand gekom. Die State-generaal het 'n uitgebreide oktrooi aan die maatskappy verleen wat aan hom 'n handelsmonopolie verleen het.(7)

Die eerste vyftig jaar na die stigting van die V.O.C. het skepe van die maatskappy gereeld na die Ooste gevaar en onderweg daarheen ook by die Kaap aangedoen. Dit het dikwels gebeur dat skepe van die maatskappy weke lank in Tafelbaai voor anker gelê het, terwyl hul bemanningslede na water en hout op die vasteland gesoek het. Tafelbaai was nie alleen 'n herstellingsoord vir siek bemanningslede nie, maar dit het ook as veilige en beskutte bymekaarkomplek gedien vir vlote wat deur storms uitmekaar gedryf is.(8)

---

6. A.W. Ward e.a.: <u>The Cambridge Modern History IV</u>, pp. 749 - 759.
7. H.B. Thom: Die Opkoms van die Nederlandse Handel (D.W. Kruger, red.: <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, pp. 31 - 32); G. Claassen: 'n <u>Historiese blik op die Lae Lande</u>, p. 153; P. de Klerk e.a.: <u>Die Opkoms van Europa 1500 - 1815</u>, p. 167.
8. G.M. Theal: <u>History of South Africa II</u>, p. 365; H.B. Thom: Die Opkoms van die Nederlandse Handel (D.W. Kruger, red.: <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p. 33).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die direkteure van die V.O.C., die bewindhebbers in Nederland, het besef dat die Kaap van groot waarde was vir hul skepe en bemanningslede. Die strategiese ligging daarvan op pad na die Ooste het dit vir alle handeldrywende Europese state 'n begeerlike plek gemaak om te besit, veral vir die lande wat met die Ooste wou handel dryf. Hulle het geweet dat hulle die Kaap sonder probleme sou kon benut, solank as wat hulle nie handelsmededinging met vreemde nasies ondervind het nie. Hierdie ideaal van die Nederlanders is teen die eerste helfte van die sewentiende eeu verydel toe die Engelse op handelsgebied met hulle begin meeding het en die gedagte by hulle posgevat het dat die Engelse die belangrikheid van die Kaap kon agterkom en pogings sou aanwend om dit in besit te neem.

In 1650 was die verhouding tussen die Nederlandse Republiek en Engeland baie gespanne. Oliver Cromwell, 'n Engelse regeringsleier, wou 'n einde maak aan Nederland se handelsgroei en ekonomiese vooruitgang. In 'n poging om die Engelse handelsmag uit te bou het hy in 1651 die sogenaamde Navigasiewet deur die Britse Parlement geloods. Dié wet het die invoer van goedere in ander skepe as Engelse skepe, of in skepe van die land waarvandaan die goedere gekom het, verbied. Die Navigasiewet was uitdruklik teen die Nederlanders gemik omdat dit hulle verbied het om goedere na Engeland te vervoer en het die Nederlandse handel 'n ernstig knou toegedien.(9)

Hierdie handelswedywering het in Mei 1652 direk aanleiding gegee tot die uitbreek van die Eerste Handelsoorlog tussen Nederland en Engeland wat eers in April 1654 beëindig is.(10) Die handelswedywering het 'n belangrike rol gespeel in die Nederlanders se besluit om in 1652 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Die stigting van die verversingspos het ten nouste saamgehang met die Nederlanders se vrees dat die Kaap

---

9. A.W. Ward e.a.: <u>The Cambridge Modern History IV</u>, pp. 459 - 465; P. de Klerk e.a.: <u>Die Opkoms van Europa 1500 - 1815</u>, pp. 240 - 241.
10. A.W. Ward e.a.: <u>The Cambridge Modern History IV</u>, pp. 466 - 472.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moontlik in Engelse hande sou val en sodoende vir hulle verlore sou gaan.

Die voorspel tot die stigting van die verversingspos was die stranding van 'n Nederlandse skip, die Nieuwe Haerlem. Dit was vanaf Oos-Indië na Europa op pad en het op 25 Maart 1647 in Tafelbaai gestrand.(11) Dit was nie moontlik om die skip weer vlot te maak nie en na 'n paar dae is besluit om die bemanning, wapens, ammunisie en vrag wat aan boord was en wat gered kon word, met behulp van 'n kabel na die land te trek.(12) Drie dae nadat die Nieuwe Haerlem gestrand het, op 28 Maart 1647, het twee Engelse skepe wat vanaf Bantam na Europa onderweg was in Tafelbaai anker gegooi.(13) Die twee Engelse skepe het twee dae later vertrek en veertig bemanningslede van die gestrande Nieuwe Haerlem saamgeneem en op St. Helena afgelaai.(14)

Die oorblywende ongeveer sestig bemanningslede van die gestrande skip het onder bevel van Leendert Janszen in Tafelbaai agtergebly. Hulle moes die vrag van die Nieuwe Haerlem wat gered is, oppas totdat 'n retoervloot uit Oos-Indië by die Kaap sou aandoen en die goedere oplaai om dit saam te neem na Nederland. Janszen en sy manne moes 'n volle jaar, tot Maart 1648, aan die Kaap wag voordat 'n retoervloot daar aangedoen het.(15) Die vloot het uit 12 skepe bestaan en het onder bevel van Wollebrandt Geleijnsen de Jongh, 'n buitengewone lid (Extra-ordinaris) van die Raad van Indië en gewese president in Persië, gestaan. Een van die retoervloot se skepe was Coninck van Polen waarop Jan van Riebeeck 'n passasier was. Net voor sy vertrek uit die Ooste het De Jongh opdrag van die Hoë Regering in Nederland gekry om die bemanning en vrag van die gestrande Nieuwe Haerlem in Tafelbaai op te pik. Dit was 'n opdrag wat vir Jan van

11. M.J. Swart e.a.: Uit Ons Wording, pp. 426 - 427.
12. E.C. Godée Molsbergen: Jan van Riebeeck en sy Tyd, p. 33.
13. E.C. Godée Molsbergen: De Stichter van Hollands Zuid Afrika Jan van Riebeeck, p. 51.
14. E.C. Godée Molsbergen: Jan van Riebeeck en sy Tyd, p. 33.
15. M.J. Swart e.a.: Uit Ons Wording, pp. 426 - 427.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Riebeeck belangrike gevolge ingehou het.(16) Nadat die retoervloot teen die middel van Maart 1648 in Tafelbaai aangekom het, is daar 18 dae lank geswoeg om die goedere van die gestrande Nieuwe Haerlem aan boord te kry voordat hulle na Nederland kon vertrek.(17)

Gedurende hulle verblyf aan die Kaap het die skipbreukelinge van die Nieuwe Haerlem betekenisvolle inligting omtrent die Kaap ingewin wat hulle in 'n rapport of remonstrantie opgeteken het. Met hulle aankoms in Nederland het hulle, op versoek, hierdie inligting op 26 Julie 1649 aan die Kamer van Amsterdam oorhandig. Die remonstrantie was deur Leendert Janszen en Matthys Proot onderteken.

In die dokument is die toestande aan die Kaap beskryf en aanbevelings vir die stigting van 'n verversingspos aldaar gemaak. Kort saamgevat het hierdie verslag daarop neergekom dat die inbesitname van die Kaap groot ekonomiese, sowel as strategiese waarde vir Nederland ingehou het.(18)

Die Kamer van Amsterdam het 'n afskrif van die remonstrantie aan die Kamer van Seeland gestuur. Op 20 Augustus 1650 het die Here Sewentien op grond van die verslae van die Kamers van Amsterdam en Seeland besluit om die Haagse Besoigne opdrag te gee om aan hul voorstel uitvoering te gee en 'n verversingspos aan die Kaap te stig.(19) Die Haagse Besoigne was 'n liggaam wat in 1640 in die lewe geroep is om die Here Sewentien by te staan met die lees van briewe, die opstel van antwoorde en die neem en notulering van besluite.(20)

Jan van Riebeeck het van die Here Sewentien se planne omtrent die stigting van 'n verversingspos te hore gekom, hom tot die Kamer van Amsterdam gewend en aangebied om as opperhoof van

---

16. E.C. Godée Molsbergen: Jan van Riebeeck en sy Tyd, p. 31.
17. E.C. Godée Molsbergen: Jan van Riebeeck en sy Tyd, p. 34.
18. M.J. Swart e.a.: Uit Ons Wording, p. 427.
19. E.C. Godée Molsbergen: De Stichter van Hollands Zuid Afrika Jan van Riebeeck, pp. 206 - 214.
20. A.J. Böeseken: Jan van Riebeeck en sy gesin, p. 46.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die beplande verversingspos na die Kaap te gaan. Nadat sy aansoek gunstig oorweeg is, het die Here Sewentien 'n afskrif van die remonstrantie aan Van Riebeeck gegee en hom sy mening gevra oor die voorstelle wat in dié verslag vervat was. 'n Maand nadat Van Riebeeck die stuk ontvang het, het hy sy kommentaar daarop op skrif gestel en dit by die Kamer van Amsterdam ingelewer.(21)

Uit Van Riebeeck se kommentaar blyk dit dat hy 'n persoon met 'n gesonde en besadigde oordeel was wat dinge fyn waargeneem en vinnig opgesom het. Hy het 'n goeie indruk geskep as in gedagte gehou word dat hy slegs een maal, saam met die retoervloot van Wollebrandt Geleijnsen de Jongh, 18 dae aan die Kaap vertoef het.(22) In Van Riebeeck se kommentaar was daar 'n voorstel in verband met die implementering van 'n stelsel aan die Kaap wat Nederlandse skepe wat op 'n verbyvaart daar wou aandoen, sou waarsku dat die verversingspos nog veilig in Nederland se besit was.(23) Vir dié doel moes 'n geheime seinkode gebruik word om die skepe te waarsku voordat hulle die Tafelbaaise reede binnegevaar het.(24)

Met sy vertrek uit Nederland en op pad na die Kaap om die verversingspos te gaan stig, was Van Riebeeck terdeë bewus van die gespanne verhoudinge tussen die Nederlandse Republiek en Engeland as gevolg van die uitwerking van die Navigasiewet. Die gevolg was dat hy met sy aankoms aan die Kaap baie versigtig was vir die moontlike teenwoordigheid van die Engelse, want hoewel die Eerste Handelsoorlog nog nie uitgebreek het nie, het die Engelse reeds voor sy vertrek uit Nederland begin om Nederlandse skepe op see aan te val. Om dié rede het Van Riebeeck met sy aankoms in Tafelbaai op 5

21. E.C. Godée Molsbergen: De Stichter van Hollands Zuid Afrika Jan van Riebeeck, p. 71.
22. A.J. Boëseken: Jan van Riebeeck en sy Stigtingswerk 1652 - 1662 (D.W. Kruger, red.: Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 37).
23. E.C. Godée Molsbergen: Die Stichter van Hollands Zuid Afrika Jan van Riebeeck, Bylae IX, p. 217.
24. E.C. Godée Molsbergen: Jan van Riebeeck en sy Tyd, p. 40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



April 1652, nog voordat hy aan wal gegaan het aan die boekhouer, Adam Hulster, en die onderstuurman, Arent van Ieveren, opdrag gegee om met 'n sloep al langs die kus tot aan die agterkant van Leeuberg te vaar en te kyk of daar nie vreemde skepe in daardie omgewing was nie. Met hulle terugkeer, het Hulster en Van Ieveren, tot groot verligting van Van Riebeeck, gerapporteer dat alles veilig was.(25)

Baie skepe van verskeie lande het na die stigting van die verversingspos by die Kaap aangedoen. Sommige het dit gedoen met die doel om handel te dryf, terwyl ander slegs die verversingspos se geriewe gebruik het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Kaapse bewindhebbers voortdurend op die uitkyk moes wees vir vyandelike aanvallers. Skepe van vyandelike moondhede wat voorgegee het dat hulle wou handel dryf, kon maklik so 'n geleentheid gebruik om die Kaap aan te val. Die verversingspos moes voorbereid wees teen so 'n aanslag en dit ten alle koste probeer vermy. Om hierdie rede was dit nodig dat die Kaapse bewindhebbers betyds gewaarsku moes word wanneer skepe, en in die besonder vreemde skepe, die Kaap nader.

Dwarsdeur die sewentiende en agtiende eeu het Nederland, en gevolglik ook die V.O.C., gedugte vyande gehad. Die Europese state wat in die loop van dié twee eeue in Oos-Indië belang gestel het en die seeroete om die Kaap gebruik het, was Engeland, Frankryk en in 'n mindere mate Portugal. Die belange van hierdie moondhede het dikwels gebots en geskille is dan op die slagvelde van Europa besleg. In sulke gevalle het die kolonies van dié Europese state wat in die oorloë betrokke was, gedink dat hulle ook deur die vyande van hul moederland aangeval gaan word en hulle daarop voorberei.

Om hierdie rede het die mense aan die Kaap ook menige maal bedreig gevoel. Die gebeure in Europa waarin Nederland

---

25. D.B. Bosman en H.B. Thom (reds.): <u>Daghregister gehouden by den opperkoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I</u>, 6/4/1652, p. 19 (Voortaan word na die publikasie verwys as: J. van Riebeeck: Daghregister....).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



betrokke was, het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling en uitbreiding van die seinstelsel aan die Kaap, aangesien daar 'n direkte verband tussen die twee bestaan.

Ongeveer nege maande nadat Van Riebeeck in die Kaap aangekom het, op 18 Januarie 1653, het 'n galjot, die Swarte Vos, uit Nederland in Tafelbaai aangekom met die tyding dat die Eerste Handelsoorlog tussen die Nederlandse Republiek en Engeland uitgebreek het.(26) Tydens dié oorlog was die atmosfeer aan die Kaap baie gespanne. Van Riebeeck het voortdurend 'n Britse aanval gevrees en het besef dat hy voorsorg daarteen moes tref omdat hy vir die veiligheid van die verversingspos verantwoordelik was. Dit was ook van groot strategiese belang dat die Kaap in besit van Nederland moes bly, aangesien dit langs die seeroete na die Ooste geleë was vanwaar Nederland baie van sy produkte gekry het. Hy wou dus nie graag dié pos verloor nie.(27)

Die oop strand tussen die fort en die mond van die Soutrivier is beskou as die plek waar die nedersetting in geval van 'n aanval die kwesbaarste was. Dit was die waarskynlikste plek waar 'n vyandelike vloot sy troepe aan wal sou sit en Van Riebeeck is gedwing om die verdediging dáár op te knap. Die toevallige sameloop van omstandighede het ook hierin 'n rol gespeel.(28)

Kort na sy aankoms aan die Kaap het Van Riebeeck besluit om traanketels agter 'n hoë sandduin aan die suidekant van die Soutrivier op te rig. Hier is walvisolie uitgebraai, maar omdat die proses gepaard gegaan het met 'n slegte reuk, is daar wyslik besluit om die ketels so ver as moontlik van die fort af op te rig. Die nadeel daaraan verbonde was egter dat

---

26. J. van Riebeeck: Daghregister I, 18/1/1653, p. 120; A.J. Böeseken (red.): Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, Resolusies van die Politieke Raad I 19/1/1653, p. 13 (Voortaan word na hierdie publikasies verwys as: Resolusies van die Politieke Raad I-VIII ...).
27. C 493 deel I Uitgaande Briewe: J van Riebeeck - Here XVII, 13/10/1653, p. 170.
28. J. van Riebeeck: Daghregister I, 24/1/1653, p. 122.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die traanketels nie deur die fort beskerm en verdedig kon word nie.[29]

Om die traanketels te beskerm, het Van Riebeeck dit goed gedink om 'n fortjie op 'n hoë sandduin daar naby te laat oprig wat deur walvisvangers en traanbranders beman is. Die fortjie het 'n goeie uitsig oor Tafelbaai gebied. Walvisse en vreemde skepe wat die baai binnegekom het, is daarvandaan dopgehou.[30] In Januarie 1654 is daar begin met die bouwerk aan die fortjie wat as "Duynhoop" bekend gestaan het. Na voltooiing is dit met twee twaalfpondkaliber kanonne toegerus. Die kanonne sou nie net gebruik word om die traanketels te beskerm nie, maar ook om die strand tussen die fort en die mond van die Soutrivier te verdedig indien vyandelike skepe dit sou waag om hul troepe daar aan wal te sit om die Kaap aan te val.[31]

Om kanonne by Duynhoop teen vyandelike skepe te gebruik, moes die skepe wat die Tafelbaaise reede genader het betyds op een of ander wyse as dié van die vyand geïdentifiseer kon word. Dit was dus baie belangrik om aankomende skepe dop te hou wanneer hulle Tafelbaai genader het sodat bepaal kon word of hulle vriend of vyand was. Dit kon gedoen word met behulp van 'n seinstelsel wat ingestel moes word ooreenkomstig die aanbeveling wat Van Riebeeck in die <u>remonstrantie</u> van Janszen en Proot daaroor gemaak het. Kompanjieskepe sou uit die seine kon aflei of die Kaap nog in Nederland se besit was. Indien die seine nie met die voorskrifte wat die bevelvoerders van Kompanjieskepe daaroor ontvang het ooreengestem het nie, sou dit vir hulle 'n aanduiding wees dat die Kaap deur 'n vyandelike moondheid in besit geneem is en dat hulle nie daar moes aandoen nie. Aan die anderkant sou die bewindhebbers aan die Kaap met behulp van die seinstelsel kon vasstel of die aankomende skepe vriend of vyand was deur daarop te let of

29. <u>Ibid</u>. 2/10/1652, p. 65.
30. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 2/10/1652, p. 9.
31. J. van Riebeeck: <u>Daghregister I</u>, 29/1/1654, pp. 195 - 196 en 8/2/1654, p. 199.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hulle die seine op die regte manier beantwoord en of hul dit ignoreer.(32)

Die eerste seinkode wat aan die Kaap gebruik is, is in Augustus 1653 deur Jan van Riebeeck en Douwen Auckes, skipper van die Phoenix, uitgewerk. Volgens die bepalings van die seinkode is seine vanaf die fort vir aankomende skepe gegee en was 'n persoon in diens van die Kompanjie hiervoor verantwoordelik. Wanneer hierdie seinman, wat ook as 'n toesighouer bekend gestaan het, een of meer skepe opgemerk het, moes hy die prinsevlag op die noordelike punt van die fort, genaamd Reyger, hys en terselfdertyd 'n kanonskoot afvuur. Dit is vanselfsprekend dat die fort eerste die seinteken moes gee, want daaruit moes die aankomende skip of skepe aflei of die Kaap nog veilig was. Kompanjievaartuie moes die sein met 'n kanonskoot en 'n prinsevlag beantwoord wat aan boord gehys is. Sodra 'n aankomende skip die sein vanaf die fort geïgnoreer het, of dit nie met 'n prinsevlag en 'n kanonskoot beantwoord het nie, het die bewindhebbers geweet dat dit 'n vreemde skip was.(33)

Nadat Duynhoop voltooi is, is gevind dat dié fortjie, as gevolg van sy beter ligging, meer geskik was as die fort om as seinpos gebruik te word. Duynhoop het nie net vir die toesighouers 'n beter uitsig oor Tafelbaai gebied nie, maar skepe kon seine wat daarvandaan gestuur is baie duideliker as vanaf die fort waarneem.

---

32. E.C. Godée Molsbergen: De Stichter van Hollands Zuid Afrika Jan van Riebeeck, Bylae IX, p. 217; H.C.V. Leibbrandt (red.): Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, Vol. I (J. van Riebeeck - Heeren Gouverneur-Gereraal en de Raden van India 22/8/1653), pp. 180 - 182 (Voortaan word na die publikasie verwys as: H.C.V. Leibrandt (red.): Letters and Documents received en Letters and Documents despatched ...).
33. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched I, (J. van Riebeeck - Heeren Gouverneur-Generaal en de Raden van India, 22/8/1653), pp. 180 -182.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Anders as wat by die fort die geval was, is die prinsevlag by Duynhoop gehys en 'n kanonskoot afgevuur sodra dit moontlik was om die aankomende skip as 'n Kompanjievaartuig te identifiseer. Die skip moes die sein op sy beurt beantwoord deur sy vlag aan die agtermas en die wimpel aan sy voorpunt te hys en 'n kanonskoot af te vuur. Indien daar meer as een skip in aantog was, moes die voorste skip die sein beantwoord. Dit is belangrik om daarop te let dat Tafelbaai teen 1654 die enigste baai aan die Kaap was waar die Kompanjie aankomende skepe dopgehou het.(34)

Reeds so vroeg as Maart 1654 was daar al mense op Leeuberg wat aankomende skepe dopgehou het,(35) maar eers in Februarie 1654 het Van Riebeeck vir die eerste keer in sy dagboek melding gemaak van uitkykers wat 'n boodskap na die fort gebring het in verband met 'n skip wat hulle agter Leeuberg gesien het. Soos wat die naam aandui, was 'n uitkyker iemand wat op die uitkyk was of wag gehou het by 'n uitkykpos wat hy beman het. Die belangrikste taak van 'n uitkyker was om op aankomende skepe bedag te wees en om sodra hy hulle opgemerk het, die bewindhebbers daarvan in kennis te stel. Om hierdie rede kan die uitkykstelsel ook as 'n vroeë waarskuwingstelsel beskryf word.(36)

'n Uitkykpos sou uit die aard van die saak 'n goeie uitsig oor die see moes bied, maar Van Riebeeck sê nie waar die poste geleë was en hoeveel daar was nie. Hy omskryf ook nie al die pligte van die uitkykers nie. Soldate van die Kompanjie is as uitkykers aangestel. Hulle het nie permanent by die uitkykposte gebly nie, maar elke oggend vanaf die fort daarheen vertrek en teen sonsondergang weer teruggekeer.(37)

---

34. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched I, (J. van Riebeeck - Nederlantse G'octroijeerde Oost Indische Companjie, 31/3/1654), p. 242.
35. VC 1 deel II Daghregister, 1/3/1653, pp. 422 - 423.
36. J. van Riebeeck: Daghregister I, 12/2/1654, p. 201.
37. J. van Riebeeck: Daghregister II, 30/1/1658, pp. 242 - 243; VC 5 Daghregister, 8/10/1670, p. 935.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Aan die Kaap was daar aanvanklik dus 'n seinstelsel én 'n uitkykstelsel. Elkeen van hierdie stelsels het 'n afsonderlike funksie vervul, maar hulle was aanvullend tot mekaar. Hoewel die uitkykstelsel later in die seinstelsel opgeneem is, het dit nie beteken dat die stelsel totaal verdwyn het nie. Die seinposte het later verskuif na waar die uitkykposte geleë was en daarom was daar later net sprake van 'n seinstelsel. In werklikheid was dit dus 'n seinstelsel wat ook 'n uitkykstelsel ingesluit het.

Die middag van 17 Desember 1657 het kommandeur Van Riebeeck 'n boodskap van die uitkykers ontvang dat 'n skip vanaf Robbeneiland na die Kaap in aantog was. Ander uitkykers het berig dat hulle glad nie die skip opgemerk het nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar ten minste twee groepe uitkykers was wat op twee verskillende plekke wag gehou het. Om meer duidelikheid omtrent dié teenstrydige beriggewing te kry, het die kommandeur self Leeuberg uitgeklim om vas te stel wat die ware toedrag van sake was. Met redelike sekerheid kan daar dus aanvaar word dat die uitkykers iewers op Leeuberg uitkykposte beman het, maar die presiese ligging word nêrens beskryf nie.[38]

Die probleem om die uitkykposte te lokaliseer, is geleë in die feit dat Van Riebeeck die naam Leeuberg gebruik en nie sê waar op Leeuberg die poste geleë was nie. Met die naam Leeuberg word daar na die hele berg wat uit drie dele bestaan, naamlik Leeukop, Leeurug en Leeustert, verwys. Leeukop is die hoogste punt op Leeuberg en ook dié deel wat die naaste aan Tafelberg geleë is. Tafelberg en Leeuberg word deur die kloof van mekaar geskei. Leeuberg strek van noord na oos en is noordwes van Tafelberg geleë met Leeustert as die mees noordelike punt en Leeukop die mees suidelike punt. Leeukop en Leeustert word op hul beurt deur Leeurug met mekaar verbind.[39] Leeustert het oorspronklik bekend gestaan as

38. J. van Riebeeck, <u>Daghregister II</u>, 17/12/1657, p. 210.
39. Kantoor van Opmeting en kartering, Mowbray, 1:50000 Topokadastrale kaart van Suid-Afrika, 3318 CD.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Leeuwenbil wat die Engelse vertaal het met Lion's Rump. Dit het ook bekend gestaan as Vlaeberg. Die naam Seinheuwel het baie later in gebruik gekom.(40)

Meer duidelikheid oor die ligging van die uitkykposte vind ons in 'n verslag wat kommissaris Ryckloff van Goens opgestel het toe hy die Kaap in 1657 besoek het. Van Goens het tydens sy besoek instruksies opgestel vir kommandeur Van Riebeeck waarvolgens hy moes handel met betrekking tot sekere aangeleenthede aan die Kaap. Een van die voorstelle wat Van Goens gemaak het en wat in die instruksies vervat was, was dat daar twee bakens op Leeustert opgerig moes word. Toesighouers of wagte moes by dié bakens waghou en die fort van alle aankomende skepe in kennis stel. Hy het ook voorgestel dat daar gedurende die nag by dié bakens vuurgemaak word.

Dit het dikwels gebeur dat die suidoostewind só sterk aan die Kaap gewaai het dat skepe wat gedurende die dag die Tafelbaaise reede wou binnevaar dit nie kon regkry nie en gedwing was om na die oop see terug te vaar. Van Goens het gereken dat die skepe met behulp van die bakenvure gedurende die nag, wanneer die wind gewoonlik gaan lê het en ook onder normale omstandighede, Tafelbaai maklik kon binnevaar. Die vure sou as bakens dien met behulp waarvan die skeepsbevelvoerders hul posisie kon bepaal om 'n veilige ankerplek in die Tafelbaaise reede te vind.

Kommissaris van Goens was van mening dat die skepe met behulp van die twee bakenvure op Leeustert en die een op Robbeneiland in staat sou wees om gedurende die donkerste nag die baai binne te vaar. Hy het ook voorgestel dat die Robbejacht, 'n diensvaartuig van die Kompanjie, as vierde baken kon dien deur

---

40. E.J. du Plessis: 'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername, p. 171.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gedurende die nag, wanneer dit in die Tafelbaaise reede gelê het, 'n lig aan boord te dra.(41)

Die bakenvure is met pikkranse gemaak. Dit was 'n donker, harpuisagtige stof wat uit teer of terpentyn gedistilleer is.(42) Afgesien daarvan dat pikkranse baie duur en boonop baie skaars was, het Van Goens dit duidelik gestel dat die Kompanjie nie sou omgee om voldoende daarvan vir die maak van bakenvure beskikbaar te stel nie.(43)

In 'n besluit wat die Politieke Raad op 6 Februarie 1668 geneem het, word dit ook genoem dat die uitkykers op Leeustert diens gedoen het. Hierdie inligting tesame met kommissaris Van Goens se verslag van 1657 dien as voldoende bewyse dat die uitkykposte op Leeustert geleë was.(44)

Die uitkykposte op Leeustert het waarskynlik as gevolg van hulle redelike lae ligging tekortkominge gehad. Die uitkykers kon nie daarvandaan aankomende skepe vanuit die suide waarneem nie omdat Leeukop wat ten suide van Leeustert geleë is die uitsig na die suide versper het. Dit het veroorsaak dat die uitkykers vanaf Leeustert slegs in 'n noordelike en westelike rigting uitsig oor die see gehad het. Om hierdie rede was dit noodsaaklik om nog 'n uitkykpos op te rig vanwaar skepe wat die Kaap vanaf die suide uit die rigting van Houtbaai genader het, dopgehou kon word.

Om in hierdie behoefte te voorsien is die uitkykstelsel in 1660 uitgebrei. 'n Uitkykpos is in die Kloof tussen Tafelberg

---

41. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents received II, (Memoriën, Instructiën en Rapporten deur Rijckloff van Goens - J. van Riebeeck, 16/4/1657), pp. 238 - 239.
42. F.G. Fowler en H.W. Fowler: The Pocket Oxford Dictionary of Current English, p. 164.
43. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents received II, (Memoriën, Instructiën en Rapporten deur Rijckloff van Goens - J. van Riebeeck, 16/4/1657), pp. 238 - 239.
44. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 6/2/1668, p. 265; H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents received II, (Memoriën, Instructiën en Rapporten deur Rijckloff van Goens - J. van Riebeeck, 16/4/1657), pp. 238 - 239.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en Leeuberg opgerig. Skepe wat die Kaap vanuit die suide genader het, kon vanaf dié pos waargeneem en dopgehou word lank voordat die uitkykers op Leeustert hulle kon sien. Die uitkykpos in die Kloof is deur die sogenaamde kloofwagters beman wat 'n nuwe metode gebruik het om boodskappe oor aankomende skepe na die fort te stuur. Sodra hulle 'n aankomende skip opgemerk het, het hulle 'n vlag heen en weer gewaai.(45) Hierdie metode is egter later laat vaar en die vlag is aan 'n paal gehys wat vir die doel daar opgerig is.(46) In Maart 1669 is die vlagpaal deur 'n sterk suidoostewind omgewaai. Nadat dit tien tot twaalf voet (3,05 tot 3,66 meter) langer gemaak is, is dit weer opgerig en stewig met stutte vasgeanker.(47)

Die kloofwagters het gewoonlik, nadat hulle vlagseine gegee het, 'n boodskapper na die fort gestuur om die bewindhebbers in te lig oor die aankomende skip of skepe wat hulle opgemerk het.(48) Soms het dit ook gebeur dat 'n boodskapper na die fort gestuur is om die teenwoordigheid van aankomende skepe bekend te maak sonder dat daar vooraf vlagseine gegee is.(49) Lae wolke het soms veroorsaak dat die vlagseine van die kloofwagters nie so duidelik by die fort gesien is nie.(50) By een geleentheid het kommandeur Wagenaer die seine in twyfel getrek en toe daar nie 'n boodskapper opdaag nie is twee mans na die agterkant van Leeuberg gestuur om te kyk of hulle nie die skepe kon sien wat die kloofwagters opgemerk het nie.(51)

---

45. J van Riebeeck, Daghregister III, 12/1/1660, p. 176 en 15/7/1660, p. 249 en 14/11/1660, p. 297.
46. VC 5 Daghregister, 5/3/1669, p. 429 en 28/3/1670, p. 820; VC 6 Daghregister, 12/12/1672, p. 554.
47. VC 5 Daghregister, 5/3/1669, p. 429 en 27/3/1669, p. 445.
48. VC 6 Daghregister, 16/12/1672, p. 561.
49. VC 4 Deel II Daghregister, 17/3/1663, p. 326; A.J. Böeseken (red.): Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Belangrike Kaapse Dokumente Deel II, Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 10/3/1664, p. 135 en 13/3/1664 p. 136 en 10/3/1665, p. 190; VC 4 Deel V Daghregister, 22/4/1666, p. 1014. (Voortaan word na die publikasie verwys as: A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, p. ...)
50. A.J. Böeseken (red.) Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 22/4/1666, p. 258.
51. Ibid., 2/3/1664, p. 134.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Behalwe die twee uitkykposte op Leeustert en die een in die Kloof het die waghuis Kyckuyt en die Ruyterwaghuis ook verskeie kere, in swak weerstoestande sowel as in mooiweerstoestande, as uitkykposte gefunksioneer. Daar is gewoonlik 'n vlag by hulle gehys wanneer aankomende skepe vandaar opgemerk is.(52) Die waghuis Kyckuyt en die Ruyterwaghuis was, afgesien van al hulle ander funksies, nie net uitkykposte nie, maar het ook as seinposte gefunksioneer. Hulle was ingeskakel by 'n seinstelsel wat tussen die ander waghuise, naamlik Duynhoop, Keert de Koe, Coornhoop, Houdt den Bul en die fort gefunksioneer het. Met dié seinstelsel is boodskappe met behulp van vlagseine en kanonskote vanaf die verskillende waghuise aan mekaar en aan die fort gestuur wanneer hulle deur die Khoikhoi bedreig of aangeval is.(53)

Dit was die gebruik by diensvaartuie van die Kompanjie en ander Kompanjieskepe wat in Tafelbaai gelê het om die bewindhebbers in die fort van aankomende skepe in kennis te stel deur hul vlae aan boord te hys en kanonskote af te vuur wanneer hulle sulke skepe gesien het. Dikwels het die bevelvoerders van skepe hul vlae gehys en aan wal gegaan om persoonlik die boodskap aan die bewindhebbers te gee wanneer hulle aankomende skepe opgemerk of die vlae op Robbeneiland sien wapper het. Soms het die skippers aan wal gegaan om die boodskap oor te dra sonder dat hulle die vlae aan boord van hul skepe gehys het.(54)

Die Politieke Raad het die persone op die diensvaartuie aangespoor om meer oplettend te wees en voortdurend vir

52. Ibid., 24/7/1662, p. 14 en 29/8/1662, p. 19 en 2/12/1665, p. 188 en 31/7/1666, p. 272 en 31/8/1666, p. 276; VC 3 deel III Daghregister, 1/9/1661, p. 1323; VC 4 deel I Daghregister, 29/8/1662, pp. 196 - 197; VC 4 deel IV Daghregister, 12/2/1665, p. 776; VC 4 deel V Daghregister, 31/7/1666, p. 1067 en 31/8/1666, p. 1079; VC 5 Daghregister, 23/2/1670, p. 799 en 28/3/1670, p. 820 en 31/3/1670, p. 822 en 8/11/1670, p. 955.
53. J. van Riebeeck: Daghregister II, 14/8/1659, p. 122 en 20/9/1659, pp. 135 - 136.
54. VC 1 deel II Daghregister, 1/3/1653, pp. 422 - 423.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aankomende skepe op die uitkyk te wees. In 1666 het die Raad besluit om ekstra vergoeding te gee aan die persoon wat eerste 'n aankomende skip opgemerk en dit onmiddellik gerapporteer het. So 'n persoon het geld of 'n brandewynpremie ontvang.

Vroeg in Februarie 1668 is buitengewone maatreëls getref om die teenwoordigheid van aankomende skepe onder die aandag van die bewindhebbers in die fort te bring. Die Tweede Handelsoorlog het toe alreeds in Europa gewoed en die Kaapse bewindhebbers het 'n aanval op die Kaap gevrees. Die jag, Voerman, 'n diensvaartuig van die Kompanjie, is opdrag gegee om in die Tafelbaaise reede te gaan lê om aankomende skepe dop te hou en dit onmiddellik aan die fort te rapporteer deur vir elke skip wat hulle opgemerk het 'n kanonskoot af te vuur. Sodra die uitkykers op Leeustert aankomende skepe opgemerk het, moes hulle 'n vlag hys en stryk.[55]

Op die negende Februarie het die Voerman vertrek en in die Tafelbaaise reede gaan lê.[56] Vier dae later het hy egter teruggekeer omdat sy maste te swak was om die sterk suidoostewinde te trotseer en dit vir hom 'n te groot risiko was om langer op die oop see te bly.[57]

Op die twaalfde Februarie 1668 het die opsiener op Robbeneiland laat weet dat hy nege aankomende skepe gesien het, maar dat hulle weer na die oop see teruggekeer het. Twee vragte brandhout is dieselfde dag na die eiland gestuur en die opsiener is opdrag gegee om twee bakenvure gedurende die nag aan te steek indien hy weer die skepe gewaar. In plaas van twee prinsevlae moes hy gedurende die dag 'n prinsevlag en 'n wimpel as seinvlae hys. Die Politieke Raad het ook opdrag gegee dat twee mans na die agterkant van Leeuberg moes gaan om gedurende die nag as uitkykers diens te doen. Hulle moes

---

55. J. van Riebeeck: Daghregister I, 1/12/1655, pp. 370 - 371; VC 4 deel III Daghregister, 24/12/1664, pp. 750 - 751.
56. J. van Riebeeck: Daghregister I, 1/12/1655, pp. 370 - 371; VC 2 deel II, Daghregister, 30/1/1658, p. 807.
57. VC 4 deel III Daghregister, 10/10/1664, p. 703.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gedurende die nag daar waghou en wanneer hulle sien dat die vure op Robbeneiland aangesteek word, moes hulle dit onmiddellik aan die bewindhebbers in die fort rapporteer.(58) Al die voorsorgmaatreëls was pure verniet, want die Kaap is nooit aangeval nie.

Dit was nie net die uitkykers en die kloofwagters en in sommige gevalle die waghuis Kyckuyt en die Ruiterwaghuis wat die bewindhebbers in die fort van aankomende skepe in kennis gestel het nie. Dikwels het die bewindhebbers so 'n boodskap ook uit ander oorde ontvang. Kort na die stigting van die verversingspos, in Maart 1653, het Khoikhoi vir die eerste keer 'n boodskap gebring van vyf skepe wat hulle agter Tafelberg opgemerk het.(59) By verskeie ander geleenthede het soortgelyke boodskappe op dieselfde manier by die bewindhebbers uitgekom. In Desember 1655 het 'n aantal Khoikhoi by die fort opgedaag en met gebare beduie dat hulle twee skepe in die omgewing van Valsbaai opgemerk het, maar daar kon nie uit hul gebare afgelei word of die skepe in Valsbaai voor anker gelê het nie.(60)

Van Riebeeck het die boodskap onmiddellik opgevolg en drie soldate in die rigting gestuur waarheen die Khoikhoi beduie het. Met hul terugkeer moes hulle, indien hulle niks verdag in Valsbaai opgemerk het nie, oor Houtbaai met die kus langs na die fort terugkeer. Geen toesig is in Valsbaai en Houtbaai gehou oor aankomende skepe nie en hulle kon maklik daar skuil sonder dat die bewindhebbers in die fort ooit van hul teenwoordigheid geweet het.(61)

Dit is nie bekend of Van Riebeeck aan die Khoikhoi wat in die omgewing van die fort gewoon het opdrag gegee het om aankomende skepe dop te hou nie. Dit is egter wel van belang

---

58. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 22/12/1665, pp. 235 - 236.
59. VC 5 Daghregister, 10/1/1667, p. 395.
60. VC 9 Daghregister, 10/6/1683, pp. 1013 - 1014.
61. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 25/8/1663, p. 90; VC 4 deel V Daghregister, 3/11/1666, p. 1118; VC 6 Daghregister, 31/1/1671, p. 23.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dat die Khoikhoi met verloop van tyd die betekenis van die seine verstaan het wat vanaf die verskillende plekke aan die fort gestuur is om die teenwoordigheid van aankomende skepe aan te dui. Hulle het later geweet dat daar skepe in aantog was wanneer die vlae op Robbeneiland gewaai het en dit aan die bewindhebbers gerapporteer sodra hulle dit opgemerk het.(62)

Die vlae wat op Robbeneiland gehys is as teken dat daar skepe in aantog was, is nie altyd by die fort gesien nie. Op 'n keer het van die skeepsvolk wat besig was om 'n skip af te laai die vlae op die eiland gesien en dit gerapporteer.(63) By ander geleenthede het soldate van die garnisoen en ook skaapwagters wat hul vee op Leeuberg laat wei het 'n boodskap na die fort geneem toe hulle die vlae op die eiland sien wapper het.(64)

Vryburgers en skaapwagters wat hulle vee agter Leeuberg laat wei het, het dikwels aankomende skepe opgemerk voordat dit binne die gesigsveld van die uitkykers was en dit gerapporteer.(65) In Augustus 1665 het 'n skaapwagter by die fort aangekom met 'n boodskap dat hy 'n skip agter Leeuberg gesien het. Kommandeur Wagenaer het die egtheid van die boodskap betwyfel en hy en Abraham Gabemma, 'n lid van die Politieke Raad, het te perd daarheen gery en toe ook die skip opgemerk.(66)

Die uitkyk- en seinstelsel wat deur kommandeur Van Riebeeck ingestel is, het 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling

---

62. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 17/8/1665, pp. 211 - 212.
63. VC 6 Daghregister, 2/10/1672, pp. 464 - 466 en 30/9/1672, pp. 462 - 463 en 5/3/1673, p. 665.
64. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 2/1/1665, p. 181 en 11/8/1665, p. 211 en 22/12/1665, pp. 235 - 236 en 2/4/1666, p. 252 en 23/8/1666. p. 275 en 25/8/1666, p. 275; VC 6 Daghregister, 18/3/1678, pp. 546 - 547; VC 17 Daghregister, 19/1/1706, p. 379.
65. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 22/5/1666, p. 364.
66. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 6/2,1668, p. 366.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die verversingspos gespeel. Hy het besef dat so 'n stelsel absoluut noodsaaklik was vir die veiligheid van die inwoners en die doeltreffende verdediging van die verversingspos. Die stelsel het aanvanklik leemtes gehad en ook nie op 'n vaste grondslag gefunksioneer nie, maar met verloop van tyd is die probleme uitgeskakel en het dit uitgebrei tot 'n baie belangrike skakel in die verdedigingsnetwerk van die Kaap met behulp waarvan burgers uit die binneland opgeroep is om met die verdediging van die Kaap te help.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 2

## LEEUKOP AS SEINPOS

Kort nadat die nuus van die Derde Handelsoorlog in Julie 1672 die Kaap bereik het, is daar opnuut aandag gegee aan die seinstelsel.(1) Dit was op daardie stadium dringend noodsaaklik om 'n uitkykpos met 'n beter ligging as dié wat reeds bestaan het, te vind. Vir die eerste keer sou daar vanaf 'n uitkykpos seine aan aankomende Kompanjieskepe vertoon word as bewys dat die Kaap nog in Nederland se besit was. Die nuwe pos waarna gesoek is, moes só geleë wees dat aankomende skepe vandaar gesien kon word wanneer hulle nog ver van Tafelbaai af was. Dit moes ook vir die skeepsbevelvoerders moontlik wees om seine vanaf die pos te sien. 'n Verdere baie belangrike vereiste vir die nuwe pos was dat visuele kontak met die kasteel moontlik moes wees. Dit sou meebring dat die bewindhebbers die seine kon sien en weet dat daar skepe in aantog was.

Tafelberg sou vanweë sy hoogte die beste observasiepunt wees, maar dit kon nie maklik beman word nie. Die uitsig na die horison was vanaf Leeustert hopeloos te beperk. Dit het kommandeur Goske in Maart 1673 laat besluit om aan kaptein Von Breitenbach opdrag te gee om te gaan kyk of daar nie bo-op Leeukop 'n geskikte plek was waar 'n seinpos opgerig kon word nie. Von Breitenbach het onmiddellik gaan ondersoek instel en gerapporteer dat Leeukop die ideale plek vir die oprigting van so 'n pos was.(2)

Kommandeur Goske het besluit om dadelik aan sy plan uitvoering te gee. Hy het aan die skipper van die <u>Hasenburg</u> opdrag gegee om met 20 tot 25 matrose van sy skip en die <u>Vliegende Swaan</u> 'n vlagpaal tot bo-op Leeukop te neem en dit daar op te rig. Hierdie seinpos was baie prominent. Die seinvlag wat daar gehys is, kon duidelik gesien word deur aankomende skepe en

---

1. VC 6 Daghregister, 31/6/1672, pp. 401 - 402.
2. <u>Ibid</u>., 22/3/1673, pp. 685 - 686.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



deur die burgers wat in die vallei rondom die kasteel gewoon het.[3] Die vlag was 30 el (een el was gelyk aan ongeveer 69 cm) lank en 14 el breed. Hoewel dit baie groot was, het dit van onder die berg nie veel groter as 'n tafeldoek gelyk nie.[4]

Leeukop se hoogte en ligging het dit 'n uiters geskikte observasiepunt gemaak. Op 'n helder, windstil dag kon die seinmanne vandaar tot by Dasseneiland[5] en so ver as Houtbaai sien.[6] Dit is egter te betwyfel of die seinmanne tot in Houtbaai kon sien, aangesien daar berge is wat die uitsig versper.

Vanaf hierdie seinpos is daar vir elke aankomende skip wat opgemerk is 'n kanonskoot afgevuur.[7] Hierdie skote kon tot by die kasteel gehoor word. Met die seinskote is die bewindhebbers se aandag daarop gevestig dat daar skepe in aantog was. Indien dit vyandelike skepe was, sou hulle op dié manier vroeë voorkennis kry en kon hulle die nodige voorsorgmaatreëls tref teen 'n aanval. Wanneer dit vaderlandse of vriendskaplike skepe was, sou hulle verversings, vrag en dokumente kon voorberei.

Inligting in bronne verskil oor die aantal en kaliber van die kanonne wat op Leeukop gebruik is. Met redelike sekerheid kan aanvaar word dat die kanon of kanonne nie baie groot was nie omdat dit baie moeilik sou wees om 'n kanon met 'n groot kaliber na die kruin van die kop te vervoer. George Meister wat die Kaap in 1677 en 1688 besoek het, het beweer dat daar

---

3. Ibid., 22/3/1673, pp. 685 - 686.
4. R. Raven-Hart (red.): Cape of Good Hope 1652 - 1702 I, p. 217.
5. VC 22 Daghregister, 4/4/1735, geen bladsy.
6. VC 22 Daghregister, 23/8/1725, pp. 138 - 139.
7. VC 6 Daghregister, 27/3/1673, pp. 688 - 689 en 4/4/1673, pp. 701 - 702 en 19/4/1673, p. 734; VC 7 Daghregister, 30/1/1674, p. 26 en 13/11/1674, p. 271 en 2/2/1676, p. 43 en 6/2/1676, p. 57 en 1/3/1676, pp. 75 - 76 en 11/3/1676, p. 86 en 29/4/1676, p. 149 en 4/5/1676, p. 155 en 25/8/1676, p. 289 en 30/9/1676, p. 319 en 28/10/1676, p. 342 en 17/11/1674, p. 363; VC 10 Daghregister, 27/2/1686, p. 670.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vier sespondkaliber kanonne op Leeukop was.[8] Christoffel Langhansz was in 1694 aan die Kaap en het beweer dat daar vier tweepondkaliber kanonne op die kop was,[9] terwyl die reisiger Bogaert sê dat daar net een kanonnetjie was.[10] In die Kompanjie se dagregister word gesê dat daar in 1673 twee kanonnetjies op die kop geplaas is.[11] Volgens 'n opname wat in 1779 van alle kanonne aan die Kaap gemaak is blyk dit dat daar drie eenpondkaliber kanonnetjies op Leeukop gebruik is.[12] Hierdie kanonnetjies is met gereelde tussenposes deur nuwes vervang.[13] Hulle het elk tussen 288 en 293 pond geweeg.[14]

Die kanonnetjies was van gegote metaal en het 'n silindriese vorm gehad. Dit was in die vorm van 'n bierbeker gegiet met 'n handvatsel, waaraan die seinman dit kon optel om dit in verskillende rigtings te draai.[15]

Die buskruit wat deur die seinman gebruik is, is naby die kanon onder 'n klip gehou. In Oktober 1699 het die seinman gerapporteer dat die klip waaronder die buskruit gebêre is, ingeval het nadat hy 'n aantal seinskote afgevuur het.[16] Die buskruit wat aan die seinman gestuur is, was nie altyd van 'n baie goeie gehalte nie. In 1724 is 3000 pond buskruit uit die kruitkelder gehaal. Van die kruit in sommige vaatjies was stowwerig en ander klam en modderig.[17]

---

8. R. Raven-Hart (red.): Cape of Good Hope 1652 - 1702 I, p. 199; R. Raven-Hart (red.): Cape of Good Hope 1652 - 1702 II, p. 340.
9. Ibid., II, p. 402.
10. Ibid., II, pp. 478 - 479.
11. VC 6 Daghregister, 22/3/1673, pp. 685 - 686.
12. C 395 Attestatiën, Staat van inventaris van Metaalen Canonen, 31/12/1777, p. 861; C 396 Attestatiën, Staat van inventaris van Metaalen Canonen, 31/12/1778, p. 37.
13. C 391 Attestatiën, Staat van inventaris van Metaalen Canonen, 31/12/1779, p. 9.
14. C 395 Attestatiën, Staat van inventaris van Metaalen Canonen, 31/12/1777, p. 861; C 396 Attestatiën, Staat van inventaris van Metaalen Canonen, 31/12/1778, p. 37.
15. O.F. Mentzel: A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, p. 98.
16. VC 15 Daghregister, 16/10/1699, pp. 431 - 432.
17. C 342 Attestatiën 1724 - 1725, J. de la Fontaine - K.J. Slotsboo, p. 186.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Volgens die Kompanjie se dagregister het drie soldate om die beurt by die seinpos op Leeukop diens gedoen.[18] Mentzel daarenteen praat van twee matrose wat om die beurt op Leeukop en Leeustert diens gedoen het,[19] terwyl Bogaert ook beweer dat dit soldate was.[20] Volgens Mentzel het die twee matrose om die beurt ag dae lank by die uitkykpos op Leeukop en Leeustert diens gedoen voordat hulle omgeruil het.[21] Ná 1725 was daar vier seinmanne op Leeukop.[22]

Die seinman wat op Leeukop aan diens was, het elke oggend vanaf 'n huisie in die kloof gekom en tot bo-op Leeukop geklim. Die seinmanne het snags in die waghuisie geslaap wat tussen Tafelberg en Leeuberg geleë was.[23] Hulle het 'n touleer gebruik om teen die loodregte kranse tot bo-op die kop te klim. 'n Seinman het ongeveer 'n uur benodig om teen Leeukop af te klim, maar wanneer hy moes opklim, het dit waarskynlik baie langer geneem.[24] Bo-op die kop was daar 'n hutjie waarin hy bedags kon skuil.[25] Daar was ook 'n vuurherd in die hut waarop hy sy kos kon gaarmaak.[26]

In 1793, toe 'n aanval op die Kaap verwag is, het die seinmanne wat op Leeukop en Leeustert diens gedoen het, opdrag gehad om ook gedurende die nag by die seinposte te bly sodat hulle seine kon uitstuur.[27]

---

18. VC 6 Daghregister, 30/10/1672, p. 463 en 22/3/1673, pp. 685 - 686.
19. O.F. Mentzel: <u>A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope</u>, p. 98.
20. R. Raven-Hart (red.): <u>Cape of Good Hope 1652 - 1702 II</u>, pp. 478 - 479.
21. O.F. Mentzel: <u>A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope</u>, p. 98.
22. Inligting versamel uit VC 40 - VC 47 Generale Monsterrollen, 1701 - 1789.
23. O.F. Mentzel: <u>A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope</u>, p. 98.
24. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 14/2/1713, p. 301.
25. R. Raven-Hart (red.): <u>Cape of Good Hope 1652 - 1702 II</u>, pp. 478 - 479.
26. C.P. Thunberg: <u>Travels in Europe, Africa and Asia I</u>, pp. 235 - 236.
27. C 268 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 8/4/1793, p. 114.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Soos reeds genoem, was die eerste uitkykposte aan die Kaap op Leeustert, maar vanaf 1673 tot 1695 was daar geen uitkykposte op Leeustert nie. Na 1695 is daar 'n seinpos op Leeustert opgerig omdat dit volgens die Here Sewentien nie meer veilig was om die geheime seinvlae op Robbeneiland te vertoon nie. By die seinpos op Leeustert is slegs seinvlae gehys, maar nooit seinskote afgevuur nie.[28]

Die seinman wat op Leeustert diens gedoen het, het volgens Mentzel in 'n hokkie op die kaai naby die seinpos gewoon. Sodra hy 'n seinskoot vanaf Leeukop gehoor het, het hy sy vlag geneem en vanaf die hokkie waar hy gebly het na Leeustert vertrek. Hiervoor het hy baie tyd tot sy beskikking gehad omdat dit 'n paar uur geduur het voordat skepe vanaf Leeustert gesien kon word nadat die seinskote op Leeukop afgevuur is. Sodra die seinman op Leeustert aangekom het en hy ook die aankomende skip of skepe kon sien, het hy sy vlag gehys. Die vlag op Leeukop en Leeustert het bly wapper totdat die skepe die Tafelbaaise reede binnegevaar het.[29]

Oor die blyplek van die seinman wat op Leeustert diens gedoen het, is daar onsekerheid. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hy in 'n hokkie op die kaai gewoon het en eers na die seinpos vertrek het nadat hy 'n skoot vanaf Leeukop gehoor het. Dit is moontlik dat hy, soos sy eweknie op Leeukop, saans in die hokkkie by die kaai geslaap het en elke oggend na sy pos gegaan en gedurende die dag daar vertoef het. Dit kan ook wees dat Mentzel hom swak uitgedruk het toe hy van 'n hokkie op die kaai gepraat het. Hy het dalk 'n ander hok in gedagte gehad wat veel nader aan die seinpos was. Daar was wel skaaphokke aan die onderkant van Leeuberg wat aan die Kompanjie behoort het. Die skaapwagters wat na die vee moes omsien, het in 'n hut langs die skaaphokke gewoon. Hierdie

---

28. C 574 Inkomende Briewe: J.S. van de Graaff - C.J. van de Graaff, 27/9/1788, pp. 92 - 102.
29. O.F. Mentzel: <u>A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope</u>, p. 99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hokke en hutjie was baie nader aan die seinpos op Leeustert as die hokkie op die kaai.(30)

'n Ander plek waar die seinman van Leeustert moontlik gebly het en waarna Mentzel dalk verwys het, was die matroseskans. Tydens die oorlogsalarm van 1672, toe Nederland teen Frankryk en Engeland te staan gekom het, het die Kaapse regering by 'n inham agter Leeuberg 'n grondskans gebou. Die landmeter Jan Wittebol het die skans ontwerp en 25 matrose van skepe in die baai gelig om die werk te doen.(31) 'n Tweede skans met dieselfde naam, en na alle waarskynlikheid ook op dieselfde plek, is in Desember 1695 op bevel van goewerneur Simon van der Stel laat oprig. Van dié pos af moes ook 'n nuwe stelsel van kanonseine wat vir uitkenningsdoeleindes deur die Here Sewentien opgestel is, geskiet word. 'n Hut waarin ses mense gehuisves kon word, is ook daar gebou.(32)

Die persone wat op Leeukop en Leeustert diens gedoen het, het onder verskillende name bekend gestaan. In die bronne wat geraadpleeg is, is daar na hulle verwys as "uijtkijckers", "uijtsienders", "zeinmanne", "zeewagters", "vlaggelieden", "vlaggewagters" en "bergmatrosen".(33) In die tesis sal slegs die term seinman gebruik word. 'n Volledige lys van seinmanne wat op Leeukop diens gedoen het, verskyn in bylae een.

Wanneer die seinman op Leeukop 'n aankomende skip opgemerk het, moes hy die seinvlag hys, 'n kanonskoot afvuur, op 'n groot rots daar naby klim en sy regterarm uitsteek in die rigting vanwaar die skip gekom het. Sodra die skildwag by die

---

30. VC 11 Daghregister, 16/3/1687, p. 164 en 21/7/1687, p. 369 en 28/7/1687, p. 371.
31. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 3/9/1672, p. 97.
32. C 505 Uitgaande Briewe: A. van der Stel - Here XVII, 1/8/1696, p. 227; VC 14 Daghregister, 8/3/1696, pp. 79 - 80 en 24/5/1696, pp. 173 - 174.
33. VC 14 Daghregister, 20/7/1696, pp. 206 - 207; VC 15 Daghregister, 16/10/1699, pp. 431 - 432; VC 20 Daghregister, 27/4/1712, p. 114 en 12/10/1714, pp. 214 - 215; VC 22 Daghregister, 12/12/1724 geen bladsy; C 163 Resolusies van die Politieke Raad, 16/7/1782, p. 75; CJ 5 Oorspronklike Regsrollen en Notulen 1709 - 1714, p. 14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hek van die kasteel die kanonskoot vanaf Leeukop gehoor het en die vlag sien wapper het, het hy uitgeroep: "Een schoot van de kop". Hierdie roep kon deur die wagte by die waghuis, waar die sersant aan diens was, gehoor word en hulle het die nuus tot by die hoofwag versprei. Voordat die sersant egter die boodskap verder kon stuur, moes hy 'n rukkie wag om te luister of daar nie nog skote afgevuur word nie. Deur die skote te tel, kon hy presies sê hoeveel skepe in aantog was. Sodra hy geen skote meer gehoor het nie, het hy 'n onderkorporaal of 'n rapportganger met die nuus na die bewindhebbers en die kaptein gestuur.(34)

Vroeg die oggend van 7 Oktober 1663 het die skildwag uitgeroep dat hy 'n skip in die reede sien lê het. Hierdie skip het gedurende die nag sy opwagting gemaak sonder dat dit die vorige dag deur die uitkykers opgemerk is.(35)

Afgesien van die kanonskote wat die seinmanne afgevuur en die vlag wat hulle gehys het, het hulle ook 'n boodskapper na die kasteel gestuur. Die oggend van 19 Mei 1683 het die seinman op Leeukop twee skote afgevuur as teken dat hy twee aankomende skepe opgemerk het. Kort daarna het een van die wagters aan die kommandeur gerapporteer dat hulle twee skepe gesien het. Die een was nog ver, maar die tweede een was reeds naby die strand.(36)

Dikwels het die aankomende skepe waarvoor seinskote afgevuur is agter die horison verdwyn, of by die Kaap verbygevaar of kon hul bloot net nie dieselfde dag die baai haal nie. Die bewindhebbers het dan op sulke skepe gewag en voorbereidings getref sonder dat hulle geweet het hoekom die skepe nie opdaag nie. Om hierdie redes was dit nodig dat 'n boodskapper na die kasteel moes gaan.(37)

---

34. O.F. Mentzel: <u>A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope</u>, p.99.
35. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 7/10/1663, pp. 98 - 99.
36. VC 9 Daghregister, 19/5/1683, p. 954.
37. VC 18 Daghregister, 30/3/1707, p. 105; VC 21 Daghregister, 27-30/4/1720, pp. 67 - 69.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Dit het ook gebeur dat 'n boodskapper nie by die kasteel opgedaag het om te verduidelik wat van die skepe geword het waarvoor daar seinskote afgevuur is nie. By een so 'n geleentheid het die goewerneur en die fiskaal besluit om self ondersoek in te stel. Hulle het hul verkykers geneem en te perd tot op Leeustert gery om te gaan kyk of hulle nie die skepe gewaar nie.(38)

Op Robbeneiland was daar ook 'n seinpos waarvandaan aankomende skepe dopgehou is en die geheime seinvlag tot 1695 gehys is. Vanaf hierdie seinpos is daar vir alle aankomende skepe, ook ná 1695, 'n kanonskoot afgevuur. In hierdie opsig het die seinpos op die eiland en die een op Leeukop presies dieselfde funksie vervul. Robbeneiland as 'n seinpos word in 'n volgende hoofstuk volledig bespreek.

Indien die seinman op Robbeneiland 'n aankomende skip opgemerk het voordat die seinman op Leeukop dit kon sien, het hy die seinvlag gehys en 'n kanonskoot afgevuur. Sodra dieselfde skip vanaf Leeukop gesien is, is daar ook 'n seinvlag gehys en 'n seinskoot afgevuur. Dikwels het dit gebeur dat daar eers seine vanaf Leeukop en daarna vanaf Robbeneiland gemaak is. Daar was geen reël wat bepaal het dat die seine in 'n spesifieke volgorde vanaf die twee poste gemaak moes word nie. Die seinpos vanwaar die skip of skepe eerste gesien is, het eerste seine gemaak. Die rigting vanwaar die skip of skepe gekom het, het bepaal van watter pos dit eerste gesien is.

Indien Leeukop met wolke of mis bedek was, wat dikwels gebeur het, maar Leeustert oop was, moes die seinman wat daar diens gedoen het onmiddellik na sy pos gaan en daar bly totdat die wolke of mis oor Leeukop opgeklaar het. Hy moes dit doen omdat die seinman op die kop in so 'n geval nie aankomende skepe kon sien nie en dus geen seinskote sou afvuur nie. Die aankomende skepe sou op hulle beurt nie die geheime seinvlag

38. VC 5 Daghregister, 30/10/1668, p. 337; R. Raven-Hart (red.): <u>Cape of Good Hope 1652 - 1702 I</u>, p. 358.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



op die kop kon sien nie. Die seinman op Leeustert moes dus seker maak dat die geheime seinvlag by sy pos wapper.(39) Voor 1695 is daar in gevalle wanneer Leeukop toegetrek was 'n diensvaartuig gestuur. Dié moes in Tabelbaai gaan lê met 'n prinsevlag wat aan boord gewapper het as teken vir aankomende skepe dat die Kaap nog in Nederland se besit was. Aankomende skepe kon wel die seinvlag op Robbeneiland sien, maar dit was nie voldoende bewys dat die Kaap nog veilig was nie.(40)

In reënweer of wanneer die lug betrokke was, het dit gebeur dat aankomende skepe vanaf die seinpos op Robbeneiland gesien is en die seinman kanonskote afgevuur het, maar dat die skepe glad nie vanaf Leeukop gesien kon word nie. In sulke gevalle het die seinmanne op Leeukop eers seine gemaak nadat die wolke weggetrek of die weer opgeklaar het en hulle ook die aankomende skepe kon sien.(41)

Wanneer die seinman by sy pos op Leeukop was en die sig as gevolg van veranderende weersomstandighede sodanig verswak het dat hy nie meer aankomende skepe kon sien nie, het hy nie sy pos verlaat nie, maar daar gebly in die hoop dat die weer sou verander. In sulke gevalle was dit nie vir hom moontlik om aankomende skepe te sien alvorens hulle baie naby aan die wal was nie. Op 10 Junie 1683 was die lug newelagtig en die sig baie swak. Die seinman wat op Leeukop aan diens was, kon geen aankomende skepe sien nie, maar 'n skaapwagter wat sy vee agter Leeuberg opgepas het, het die seinvlag op Robbeneiland sien wapper. Dit was 'n teken dat daar skepe in aantog was en hy het onmiddellik na die kasteel gegaan en kommandeur Van der Stel daarvan in kennis gestel. Eers toe die weer later dieselfde middag opklaar, kon die seinman op Leeukop die aankomende skepe sien en het hy twee seinskote afgevuur.(42)

---

39. O.F. Mentzel: A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, pp. 98 - 99.
40. C 353 Inkomende Briewe: W. van Dam - S. van der Stel, 8/5/1692, p. 11.
41. VC 16 Daghregister, 9/9/1704, pp. 626 - 627.
42. VC 9 Daghregister, 10/6/1683, pp. 1013 - 1014.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Soms het reën die uitsig vanaf Leeukop só belemmer dat die seinman glad nie aankomende skepe kon sien nie. In September 1679 was dit die geval, maar die skipper van die Haagman wat in die reede gelê het, het die seinvlag op Robbeneiland sien wapper en 'n boodskap aan die bewindhebbers gestuur.(43)

Op 'n keer was die hele Leeuberg toegetrek en was dit vir die seinmanne op beide Leeukop en Leeustert onmoontlik om aankomende skepe te sien. Gelukkig het een van die seinmanne by die huisie in die Kloof 'n aankomende skip opgemerk en die bewindhebbers in die kasteel onmiddellik daarvan in kennis gestel. Later dieselfde middag is 'n kanonskoot vanaf Robbeneiland afgevuur as teken dat hulle die aankomende skip gesien het.(44)

Wanneer skepe die Kaap teen die aand genader het, het dit gebeur dat hulle net vanaf Leeukop of Robbeneiland gesien is, afhangende vanuit watter rigting hulle gekom het. Op 6 Junie 1725 is daar teen die aand seinskote vanaf Robbeneiland afgevuur sonder dat die seinman op Leeukop aankomende skepe opgemerk het. Gedurende die nag is daar skote in die see gehoor en is 'n vuur op die eiland gesien. Drie dae later het die Graveland die Tafelbaaise reede gehaal en binnegevaar nadat daar weer die oggend seinskote vanaf Robbeneiland en Leeukop afgevuur is.(45) Dit het ook gebeur dat skepe die Tafelbaaise reede binnegevaar het sonder dat seinskote vanaf Robbeneiland of Leeukop afgevuur is.(46)

Dit was die gebruik by die Kompanjie om elke jaar voordat die retoervloot by die Kaap aangekom het 'n diensvaartuig na Kaap Agulhas te stuur om die retoervloot daar in te wag. Sodra die retoervloot of enige van die Kompanjie se skepe hul opwagting gemaak het, moes die diensvaartuig hulle tegemoet vaar en omtrent die toedrag van sake aan die Kaap inlig. Indien sulke skepe dan in swak weersomstandighede by die Kaap aankom en nie

43. VC 8 Daghregister, 22/9/1679, pp. 984 - 985.
44. VC 21 Daghregister, 11/12/1716, pp. 261 - 262.
45. VC 22 Daghregister, 9/6/1725, pp. 91 - 92.
46. VC 19 Daghregister, 4/2/1709, p. 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die seinvlae by die verskillende seinposte kon sien nie, het hulle ten minste die versekering gehad dat alles veilig was en hulle die reede kon binnevaar.(47)

In April 1782 is daar gevrees dat die Kaap deur die Engelse aangeval gaan word. Dit is die tyd van die jaar wanneer mistige weer dikwels voorkom, en omdat die lug dan newelagtig en betrokke is, kan aankomende skepe baie keer nie vanaf Leeukop en Robbeneiland gesien word nie. Hulle kon dus maklik die Tafelbaaise reede binnekom sonder dat daar seine vanaf Leeukop en Robbeneiland gemaak is. Die bewindhebbers sou dus nie vroegtydig gewaarsku word nie. Die Politieke Raad het besluit om die Postilion as brandwag na die oop see te stuur. Sodra die bevelvoerder aankomende skepe vanaf Europa opgemerk het, moes hy onmiddellik na die Kaap terugkeer en die goewerneur daarvan in kennis stel.(48)

George Meister en Christoffel Langhansz het in hul reis=beskrywing oor die Kaap berig dat die seinvlag wat op Leeukop gehys is altyd gelyk het soos die een wat op die aankomende skepe gewapper het. Volgens hulle kon die bewindhebbers in die kasteel uit die vlag op die kop aflei van watter land die aankomende skepe gekom het.(49) Dit was egter nie die geval nie. Die seinkodes is aanvanklik aan die Kaap beraam. Met goewerneur Simon van der Stel se vertrek uit die Kaap het hy sy opvolger gemaan om die geheime seinkodes betyds te beraam en na Oos-Indië te stuur sodat dit aan die bevelvoerders van die retoervlote gegee kon word. Daardeur sou hy voorkom dat die hoë regering in Indië klagtes teen hom inbring.(50)

---

47. VC 6 Daghregister, 25/12/1673, pp. 946 - 948; C 496 Vol.1 Uitgaande Briewe: C. von Breitenbach - J.J. Lamant, 25/1/1672, pp. 18 - 20.
48. C 162 Resolusies van die Politieke Raad, 15/4/1782, p. 153.
49. R. Raven-Hart (red.): Cape of Good Hope 1652 - 1702 II, pp. 340, 402.
50. O.F. Mentzel: A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, p. 98; VC 19 Daghregister, 4/2/1709, p. 22; VC 20 Daghregister, 8/2/1713, pp. 28 - 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Later is die geheime seinkodes deur die Here Sewentien in Zeeland beraam. Die vlae en die inligting in verband daarmee is ses maande tot 'n jaar voordat dit van krag sou word na die Kaap en ander kolonies van Nederland in die Ooste gestuur. Soms was die seinvlae by die brief met die inligting ingesluit, maar dit is dikwels afsonderlik in 'n verseëlde sak na die Kaap gestuur.(51) Om te voorkom dat die seininstruksies van die verskillende jare deurmekaar raak, is dit sedert 1723 aan die einde van elke jaar na Nederland teruggestuur.(52) Vanaf 1749 is die seininstruksies met behulp van 'n geheime kode na die Kaap gestuur. Die instruksies om die kode te ontleed, is aan die goewerneur gestuur. Elke jaar, sodra hy die seininstruksies uit Nederland ontvang het, het hy dit gebruik om die kodes te ontleed en dit dan weer in veilige bewaring toegesluit.(53)

Daar was altyd twee geheime seinvlae. Die een was bedoel vir die seinpos op Leeukop en die ander vir die pos op Leeustert. Die twee vlae het nooit dieselfde gelyk nie. Wanneer die Nederlandse retoervloot uit Batavia vertrek het, het die bevelvoerder 'n noukeurige beskrywing ontvang van die seinvlae wat by hul aankoms aan die Kaap op Leeukop en Leeustert sou wapper. Dieselfde inligting is gegee aan Kompanjieskepe wat uit Nederland vertrek het. Hierdie inligting was in 'n verseëlde brief opgeteken wat die skeepsbevelvoerders slegs moes oopmaak wanneer die Kaap bereik is. Indien die seinvlae op Leeukop en Leeustert ooreengestem het met die beskrywings en sketse in die geheime briewe kon hulle Tafelbaai binnevaar

---

51. R. Raven-Hart (red.): <u>Cape of Good Hope 1652 - 1702 II</u>, pp. 478 - 479; C 504 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - W. van Outshoorn, pp. 339 - 341; C 581 Geheime Uitgaande Briewe, Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 22/7/1783, pp. 369 - 371; VC 20 Daghregister, 8/2/1713, pp. 28 - 29.
52. C 514 Uitgaande Briewe: M.P. de Chavonnes - H. Zwaardecroon, 26/4/1723, pp. 215 - 216.
53. C 629 Geheime Inkomende Briewe: Here XVII - Goewerneur 6/9/1755, pp. 97 - 99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



met die versekering dat dit veilig was.(54)

Verkeerde inligting in verband met die geheime seinvlae wat aan die Kaap vertoon sou word, is soms aan skeepsbevelvoerders gegee. Met die aankoms van die retoerskepe uit Ceylon in April 1683 het die Politieke Raad agtergekom dat die retoerskepe wat uit Indië sou kom, in Batavia verkeerde geheime seininstruksies ontvang het. Kommandeur Simon van der Stel het aan hulle laat weet dat daar 'n wit vlag op Leeukop sou waai. In Batavia is die bevelvoerders van die retoerskepe meegedeel dat daar, soos in 1681, 'n rooi vlag op Leeukop sou wapper.

Die Politieke Raad het besef dat die skepe wat vanaf Indië en Batavia na die Kaap onderweg was as gevolg van die verkeerde inligting wat hulle ontvang het nie by die Kaap sou aandoen nie, maar na St. Helena of elders sou vaar wanneer hulle die wit vlag op Leeukop sien. Dit sou ongerief tot gevolg hê, aangesien hulle aan die Kaap gewag het vir voorrade wat met hierdie skepe moes kom. Die kommandeur het aan die opperstuurman opdrag gegee om met die Bhaeren in die omgewing van Robbeneiland as brandwag te gaan anker gooi. Sodra die retoerskepe hul opwagting maak, moes hy hulle tegemoetvaar en omtrent die ware toedrag van sake inlig.(55)

Aangesien die Here Sewentien die seinkodes 'n jaar vooruit beraam het, het dit beteken dat die inligting baie maklik kon uitlek. Om hierdie rede moes daar spesiale voorsorg getref word dat dit geheim bly. Sodra daar besluit is hoe die seinvlae moes lyk, is die instruksies en beskrywings van die vlae in 'n verseëlde koevert geplaas. Op die koevert is daar geskryf dat dit die geheime seine was wat aan die Kaap vertoon

54. R. Raven-Hart (red.): Cape of Good Hope 1652 - 1702 II, pp. 478 - 479; C 504 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - W. van Outshoorn pp. 339 - 341; C 581 Geheime Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 22/7/1783, pp. 369 - 371; VC 20 Daghregister, 8/2/1713, pp. 28 - 29.
55. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 10/4/1683, p. 64.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moes word sowel as die betrokke jaar waarvoor dit bedoel was.(56)

Die koevert is deur die Eerste Sekretaris van die Here Sewentien in 'n geheime kas toegesluit waarvoor net hy 'n sleutel gehad het. Wanneer die tyd volgens hom reg was om dit na die Kaap te stuur, moes hy die koevert aan 'n skeepsbevelvoerder oorhandig wat by die Kaap sou aandoen. Die bevelvoerder moes 'n skriftelike bewys teken dat hy die koevert in ontvangs geneem het en beloof dat hy dit aan die Kaapse goewerneur sou oorhandig. Die geheime seine is nooit in die Here Sewentien se korrespondensie bespreek nie, maar daar is altyd gemeld dat dit by die pos ingesluit was.(57)

Die skeepsbevelvoerders was soms nalatig en het vergeet om die geheime seininstruksies in Batavia, Ceylon, Bengale, China, Indië, Bantam en die ander kleiner kolonies van Nederland in die Ooste af te gee. Die Here Sewentien het besluit om aan hulle 'n dokument te gee wat die bewindhebbers in die kolonies by ontvangs van die seininstruksies moes teken. Met hul terugkeer in Nederland moes die skeepsbevelvoerders die getekende dokument by die Here Sewentien inhandig alvorens hul soldy aan hulle uitbetaal is.(58)

Die skeepsbevelvoerders moes die geheime briewe, geheime seinbriewe en alle ander geheime instruksies wat deur die Here Sewentien aan hulle gegee is, in 'n kis op die skip toesluit wat reg rondom vol gate was. In die kis was daar gewoonlik 'n stuk lood om dit swaar genoeg te maak sodat dit maklik en gou sou sink wanneer dit oorboord gegooi word. Dit is gewoonlik gedoen wanneer hulle 'n vyand teëgekom het wat hulle wou oorrompel. Dit was die enigste manier waarop daar vinnig van

---

56. C 720 Supplement de Positive orders en Indeks op Inkomende Briewe, 21/4/1780, pp. 19 - 20.
57. <u>Ibid</u>., 21/4/1780, p. 20.
58. C 630 Geheime Inkomende Briewe: Here XVII - Goewerneur 14/9/1759, pp. 2 - 8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die geheime dokumente ontslae geraak en verhoed kon word dat dit in die hande van die vyand beland.(59)


Op 25 April 1748 het die Vosmaan wat teen die einde van Oktober 1747 uit Zeeland vertrek het in Tafelbaai aangekom met die geheime orders en seine vir 1749 wat na die Ooste gestuur moes word. Die Here Sewentien wou hê dat die retoervloot, wat na die Ooste op weg was maar nog aan die Kaap vertoef het, dit moes saamneem na die Ooste. 'n Dag voordat die Vosmaan vasgemeer het, het die retoervloot uit Tafelbaai vertrek. Goewerneur Swellengrebel het opdrag gegee dat die Permeijen en die Hector die retoervloot agternasit en die seininstruksies aan hulle oorhandig.(60)

In 1794 het die Deense skip Princes Fredrica uit Oos-Indië in Tafelbaai aangekom met die tyding dat die geheime seinbriewe en seinvlae wat gedurende daardie jaar aan die Kaap gebruik moes word, en wat saam met die Willem de Vierde na die Kaap gestuur is, in die hande van die vyand beland het. Na aanleiding hiervan het die Hoë Regering in Indië die Politieke Raad opdrag gegee om weer die seinvlae wat in 1790 aan die Kaap gebruik is te hys. Die Politieke Raad was egter teen die voorstel gekant omdat dit nie met die seininstruksies ooreengestem het wat aan Kompanjieskepe gegee is wat Nederland verlaat het nie. Slegs die retoervloot uit Oos-Indië sou weet dat die seine verander het. Volgens die Politieke Raad het die feit dat die vyand geweet het hoe die seinvlae moes lyk wat in 1794 aan die Kaap vertoon sou word geen gevaar ingehou nie. Met hul aankoms by die Kaap sou hulle slegs agterkom dat die seinvlae wat op Leeukop en Leeustert gewapper het ooreenstem met dié in die geheime seinbriewe wat hulle by die Willem de Vierde afgeneem het. Daaruit sou hulle net kon aflei dat die Kaap steeds in Nederland se besit was. Die Politieke Raad het daarom besluit om die Hoë Regering van

59. C 358 Inkomende Briewe: Seinbrief en instruksies vir skepe van V.O.C. - G. Thijssen, 18/5/1695, pp. 9 - 13.
60. VC 26 Daghregister, 25/4/1748, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# SKETSE VAN ENKELE GEHEIME SEINVLAE



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Indië in kennis te stel dat die seine vir 1794 behou sou word soos wat dit aanvanklik vir daardie jaar beplan is.(61)

Die seinvlae wat op Leeukop en Leeustert vertoon is, het nooit albei dieselfde kleur gehad nie. Die vlae het gewoonlik nie meer as drie kleure gehad nie. Die kleure wat gebruik is, was rooi, wit of blou. Slegs enkele sketse en beskrywings van die geheime seinvlae het behoue gebly en is opgespoor. Alle geheime briewe en dokumente waarin die vlae beskryf en geïllustreer is, is gewoonlik vernietig nadat dit gebruik is. Sketse van enkele geheime seinvlae wat in die geraadpleegde bronne opgespoor is, verskyn teenoor hierdie bladsy.(62)

'n Betrokke jaar se geheime seinvlae moes die eerste keer gehys word met die aankoms van die eerste skip of skepe op of na Nuwejaarsdag, maar indien die retoervloot sy opwagting sou maak voordat die ou jaar verby was, moes die nuwe vlae gehys word. Die ou vlae het gewoonlik in die seinman se besit gebly.(63)

In 1720 is daar besluit dat die geheime seinvlae nooit voor die eerste Januarie op Leeukop en Leeustert gehys mag word nie. Die vlae moes ook bly wapper totdat die "teeskip" by die

---

61. C 225 Resolusiees van die Politieke Raad, 30/8/1794, pp. 236 - 238.
62. C 574 Geheime Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - W. van Outhoorn, 18/6/1696, pp. 109 - 111 en Kasteel de Goede Hoop - H. Bekker 29/5/1711, pp. 79 - 81 en Kasteel de Goede Hoop - A. van Riebeeck, 29/5/1711, pp. 82 - 84 en Kasteel de Goede Hoop - A. van Riebeeck, 12/6/1712, pp. 97 - 99 en Kasteel de Goede Hoop - H. Bekker, 12/6/1712, pp. 100 - 102 en M.P. de Chavonnes - C. van Swoll, 9/5/1714, pp. 173 - 174 en M.P. de Chavonnes - H. Bekker, 9/5/1714, pp. 177 - 178 en Kasteel de Goede Hoop - C van Swoll, 11/5/1715, pp. 149 -151 en Kasteel de Goede Hoop - H. Bekker, 25/7/1716, pp. 201 - 203 en Kasteel de Goede Hoop - I.A. Rumpf, 16/4/1718, pp. 225 - 227; C 302 Inkomende Briewe: L. van Dam - J. Maetsuijcker, 25/5/1675, pp. 86 - 93; C 353 Inkomende Briewe: W. van Dam - S. van der Stel, 8/5/1692, p. 11; C 623 Geheime Inkomende Briewe: A. Crudop - C. van Swoll, 26/4/1718, pp. 259 - 261.
63. C 358 Inkomende Briewe: Seinbrief en instruksies vir skepe van V.O.C. - G. Thijssen, 18/5/1695, pp. 9 - 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Kaap aangekom het. Die teeskip was die skip wat heel laaste gevaar het van al die skepe in die retoervloot en het tee vervoer. Daarna kon die seinvlae gestryk word en moes die prinsevlag as seinteken vir alle aankomende skepe by dié twee poste gehys word. Die seinmanne is ook opnuut opdrag gegee om die teenwoordigheid van aankomende skepe, sowel as die rigting waarvandaan hulle gekom het, aan die goewerneur te rapporteer.(64)

Die besluit om die geheime seinvlae nie voor die eerste Januarie te hys nie en dat dit moes wapper totdat die teeskip by die Kaap aangekom het, was baie onprakties en is in 1725 laat vaar. In daardie stadium is besluit dat die geheime seinvlae vir die volle duur van die jaar waarvoor dit bedoel was, op Leeukop en Leeustert gebruik moes word omdat dit dikwels gebeur het dat retoerskepe reeds in November en Desember by die Kaap aangekom het. Groot verwarring het dan ontstaan omdat die prinsevlag gewaai het en nie die geheime seinvlae soos wat in die geheime seinbriewe beskryf is nie.(65)

In 1748 het kommissaris Nolthenius, wat op besoek aan die Kaap was, aanbeveel dat die geheime seinvlae op Leeukop en Leeustert elke maand moes verander sodat dit nie so gou bekend moes word nie. Hy het ook voorgestel dat die vlae net een kleur moes hê sodat dit makliker deur aankomende skepe uitgeken kon word. Kommissaris Nolthenius was van mening dat die Hollandse skepe wat vanaf Oos-Indië gekom het en by die Kaap wou aandoen, 'n geheime seinteken moes vertoon sodat die bewindhebbers hulle kon uitken. Hierdie geheime seinteken sou by die seinbriewe ingesluit word wat elke jaar na die Kaap gestuur is. Die kommissaris was van mening dat dit veral gedurende oorlogstye, wanneer baie meer skepe by die Kaap aangedoen het, groter gerustheid by die skeepsbevelvoerders

---

64. C 702 B Memoriën en Instructiën, Junie-Julie 1720, pp. 822 - 824.
65. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad, VII 17/4/1725, p. 143.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sowel as by die bewindhebbers in die kasteel tot gevolg sou hê.[66]

Die Politieke Raad het die Here Sewentien oor kommissaris Nolthenius se voorstel ingelig en verduidelik dat daar vanaf 1749 elke maand 'n ander seinvlag op Leeukop en Leeustert sou wapper. Die Here Sewentien is gevra om die inligting deur te gee aan alle skeepsbevelvoerders wat die Kaap sou besoek. 'n Soortgelyke brief is aan Gustaaf Willem van Imhoff, die opperbevelhebber in Batavia, gestuur. Hy is gevra om die inligting aan alle Nederlandse kolonies in die Ooste te stuur waar dit aan die bevelvoerders van retoervlote bekend gemaak moes word. Dit het ook tot gevolg gehad dat die Here Sewentien vanaf 1749 vir elke maand van die jaar twee geheime seinvlae moes beraam.[67]

Na die uitbreek van die Vierde Handelsoorlog in 1780 het die Here Sewentien in 'n brief wat in Februarie 1781 aan goewerneur Van Plettenberg geskryf is, opdrag gegee dat daar bo en behalwe die gewone geheime seinvlae wat op Leeukop en Leeustert vertoon is, nog 'n seinteken aan aankomende Kompanjieskepe vertoon moes word. Hierdie teken sou 'n definitiewe bewys wees dat die Engelse nog nie die Kaap in besit geneem het nie. Vir hierdie doel moes daar gedurende die dag sowel as die nag 'n vuur op Leeustert aangesteek word wanneer aankomende skepe opgemerk is. Hiermee moes voortgegaan word totdat hulle gevra is om dit te staak. Indien dit sou gebeur dat 'n vyandige mag die Kaap in besit neem, moes alle troepe na die binneland vlug. Om te voorkom dat aankomende Kompanjieskepe in so 'n geval die Tafelbaaise reede binnevaar, moes twee bakenvure so na as moontlik aan die

---

66. VC 36 Rapporten der Commissarissen - twaalf stukken. Verslag van kommissaris D. Nolthenius, 2/4/1748, p. 728.
67. C 576 Geheime Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 2/4/1748, pp. 85 - 88 en Kasteel de Goede Hoop - G.W. van Imhoff, 1/5/1748, pp. 105 - 107 en Goewerneur en Politieke Raad - Here XVII, 15/6/1748, pp. 109 - 110.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



seekant van Blouberg aangesteek word. Die twee vure sou as waarskuwingstekens vir sulke skepe dien.(68)

In September 1781 het die Here Sewentien opdrag gegee dat die maak van seinvure op Leeustert gestaak word. As gevolg van die oorlog het die brief wat in Februarie sowel as die een wat in September geskryf is eers in Desember 1782 met die Holland in die Kaap aangekom. Daar is dus nooit ooreenkomstig die besluit wat die Here Sewentien in 1781 geneem het bakenvure op Leeustert aangesteek nie.(69)

Die seinstelsel op Leeukop moes te alle tye doeltreffend funksioneer. As dit nie die geval was nie, sou die bewindhebbers in die kasteel nooit werklik geweet het of hulle op die seinboodskappe kon peil trek nie. Die seinmanne op Leeukop het soms ernstige probleme ondervind wat hulle gekortwiek het in die uitvoering van hul pligte. Verskeie faktore het bygedra tot die probleme wat hulle ondervind het.

In 1724 het die Politieke Raad 'n besluit geneem waarvolgens niemand toegelaat sou word om gedurende die dag of nag teen Leeukop uit te klim nie. Die besluit is geneem omdat daar voortdurend van die buskruit en ander toebehore by die seinpos gesteel is. Selfs die seinvlag is v [illegible]yder. Die diefstal het tot gevolg gehad dat geen seine gemaak kon word nie. Gelukkig was die vlag in daardie stadium nie nodig nie omdat geen aankomende skepe gewaar is nie.(70)

Een van die grootste probleme waarmee die seinmanne op Leeukop te doen gehad het, was om toe te sien dat die vlagpaal in ongure weer staande bly. 'n Maand nadat die vlagpaal in 1673 opgerig is, is dit deur stormweer wat met donderslae,

---

68. C 649 Inkomende Briewe: Here XVII - J. van Plettenberg 12/2/1781, pp. 8 - 17.
69. C 649 Inkomende Briewe: Here XVII - J. van Plettenberg 1/9/1781, pp. 25 - 26.
70. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VII, 12/12/1724, pp. 105 - 106; VC 22 Daghregister, 12/12/1724, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bliksemstrale, hael, reënbuie en 'n sterk suidwestewind gepaard gegaan het, in twee stukke geslaan.(71) Dit is eers vyf maande later herstel.(72)

Die vlagpaal is verskeie kere deur die wind gebreek en omgewaai of deur swaar weer stukkend geslaan en moes dan baie vinnig herstel word.(73) In Februarie 1741 is die vlagpaal deur weerlig getref en het dit aan die brand geslaan en heeltemal uitgebrand.(74)

Die seinmanne mag nooit hul poste verlaat het nie, maar in 1689 is daar 'n uitsondering gemaak toe die Kaap deur oorlog bedreig is. Hulle is opdrag gegee om met hul gewere na die kasteel te kom sodra hulle vyandelike skepe opgemerk het.(75)

Die seinmanne op Leeukop was soms nalatig, oneerlik en ook nie pligsgetrou nie. Dikwels het hulle nagelaat om die seinvlae te hys en seinskote af te vuur. In Februarie 1713 het die bevelvoerder van die retoervloot wat in Tafelbaai voor anker gelê het, kommissaris Johannes Steelant, getuig dat hy 'n vlagpaal op Leeukop gesien het, maar dat daar nie 'n seinvlag gewapper het nie. Die Politieke Raad het die saak in 'n baie ernstige lig beskou en die seinmanne van Leeukop beveel om voor die Raad te verskyn om getuienis oor dié aangeleentheid af te lê.

71. VC 6 Daghregister, 22/4/1673, p. 736.
72. VC 6 Daghregister, 26/9/1673, p. 876.
73. VC 7 Daghregister, 12/10/1676, p. 326 en 13/10/1676, p. 329; VC 10 Daghregister, 25/3/1684, p. 109; VC 12 Daghregister, 28/3/1690, p. 401; VC 20 Daghregister, 12/10/1714, pp. 214 - 215; VC 21 Daghregister, 10/1/1718, p. 5 en 15/1/1718, p. 7; VC 23 Daghregister, 24/10/1728, p. 149 en 27/10/1728, pp. 150 - 151; VC 27 Daghregister, 11/6/1755, geen bladsy.
74. VC 25 Daghregister, 22/2/1741, geen bladsy.
75. VC 12 Daghregister, 23/2/1689, pp. 129 - 134; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 23/2/1689, pp. 203 - 204.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die seinman wat die betrokke dag op Leeukop aan diens was, Hendrik Caspertz, het getuig dat hy die dag toe die retoervloot in die Tafelbaaise reede aangekom het tot 17:00 die middag op die kop gebly het en geen aankomende skepe opgemerk het nie. Toe hy sowat 'n uur later by die waghuis in die Kloof aankom, het hy weer gekyk of daar nie aankomende skepe in sig was nie, maar het niks opgemerk nie. Die ander seinman wat op Leeukop moes diens doen, het getuig dat hy die dag met die aankoms van die retoervloot nie op Leeukop was nie. Daardie dag was dit sy beurt om boodskappe na die kasteel te neem in verband met die skepe wat die Kaap genader het.

Caspertz is deur die Politieke Raad skuldig bevind. Die Raad het beweer dat hy nie op sy pos was nie of moontlik dronk was.(76) Hy kon nie sy onskuld bewys nie en hulle het besluit dat hy lyfstraf moes kry. Hy is ook ses maande na Robbeneiland verban waar hy vir die Kompanjie moes werk sonder salaris of vergoeding.(77) Die ander seinman, Obele Yebeles, is na sy pos teruggestuur en gewaarsku om sy werk behoorlik te doen.(78)

Hierdie gebeure het daartoe gelei dat daar indringend gekyk is na die omstandighede waaronder die seinmanne op Leeukop gewerk het. Kommissaris Steelant is meegedeel dat die seinmanne 'n buitengewone belangrike taak gehad het om te verrig. Boonop moes hulle elke dag teen Leeukop op en af klim wat moeilik en baie vermoeiend was. Hulle salaris was gelykstaande aan die van 'n matroos en daaruit kon hulle nie 'n bestaan maak nie. Hoewel hulle elke maand 'n vleisrantsoen ontvang het om hul karige salaris aan te vul, was dit dus glad nie vreemd dat hulle nie hul werk na behore gedoen het nie. Met die goedkeuring van kommissaris Steelant het die Politieke Raad

---

76. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 14/2/1713, p. 301.
77. CJ 5 Oorspronklike Regsrollen en Notulen, 23/2/1713, p. 14.
78. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 14/2/1713, p. 301.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



besluit om die seinmanne se salaris gelyk te stel met die van 'n kwartiermeester wat 25 riksdaalders per maand verdien het. Die verhoging sou hulle aanspoor om hulle werk op te pas en na die beste van hul vermoë te doen. Wanneer die dienstermyn van 'n seinman dus verstryk het en hy die Kaap wou verlaat, sou hy die rang van 'n kwartiermeester hê wat aan hom beter voordele by aftrede gegee het. Die Politieke Raad het ook besluit om elke jaar vanaf die begin van Januarie totdat die retoervloot en die teeskip by die Kaap aangekom het die dienste van nog 'n matroos aan die seinmanne op Leeukop beskikbaar te stel.(79)

Op 8 September 1731 is daar twee seinskote op Robbeneiland en een vanaf Leeukop afgevuur. Die bewindhebbers in die kasteel het soveel vertroue in die seinmanne gehad en onmiddellik die boodskap geïnterpreteer asof daar aankomende skepe vanaf Leeukop gesien is. Die skepe het egter nooit hul opwagting in die Tafelbaaise reede gemaak nie. Die volgende dag is 'n boodskap vanaf Robbeneiland ontvang waarin berig is dat sewe bandiete ontsnap het en dat die skote die vorige dag afgevuur is om die ontsnapping bekend te maak. Die seinman op Leeukop het die een op Robbeneiland nageaap toe hy 'n skoot afgevuur het, want daar was hoegenaamd geen teken van 'n aankomende skip nie. Gelukkig het die Politieke Raad hom nie oor sy oneerlikheid gestraf nie.(80)

In Januarie 1675 het die <u>Vrije Zee</u>, 'n skip in diens van die V.O.C. wat vanaf die Ooste na Nederland op weg was, by die Kaap verbygevaar. In die omgewing van Kaap Agulhas het die skipper die geheime seinbrief oopgemaak wat hy in Indië

79. <u>Ibid</u>., 14/2/1713, p. 304; C 348 Attestatiën geteken J. van Bochem, 1/5/1731, p. 161; C 348 Attestatiën geteken H.O. Eksteen, Mei 1731, p. 235; C 348 Attestatiën geteken H.O. Eksteen, Oktober 1734, p. 439; C 350 Attestatiën geteken J. Cruijwagen, April 1733, p. 209; C 370 Attestatiën geteken J. Loos, Julie 1752, p. 399; C 370 Attestatiën geteken J. Loos, Augustus 1753, p. 427; C 372 Attestatiën geteken C. van der Henvel, Februarie 1755, pp. 161 - 162.
80. VC 24 Daghregister, 9/9/1731, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ontvang het om te kyk hoe die seinvlae moes lyk wat op Leeuberg vertoon sou word. In die brief is sy aandag daarop gevestig dat hy in daardie omgewing 'n hoeker sou kry wat aan hom 'n boodskap moes gee in verband met die toedrag van sake aan die Kaap. Volgens die seinbrief sou daar op Leeukop sowel as op Robbeneiland 'n rooi en wit seinvlag wapper. Die rooi gedeelte van die vlag sou bo wees en die wit deel aan die onderkant.

In die brief is die skipper ook gewaarsku dat dwarswinde verskeie kere die vlag op Leeukop om die vlagpaal geslaan het en dat aankomende skepe dan nie die kleure van die vlag kon sien nie. In so 'n geval moes hulle kyk of die vlagpaal nog staande was en of die vlag om die paal gedraai was. Indien dit die geval was, sou dit 'n voldoende bewys wees dat die Kaap nog veilig was. Indien die vlagpaal op Leeukop gebreek het, het dit gewoonlik 'n rukkie geduur voordat dit herstel kon word en dan moes daar gekyk word na die seinpos op Robbeneiland waar daar ook seinvlae vertoon is.

Die <u>Vrije Zee</u> het by Kaap Agulhas verbygevaar sonder dat hy 'n boodskap van 'n hoeker ontvang het. Met hul aankoms by die Kaap kon die skipper en sy bemanning Tafelberg en Leeuberg duidelik sien, aangesien dit mooiweer was. Op Leeukop was daar geen teken van 'n vlagpaal nie en die gedagte het ontstaan dat die wind dit omgewaai het. Op Robbeneiland was daar ook geen teken van 'n seinvlag nie en dit het dinge baie verdag laat lyk. Die gevolgtrekking waartoe hulle gekom het, was dat die Kaap deur die vyand in besit geneem is en dat hulle die vlagpaal laat verwyder het. Hierdie vermoede is versterk toe hulle 'n wit voorwerp tussen Leeukop en Leeustert opgemerk het. Hulle kon nie sien of dit 'n vlag was nie, maar het gereken dat dit deur die Franse daar opgerig is omdat wit die tradisionele kleur was wat Frankryk gebruik het.

Die <u>Vrije Zee</u> het vier bemanningslede aan boord gehad wat vantevore op diensvaartuie van die Kompanjie by die Kaap diens gedoen het. Vir hulle was die Kaap geen vreemde plek nie,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



maar hulle het getuig dat hulle nooit vantevore die wit voorwerp op Leeuberg gesien het nie. Van die offisiere wat op die Vrije Zee was, het die skipper meegedeel dat hulle al verskeie kere om die Kaap gevaar het, maar dit ook nog nooit gesien het nie. Een het getuig dat hy die omgewing baie goed geken het en een van die groep was wat die paal op Leeukop opgerig het.

Die Vrije Zee was op daardie stadium ongeveer een en 'n half myl (2,4 km) vanaf die kus en al vier bemanningslede was dit eens dat dit moontlik is om die vlagpaal vandaar te sien, indien daar een was. Hulle het die bevelvoerder die versekering gegee dat die vlagpaal nie meer op Leeukop was nie, want wanneer dit omgewaai het, was daar altyd twee diensvaartuie wat aankomende skepe tegemoet moes vaar om hulle daaroor in te lig. Van hierdie skepe was daar ook geen teken nie. Hulle het gevolglik besluit om nie daar aan te doen nie.(81)

In goewerneur Goske se verslag aan die Here Sewentien rondom die gebeure met die Vrije Zee het hy verklaar dat hulle glad nie aan die Kaap kennis gedra het van 'n wit voorwerp of teken wat teen Leeuberg vertoon is nie. Dit was vir hulle 'n eienaardige geval, want sedert aankomende skepe vanaf Robbeneiland en Leeukop dopgehou is, het dit nooit gebeur dat 'n skip by die Kaap verbygevaar het sonder dat dit deur die seinmanne opgemerk is nie. Selfs in swak weer of wanneer dit al skemer was, kon aankomende skepe op 'n afstand van ongeveer vier myl vanaf Leeukop gesien word. In mooiweerstoestande, wat die geval was toe die Vrije Zee om die Kaap gevaar het, was die sig natuurlik baie beter. Die vlagpaal op Leeukop en die een op Robbeneiland was ook nie gebreek of deur die wind omgewaai nie.(82)

---

81. C 302 Inkomende Briewe: L. van Dam - I. Goske, 25/5/1675, pp. 86 - 93.
82. C 498 Uitgaande Briewe: I. Goske - J. Maetsuyker, 23/1/1676, pp. 17 - 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 3

## ROBBENEILAND AS VROEË WAARSKUWINGS- EN SEINPOS

Een van die probleme waarmee Jan van Riebeeck kort na die stigting van die nedersetting aan die Kaap te doen gehad het, was om te voorkom dat die Kompanjie se vee deur die Khoikhoi gesteel word. Met hierdie probleem het hy aanvanklik geen raad gehad nie, totdat hy besluit het om 'n skaaphok en kraal op Robbeneiland op te rig en die vee daar onder toesig van 'n herder te plaas. Die herder het ook as 'n seiner opgetree. Hoewel die Khoikhoi daarna nie meer die vee kon steel nie, was daar steeds die moontlikheid dat die bemanning van vreemde skepe die vee op die eiland kon roof.(1) Vroeg in 1654 het Van Riebeeck 'n brief aan Marcus Robbeljaert, die opsiener op Robbeneiland, gestuur en hom gewaarsku om op die uitkyk te wees vir vreemde skepe wat in Tafelbaai naby die eiland anker gegooi het omdat hulle maklik die eiland kon aanval en die vee kon steel.(2)

Ten einde die veiligheid van die vee op die eiland te waarborg, moes Van Riebeeck sekere maatreëls tref. Die enigste manier om dit te doen, was om kanonne op die eiland te plaas, maar Van Riebeeck was huiwerig om alleen oor die aangeleentheid 'n besluit te neem.

In Augustus 1654 het die heer Gerard Hulst, direkteur-generaal van Indië, die Kaap besoek. Van Riebeeck het van die geleentheid gebruik gemaak en Hulft se mening gevra oor die idee om kanonne op Robbeneiland te plaas. Hy was baie positief omtrent Van Riebeeck se voorstel en het onmiddellik sy goedkeuring daarvoor gegee.(3) Twee maande later het die skipper van die Roode Vos wat na Dasseneiland onderweg was,

---

1. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 18/3/1654, pp. 32 - 33.
2. J. van Riebeeck: Daghregister I, 28/3/1654, p. 210.
3. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched I (J. van Riebeeck - G. Hulst, 21/8/1654), pp. 356 - 3858.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



opdrag gekry om twee sespondkaliber kanonne, wat van 'n Engelse skip gebuit is, met die nodige buskruit, lont en laaigereedskap op Robbeneiland af te laai. Die kanonne is aanvanklik gebruik om die eiland te beskerm. Mettertyd is dit ook vir 'n ander doel gebruik.(4) In 1658 is die twee Engelse kanonne wat op die eiland gelê het, op die jag Maria geplaas as deel van haar wapenrusting en is 'n sespondkaliber kanon wat by die fort gelê het, in die plek daarvan na Robbeneiland geneem.(5)

Sedert Robbeneiland as 'n veepos gebruik is, het die Kompanjie met 'n tweede probleem te doen gekry. Daar was nie 'n manier om vanaf die eiland met die fort in verbinding te tree nie. Kontak is wel op 'n gereelde grondslag gemaak wanneer diensvaartuie van die Kompanjie voorrade na die eiland geneem het en met skulpe en slagvee teruggekeer het, maar niks kon gedoen word wanneer 'n noodtoestand op die eiland ontstaan het en die opsiener dringend met die bewindhebbers in die fort in verbinding moes tree nie.

Toe daar vroeg in Januarie 1656 vir die eerste keer 'n noodsituasie op die eiland ontstaan het, was die opsiener verplig om self 'n metode te vind om die aandag van die bewindhebbers in die fort te trek. Die eerste boodskap wat op hierdie wyse vanaf die eiland aan die fort gestuur is, is gedoen met behulp van 'n vuur wat op die eiland aangesteek is. Daar was op daardie stadium nog geen vasgestelde seinkode tussen die eiland en die fort nie(6) en 'n sein vanaf die eiland kon vir die bewindhebbers net een van twee dinge beteken het, naamlik dat die opsiener 'n skip opgemerk het wat in aantog was en wat moontlik vir die eiland gevaar ingehou het, of dat hy deur iemand gemolesteer is en hulp nodig gehad het.(7)

---

4. Ibid. (Instructions for the Roode Vos proceeding to Dassen Island - J. van Riebeeck, 6/10/1654), pp. 374 - 376.
5. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 23/1/1658, p. 129.
6. J. van Riebeeck: Daghregister II, 3/1/1656, p. 1.
7. H.C.V. Leibbrandt (red.): Riebeeck's Journal II, 4/1/1656, p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Twee dae nadat die vuur op die eiland opgemerk is, het Van Riebeeck 'n vermaning aan opsieners Sybrant Rinckes en Willem Harmansz op die eiland gestuur waarin hy hulle verbied het om onnodig seine te maak. Elke keer wanneer daar seine vanaf die eiland gemaak is, moes 'n diensvaartuig van die Kompanjie daarheen gestuur word om te gaan kyk wat die probleem was. Die kommandeur het dit baie lastig gevind en Rinckes en Harmansz beveel om slegs vuur te maak wanneer gevaar werklik gedreig het.

Die vuur wat deur die opsieners op Robbeneiland aangesteek is, het die bewindhebbers laat besef dat 'n vuur op die eiland as baken deur skepe vir navigasiedoeleindes gebruik kon word wanneer hulle die Tafelbaaise reede gedurende die nag wou binnevaar om 'n veilige ankerplek te vind. Hulle het opdrag gegee dat 'n bakenvuur net gedurende die nag op die eiland aangesteek en brandend gehou mag word wanneer 'n Kompanjievaartuig gedurende die dag in die oop see opgemerk is en nie Tafelbaai gehaal het nie, maar dit volgens hulle binne sy vermoë was om dieselfde nag die ankerplek te bereik.(8)

In die instruksies wat kommissaris Van Goens in 1657 tydens sy besoek aan die Kaap opgestel het, het hy aanbeveel dat 'n permanente vuurbaken op Robbeneiland opgerig word.(9) Volgens hom het die opsieners dit nie altyd as belangrik beskou om 'n vuur gedurende die nag op Robbeneiland aan te steek wanneer Kompanjieskepe in aantog was nie. Hy was ook ontevrede omdat die vure na willekeur op verskillende plekke aangesteek is en daar nie 'n spesifieke plek was wat uitsluitlik vir dié doel gebruik is nie.(10) Op 16 Julie 1657 het Van Riebeeck die landmeter en die skipper van die <u>Robbejacht</u> na die eiland

8. H.C.V. Leibbrandt (red.): <u>Letters and Documents despatched II</u> (J. van Riebeeck - Rinckes en W. Harmansz, 5/1/1656), p. 232.
9. J. van Riebeeck: <u>Daghregister II</u>, 16/7/1657, p. 147.
10. H.C.V. Leibbrandt (red.): <u>Letters and Documents despatched, II</u> (J. van Riebeeck en C. Franse Bordingh - Batavia, 22/8/1657), p. 332.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gestuur om 'n geskikte plek te soek waar 'n permanente vuurbaken opgerig kon word.(11)


Teen 1657 was Tafelbaai nog relatief onbekend by die bevelvoerders van Kompanjieskepe en het hulle gevaar geloop om maklik te strand wanneer hulle die reede wou binnevaar om 'n ankerplek te soek. Om dit vir die skepe makliker te maak om 'n veilige ankerplek te vind, het Van Riebeeck en Claes Franse Bordingh, skipper van die jag Maria, Robbeneiland op 6 en 7 Augustus besoek om permanente bakens in daardie omgewing uit te soek. In ooreenstemming met die bakens waarop besluit is, is instruksies opgestel wat as handleiding vir die bevelvoerders van Kompanjieskepe kon dien. Daarmee kon hulle gedurende die dag sowel as die nag Tafelbaai veilig binnevaar. Van Riebeeck het 'n afskrif van die instruksies wat hy en Bordingh opgestel het aan die Here Sewentien gestuur wat dit moes gee aan alle bevelvoerders van Kompanjieskepe wat die Kaap sou aandoen.(12)

Volgens die instruksies moes skepe gedurende die nag die bakenvuur by Vuurberg op Robbeneiland en gedurende die dag die bakenheuwel op die eiland en die fort as bakens gebruik om hul posisie in die Tafelbaaise reede te bepaal. Die skippers is ook gewaarsku teen die uitstaande rotsrif, Walvis, wat ten suide van Robbeneiland geleë is. Ten einde dit vir Kompanjieskepe moontlik te maak om die ligging van die fort gedurende die nag te bepaal, het Van Riebeeck voorgestel dat daar ook 'n bakenvuur gedurende die nag brandend gehou word. Hierdie voorstel kon egter nie uitgevoer word nie omdat die Khoikhoi gedurende die nag oral op die land vuur gemaak het en daarmee groot verwarring veroorsaak het. So het dit gebeur dat die Amersfoort, 'n skip in die vloot van die heer Grab, deur 'n vuur op die land mislei is en byna gestrand het. In

11. J. van Riebeeck: Daghregister II, 16/7/1657, p. 147; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 19/7/1657, p. 107.
12. J. van Riebeeck: Daghregister II, 22/8/1657, p. 151; H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched II (J. van Riebeeck en C. Franse Bordingh - Goewerneur Generaal en Raad, Batavia, 22/8/1657), p. 332.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

KAART VAN ROBBENEILAND




Gebaseer op kaarte M1/902, M1/1106 en M1/1107 (Kaapse Argief)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die instruksies wat Van Riebeeck en Bordingh opgestel en aan die Here Sewentien gestuur het, is skeepsbevelvoerders gewaarsku om geen vuur, behalwe die een op Robbeneiland, as bakenvuur te aanvaar nie. Van Goens se voorstel dat twee bakenvure gedurende die nag op Leeustert gemaak word en dat die Robbejacht 'n lig aan boord dra wanneer Kompanjieskepe opgemerk word, het waarskynlik na die gebeure met die Amersfoort in onbruik geraak.(13)

In 1742 het die Politieke Raad weer 'n verbod geplaas op die maak van vure gedurende die nag in die omgewing van die kasteel. Die verbod het betrekking gehad op diegene wat in hutte gewoon het rondom die Waterplaas, langs die strand en teen Tafelberg en Leeuberg. Die vryburgers was op daardie stadium besig om met hul slawe skulpe in die omgewing op te tel en is gewaarsku dat hulle gestraf sou word indien hulle nie die bevel gehoorsaam nie. 'n Vryburger kon met vyf riksdaalders beboet word, terwyl 'n slaaf by skuldigbevinding gegesel en 'n boete opgelê sou word wat deur sy eienaar betaal moes word. Die korporaal wat by die Klein Battery diens gedoen het, moes toesien dat niemand hierdie verbod oortree nie. Om hom aan te spoor om die oortreders aan te keer, het die Politieke Raad besluit dat hy en sy manskappe alle boetes kon kry wat die oortreders by skuldigbevinding betaal het.(14)

Teen die einde van 1657 is daar besluit om 'n waghuisie op Vuurberg, wat die hoogste punt op Robbeneiland was, te bou om diegene wat die bakenvuur gedurende die nag aan die brand moes hou teen reën, wind en dou te beskerm. Op die eiland was daar nie materiaal om so 'n waghuisie te bou nie en Woutersz, die opsiener, het die kommandeur versoek om 15 tot 20 bosse riet vir dié doel na die eiland te stuur. Vroeg in Februarie 1658 is die riet op die eiland afgelaai en is die waghuisie opgerig.(15)

---

13. Ibid. (Batavia - J. van Riebeeck en C. Franse Bordingh, 22/8/1657), p. 332.
14. C 120 Resolusies van die Politieke Raad, 1/12/1742, pp. 355 - 359.
15. J. van Riebeeck: Daghregister II, 21/12/1657, p. 218.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In Oktober 1657 het die uitkyker op Leeuberg gerapporteer dat hy 'n skip wes van Robbeneiland gesien het, maar omdat dit mistige weer was, kon hy nie die skip identifiseer nie. Die opsiener op Robbeneiland het geen seinteken gemaak om aan te dui dat hy die skip gesien het nie. Van Riebeeck het besluit om 'n verkyker aan Woutersz te stuur waarmee hy aankomende skepe moes dophou omdat hy vermoed het dat skepe ongesiens by Robbeneiland verbyvaar. Van Riebeeck het Woutersz ook daaraan herinner dat hy nooit moes nalaat om die teenwoordigheid van Kompanjieskepe gedurende die nag met 'n vuur aan te dui nie. Hy mag egter nooit vuur gemaak het wanneer dit vreemde skepe was nie. Van die vuur op die eiland kon die bewindhebbers in die fort natuurlik aflei dat daar Kompanjieskepe in aantog was.(16)

Die opsiener op Robbeneiland was onder andere belas met die taak om aankomende skepe dop te hou en die bakenvuur gedurende die nag brandend te hou wanneer daar verwag is dat Kompanjieskepe wat gedurende die dag opgemerk is Tafelbaai dieselfde nag sou binnevaar. Volgens Woutersz, wat uit ondervinding kon praat omdat hy lank op die eiland gebly het, was dit voldoende vir 'n opsiener om slegs soggens en saans na Vuurberg te gaan om te kyk of daar nie skepe in aantog was nie. Hy was van mening dat die uitsig van daar af só goed was dat dit onmoontlik sou wees om nie aankomende skepe op te merk nie.(17)

Van Riebeeck het met verloop van tyd agtergekom dat Woutersz nie sy werk op Robbeneiland na behore doen nie. Hy moes na die Kompanjie se vee omsien, skulpe bymekaarmaak en sorg dat die bakenvuur gedurende die nag brand wanneer aankomende Kompanjieskepe opgemerk is. Hy kon nie sy opdragte na behore uitvoer nie omdat hy hom dikwels skuldig gemaak het aan drankmisbruik en dan sy werk verwaarloos het.(18) Kommissaris

16. <u>Ibid</u>., 27/10/1657, p. 183.
17. <u>Ibid</u>., 4/2/1658, p. 244.
18. VC 2 Daghregister, Deel II, 20/3/1658, pp. 863 - 864.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Joan Cunaeus wat die Kaap van 6 tot 19 Maart 1658 besoek het, het by kommandeur Van Riebeeck gekla dat daar geen bakenvuur op Robbeneiland was toe hulle die Tafelbaaise reede wou binnevaar nie en dat hulle byna verongeluk het. Woutersz is gevolglik uit die Kompanjie se diens ontslaan en deur Ryck Overhagen opgevolg wat met sy aanstelling duidelike instruksies van die kommandeur ontvang het. Hy is onder andere opdrag gegee om die bakenvuur gedurende die nag brandend te hou wanneer daar teen sononder Kompanjieskepe opgemerk is wat nie die baai kon haal nie, want wanneer sulke skepe gedurende die nag "voor de wal comende," moes hulle in staat gestel word om met die vuur as baken 'n veilige ankerplek te vind. Indien 'n Kompanjievaartuig reeds binne die baai was, maar as gevolg van 'n dwarswind verplig was om weer na die oop see te vaar, en selfs agter die horison verdwyn het, moes hy die vuur die hele nag laat brand. Wanneer vreemde skepe die baai genader het, moes hy die vuur onmiddellik blus, maar in so 'n geval moes daar eers dubbel seker gemaak word dat dit nie 'n Kompanjievaartuig was nie.[19] Overhagen het 'n salaris van 14 gulden per maand ontvang.[20]

In Julie 1658 is Overhagen opdrag gegee om die aansteek van vure tydelik tot die begin van 1659 te staak omdat Kompanjieskepe wat na Julie 1658 by die Kaap sou aandoen nie van die reëling in verband met vure op Robbeneiland geweet het nie.[21]

In Mei 1658 het Abraham Gabemma in opdrag van die kommandeur Robbeneiland besoek om die doeltreffendheid van die bakenvuur te evalueer.[22] Gabemma was 'n amptenaar in diens van die Kompanjie wat op 2 Desember 1656 as adelbors na die Kaap gekom het. In Januarie 1657 is hy as skrywer aangestel en op 23 April dieselfde jaar bevorder tot sekretaris van die Politieke

19. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 20/3/1658, p. 138.
20. Ibid., 28/5/1658, pp. 147 - 148.
21. J. van Riebeeck: Daghregister II, 10/6/1658, p. 338.
22. Ibid., 5/5/1658, p. 283.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Raad.(23) Hy was ook vir die staatskas en die invordering van belastings verantwoordelik(24).

Uit die verslag wat Gabemma opgestel het, blyk dit dat daar nie genoeg hout op die eiland was waarmee bakenvure gemaak kon word nie. Teen die sandduine het daar slegs 'n soort struik, genaamd "creupelbos", gegroei wat glad nie vir vuurmaak geskik was nie. Om die probleem met die tekort aan vuurmaakhout te oorkom, het Gabemma voorgestel dat 'n "caepstandert" op Vuurberg geplaas word. Dit is 'n wenas met 'n loodregte spil waarin daar met pikkranse vuur gemaak is. Overhagen het opdrag gekry om nie onnodig in die "caepstandert" vuur te maak nie en baie spaarsamig met die pikkranse te werk omdat dit baie skaars en duur was.(25)

Daar is ook vir die eerste keer gekyk of die vuur wat in die "caepstandert" gemaak is tot by die fort gesien kon word. Dit was belangrik dat die vuur tot daar sigbaar moes wees, aangesien dit terselfdertyd vir die bewindhebbers 'n teken was dat daar Kompanjieskepe in aantog was. By dieselfde geleentheid is daar ook 'n kanonskoot vanaf die eiland afgevuur sodat daar vasgestel kon word of dit by die fort gehoor kon word. Die doel met die kanonskoot was om vas te stel of die bewindhebbers in die fort se aandag gedurende die dag op so 'n wyse deur die opsiener op die eiland getrek kon word om hulle van aankomende skepe in kennis te stel. Die uitslag van die ondersoek was nie baie positief nie. Die kanonskoot kon wel by die fort gehoor word, maar die vuur was nie duidelik tot daar sigbaar nie. Van Riebeeck was ook ontevrede omdat te veel pikkranse gebruik is om die vuur groot genoeg te maak sodat dit tot by die fort gesien kon word.(26)

---

23. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, p. viii; J.C.H. Grobler: Abraham Gabbema (W.J. de Kock red.: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II, p. 249).
24. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 17/7/1657, p. 106.
25. J. van Riebeeck: Daghregister II, 5/5/1658, pp. 281 - 283.
26. Ibid., 23-24/5/1658, pp. 296 - 297.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die slotsom waartoe gekom is, was dat die pikkranse eerstens nie geskik was nie en tweedens te duur was om vir bakenvure gebruik te word en daarom deur iets anders vervang moes word. Hout was die enigste alternatief. Dit was baie goedkoper en maklik bekombaar omdat daar volop hout in die bosse rondom die fort was. 'n Vrag brandhout kon teen drie gulden van die vryburgers gekoop word. Die hout kon in die Kompanjie se diensvaartuie na die eiland vervoer word en het dan terselfdertyd as ballaste in die skepe gedien wanneer hulle skulpe en slagvee op die eiland gaan haal het.(27)

Daar was egter geen arbeiders op Robbeneiland wat die hout vanaf die skepe na Vuurberg kon aandra nie en Van Riebeeck het 'n slaaf vir dié doel daarheen gestuur. Harry die Khoikhoileier wat vanaf Julie 1658 tot Junie 1659 'n gevangene op die eiland was, moes ook help om hout aan te dra, maar hy het dit benede sy waardigheid geag om sulke werk te doen en Overhagen was verplig om die kommandeur vir die dienste van nog 'n slaaf te vra. Van Riebeeck het ook twee ysterwîe en 'n swaar smidshamer na die eiland gestuur waarmee die hout gekloof kon word.(28) Teen die einde van die Kompanjiebewind, in 1793, het goewerneur Sluysken dit onder die aandag van die Politieke Raad gebring dat die twee soldate op Robbeneiland wat vir die maak van die seine verantwoordelik was, dit onmoontlik gevind het om die hout wat vanaf die skepe aan hulle gestuur is na Vuurberg aan te dra en dan nog te kap ook. Die Politieke Raad het die versoek simpatiek oorweeg en drie bandiete na die eiland gestuur wat die hout moes kap en aandra.(29)

Die opsiener op Robbeneiland het soms nagelaat om die bewindhebbers in die fort van aankomende skepe in kennis te stel. So het dit gebeur dat die <u>Princes Royael</u> die nag van 5

---

27. <u>Ibid</u>., 16/12/1658, p. 433.
28. <u>Ibid</u>., 31/12/1658, p. 450; J. van Riebeeck: <u>Daghregister III</u>, 6/1/1659, p. 2 en 24/1/1659, p. 6; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 20/6/1659, p. 197.
29. C 217 Resolusies van die Politieke Raad, 21/8/1793, p. 304.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



tot 6 September 1661 Tafelbaai binnegevaar het sonder dat die skildwagte by die fort 'n vuur op die eiland opgemerk het. Ook die kwartiermeester, Jan Pequyn, wat die hele nag op die Kompanjie se diensvaartuig aan diens was, het getuig dat hy geen vuur op die eiland gesien het nie. Die kommandeur het die saak in 'n baie ernstige lig beskou en aan Jan Sacharias, opsiener op die eiland, 'n laaste waarskuwing gegee. Indien so iets weer sou gebeur, sou hy nie net aangespreek word nie, maar uit die Kompanjie se diens ontslaan word en 'n maand se salaris verbeur.(30)

Nadat die nuus van die Tweede Handelsoorlog die Kaap in September 1664 bereik het,(31) is die instruksies in verband met die maak van bakenvure gewysig. Daar is besluit dat daar wel 'n bakenvuur gedurende die nag op die eiland aangesteek moes word wanneer vreemde skepe opgemerk is, maar dan aan die oostekant van die eiland. Dit is gedoen om die skepe te mislei sodat hulle nie 'n veilige ankerplek kon vind nie en dus gevaar geloop het om maklik te strand.(32)

Wanneer Kompanjieskepe in aantog was, moes die opsiener op die eiland toesien dat die bakenvuur altyd so na as moontlik aan die voorkant van Vuurberg gemaak word sodat dit duidelik deur die skildwag by die fort gesien kon word. Sodra die vuur aan die oostekant van die eiland gemaak is, was dit nie so duidelik sigbaar nie en sou dit vir die skildwag 'n aanduiding wees dat daar vreemde skepe in aantog was.(33)

In 1732 het die opsiener op Robbeneiland 'n wysiging van die seininstruksies ontvang. Die nuwe instruksies is ook deurgegee aan alle Kompanjieskepe wat die Kaap sou aandoen. As 'n Kompanjievaartuig die Kaap gedurende die nag genader het

---

30. J. van Riebeeck: <u>Daghregister III</u>, 6/9/1661, pp. 396 - 397.
31. VC 4 Daghregister, 18/9/1664, pp. 693 - 694; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 29/9/1664, pp. 320 - 321.
32. VC 5 Daghregister, 12/1/1667, pp. 10 - 12.
33. C 498 Uitgaande Briewe: J. Bax - A. Bernewits, 16/11/1677, p. 789.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en hy begeer het dat 'n vuur op die eiland aangesteek moes word sodat hy sy eie posisie kon bepaal om die Tafelbaaise reede veilig binne te vaar, moes hy 'n kanonskoot afvuur. 'n Vuur sou dan by die vlaggemanshuisie op Vuurberg aangesteek word. Sodra die skip 'n tweede skoot afgevuur het, moes 'n tweede vuur op die eiland by die sersant se waghuis aangesteek word. Met behulp van die twee bakenvure kon die skipper presies bepaal waar die eiland is en sou hy met gemak by die rif, wat ten suide van die eiland geleë is, verbyvaar en 'n veilige ankerplek vind.(34)

Groot hoeveelhede brandhout is gereeld na Robbeneiland gestuur vir die maak van bakenvure. Aanvanklik is baie van die hout na die eiland gestuur om by die kalkbrandery gebruik te word,(35) maar nadat die Politieke Raad besluit het om dit te staak, was al die hout wat daarheen gestuur is vir die maak van bakenvure bedoel.(36) Soms was daar glad nie hout op die eiland nie en moes die opsiener die bewindhebbers versoek om dadelik hout na die eiland te stuur. In Desember 1687 het Callenbach, die opsiener, brandhout aangevra omdat die retoervloot verwag is en daar nie meer veel voorraad op die eiland was nie. Wanneer skepe met donkermaan die Tafelbaaise reede binnegevaar het, het hulle aanhoudend kanonskote afgevuur as die bakenvuur nie op Robbeneiland gebrand het nie en hulle as gevolg daarvan nie hul posisie in die baai kon

34. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 25/3/1732, p. 201; C 520 Deel II Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - G. Scholtz, 2/4/1732, p. 268; VC 3 Deel III Daghregister, 19/11/1661, p. 1384; VC 3 Deel III Daghregister, 22/11/1661, pp. 1388 - 1390.
35. VC 4 Deel III Daghregister, 8/5/1664, p. 629; C 500 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - J. Reynart, 9/3/1683, p. 319.
36. C 495 Uitgaande Briewe: H. Crudop - H.M. Callenbach, 21/5/1671, p. 1140 en P. Hackius - H.M. Callenbach, 10/8/1671, pp. 1198 - 1200 en P. Hackius - H.M. Callenbach, 5/10/1671, pp. 1225 - 1226; C 496 Vol. I Uitgaande Briewe: C. von Breitenbach - H. Michael, 3/3/1672, p. 60; C 496 Vol. II Uitgaande Briewe: I. Goske - C. Symonsz, 16/3/1673, pp. 77 - 78; C 501 Uitgaande Briewe: A. de Man - J. Rynart, 22/2/1686, pp. 89 - 99; C 500 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - M. Callenbach, 30/7/1682, p. 217.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bepaal nie. Callenbach wou so 'n situasie ten alle koste vermy.(37) Dit was ook soms vir die bewindhebbers nodig om die opsieners op die eiland aan te spreek om spaarsamig met die brandhout te werk.(38)

In 1659 het die Engelse die eiland St. Helena permanent beset. Die Hollanders het egter op daardie stadium nie geweet of hulle ook beplan het om die Kaap in besit te neem nie. Die Here Sewentien het die bewindhebbers aan die Kaap opdrag gegee om die retoervloot van 1660 te waarsku om nie by St. Helena aan te doen nie en om op hul hoede te wees vir 'n moontlike Engelse aanval.(39)

In Junie 1661 het die <u>Slot van Honingen</u> in Tafelbaai aangekom nadat hy 'n paar dae vantevore by die Kaap Verdiese eilande aangedoen het. Daar is hulle deur kommandeur Hendrik Kops meegedeel dat vyf Engelse skepe met 1200 man twee dae voor hul aankoms daar was. Volgens die bevelvoerders van die Engelse skepe wou die koning van Engeland die Kaap Verdiese eilande binne ses maande verower en vandaar sy segetog verder voortsit en Kaap die Goeie Hoop in besit neem.(40)

Hierdie nuus het die bewindhebbers aan die Kaap onder die besef gebring dat dit goed sou wees as alle Kompanjieskepe wat die Kaap wou aandoen op die een of ander wyse met behulp van seine, bo en behalwe dié wat reeds op die vasteland gemaak is, vanaf Robbeneiland gewaarsku kon word dat die Kaap nog veilig in Nederland se besit was alvorens hulle die Tafelbaaise reede sou binnevaar. Indien die regte seintekens nie op Robbeneiland vertoon is nie sou dit beteken dat die Kaap deur 'n vyandelike mag oorgeneem is en hulle verby moes vaar.

---

37. C 498 Uitgaande Briewe: J. Bax - A. Bernewitz, 16/11/1677, p. 789.
38. C 497 Uitgaande Briewe: I. Goske - A. Bernewitz, 27/6/1674, pp. 182 - 183.
39. J. van Riebeeck: <u>Daghregister II</u>, 26/10/1659 pp. 180 - 181.
40. J. van Riebeeck: <u>Daghregister III</u>, 6/9/1661, pp. 396 - 397.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op inisiatief van kommissaris Sterthemius is daar in Maart 1660 besluit om die retoervlote uit die Ooste sowel as die skepe uit patria met behulp van geheime seinvlae wat op Robbeneiland vertoon moes word te waarsku dat die Kaap nog veilig was.(41) In November 1661 het die fiskaal Robbeneiland besoek en twee vlagpale op Vuurberg opgerig waaraan die seinvlae gehys moes word.(42) Die seinvlae het elke jaar verander, maar inligting in verband daarmee is gewoonlik voor die tyd aan alle bevelvoerders van Kompanjieskepe gegee, of hulle nou vanaf Nederland of uit die Ooste gekom het. Hulle het dus vooraf haarfyn geweet hoe die vlag of vlae moes lyk wat gedurende 'n betrokke jaar by hul aankoms aan die Kaap op Robbeneiland sou wapper.(43) Die retoervlote uit die Ooste het die Kaap elke jaar gewoonlik tussen Januarie en Maart bereik en die skepe vanaf Nederland wat na die Ooste onderweg was, teen min of meer dieselfde tyd. Om dié rede kon dieselfde geheime seinvlae vir alle Kompanjieskepe gebruik word.(44) Die seinkode het elke jaar verander en is per geheime brief in tweevoud na Oos-Indië en in drievoud na Nederland gestuur.

In die instruksies wat Van Riebeeck vir sy opvolger Zacharias Wagenaer, agtergelaat het, maak hy melding van 'n geheime skrif wat aan die Kaap gebruik is om boodskappe met vreemde vaartuie na verskillende bestemmings te stuur.(45) Letters

---

41. A.J. Böeseken (red.): Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Belangrike Kaapse dokumente Deel I, Memoriën en Instructiën 1657 - 1699, 12/3/1660, p. 25 (Voortaan sal na hierdie publikasie verwys word as: A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën 1657 - 1699, p....); H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched III, (Here XVII - J. van Riebeeck en R. de Man, 4/5/1661), p. 200.
42. VC 3 Deel III Daghregister, 4/11/1661, p. 1355.
43. H.C.V. Leibbrandt (red.): Letters and Documents despatched III (Riebeeck's instructions left for commander Z. Wagenaer - J. van Riebeeck, 5/5/1662), pp. 255 - 256.
44. Ibid. (Here XVII - J. van Riebeeck en R. de Man, 4/5/1661), p. 200.
45. Ibid. (Riebeeck's instructions left for commander Z. Wagenaer - J. van Riebeeck, 5/5/1662), pp. 255 - 256.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die alfabet is vir hierdie geheime skrif gebruik.(46) Die geheime seinkodes wat aanvanklik aan die Kaap beraam is, maar later deur die Here Sewentien in Seeland, is na alle waarskynlikheid met behulp van die geheime skrif na Nederland en die Ooste gestuur.

Die opsiener op Robbeneiland het gewoonlik aan die einde van elke jaar 'n geheime verseëlde brief ontvang met instruksies oor hoe die seinvlag vir die volgende jaar moes lyk. Hy mag die brief egter eers in Januarie van die betrokke jaar waarvoor die seine bedoel was, oopgemaak het. Die vlag, of die seildoek waarvan die vlag gemaak moes word, is gewoonlik in 'n verseëlde sak aan hom gestuur.(47) Hy moes die sein= instruksies veilig bewaar en mag dit aan niemand gegee het nie omdat dit hoogs vertroulik was. Wanneer 'n vyandelike mag die eiland aangeval het, moes hy die geheime seinvlag sowel as die geheime brief met die seininstruksies onmiddellik verbrand.(48)

Soms is die vlae sonder enige instruksies of geheimhouding op Robbeneiland afgegee. In Januarie 1664 is twee prinsevlae na die eiland gestuur om gedurende daardie jaar as seinvlae gebruik te word.(49) Nadat kommandeur Wagenaer se ampstermyn verstryk het en hy alreeds die Kaap verlaat het, het hulle agtergekom dat hy nie instruksies gegee het vir die seinkode wat in 1667 gebruik moes word nie. Sy opvolger, kommandeur Cornelis Qualberg, het aan Pieter van Meerhoff, opsiener op Robbeneiland, opdrag gegee om net die prinsevlag daardie jaar vir die maak van seine te gebruik. Indien daar ses of meer aankomende skepe gedurende die dag opgemerk is, moes hy die prinsevlag aan die tweede vlagpaal hys, maar sodra daar bo alle twyfel vasgestel is dat dit Engelse of ander vreemde

---

46. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën 1657 - 1699, 5/5/1662, p. 45.
47. C 495 Uitgaande Briewe: A.Crudop - H.M. Callenbach, 18/12/1671, pp. 1241 - 1243.
48. C 496 Vol. I Uitgaande Briewe: I. Goske - C. Symonsz, 21/1/1673, p. 100.
49. VC 4 Deel III Daghregister, 11/1/1664, p. 536.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



skepe was, moes die prinsevlag gestryk word en moes hy net die wimpel of vaandel laat wapper.(50)

In Januarie 1667 het Van Meerhoof toestemming gekry om 'n rooi wimpel in plaas van die prinsevlag vir die maak van seine te gebruik. Ongeveer 'n maand later is die seininstruksies weer gewysig. Van Meerhoff is opdrag gegee om twee prinsevlae te gebruik in stede van die prinsevlag en die wimpel.(51) Dit is dus baie duidelik dat daar deurgaans 'n prinsevlag aan een van die vlagpale op Robbeneiland gewapper het. Dit is gedoen as teken en bewys dat die eiland die Kompanjie se eiendom was. Dit is ewe belangrik om daarop te let dat daar dikwels nie 'n geheime seinvlag nie, maar 'n prinsevlag vir seindoeleindes op die eiland gebruik is.

In Januarie 1673 is 'n ongewone, plaaslik vervaardigde seinvlag na Robbeneiland gestuur wat in die plek van die prinsevlag gebruik moes word as teken dat die Kompanjie die Kaap besit.(52) Gedurende Desember dieselfde jaar is 'n nuwe seinvlag na die eiland gestuur wat aan die retoervloot vertoon moes word indien hulle gedurende dieselfde maand hul opwagting sou maak, of gehys moes word wanneer 5 of 6 skepe vanuit die Ooste die Kaap genader het. Sodra skepe gedurende hierdie tyd Tafelbaai reg van voor of vanuit die noorde genader het, moes 'n prinsevlag gehys word. Hierdie buitengewone manier van seine maak het direk verband gehou met die Derde Handelsoorlog wat in 1672 in Europa uitgebreek het.(53) In 1674 is daar weer 'n geheime seinvlag op Robbeneiland gehys.(54)

---

50. VC 5 Daghregister, 12/1/1667, pp. 10 - 12; C 494 Uitgaande Briewe: Fort de Goede Hoop - P. van Meerhoff, 12/1/1667, pp. 1078 - 1081.
51. C 494 Uitgaande Briewe: C. van Quaelberg - P. van Meerhoff, 19/1/1667, pp. 1082 - 1083.
52. VC 6 Daghregister, 21/1/1673, pp. 616 - 617; C 496 Vol. I Uitgaande Briewe: I.Goske - C. Symonsz, 21/1/1673, p. 100.
53. C 496 Vol. II Uitgaande Briewe: I. Goske - C. Symonsz, 30/12/1673, p. 109.
54. VC 6 Daghregister, 1/12/1673, pp. 927 - 928.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In 1695 het die Here Sewentien goewerneur Simon van der Stel in kennis gestel dat dit nie meer nodig was om die geheime seinvlag op Robbeneiland te hys nie. Hierdie besluit is geneem omdat die eiland te maklik in geval van 'n aanval op die Kaap deur die vyand ingeneem kon word. Die vyand sou dan die geheime seinvlag op die eiland kon laat wapper en so Kompanjieskepe mislei wanneer hulle by die Kaap wou aandoen. Die Politieke Raad het opdrag gekry om aankomende Kompanjieskepe met kanonskote vanaf die kasteel en van skepe wat in die Tafelbaaise reede gelê het te waarsku dat die Kaap veilig was. Aankomende skepe moes vier skote afvuur, waarop daar vanaf die kasteel, of skepe in die Tafelbaaise reede, óf vanaf die matroseskans wat vir dié doel by die Waterplaas opgerig is, met twee skote geantwoord sou word.(55)

'n Kanon is vir dié doel by die Waterplaas geplaas waar die hut opgerig is wat as die matroseskans bekend gestaan het. 'n Vloot-onder-offisier wat die kanon beman het, 'n matroos, 'n korporaal en drie soldate het daar diens gedoen. Hulle moes luister vir kanonskote wat deur aankomende Kompanjieskepe afgevuur is en die nuus onmiddellik na die kasteel neem. Die Waterplaas waar die matroseskans opgerig is, was 'n uitkykpos waarvandaan aankomende skepe dopgehou is en kan nie 'n seinpos genoem word nie.(56) Die matroseskans is tot 1709 as 'n uitkykpos gebruik.(57) Die geheime seinvlag wat tot 1695 op Robbeneiland gehys is, is na dié datum by die seinpos op Leeustert gehys.(58)

---

55. C 358 Inkomende Briewe: Here XVII - S. van der Stel, 18/5/1695, pp. 14 - 16.
56. Ibid., Here XVII - S. van der Stel, 18/5/1695, pp. 14 - 16; C 505 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - Here XVII, 1/8/1696, p. 98; VC 14 Daghregister, 8/3/1696, pp. 79 - 80 en 9/3/1696, p. 84 en 24/5/1696, p. 173.
57. VC 18 Daghregister, 2/6/1708, p. 661; VC 19 Daghregister, 10/5/1709, p. 164 en 12/5/1709, p. 165.
58. C 574 Geheime Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 8/6/1726, pp. 393 - 404 en Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 31/1/1727, pp. 417 - 424 en Kasteel de Goede Hoop - Here XVII, 24/3/1727, pp. 429 - 436.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Dit is belangrik om daarop te let dat daar steeds vir elke aankomende skip wat vanaf Robbeneiland opgemerk is 'n kanonskoot afgevuur is. In die dagregister wat aan die Kaap gehou is, word daar deurgaans na hierdie skote verwys, maar ook genoem dat daar 'n seinvlag op die eiland gehys is. Daar is wel ná 1695 nog steeds geheime seinvlae na Robbeneiland gestuur. In 1708 is daar twee nuwe vlagpale na die eiland gestuur. Die een was bedoel om die seinvlag aan te hys, terwyl die ander een vir die prinsevlag bedoel was.(59)

In die geheime seininstruksies vir skeepshoofde waarin die seinvlae afgeteken is, is hulle telkens opdrag gegee om nie op die seinvlag peil te trek wat op Robbeneiland vertoon is nie omdat die eiland in geval van 'n aanval op die Kaap eerste ontruim moes word. Indien die eilandbewoners onverhoeds betrap is, sou dit vir die vyand moontlik wees om die vlag in die hande te kry en kon hulle Kompanjieskepe mislei deur dit te laat wapper. Hoewel die seinvlae op Robbeneiland af en toe verander het, het die skippers van Kompanjieskepe opdrag gehad om hulle nie daaraan te steur nie.(60) Later van tyd is daar nooit meer geheime seinvlae, of seildoek om dit te maak, na die eiland gestuur nie. Net prinsevlae of seildoek daarvoor is daarheen gestuur. Die skippers van Kompanjieskepe het ook in die geheime seinstukke uitdruklik opdrag gekry om slegs te let op die geheime seinvlae wat op Leeukop en Leeustert

59. C 383 Inkomende Briewe: M. Hammerling - L. van Assenberg, datum onleesbaar, p. 274; C 509 Deel I Uitgaande Briewe: L. van Assenburg - M. Hammerling, 26/10/1708, pp. 103 - 104.
60. C 574 Geheime Uitgaande Briewe: S. van der Stel - W. van Outshoorn, 18/6/1696, pp. 157 - 159 en M.P. de Chavonnes - C. van Swoll, 9/5/1714, pp. 173 - 174 en Politieke Raad - H. Becker, 29/4/1711, pp. 109 - 123 en M.P. de Chavonnes - H. Becker, 11/5/1715, pp. 181 - 183; C 623 Geheime Inkomende Briewe: A. Crudop - C. van Swoll, 26/4/1718, pp. 259 - 261; C 513 Uitgaande Briewe: Deel I, M.P. de Chavonnes - H. Swaardecroon, 25/6/1721, pp. 233 - 234 en H. Swellengrebel - H. Swaardecroon, 7/3/1722, pp. 186 - 187; C 514 Uitgaande Briewe Deel II: M.P. de Chavonnes - H. Swaardecroon, 7/4/1723, p. 68; C 574 Geheime Uitgaande Briewe: M.P. de Chavonnes - C. van Swoll, 11/5/1715, pp. 149 - 151.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gewapper het.[61]

Die prinsevlag wat vir seindoeleindes op Robbeneiland gebruik is, was nege "kleden" groot. 'n "Kleden" was 'n strook seil in sy volle breedte waarvan vlae gemaak is.[62] Dit was die gebruik om aan die begin van elke nuwe jaar 'n nuwe prinsevlag na Robbeneiland te stuur. In Desember 1698 het Martinus Hammerlingh 'n nuwe prinsevlag gevra. Die een wat op die eiland was, is vier en 'n halfjaar gebruik en kon nie meer gehys word nie. Hy het ook 12 faam lyn gevra waarmee hy die nuwe vlag kon hys. Vyf dae later is dit aan hom gestuur.[63] Vroeg in 1725 het sersant Christoffel Hehl Robbeneiland as opsiener verlaat en is daar vergeet om 'n nuwe prinsevlag na die eiland te stuur. Die nuwe opsiener moes toe 'n nuwe vlag aanvra omdat die ou een te verslete was en nie meer gebruik kon word nie.[64]

Die bewindhebbers wat deur die jare vir die Kompanjie aan die Kaap diens gedoen het, het deurgaans die opsieners op Robbeneiland gewaarsku om elke dag op die uitkyk te wees vir aankomende skepe en om die nodige seine te maak wanneer hulle skepe opmerk.[65] Hulle moes toesien dat die seinvlae altyd betyds gehys is wanneer 'n skip by die Kaap verbyvaar en dat

---

61. C 421 Inkomende Briewe: R.J. Abell - J. de la Fontaine, 18/12/1726, pp. 116 - 117; C 415 Inkomende Briewe: J.G. Mettger - J. de la Fontaine, 22/2/1725, pp. 91 - 92; C 511 Uitgaande Briewe Deel II: M.P. de Chavonnes - C. van Swoll, 15/5/1717, pp. 545 - 546; VC 14 Daghregister, 15/12/1698, pp. 1155 - 1156; M1/1106 Kaart, Uitsig oor Robbeneiland vanaf die see met die huis van die bevelvoerder op die eiland en die vlaghuisie, R.J. Gordon, 1777.
62. VC 15 Daghregister, 15/5/1699, pp. 151 - 153.
63. VC 14 Daghregister, 5/12/1698, pp. 1155 - 1156 en 10/12/1698, pp. 1159 - 1160.
64. C 415 Inkomende Briewe: J.G. Mettger - J. de la Fontaine, 22/2/1725, pp. 91 - 92.
65. C 494 Uitgaande Briewe: C. van Quaelberg - P. van Meerhoff, 19/1/1667, pp. 1082 - 1083; C 495 Uitgaande Briewe: J. Borghorst - Sersant Ralinge, 4/9/1668, p. 147; C 499 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - H.M. Callenbach, 24/1/1680, p. 420.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die nodige kanonskote afgevuur word.(66) Die opsieners was aanvanklik self daarvoor verantwoordelik om die seine te maak, maar met verloop van tyd het die Kompanjie manskappe aangestel wat as seinmanne, of ook vlagmanne genoem, op die eiland diens gedoen het. Aanvanklik was daar net een vlagman wat 24 uur van die dag vir aankomende skepe op die uitkyk was,(67) maar mettertyd het die Kompanjie ook 'n tweede een aangestel.(68) Wanneer 'n vlagman se dienstydperk op die eiland verstryk het, is die goewerneur daarvan in kennis gestel en kon hy na die Kaap terugkeer sodra die een wat in sy plek aangestel is op die eiland aangekom het.(69)

Later van tyd het die Kompanjie ook twee korporaals op die eiland gehad wat onder andere moes toesien dat die seinmanne hul werk behoorlik doen.(70) Die werk van 'n seinman kon gevaarlik wees as hy nie die nodige veiligheidsmaatreëls toegepas het wanneer hy die seinkanon laai nie. Anthonie Grieselman wat seinman op die eiland was, het in 1758 sy lewe verloor terwyl hy besig was om seinskote af te vuur. Grieselman het twee seinskote afgevuur, maar terwyl hy besig was om die kanon vir die derde skoot te laai, het die lading afgegaan en is hy gedood. Daar het waarskynlik 'n stukkie smeulende kardoespapier na die afvuur van die tweede skoot in die loop agtergebly en dit het die buskruit wat vir die derde skoot bedoel was, aan die brand gesteek toe hy dit in die kanon plaas. Indien Grieselman seker gemaak het dat die kanonloop skoon was voordat hy dit vir die derde keer wou laai, sou die ongeluk nie gebeur het nie.(71)

---

66. C 504 Uitgaande Briewe: H.M. Callenbach - S. van der Stel, 19/8/1693, pp. 50 - 51.
67. VC 19 Daghregister, 24/6/1709, pp. 213 - 215.
68. C 217 Resolusies van die Politieke Raad, 21/8/1793, p. 304.
69. C 503 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - H.M. Callenbach, 10/4/1692, pp. 114 - 115.
70. C 502 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - Here XVII, 26/4/1688, pp. 79 - 82; C 703 Memoriën en Instructiën, 23/3/1756, pp. 391 - 398.
71. C 500 Inkomende Briewe: H. Viltor - H. Swellengrebel, 29/12/1758, p. 152.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Wanneer daar verwag is dat die Kaap aangeval gaan word, is 'n diensvaartuig gewoonlik na Robbeneiland gestuur om daar as brandwag voor anker te lê. Sodra die skipper 5 of 6 aankomende skepe gewaar het, moes hy twee of drie kanonskote afvuur, alles op die eiland aan boord neem en onmiddellik na die Kaap terugkeer.(72) Soms is die eiland voor die tyd ontruim en is daar net drie man agtergelaat om aankomende skepe dop te hou en seine te maak.(73) In 1781 is 'n korporaal en twee manskappe op die eiland agtergelaat nadat dit ontruim is. Sodra hulle opgemerk het dat vyandelike skepe die eiland nader, moes hulle die laaigat van die seinkanon met spykers toekap sodat dit nie gebruik kon word nie, die geboue aan die brand steek en onmiddellik na die Kaap terugkeer.(74)

Die bewindhebbers aan die Kaap was gewoonlik baie ontevrede wanneer kanonskote op Robbeneiland afgevuur is en hulle geen aankomende skepe gewaar het nie, want 'n kanonskoot vanaf die eiland het slegs beteken dat die seinman aankomende skepe gesien het. Daar was geen vasgestelde seinkode wat die opsieners op die eiland kon gebruik wanneer hulle die aandag van die bewindhebbers op die vasteland wou trek of 'n spesifieke boodskap aan hulle wou stuur nie. Die bewindhebbers kon ook nooit met sekerheid sê waarvoor die skote bedoel was nie. In gevalle wanneer skote vanaf die eiland gehoor is, maar geen vlag op die eiland gehys of aankomende skepe opgemerk is nie, moes daar telkens 'n

72. VC 12 Daghregister, 23/2/1689, pp. 129 - 133 en 24/2/1689, pp. 135 - 136 en 15/3/1689, p. 143; C 502 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - H.M. Callenbach, 29/6/1690, pp. 2 - 3; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Poltieke Raad III, 23/2/1689, p. 203; C 500 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - J. Rynardt, 20/3/1684, pp. 658 - 659.
73. C 505 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - Here XVII, 16/6/1696, pp. 73 - 74.
74. C 159 Resolusies van die Politieke Raad, 2/4/1781, pp. 205 - 206; C 566 A Uitgaande Briewe: Politieke Raad - P. Lehr, 2/4/1781, pp. 384 - 386.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



diensvaartuig daarheen gestuur word om te gaan vasstel waarvoor die skote bedoel was.(75)

Skote is afgevuur wanneer daar voorrade op die eiland benodig is(76) en selfs wanneer bandiete daarvandaan ontsnap het.(77) In Januarie 1669 het 'n skipper wat met sy vaartuig Tafelbaai binnegevaar het, gerapporteer dat hy twee skote vanaf Robbeneiland gehoor het. Die fiskaal is onmiddellik daarheen gestuur, maar is deur die opsiener meegedeel dat hulle geen skote afgevuur het nie. Later is uitgevind dat die skote deur 'n skip afgevuur is wat die Kaap genader het en nog agter Leeuberg was.(78)

In November 1685 is seinskote vanaf die eiland afgevuur waarna luitenant Oloff Bergh die eiland besoek het om vas te stel wat die rede vir die skote was. Die opsiener het hom meegedeel dat hulle geen rys meer gehad het nie en dat die vryburger Casparus Willers wat vir drie jaar na die eiland verban was, vallende siekte gekry het en hulle hom nie meer kon hanteer nie.(79)

In 1687 het die opsiener op die eiland weer skote afgevuur sonder dat die betekenis daarvan vir die bewindhebbers in die kasteel duidelik was. Later is vasgestel dat dit gedoen is om die aandag te trek van 'n skip wat vanaf Saldanhabaai na die Kaap onderweg was sodat hy by die eiland kon aandoen. Die opsiener wou 'n boodskap na die Kaap stuur saam met die skipper.(80) Kommandeur Simon van der Stel het vir Michiel Callenbach, die opsiener op Robbeneiland, gewaarsku om nie weer so onbedagsaam te wees nie en hom verbied om onnodig

75. VC 4 Deel II Daghregister, 3/3/1663, pp. 363 - 364; VC 6 Daghregister, 4/1/1673, p. 599.
76. VC 4 Deel II Daghregister, 5/3/1663, p. 364.
77. VC 4 Deel V Daghregister, 18/5/1666, p. 1033.
78. VC 5 Daghregister, 6-9/1/1669, pp. 392 - 394.
79. VC 10 Daghregister, 26/11/1685, pp. 613 - 614.
80. C 340 Inkomende Briewe: H.M. Callenbach - S. van der Stel, 13/11/1687, p. 71.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



skote af te vuur en seine te maak, tensy hy homself die misnoeë van die bewindhebbers op die hals wou haal.(81)

In 1712 het 'n baie ongewone gebeurtenis op Robbeneiland plaasgevind waarvoor daar twee kanonskote afgevuur en die seinvlag gehys is. Twee dooie walvisse het op die eiland uitgespoel. Opsiener Hammerlingh was van mening dat van een van die walvisse nog traanolie gebrand kon word. Hy het die seine laat maak omdat hy die bewindhebbers se aandag wou trek sodat hulle met hom in verbinding kon tree en hy die aangeleentheid met hulle kon bespreek.(82)

In 1676 is daar vir die eerste keer op 'n seinkode besluit wat op Robbeneiland gebruik kon word. Vir aankomende skepe moes 'n prinsevlag gehys word en vir elke skip wat gesien is, moes een kanonskoot afgevuur word. Wanneer daar 'n oproer onder die volk op die eiland was, moes die geheime seinvlag gehys word en 'n kanonskoot met sonsondergang afgevuur word.(83)

In Junie 1698 is drie skote vanaf die eiland gehoor en is die vlag gehys as teken dat die bandiete oproerig was. Die bewindhebbers in die kasteel het die betekenis van die boodskap onmiddellik gesnap en 'n diensvaartuig na die eiland gestuur om die opstand te onderdruk.(84)

Op 3 Maart 1716 het die Politieke Raad vergader om gebeure te bespreek wat vier dae tevore op Robbeneiland plaasgevind het toe die sersant opdrag gegee het dat 'n kanonskoot afgevuur en die seinvlag gehys moes word. Die bewindhebbers het daardie dag nie die betekenis van die seine verstaan nie en die fiskaal na die eiland gestuur om te gaan vasstel wat gebeur het. Met sy terugkeer het hy berig dat 6 bandiete met 'n

---

81. C 501 Uitgaande Briewe: J.G. de Grevenbroek - H.M. Callenbach, 16/12/1687, p. 93.
82. C 391 Inkomende Briewe: M. Hammerlingh - W. Helot, 12/5/1712, p. 32.
83. C 498 Uitgaande Briewe: J. Bax - A. Bernewitz, 21/12/1676, pp. 373 - 374.
84. VC 14 Daghregister, 13/6/1698, p. 1019.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



skuitjie vanaf die eiland ontsnap het, hoewel die roer en spane weggesluit was.

Na hierdie voorval het die Politieke Raad besluit dat 'n duidelike seinkode opgestel moes word sodat daar nooit weer verwarring by die bewindhebbers moes wees wanneer seine vanaf die eiland gemaak is nie. Hierdie kode was bedoel om gebruik te word wanneer daar onder ongewone omstandighede seine vanaf die eiland gemaak moes word. Die kodes was soos volg:

1. Wanneer 'n skip in die moeilikheid was, moes die geheime seinvlag vertoon word en drie kanonskote kort na mekaar afgevuur word.
2. Wanneer daar 'n tekort aan water op die eiland was, moes die geheime seinvlag vertoon word en twee kanonskote kort na mekaar afgevuur word.
3. Wanneer daar onraad onder die bandiete opgemerk is of as hulle probeer het om te vlug of mekaar wou aanrand, moes die geheime seinvlag vertoon word en een kanonskoot afgevuur word.
4. Wanneer sulke gevalle gedurende die nag voorgekom het, moes slegs die kanonskote afgevuur word.

Die opsiener is opdrag gegee om geen persone wat van vreemde skepe afkomstig was op die eiland toe te laat nie. Indien hulle wel probeer het om op die eiland aan wal te gaan, moes hulle met geweld daarvan weerhou word. Wanneer aanvallers die eiland met geweld wou inneem, moes die sersant 'n kanonskoot afvuur en die geheime seinvlag drie maal met tussenposes hys en stryk. Tydens al hierdie genoemde gevalle mag net die sersant die kanonskote afgevuur het.(85)

In 1719 het goewerneur De Chavonnes die seinkode wat in 1716 opgestel is weer onder die aandag van die gesagvoerder cp Robbeneiland gebring. Hy is gevra om die kode nougeset na te

---

85. VC 21 Daghregister, 28/2/1716, p. 42 en 1/3/1716, p. 45; G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad V, 3/3/1716, pp. 36 - 37.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



volg en om geen vreemdelinge hetsy Engelse, Franse, Dene of Portugese op die eiland toe te laat nie. Hy moes veral versigtig wees vir Oosterse skepe wat gewoonlik 'n geel vlag met 'n dubbele swart arend of 'n wit vlag met 'n rooi Bourgondiese kruis as teken gehad het.(86)

Die kwartiermeester het ook 'n afskrif van die seinkodes gekry wat op die eiland gebruik is. Hy moes die betekenis daarvan ken, aangesien hy die een was wat die goewerneur in kennis moes stel sodra die seine op die eiland gemaak is.(87)

Om 06:00 die oggend van 8 September 1731 is 'n kanonskoot op Robbeneiland afgevuur en die seinvlag gehys. Teen 09:00 was daar nog nie 'n diensvaartuig na die eiland op pad nie en is die seine herhaal. Die seine is gemaak omdat sewe bandiete van die eiland ontsnap het in 'n bootjie wat hulle van robbevelle gemaak het.(88)

Hoewel 'n seinkode bestaan het waarvolgens boodskappe vanaf die eiland na die vasteland gestuur is, was daar steeds geleenthede wanneer die seine nie by die kasteel verstaan is nie. Op 1 Januarie 1746 is verskeie skote vanaf Robbeneiland gehoor sonder dat aankomende skepe vanaf Leeukop opgemerk is. Goewerneur Tulbagh het onmiddellik gereageer en 'n diensvaartuig na die eiland gestuur.(89) Die skip het die volgende dag teruggekeer en berig dat dit noodskote was omdat bandiete met 'n gesteelde skuitjie van die eiland ontsnap het.(90)

In 1756 is die seinkode weer onder die aandag van die gesagvoerder op Robbeneiland gebring, maar eers nadat klousule

---

86. C 702 B Memoriën en Instructiën, 20/4/1719, pp. 751 - 755.
87 Ibid., geen datum, geen bladsy.
88. C 436 Inkomende Briewe: G. Schultzen - J. de la Fontaine, 9/9/1731, p. 84; VC 24 Daghregister, 9/9/1731, geen bladsy.
89. VC 26 Daghregister, 1/1/1746, geen bladsy.
90. Ibid., 2/1/1746, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



een van die oorspronklike kode wat in 1716 opgestel is deur die volgende drie klousules vervang is:

1. Wanneer 'n skip wat naby die eiland voor anker gelê het in die moeilikheid was omdat sy ankers of toue losgeruk het, moes die sersant die seinvlag hys en drie kanonskote kort na mekaar afvuur.
2. Wanneer daar 'n skip was met 'n tekort aan bemanning moes die sersant die seinvlag hys en vier kanonskote afvuur.
3. Wanneer 'n skip as gevolg van 'n windstilte teen die wal wou vasdryf of reeds vasgesit het, moes die sersant die seinvlag hys en vyf kanonskote afvuur.(91)

In 1776 is 'n nuwe stel seinkodes opgestel wat die sersant op Robbeneiland moes gebruik indien hy die bewindhebbers in die kasteel se aandag om verskillende redes wou trek:

1. Sodra hy onraad onder die bandiete gemerk het, moes hy die seinvlag hys en ses kanonskote kort na mekaar afvuur.
2. Wanneer 'n skip as gevolg van 'n windstilte teen die wal wou vasdryf, of alreeds vasgesit het, moes die seinvlag gehys word en vyf kanonskote afgevuur word. Hiermee moes volgehou word totdat die skip weer vlot was. Indien hulle nie daarin kon slaag om die skip vlot te kry nie, moes hulp vanaf die kasteel ontbied word.
3. Wanneer 'n skip in die moeilikheid beland het omdat sy ankers of toue losgeruk het, moes die seinvlag gehys word en vier kanonskote afgevuur word.
4. Wanneer 'n skip 'n tekort aan bemanning gehad het, moes die posho**er die seinvlag hys en drie kanonskote afvuur.
5. Indien daar te min drinkwater op die eiland was, moes die seinvlag gehys word en twee kanonskote kort na mekaar afgevuur word.

Indien dit nodig was om vir enige van bogenoemde gevalle gedurende die nag seine te maak, is slegs kanonskote afgevuur.

---

91. C 703 Memoriën en Instructiën, 23/3/1756, pp. 391 - 398.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In gevalle wanneer vreemdelinge die eiland met geweld wou beset, moes die poshouer die bewindhebbers in die kasteel onmiddellik daarvan in kennis stel. Gedurende die dag moes hy elke vyftien minute 'n kanonskoot afvuur en 'n vuur aansteek om rookseine te maak. Gedurende die nag is presies dieselfde gedoen, behalwe dat rookseine nie gemaak is nie.(92)

Buskruit, lont, kardoespapier en garing om die kardoese mee toe te werk was van die belangrikste items wat by die seinpos op Robbeneiland benodig is. Sodra die voorraad gedaan was, moes die opsiener nuwe voorraad aanvra. Die buskruit was in vaatjies met 'n inhoudsmaat van 50 of 100 pond.(93) Die meeste buskruit wat op 'n keer vir seindoeleindes na die eiland gestuur is, was 200 pond.(94) Die aanvraag na buskruit is bepaal deur die aantal seinskote wat afgevuur is. Soms het dit gebeur dat die opsiener dringend buskruit moes aanvra omdat daar niks meer op die eiland was nie.(95) Dit was ook soms vir die bewindhebbers nodig om die opsieners te versoek om die buskruit spaarsamig te gebruik.(96)

Seil- of vlagdoek en seilgaring is ook gereeld op aanvraag aan die opsiener gestuur. Die vlagdoek en seilgaring is gebruik om nuwe vlae te maak of om die vlae te herstel. Die kleur van

---

92. C 704 Memoriën en Instructiën, 25/4/1776, pp. 91 - 95.
93. VC 10 Daghregister, 6/11/1686, pp. 985 - 986; VC 15 Daghregister, 15/5/1699, pp. 151 - 153 en 16/9/1699, pp. 405 - 407; C 499 Uitgaande Briewe: H. Crudop - A. Bernewitz, 15/6/1679, p. 304; C 500 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - H.M. Callenbach, 9/4/1682, p. 218 en J. Blesius - J. Rynart, 25/7/1683, pp. 555 - 558 en J. Blesius - J. Rynart, 15/4/1684, pp. 693 - 694; C 501 Uitgaande Briewe: A. de Man - J. Rynart, 22/1/1686, pp. 89 - 99; C 509 Deel I Uitgaande Briewe: L.van Assenburg - M. Hammerlingh, 26/10/1708, pp. 103 - 104; C 382 Inkomende Briewe: M. Hammerlingh - C. D'Ableing, 24/11/1707, p. 11; C 391 Inkomende Briewe: M. Hammerlingh - W. Helot, 19/4/1712, p. 47 en M. Hammerlingh - W. Helot, 4/6/1712, pp. 119 - 120; C 488 Inkomende Briewe: J. Vermoons - R. Tulbagh, 6/4/1754, p. 118.
94. C 488 Inkomende Briewe: J. Vermoons - R. Tulbagh, 6/4/1754, p. 118.
95. VC 10 Daghregister, 6/11/1686, p. 985.
96. C 501 Uitgaande Briewe: A. de Man - J. Rynart, 22/1/1686, pp. 89 - 99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die vlagdoek was gewoonlik rooi, wit of blou. Van hierdie kleure was daar altyd genoeg voorraad in die Kompanjie se pakhuis. Die vlae is met tou aan die vlagpaal gehys en daarvan is daar ook gereeld na die eiland gestuur.(97) By een geleentheid is rottang in plaas van tou of riem na die eiland gestuur waarmee die vlag aan die paal gehys moes word.(98) Op 'n keer het die wind die vlag stukkend gewaai en was daar nie genoeg tyd om 'n nuwe een te maak nie omdat die retoervloot verwag is. 'n Nuwe vlag is vanaf die kasteel na die eiland gestuur.(99)

Die vlagpale op Robbeneiland het ook van tyd tot tyd gebreek en moes dan herstel of vervang word. Die pale is gewoonlik in die Kompanjie se houtbosse gekap en dit het dikwels lank geduur voordat die paal op die eiland afgelaai is nadat dit bestel is. In Augustus 1671 het Callenbach, die opsiener op die eiland 'n nuwe vlagpaal aangevra en dit eers 'n maand later ontvang.(100) In Desember 1678 is 'n vlagpaal dringend op die eiland benodig. 'n Onafgewerkte paal is daarheen gestuur met 'n dissel waarmee dit gelyk gemaak en afgewerk

---

97. VC 7 Daghregister, 18/8/1676, p. 284; C 495 Uitgaande Briewe: H. Crudop - J. Zacharias, 22/11/1670, pp. 909 - 910; C 497 Uitgaande Briewe: I. Goske - A. Bernewitz, 5/12/1674, p. 267 en I. Goske - A. Bernewitz, 13/12/1674, p. 282; C 499 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - M. Callenbach, 17/1/1680, p. 419; C 500 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - M. Callenbach, 9/4/1682, p. 218 en J. Blesius - J. Rynart, 15/4/1684, pp. 693 - 694; C 504 Deel I Uitgaande Briewe: S. van der Stel - M. Callenbach, 19/8/1693, pp. 322 - 323; C 504 Deel II Uitgaande Briewe: S. van der Stel - M. Callenbach, 16/9/1694, pp. 63 - 64; C 516 Deel I Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - Sersant op Robbeneiland, 5/1/1726, pp. 27 - 28; C 516 Deel III Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - Sersant op Robbeneiland, 19/12/1726, pp. 328 - 329; C 421 Inkomende Briewe: R.J. Abell - J. de la Fontaine, 18/12/1726, pp. 116 - 117.
98. C 498 Uitgaande Briewe: H. Crudop - A. Bernewitz, 21/12/1678, p. 1237.
99. C 498 Uitgaande Briewe: J. Bax - A. Bernewitz, 19/2/1677, p. 108.
100. C 495 Uitgaande Briewe: P. Hackius - M. Callenbach, 10/8/1671, pp. 1198 - 1200 en P. Hackius - M. Callenbach, 8/9/1671, pp. 1211 - 1213 en P. Hackius - M. Callenbach, 17/9/1671, pp. 1219 - 1220.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moes word.[101]

Die seinkanon op Robbeneiland het op 'n skeepsaffuit gelê wat van hout gemaak was. Die affuit het in die vogtige klimaat waaraan dit op die eiland blootgestel was baie maklik en vinnig verweer. In Januarie 1686 is 'n nuwe affuit na die eiland gestuur omdat die ou een uitmekaar geval het en glad nie meer bruikbaar was nie.[102]

Die seinkanon op die eiland moes ook by geleentheid vervang word. In 1699 het opsiener Marthinus Hammerling gerapporteer dat die sespondkaliber seinkanon heeltemal ongeskik geraak het. Die loop was aan die binnekant baie aangepak as gevolg van die kardoespapier wat na elke skoot agtergebly het en nooit verwyder is nie. Die laaigat was van al die baie jare se gebruik al só uitgebrand dat 'n man met gemak sy vinger daar kon insteek. Wanneer die kanon afgevuur is, het groot stukke kardoespapier en kruit by die laaigat uitgeskiet. Die kanon was onveilig en dit was gevaarlik om dit te gebruik veral wanneer daar onverwags skepe verskyn het en daar vinnig 'n aantal seinskote afgevuur moes word. Die seinman kon homself baie maklik beseer of selfs verongeluk en Hammerlingh het daarop aangedring dat 'n nuwe kanon na die eiland gestuur word.[103] Die nuwe kanon met al sy toebehore is op 23 Januarie 1699 op die eiland afgelaai, terwyl die ou kanon na die kasteel teruggestuur is.[104]

---

101. C 498 Uitgaande Briewe: H. Crudop - A. Bernewitz, 15/12/1678, p. 1180 en H. Crudop - A. Bernewitz, 21/12/1678, p. 1237; C 383 Inkomende Briewe: M. Hammerlingh - L. van Assenburgh, datum onleesbaar, p. 274; C 509 Deel I Uitgaande Briewe: L. van Assenburgh - M. Hammerlingh, 26/10/1708, pp. 103 - 104; C 516 Inkomende Briewe: A. Muisel - Goewerneur, 10/2/1766, p. 40.
102. C 501 Uitgaande Briewe: A. de Man - J. Rynart, 22/1/1686, pp. 89 - 99.
103. C 363 Inkomende Briewe: M. Hammerlingh - S. van der Stel, 21/1/1699, p. 2.
104. C 506 Uitgaande Briewe: H. de Goijer - M. Hammerlingh, 23/1/1699, pp. 2 - 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 4

## DIE SEINSTELSEL WORD UITGEBREI NA VALSBAAI EN HOUTBAAI

Kort nadat Lodewyk XIV in 1661 in Frankryk aan bewind gekom het, het De Witt wat in 1653 raadspensioenaris van Holland geword het, besef dat nie meer Spanje nie, maar Frankryk die grootste bedreiger van Holland se onafhanklikheid was. In 1662 het Holland 'n offensiewe en defensiewe verdrag met Frankryk gesluit wat teen Spanje gemik was, maar De Witt het agtergekom dat Lodewyk beplan het om Frankryk se grense in 'n noordwaartse rigting uit te brei. Nadat Filips IV van Spanje in 1665 oorlede is, het Lodewyk die Spaanse Nederlande opgeëis en die gebied binnegeval. Hy het kragtens 'n verbond wat hy met Nederland gesluit het teen Engeland oorlog verklaar. Engeland was op daardie stadium reeds in die Tweede Handelsoorlog met Nederland gewikkel.[1]

Die aand van 14 Maart 1667 het 'n soldaat by die fort aangekom met die nuus dat 'n verdagte skip in die omgewing van Houtbaai opgemerk is. Kommandeur Quaelberg het gevrees dat dit 'n Engelse skip was wat 'n aanval op die Kaap wou maak. Dit het hom laat besluit om ook toesig oor Houtbaai en Valsbaai te hou. Die Kompanjie het niemand in dié twee baaie gehad wat aankomende skepe moes dophou nie en vyandige skepe kon maklik daar land en 'n aanval op die Kaap loods. Houtbaai en Valsbaai was ook glad nie deur middel van 'n kommunikasiestelsel met die fort verbind sodat 'n boodskap van aankomende skepe vinnig daarheen gestuur kon word nie.[2]

Vroeg die volgende dag is luitenant Schut en ingenieur Dombaar na Houtbaai en Valsbaai gestuur om geskikte plekke te soek waar seinposte opgerig kon word.[3] Op 16 Maart het hulle teruggekeer en gerapporteer dat hulle drie seinposte opgerig het. Twee seinmanne sou by elke pos diens doen en met behulp

1. P. de Klerk e.a.: <u>Die Opkoms van Europa 1500 - 1815</u>, pp. 242 - 243.
2. VC 5 Daghregister, 14/3/1667, p. 56.
3. <u>Ibid</u>., 15/3/1667, p. 56.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van bakenvure seinboodskappe aan die bewindhebbers stuur. Schut en Dombaar was dit ook eens dat dit vir skepe onmoontlik sou wees om Valsbaai ongesiens binne te vaar. Die presiese ligging van dié seinposte word nêrens beskryf nie.[4]

Drie dae nadat die seinposte opgerig is, het die bevelvoerder van die Bruydegom, 'n diensvaartuig van die Kompanjie, opdrag gekry om na Houtbaai te vaar. Een van die seinposte wat Schut en Dombaar opgerig het, was op die berg naby Houtbaai geleë. Sodra die seinmanne wat daar aan diens was 'n aankomende skip gewaar, moes hulle 'n vuur aansteek wat vir die Bruydegom as waarskuwingsteken moes dien dat daar skepe in aantog was. Hy moes die aankomende skip of skepe tegemoetvaar om hul identiteit te bepaal. Sodra hy opmerk dat dit 'n vreemde vaartuig is, moes hy sorg dat hy buite trefafstand bly en onmiddellik na Houtbaai terugkeer. 'n Boodskapper is dan vandaar na die fort gestuur om die bewindhebbers die nuus mee te deel sodat hulle nie onverhoeds betrap word nie.[5]

Op 5 Februarie 1668 het die skip Duijnvliet in Tafelbaai vasgemeer met die tyding dat die Tweede Handelsoorlog beëindig is en dat daar vrede gesluit is tussen Nederland en Engeland. Die uitwerking van dié vredesooreenkoms sou egter nie voor April 1668 suid van die ewenaar van krag wees nie, aangesien daar in Augustus 1667 'n vloot van 24 oorlogskepe uit verskeie Engelse hawens vertrek het wat nie voor April 1668 na hul tuistes sou terugkeer nie. Die Nederlandse regering het nie geweet waarheen die skepe op pad was nie en die bewindhebbers aan die Kaap gewaarsku om op hul hoede te wees.[6]

Om op hoogte van sake te bly met wat in Houtbaai gebeur, het die Politieke Raad die Bruydegom, wat in die omgewing van Saldanhabaai visgevang het, met 'n boodskapper na die Kaap ontbied en na Houtbaai gestuur. Indien die Bruydegom iets

4. Ibid., 16/3/1667, pp. 57 - 58.
5. Ibid., 19/3/1667, pp. 58 - 59.
6. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 6/2/1668, p. 365 en 25/2/1668, p. 366.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



verdag opmerk, moes hy die seinmanne in Houtbaai daarvan in kennis stel. Hulle moes dan 'n boodskap na die fort stuur.(7)

Die vrede wat in 1667 tussen Nederland en Engeland gesluit is, het nie vir Nederland algehele vrede gebring nie, want Frankryk het nog vir hom 'n bedreiging ingehou. Die moontlikheid dat hulle met Frankryk in 'n oorlog gewikkel kon raak, het die direkteure van die V.O.C. laat besluit om hul oorsese besittings op 'n gereedheidsgrondslag te plaas. Vroeg in 1671 is kommandeur Hackius, bevelvoerder van die Kaap, omtrent die toedrag van sake in Europa ingelig en gewaarsku om alles aan die Kaap in gereedheid te bring sodat hulle 'n moontlike aanval kon afweer.(8)

Die fortifikasies aan die Kaap was in 'n swak toestand en kommandeur Hackius was baie bekommerd daaroor. Die nuwe fort was nie in staat om 'n aanslag af te weer nie omdat net een bastion nog voltooi was. Die Politieke Raad het die erns van die saak besef en was van mening dat 'n vyand nie kans gegee moes word om voet aan wal te sit nie want sodra dit gebeur en hulle kans kry om teen-batterye op te rig, sou die Kaap vir Nederland verlore wees.(9)

Daar is ook besef dat daar meer van Valsbaai te wete gekom moes word, aangesien dit nog 'n relatief onbekende deel was wat maklik deur die vyand as afspringplek gebruik kon word. Gesien vanuit 'n militêre oogpunt was 'n doeltreffende kommunikasiestelsel tussen dié baai en die fort van kardinale belang.

In Desember 1671 het die Politieke Raad besluit om vir luitenant Coenraad von Breitenbach en die landmeter, Jan Wittebol, na die oostelike deel van Valsbaai te stuur om die omgewing langs die kus, regoor die buitepos Hottentots-

---

7. Ibid., 6/2/1668, pp. 365 - 366.
8. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 17/1/1671, pp. 53 - 54.
9. Ibid., 16/2/1671, p. 59.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Holland, te gaan verken.[10] Na voltooiing van hul ondersoek het Von Breitenbach en Wittebol op 19 Desember na die fort teruggekeer, 'n verslag oor hul bevindinge opgestel en dit aan die Politieke Raad voorgelê.[11]

Volgens die verslag was daar 'n berg aan die suidekant van Iselsteijnsbaai wat dié baai van 'n groter een geskei het. Op die berg het Von Breitenbach en Wittebol 'n geskikte plek gevind waar 'n waghuis gebou en 'n vlagstok opgerig kon word. Die Kompanjie se vlag kon daar gehys word as teken vir Kompanjieskepe wat vanaf Oos-Indië verbygevaar het dat die Kaap steeds in Nederland se besit was en hulle met gerustheid daar kan aandoen. Die vlag sou ook 'n teken wees van die Kompanjie se besitreg op die gebied.[12]

Op 31 Julie 1672 het die skip Saxenburg in Tafelbaai vasgemeer met die nuus dat daar openlik oorlog tussen Nederland aan die een kant en Engeland en Frankryk aan die anderkant uitgebreek het.[13] Hierdie oorlog, wat ook bekend gestaan het as die Derde Handelsoorlog, het reeds op 7 April 1672 begin.[14] Ten einde sy handelsbande met Oos-Indië te behou, het die Kompanjie besef dat die Kaap beskerm moes word en dat hulle ten alle koste moes voorkom dat dit deur die vyand ingepalm word. Die bewindhebbers in Nederland het gevrees dat die Engelse en die Franse pogings sou aanwend om na die Ooste te gaan om die oorlog daar met die Nederlandse kolonies voort te sit en onderweg daarheen die Kaap sou aanval. Die Politieke Raad het besluit om onmiddellik die seinstelsel uit te brei deur nog vier poste op te rig op die hoogste berge rondom die Kaap wat aan die see gefront het.

---

10. Ibid., 1/12/1671, p. 69.
11. VC 6 Daghregister, 19/12/1671, p. 215.
12. C 495 Deel II Uitgaande Briewe: C. von Breitenbach en J. Wittebol - Politieke Raad, 30/12/1671, pp. 1257 - 1258.
13. VC 6 Daghregister, 31/7/1672, pp. 401 - 402.
14. P. de Klerk e.a.: Die Opkoms van Europa 1500 - 1815, pp. 242 - 245.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Einde Augustus 1672 het die Kompanjie nog plekke vir seinposte aan Vals- en Houtbaai uitgesoek.(15) Om die veiligheid van die poste te verseker, het die Raad besluit om dit te omhein. Hoewel daar besluit is om vier poste op te rig, word daar later net van drie gepraat. Die ligging van die eerste en die derde pos is glad nie beskryf nie. Die tweede pos was in Houtbaai agter die boerewonings geleë. Al drie poste was binne sigafstand van mekaar. Seinboodskappe is met behulp van vlae gestuur en vir dié doel is daar by elke seinpos twee vlagpale opgerig. Wanneer een vlag by 'n seinpos gehys is, het dit beteken dat vier of minder aankomende skepe opgemerk is. Sodra albei vlae gehys is, het dit beteken dat meer as vier skepe opgemerk is.(16) In September 1672 het elkeen van die drie poste twee gewone vlae ontvang waarmee seine gemaak moes word.(17)

Dit is nie duidelik wat die idee was om in 1672 vier nuwe uitkykposte op te rig nadat Schut en Dombaar reeds in 1667 drie sulke poste opgerig het nie. Moontlik is dit gedoen om die drie poste wat in 1667 opgerig is, aan te vul, maar dit kan wees dat die poste wat in 1667 opgerig is vanweë hulle ligging nie doeltreffend was nie en deur drie nuwes vervang is. Die nuwe stelsel wat in 1672 in gebruik geneem is, het van die een van 1667 verskil met betrekking tot die tipe seine wat gemaak is. In 1667 is daar met behulp van vure seine gemaak, terwyl daar in 1672 vlae gebruik is.

In Januarie 1673, ongeveer vyf maande nadat daar seinposte in die Valsbaai- en Houtbaai-omgewing opgerig is, het Jan Cornelisz Egmont en Hendrik van Bruijntogt opdrag gekry om met die hoeker Goudvinck na die oostekant van Valsbaai te vaar om 'n geskikte plek te vind waar 'n seinpos opgerig kon word. Hulle moes ook 'n plek soek waar 'n vlagpaal opgerig kon word, 'n hoop droë brandhout daar opstapel en dan regoor dié plek

---

15. VC 6 Daghregister, 31/8/1672, pp. 425 - 426 en 1/9/1672, p. 426.
16. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 30/8/1672, p. 95.
17. VC 6 Daghregister, 14/9/1672, pp. 447 - 448.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ankergooi. Wanneer die Kaap aangeval word, sou die bewindhebbers in die fort 'n ruiter met 'n boodskap per brief na die seinpos stuur. Indien die boodskapper gedurende die nag by die seinpos aankom, moes hy die hoop hout aan die brand steek en as dit gedurende die dag sou wees, moes hy die prinsevlag aan die vlagpaal hys. So sou die skeepslui se aandag getrek word. Een van die bemanningslede moes dan wal toe roei, die brief wat die bewindhebbers gestuur het in ontvangs neem, die ontvangs daarvan per getekende nota erken en dadelik na Batavia vertrek om die nuus aan die Raad van Indië oor te dra. Op so 'n wyse sou Oos-Indië die boodskap kry dat die Kaap aangeval is en kon retoervlote gewaarsku word om nie by die Kaap aan te doen nie.

Egmont en Van Bruijntogt moes ook aan die oostekant van Valsbaai na 'n geskikte uitkykpunt soek waarvandaan skepe wat vanaf die Ooste gekom het, dopgehou kon word. Twee matrose moes elke dag daarheen gestuur word om daar diens te doen, mits dié pos nie te ver vanaf die ankerplek van die hoeker was nie. Briewe en boodskappe wat die hoekerlui na die Kaap wou stuur, moes aan sersant Pieter Cruythoff, die poshouer by die buitepos, Hottentots-Holland, gegee word. Hy sou dit na die Kaap stuur.

Goewerneur Goske het ook 'n verseëlde brief aan die skipper van die Goudvinck gegee wat hy aan die retoervloot moes oorhandig sodra hulle by Valsbaai verbygevaar het. In die brief was 'n boodskap dat alles aan die Kaap veilig was en dat hulle sonder vrees by Tafelbaai kon aandoen. Wanneer Engelse of Franse skepe die Goudvinck wou aanval, moes die skipper die hoeker met opset laat strand, of aan die brand steek en met sy bemanning land toe roei. Hy mag egter nooit toegelaat het dat die skip in die hande van die vyand beland nie.(18)

Op 6 Februarie 1673 het een van die perderuiters wat deur goewerneur Goske gestuur is om vas te stel waar die offisiere

18. C 496 Deel I Uitgaande Briewe: I. Goske - Gesagvoerder van die Goudvinck, 26/1/1673, pp. 352 - 357.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die Goudvinck die seinpos opgerig het, na die Kaap teruggekeer. In die brief wat hy aan die goewerneur gebring het, is berig dat hulle 'n geskikte plek op die sandduine naby die strand gevind het en 'n vlagpaal daar opgerig het. 'n Stapel brandhout is daar bymekaargemaak en 'n plek is gevind waar die boodskappers kon bly.(19)

Op 9 Februarie het die goewerneur 'n tweede brief via die buitepos Hottentots-Holland ontvang wat deur die offisiere van die Goudvinck gestuur is. In die brief het hulle berig dat hulle volgens hul opdrag gehandel het en twee manne na die berg aan die suidekant van Valsbaai gestuur het om 'n uitkykpos te soek waarvandaan die retoervlote uit die Ooste dopgehou kon word. Die twee manne het tussen 10 en 12 uur gestap vanaf die plek waar hulle die vlagpaal opgerig het. Hul kon nie 'n geskikte uitkykplek vind nie omdat uitstaande berge oral die uitsig oor die see versper het.(20)

Die westekant van Valsbaai, in die omgewing van Vishoek wat agter die hoek van Steenberg weggesteek is, was 'n plek waar vyandige skepe maklik kon land sonder dat die regering in die Kaap daarvan sou weet. Dit sou in die Kompanjie se belang wees om daar 'n observasiepos te hê. Die veewagters by die buitepos agter die Steenberg het die skepe dopgehou wat die baai binnegekom het. In Januarie 1673 is 'n buitengewone plaaslik gemaakte seinvlag oor land aan hulle gestuur wat aan aankomende Kompanjieskepe vertoon moes word as dit vir hulle veilig was om Tafelbaai binne te vaar. Soortgelyke vlae is ook aan die poste by Tafelberg en die Kloof gestuur.(21)

In 1682 het kommissaris Van Goens sy kommer uitgespreek oor die onkunde wat bestaan oor Valsbaai en aan kommandeur Simon van der Stel opdrag gegee om dié baai deeglik te laat verken en 'n kaart daarvan te laat teken. Van Goens was ook van mening dat die seinbakens op Leeukop en Leeustert te

---

19. VC 6 Daghregister, 6/2/1673, p. 633.
20. Ibid., 9/2/1673, pp. 636 - 639.
21. Ibid., 21/1/1673, pp. 616 - 617.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



onopsigtelik was vir die retoervlote wat uit die Ooste gekom het. Volgens hom kon die bevelvoerders van retoervlote die seine daarvandaan eers sien wanneer hulle digby Tafelbaai was. Indien 'n vyand in Tafelbaai geskuil het, is hulle dan veels te laat gewaarsku om nie daar aan te doen nie. Hy het voorgestel dat die vlagstokke na die oostelike en westelike hoeke van Valsbaai verskuif word sodat die seinvlae vroeër deur die retoervlote gesien kon word. Dit is egter nooit gedoen nie.(22)

Valsbaai was dikwels gedurende die wintermaande 'n heenkome vir skepe uit Oos-Indië omdat hulle Tafelbaai nie kon bereik teen die heersende noordewinde nie. Skepe uit Europa wat deur 'n noordewind by Tafelbaai verbygewaai is, kon ook in Valsbaai skuil totdat die weer verbeter het. Die Kaapse regering het nooit van sulke skepe geweet voordat hulle nie deur 'n boodskapper oor land daarvan in kennis gestel is nie. As gevolg van die heersende noordwestewinde wat in die winter aan die Kaap waai, was Valsbaai gedurende die maande Mei tot Augustus 'n veiliger hawe waar Kompanjieskepe kon ankergooi.

Ná 'n persoonlike ondersoek deur goewerneur-generaal G. W. van Imhoff, in Februarie 1743, is Simonsbaai gekies om as nuwe winterhawe gebruik te word en is 'n buitepos daar aangelê. Die funksie van dié pos was om al die dienste wat in die somermaande in Tafelbaai gelewer is, gedurende die winter by Simonsbaai te verskaf. Dit het beteken dat die seinstelsel wat in Tafelbaai gebruik is, gedurende die wintermaande in Valsbaai gebruik moes word.(23) Sedert 1744 is Kompanjieskepe opdrag gegee om gedurende die maande Mei tot Augustus in Valsbaai anker te gooi wanneer hulle by die Kaap wou aandoen.(24)

---

22. C 700 Memoriën en Instructiën, 24/4/1682, pp. 425 - 426 en 24/4/1682, pp. 408 - 409.
23. VC 25 Daghregister, 30/6/1743, geen bladsy.
24. C 121 Resolusies van die Politieke Raad, 22/1/1743, pp. 84 - 86; VC 26 Daghregister, 15/5/1744, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In 1747, tydens die oorlog tussen Nederland en Frankryk, het goewerneur Swellengrebel aan poshouer Justinus Blas in Simonsbaai opdrag gegee om hom reg deur die jaar op hoogte van sake te hou van alle skepe wat hul opwagting in Valsbaai maak. Goewerneur Swellengrebel het beveel dat een van die uitkykers van Simonsbaai na Muizenberg oorgeplaas word omdat die uitsig daarvandaan in die rigting van Valsbaai se mond baie beter is as vanaf Simonsbaai. Die skepe is vanaf die Kompanjiespos by Muizenberg dopgehou [25] en wanneer een of meer skepe die baai binnegekom het, moes die uitkyker die berig aan die goewerneur in die Kaap bring. Die uitkykers moes die hele jaar däar waghou.[26]

In 1748 het kommissaris Nolthenius in 'n verslag wat hy opgestel het, aanbeveel dat 'n battery in Valsbaai opgerig word sodat Kompanjieskepe wat daar voor anker gelê het daarmee teen vyandige aanvallers beskerm kon word. In die verslag het hy ook voorgestel dat die geheime seinvlae wat op Leeukop en Leeustert vertoon is, gedurende die wintermaande by seinposte in Valsbaai vertoon word.[27]

In 1749 is daar vir die eerste keer in die dagregister wat deur die poshouer in Simonsbaai gehou is, melding gemaak van 'n vlagman wat daar aan diens was en 'n aankomende skip opgemerk het.[28] Hierdie vlagman het die poshouer in Simonsbaai, met behulp van seine, van alle aankomende skepe in kennis gestel. Die poshouer het die boodskap dan met 'n perderuiter na Muizenberg gestuur waarvandaan dit verder na die kasteel geneem is.[29]

---

25. VC 36 Rapporten der Commissarissen - twaalf stukken, Verslag van kommissaris D. Nolthenius, 2/4/1748, p. 757.
26. C 532 Uitgaande Briewe: J. Blas - Politieke Raad, 25/8/1747, pp. 575 - 576.
27. VC 27 Daghregister 15/6/1754, geen bladsy en 29/8/1754, geen bladsy.
28. C 475 Inkomende Briewe: J. Blas - H. Swellengrebel, 16/5/1749, pp. 52 - 53.
29. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 2/6/1761, p. 537.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die vlagpaal waaraan die seinvlag gehys is om aan Kompanjieskepe te toon dat Simonsbaai en ook die Kaap steeds in Nederland se besit was, het "op den hoek by het inkomen der Simonsbaai" gestaan.(30) Dit is ook as die "vlaggehoek" beskryf(31) en was naby die buitepos se groentetuin geleë.(32) By die seinpos was daar 'n kanon waarmee daar, net soos op Leeukop, vir elke aankomende skip 'n skoot afgevuur is. Die kanonskoot en die gehyste vlag was vir die poshouer 'n teken dat daar skepe in aantog was.(33) Die vlagman het elke aand aan die poshouer verslag gedoen oor die skepe wat hy gedurende die dag gesien en waarvoor hy seine gemaak het.(34) Dit het dikwels gebeur dat die vlagman seine gemaak het om die teenwoordigheid van aankomende skepe aan te toon, maar na 'n rukkie die vlag weer moes stryk omdat die skip wat hy gesien het, uit sy gesigsveld verdwyn het. In sulke gevalle het die vlagman saans by sy tuiskoms aan die poshouer verduidelik wat gebeur het. Soms was dit skepe wat slegs voor die baai verbygevaar het. Ander kere was dit skepe wat op die horison verskyn, maar weer verdwyn het sonder om nader aan die baai te kom.(35) Die vlagman het dikwels saans by sy tuiskoms aan die poshouer gerapporteer dat die skepe waarvoor hy die betrokke dag seine gemaak het, in die mond van die baai anker gegooi

---

30. C 639 Geheime Inkomende Briewe: Here XVII - Goewerneur 8/10/1784, p. 41.
31. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 30/7/1751, p. 18.
32. D. Sleigh: Die Buiteposte in die ekonomie van die Kaapse Verversingstasie 1652 - 1795, p. 131.
33. C 499 Inkomende Briewe: J. de Neijs - R. Tulbagh, 19/5/1758, p. 195; C 517 Inkomende Briewe: J.S. Kirsten - R. Tulbagh, 10/7/1767, pp. 158 - 159; C 522 Inkomende Briewe: J.S. Kirsten - R. Tulbagh, 7/5/1770, pp. 121 - 122; C 658 Daghregister (Simons Baaij), 5/6/1753, p. 89 en 26/6/1753, p. 101 en 28/6/1753, pp. 103 - 104 en 2/7/1753, p. 109 en 6/7/1753, p. 113 en 12/7/1753, p. 117 en 13/7/1753, pp. 117 - 118 en 15/5/1754, p. 157.
34. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 26/6/1753, p. 101 en 28/6/1753, pp. 103 - 104 en 2/7/1753, p. 109 en 15/5/1754, pp. 157 - 158 en 6/7/1753, p. 113 en 3/6/1756, pp. 257 - 258 en 26/6/1763, p. 579.
35. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 3/6/1756, pp. 257 - 258 en 7/6/1756, p. 260 en 6/7/1753, p. 113 en 26/6/1763, p. 579.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



het en hy nie hul identiteit kon vasstel nie omdat hulle te ver was.(36)

Sedert daar begin is om geheime seinvlae gedurende die wintermaande in Simonsbaai te vertoon, is daar deurgaans in die geheime korrespondensie wat vanaf die Kaap na Oos-Indië en Nederland gestuur is, melding gemaak van "een versegeld pacquet waarin een origineel briefie nopens die secreete seinvlaggen die int' aanstaende jaar van den Leeukop en Bil, mitsgaders in die Baaifals tot gerustheid van Kompanjie schepe sullen werden vertoon."(37)

In 1762 het die Politieke Raad die Here Sewentien meegedeel dat die seinpos in Simonsbaai nie aan die verwagtinge voldoen nie. Die seinvlag wat by die "vlaggehoek" vertoon is, was nie van ver af vir aankomende Kompanjieskepe duidelik sigbaar nie en hulle het dus nooit geweet of Simonsbaai veilig was alvorens hulle nie reeds baie naby aan die baai was nie. Indien 'n vyand in die baai geskuil het, sou hulle nie betyds kon omdraai nie en sou dus maklik oorrompel word. Die Politieke Raad het die Here Sewentien ingelig dat dit nodig was om 'n tweede vlagpaal op die hoogste heuwel bokant die wit sandduine in Simonsbaai op te rig. Die hoë ligging van laasgenoemde vlagpaal het tot gevolg gehad dat die seinvlag wat daar gehys is van ver af deur Kompanjieskepe gesien kon word. 'n Kaart is aan die Here Sewentien gestuur waarop die ligging van hierdie seinpos aangedui is en hulle is gevra om alle Kompanjieskepe daarvan in kennis te stel.(38) Die ou seinpos by die vlaghoek het steeds behoue gebly en is sedert die ingebruikneming van die nuwe seinpos die "ordinêre seinplaas" genoem.(39)

---

36. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 19/5/1754, p. 160 en 9/6/1754, p. 173 en 19/7/1754, p. 190 en 7/7/1759, pp. 421 - 422.
37. C 555 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - P.A. van der Parra, 10/1/1770, p. 5; C 537 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - J. Mossel, 24/1/1752, p. 65.
38. C 578 Geheime Uitgaande Briewe: Politieke Raad - Here XVII, 1/2/1762, pp. 119 - 120.
39. C 658 Daghregister (Simons Baaij), 24/6/1763, p. 568.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Met sonsopkoms op 1 Mei 1763 is daar vir die eerste keer 'n vlagman gestuur om die seinpos bokant die wit sandduine te beman.[40] Hierdie pos was met 'n kanon toegerus waarmee daar vir elke aankomende skip wat opgemerk is 'n skoot afgevuur is. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie pos onder verskillende name bekend gestaan het. Dit is Vlaggeberg[41] en Leeukop[42] genoem en poshouer Kirsten van Simonsbaai het in sy korrespondensie met die Politieke Raad na hierdie pos as die Kop verwys.[43]

Die Politieke Raad het met verloop van tyd agtergekom dat die bevelvoerders van Kompanjieskepe nie die seinbriewe met die geheime seinkodes wat in Nederland en Batavia aan hulle gegee is, oopmaak wanneer hulle Valsbaai binnevaar nie. Nadat die saak ondersoek is, is gevind dat hulle dit nie gedoen het nie omdat hulle opdrag gehad het om die briewe eers oop te maak sodra hulle Leeuberg in sig gehad het. Die logiese gevolgtrekking waartoe die Politieke Raad gekom het, was dat die skeepsbevelvoerders nie almal ingelig was omtrent die seinstelsel wat in Valsbaai gebruik is nie. Baie het onder die indruk verkeer dat hulle die briewe eers moes oopmaak sodra hulle Tafelbaai binnevaar en Leeuberg in sig was en was nie bewus van die feit dat daar ook 'n "Leeuberg" in Valsbaai was nie.

Aangesien die seinpos in Valsbaai waarna as Leeuberg verwys is, eers in 1763 vir die eerste keer in gebruik geneem is, moet in gedagte gehou word dat dit op daardie stadium natuurlik nog nie so algemeen bekend was soos wat die Politieke Raad en die Here Sewentien gedink het nie en daar maklik misverstand by die skeepsbevelvoerders kon wees. Die

40. Ibid., 1/5/1763, p. 561.
41. Ibid., 30/5/1763, p. 571 en 6/6/1763, p. 574 en 8/7/1763, p. 583 en 15/5/1764, p. 610 en 31/5/1764, p. 620 en 6/6/1764, p. 624.
42. Kaart M1/3533 Kaart van Simonsbaai met die ou en nuwe vlagmanshuisies..., A. Dalrymple, geen datum.
43. C 528 Inkomende Briewe: J.F. Kirsten - J. van Plettenberg, 18/5/1772, pp. 62 - 63.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Here Sewentien is daarom weer uitdruklik gevra om die bevelvoerders van alle Kompanjieskepe opdrag te gee dat hulle gedurende die wintermaande, wanneer hulle in Valsbaai moes ankergooi, ook die seinbriewe moes oopmaak.(44)

Duplikate van die seinvlae wat op Leeukop en Leeustert vertoon is, is elke jaar vanaf die kasteel aan die poshouer in Simonsbaai gestuur en het vanaf Mei tot Augustus by die twee seinposte daar gewapper. Net so 'n vlag soos wat op Leeukop in Tafelbaai gehys is, het op die Kop bokant die wit sandduine gewaai en 'n soortgelyke een as wat op Leeustert in Tafelbaai gehys is, is by die vlaghoek vertoon. Die seinmanne in Simonsbaai het sedert 1763 elke jaar op die eerste dag van Mei die seinvlae ontvang en na hul seinposte vertrek. Die seinposte in Simonsbaai is tot aan die einde van Augustus beman.(45)

Vroeg in 1791 is nog 'n seinpos in Simonsbaai opgerig. Hierdie pos was geleë by die steengroef teen die hoë kop bokant die hospitaal en het vanweë sy hoë ligging 'n goeie uitsig oor die baai gebied. Aankomende skepe is vanaf dié pos dopgehou en sodra 'n skip opgemerk is, is die poshouer in Simonsbaai onmiddellik daarvan in kennis gestel. Dit was nodig om hierdie seinpos op te rig omdat dit baie nader aan die woning van die poshouer in Simonsbaai geleë was as die seinpos op die kop bokant die wit sandduine waarvandaan dit baie langer geneem het om 'n boodskap in verband met aankomende skepe by die poshouer te kry.(46) Die arbeiders wat by die steengroef gewerk het, was terselfdertyd ook seinmanne, totdat die Here Sewentien in Augustus 1791 besluit het om die steengroef te sluit. Die gevolg was dat daar niemand meer was wat die seinpos beman het nie. Die Politieke

44. C 579 Geheime Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - Here XVII, 1/2/1765, pp. 85 - 86.
45. C 659 Daghregister (Simons Baaij), 4/5/1766, p. 53 en 10/5/1767, p. 85 en 15/5/1768, p. 117 en 1/5/1769, p. 135.
46. C 195 Resolusies van die Politieke Raad, 3/8/1791, pp. 166 - 167; Kaart M1/1118, Reliëf van Valsbaai se kuslyn met berge en geboue ...., 1780.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Raad was genoodsaak om die Here Sewentien se toestemming te vra om twee seinmanne daar aan te stel. Hulle het voorgestel dat die twee oppassers by Muizenberg na Simonsbaai oorgeplaas word om by die steengroef as seinmanne diens te doen.(47)

In November 1793 het Joseph Verouw, die kwartiermeester by Muizenberg, opdrag gekry om ook seinman te wees sodat die twee matrose wat met die taak belas was, na Simonsbaai kon gaan om in die linie diens te doen en as seinmanne by die steengroef te help.(48)


Die enigste manier waarop daar tussen Simonsbaai en die kasteel gekommunikeer is, was om van perderuiters gebruik te maak. Die poshouer het telkens wanneer skepe die Simonsbaaise reede binnegevaar en daar anker gegooi het, 'n perderuiter via Muizenberg na die kasteel gestuur om die bewindhebbers daarvan in kennis te stel. Dit het ongeveer vier ure geduur om 'n boodskap op dié manier by die kasteel te kry. In oorlogstye wanneer die aankoms van vyandige skepe onmiddellik aan die kasteel gerapporteer moes word, was so 'n reis hopeloos te tydrowend. Daar is besef dat 'n ander manier gevind moes word om 'n boodskap vinniger by die bewindhebbers te kry. Kommissarisse Nederburgh en Frykenius wat op besoek aan die Kaap was, het opdrag gegee dat 'n seinstelsel tussen Valsbaai en die kasteel opgerig word.(49)

Op 7 Februarie 1793 het Frankryk oorlog verklaar teen die Republiek van Nederland. Die Kaap is daarvan in kennis gestel deur die kaptein van die Nephtunus wat op 29 April in Tafelbaai vasgemeer het. Die Nephtunus het op 19 Februarie die hawe Duijns in Nederland verlaat.(50) Hierdie nuus het

47. C 195 Resolusies van die Politieke Raad, 3/8/1791, pp. 166 - 167; C 325 Deel I Memoriën en Rapporten, 3/8/1791, p. 246.
48. C 219 Resolusies van die Politieke Raad, 15/11/1793, pp. 365 - 371; C 271 Kladnotules van die Resolusies van die Politieke Raad, 15/11/1793, p. 20.
49. C 707 Memoriën en Instructiën, 22/6/1793, pp. 149 - 150.
50. S.D. Naudé (red.): Kaapse Plakkaatboek IV, 30 April/2 Mei 1793 (Verdediging van die Kaap), pp. 196 - 197.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## SEINPOSTE IN TAFELBAAI, HOUTBAAI EN VALSBAAI



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sekunde J.I. Rhenius laat besef dat hy onmiddellik aandag moes gee aan die oprigting van 'n doeltreffende seinstelsel tussen Simonsbaai en die kasteel. Indien skepe dan hul opwagting in Simonsbaai maak, sou die boodskap met behulp van seine na die kasteel herlei kon word sonder dat kosbare tyd verlore gaan.

Die Politieke Raad het Rhenius se gedagte gesteun en opdrag gegee dat vier geskikte plekke tussen Simonsbaai en die kasteel gesoek word waar seinposte opgerig kon word. Nadat die gebied deeglik verken is, is die volgende vier plekke as seinposte uitgekies:

1. Die uitkykpunt by die vlagstok op die plek waar skepe Simonsbaai binnegekom het.
2. Op die hoë sandduin by Muizenberg. Hierdie pos was met die een by die uitkykpunt in Simonsbaai in verbinding.
3. Op Wynberghoogte bokant die plaas Velthuizen wat aan die oud-Justisieraadslid, Jan Frederik Kirsten, behoort het. Vanaf hierdie pos kon die een by Muizenberg gesien word.
4. Die laaste pos was op die plaas Welgelegen wat aan die Burgerraadslid, Jacobus van Reenen, behoort het. Vanaf hierdie seinpos kon die een op Wynberghoogte sowel as die kasteel gesien word.

By elke pos is 'n vlagpaal geplant en 'n kanon geplaas. Die seinpos op die plaas Welgelegen is met 'n driepondkaliber kanon toegerus, die een op die plaas Velthuizen met 'n vierpondkaliber kanon en die een by Muizenberg met twee agtpondkaliber kanonne. By Simonsbaai het daar alreeds 'n vlagstok gestaan. Een van die vier- en twintigpondkaliber kanonne wat daar gelê het, moes vir die afvuur van seinskote gebruik word, hoewel dit eintlik vir verdedigingsdoeleindes daar geplaas is.(51)

Die poshouer in Simonsbaai, Christoffel Brand, het ook spesifieke opdragte ontvang met betrekking tot die wyse waarvolgens die seinstelsel moes funksioneer. Hy moes toesien

51. C 707 Memoriën en Instructiën, 22/6/1793, pp. 149 - 150.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dat daar soggens, smiddags en saans manne gestuur word na die hoogste bergspitse waar daar uitkykposte was, sowel as na die verste westelike hoek in Simonsbaai om te kyk of daar nie skepe in aantog was nie. Sodra daar vanaf Leeukop in Valsbaai, of enige ander uitkykpos, aankomende skepe opgemerk is, of as die seinmanne 'n boodskap vanuit 'n ander oord gekry het dat daar skepe in aantog was, moes hulle die seinpos by die uitkykpunt in Simonsbaai onmiddellik daarvan in kennis stel sodat daar seine aan die pos by Muizenberg gestuur kon word. Slegs die seinpos by die uitkykpunt in Simonsbaai het visuele kontak met die pos by Muizenberg gehad. Sodra die seinpos by Muizenberg deur die pos by die vlaghoek van die aankomende skepe in kennis gestel is, is die boodskap vandaar met behulp van die ander seinposte na die kasteel herlei. Die seinkode wat gebruik moes word verskyn in bylae twee.

Met behulp van die seinposte is 'n boodskap binne vyftien minute vanaf Simonsbaai na die kasteel gestuur. Dit was 'n groot verbetering as in aanmerking geneem word dat 'n boodskapper tussen drie en vier uur te perd benodig het om 'n boodskap na die kasteel te neem. Die seinmanne by die verskillende seinposte is gewaarsku om die seine baie noukeurig dop te hou sodat hulle nie 'n verkeerde boodskap oorstuur nie.[52]

Die seinmanne is ook opdrag gegee om dadelik te reageer wanneer hulle seine vanaf 'n ander pos gesien of gehoor het. Die eerste sein sou vanaf Simonsbaai aan Muizenberg gestuur word, vandaar na die pos op Wynberghoogte wat dit aan die pos op die plaas Welgelegen sou stuur en dan vandaar tot by die kasteel. Die poshouer in Simonsbaai is ook gewaarsku om bekwame persone by die seinpos in Simonsbaai aan te stel.

Wanneer drie of meer skepe vanaf Muizenberg opgemerk is, voordat die seinmanne in Simonsbaai die skepe gesien het, kon hulle onmiddellik vanaf Muizenberg seine aan die pos by

---

52. Ibid., 22/6/1793, pp. 149 - 150.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Wynberghoogte stuur. In so 'n geval was dit nie vir hulle nodig om vir 'n sein vanaf Simonsbaai te wag nie.

Hoewel die boodskap van aankomende skepe met behulp van seine aan die kasteel gestuur is, moes daar nogtans 'n perderuiter met 'n brief na die kommissaris van die regering gestuur word waarin die volle besonderhede van die spesifieke geval verduidelik is.(53)

In 1780 het Nederland as 'n bondgenoot van Frankryk in die onafhanklikheidstryd van die Amerikaanse kolonies teen Engeland in 'n oorlog betrokke geraak. Die Politieke Raad was terdeë bewus van die strategiese posisie van Houtbaai as landingsplek vir vyandelike troepe en het besef dat dié baai beskerm moes word. Kompanjieskepe wat Tafelbaai om die een of ander rede nie kon binnevaar nie kon ook hul toevlug tot Houtbaai neem. Op 5 April 1781 is Houtbaai se potensiaal ondersoek en is daar besluit om geskutbatterye daar op te rig waarmee vyande uit die baai gehou kon word.(54)

Die Politieke Raad het met verloop van tyd ook besef dat die seinstelsel na Houtbaai uitgebrei moes word. Wanneer vreemde skepe hul opwagting in Houtbaai gemaak het, het dit lank geduur voordat so 'n boodskap die kasteel bereik het omdat dit soos in Valsbaai se geval deur 'n boodskapper te perd daarheen geneem moes word. Om boodskappe vinniger by die kasteel te kry, is daar besluit om 'n seinpos in Houtbaaikloof by die Conway-battery op te rig. Hierdie battery was langs die pad tussen die Kaap en Houtbaai geleë. 'n Vlagpaal is daar opgerig en 'n driepondkaliber kanon is by dié seinpos geplaas. Hierdie seinpos het seine aan die pos by Wynberghoogte gestuur vanwaar dit met behulp van die pos op die plaas Welgelegen na die kasteel gesein is. Langs hierdie weg was dit nou moontlik om 'n boodskap vinnig vanaf Houtbaai na die kasteel te stuur. In Houtbaai was daar voortdurend 'n

53. Ibid., 2/11/1793, pp. 261 - 267.
54. VC 33 Daghregister, 5/4/1781, geen bladsy en 1/5/1781, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



persoon aan diens wat aankomende skepe dopgehou het. Sodra hy een of meer skepe die baai sien nader het, het hy so vinnig as moontlik te perd die boodskap aan die seinman by die pos in Houtbaaikloof geneem vanwaar dit via die ander seinposte na die kasteel gestuur is.(55) Die seinkode verskyn in bylae drie.

Die Politieke Raad was egter nie tevrede met die doeltreffendheid van die seinstelsel in Houtbaai nie. Hulle was van mening dat 'n boodskap baie vinniger vanaf Houtbaai na die seinpos in Houtbaaikloof gestuur moes word. Om hierdie probleem te oorkom, is daar besluit om 'n verbindingspos tussen Houtbaai en die seinpos in Houtbaaikloof op te rig. Vir dié doel is die plaas van Johannes Guilleaume van Helsdingen uitgekies en die Politieke Raad het aan hom spesifieke opdragte gegee wat hy moes uitvoer sodat die seinstelsel glad kon funksioneer.(56)

Van Helsdingen het op die plaas Kronendal geboer. In 1777 het Jacobus Lourens Bierman dié plaas gekoop en dit sewe jaar later aan sy seun Frederik Bierman verkoop.(57) Toe Van Helsdingen later met die weduwee van Jacobus Frederik Bierman getroud is, het hy die eienaar van Kronendal geword en dit tot 1810 besit.(58)

In vergelyking met Houtbaai was daar vanaf Kronendal 'n baie beter uitsig oor die see omdat dit baie hoër as Houtbaai geleë was. Aankomende skepe is baie gouer daarvandaan opgemerk en omdat dit nader aan die seinpos in die kloof was as Houtbaai, het die boodskap dat daar skepe in aantog was ook baie gouer by dié pos uitgekom. Van Helsdingen en almal wat na hom die plaas besit het, het opdrag gehad om dadelik wanneer hulle

---

55. C 707 Memoriën en Instructiën, 22/6/1793, pp. 149 - 150.
56. Ibid., 22/6/1793, pp. 157 - 159.
57. J.J. Oberholster: The historical Monuments of South Africa, p. 53; Kaart M1/895, Gedeelte van Kaapse Skiereiland tussen Valsbaai en Drie Koppen, 1787, Barbier.
58. H. Fransen en M.A. Cook: The Old Houses of the Cape, p. 4?.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



oorlogskepe of enige ander vreemde skepe in die baai opgemerk het, hetsy gedurende die dag of die nag, 'n verantwoordelike persoon te perd met die boodskap na die seinman by die pos in Houtbaaikloof te stuur. In oorlogstye moes Van Helsdingen deurentyd 'n boodskapper met 'n perd gereed hou. Persone in Houtbaai wat skepe opgemerk het, is gevra om Van Helsdingen onmiddellik daarvan in kennis te stel sodat die boodskapper die nuus na die seinpos in die kloof kon neem. Van Helsdingen het self ook opdrag gehad om die see aan albei kante van Houtbaai baie noukeurig dop te hou. Die seinman in Houtbaaikloof is deur die Politieke Raad gewaarsku om noukeurig te let op die boodskappe wat aan hom gebring is. Die seine wat hy moes maak, kon van mekaar verskil en indien 'n verkeerde boodskap by hom uitgekom het, is 'n verkeerde sein na die kasteel gestuur.(59)

Philip Wilhelm Marnitz, die artillerie-offisier wat in bevel van die burgerkommando in Houtbaai was, het van die Politieke Raad opdrag gekry om alle aankomende skepe dop te hou. Sodra hy 'n skip opgemerk het, moes hy onmiddellik die rapportganger op Van Helsdingen se plaas met dié boodskap na die seinpos in Houtbaaikloof stuur vanwaar dit na die kasteel gesein is. Die boodskapper moes ook na die kasteel ry om die boodskap aan die bewindhebbers te gee. Marnitz moes ook toesien dat die seinman in Houtbaaikloof sy werk na behore doen.

Sekunde Rhenius was gesteld daarop dat die seinstelsel doeltreffend moes funksioneer. Om die bewindhebbers in die kasteel in staat te stel om uit die seine 'n gevolgtrekking te maak oor of die aankomende skepe in Valsbaai of in Houtbaai opgemerk is, het hy 'n stel seinkodes vir elkeen van die twee baaie opgestel. Die seinkodes verskyn in bylae vier.

Die seinman op Wynberghoogte en op die plaas Welgelegen het presies dieselfde seinkode gebruik om die boodskap verder te stuur. Die seinman op Welgelegen is egter gewaarsku om die seine wat op Wynberghoogte gemaak is baie noukeurig dop te hou

---

59. C 707 Memoriën en Instructiën, 22/6/1793, pp. 157 - 159.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



omdat dit òf van Valsbaai, òf van Houtbaai afkomstig kon wees. Hy was 'n belangrike skakel in die stelsel omdat hy moes toesien dat die regte boodskap aan die bewindhebbers in die kasteel oorgesein word. Hy is deur die kaptein van die artillerie en kommissaris van die magasyn, Hendrik Willem Rutz, van die volgende voorsien: een driepondkaliber ysterkanon op 'n skeepsaffuit met wiele, een lepel met 'n aftrekker, een wisser met 'n aansteker, nege kardoese gevul met buskruit, een kruithoring, drie bosse lont, een lontstok, twee skutbore, een laaipriem, een vlagstok, een vlagtou waaraan die lanterns ook gehys is, een wit vlag, een rooi vlag, een vlag waarvan die een helfte rooi en die ander wit was en twee lanterns met twee waskerse. Wanneer hy enigiets nodig gehad het, kon hy onmiddellik vir kaptein Rutz daarvoor vra.(60)

60. Ibid., 17/7/1793, pp. 181 - 185.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## HOOFSTUK 5

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE EERSTE SEINPOSTE EN SEINKODES OM BURGERS UIT DIE BINNELAND OP TE ROEP 1652-1713

Die ontwikkeling van die seinstelsel aan die Kaap sowel as die uitbreiding daarvan na die binneland hou direk verband met die verskillende oorloë waarin Nederland gedurende die 16de en 17de eeue betrokke was. In Februarie 1668 het die nuus die Kaap bereik dat die Tweede Handelsoorlog beëindig is, maar die bewindhebbers is gewaarsku dat hulle steeds 'n aanval te wagte kon wees. Die Politieke Raad het planne beraam sodat daar doelgerig en gekoördineerd opgetree kon word in geval van 'n aanval. 'n Seinkode is uitgewerk waarmee die vryburgers na die fort opgeroep kon word. Sodra hulle die alarmseine hoor, moes hulle onmiddellik na die fort gaan en by die res van die verdedigingsmag aansluit en help om 'n vyandelike aanslag af te weer. Die Politieke Raad het geweet dat sommige vryburgers die alarmseine sou ignoreer en het hulle gewaarsku dat daar streng teen ongehoorsames opgetree sou word en dat hulle by skuldigbevinding lyfstraf opgelê sou word. 'n Aanval is egter nooit op die Kaap geloods nie.(1)

Op 31 Julie 1672 het die skip <u>Saxenburg</u> in Tafelbaai vasgemeer met die nuus dat daar openlik oorlog tussen Nederland aan die een kant en Engeland en Frankryk aan die anderkant uitgebreek het.(2)

Die bewindhebbers aan die Kaap het 'n aanval gevrees en moes voorbereidings tref sodat daar doeltreffend opgetree kon word. As voorsorgmaatreël het die Politieke Raad die vryburgers wat in die omgewing van die fort woonagtig was, gewaarsku om voortdurend op die uitkyk te wees vir seine vanaf die verskillende seinposte wat die koms van 'n vyand sou aandui.

1. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 6/2/1668, p. 365.
2. VC 6 Daghregister, 31/7/1672, pp. 401 - 402.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Sodra die seine opgemerk is, moes al die vryburgers met hul vrouens, kinders en hul vee na Hottentots-Holland trek en 'n tyd lank daar vertoef. Die groot- en kleinvee van die Kompanjie, behalwe dié wat in die fort kon bly, moes na Hottentots-Holland aangejaag word. Ag tot tien Kompanjie-dienare sou saamgaan en by die vrouens en kinders agterbly en na hul veiligheid omsien. Net soveel vryburgers sou ook agterbly en die res moes na die fort terugkeer om met die verdediging van die nedersetting te help. Genoeg voedsel moes saamgeneem word en slegs soveel slawe as wat absoluut nodig was, moes saamgaan.(3)

Om alle weerbare manne by die fort te hê, het die Politieke Raad besluit om die soldate wat op Dasseneiland, Robbeneiland en Saldanhabaai diens gedoen het, na die Kaap te ontbied. Die Bruydegom, 'n diensvaartuig van die Kompanjie, is na Dasseneiland gestuur om die twee skaapwagters en die vee wat op die eiland was, te gaan haal. Die manskappe by Saldanhabaai is teruggetrek en slegs twee soldate en 'n korporaal is daar agtergelaat as bewys van die Kompanjie se gesag aldaar. Wanneer 'n vyand opdaag, moes hulle die woonhuis aan die brand steek en onmiddellik na die Kaap terugkeer.(4)

Teen 1674 het die oorlog in Europa 'n skielike wending geneem. Karel II, koning van Engeland, het nie genoeg geld gehad om die oorlog teen Nederland voort te sit nie en het sy parlement byeengeroep om die saak met hulle te bespreek. Frankryk het op sy beurt sy skepe aan die gesamentlike Engels-Franse vloot onttrek. Die Engelse parlement wou nie met 'n see-oorlog voortgaan wat hoofsaaklik om Franse belange geveg is nie en het die koning gevra om die stryd te staak. By die Tweede Vrede van Westminster in 1674 is vrede tussen Engeland en Nederland gesluit.(5)

---

3. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 30/8/1672, pp. 94 - 97.
4. Ibid., 11/1/1673, pp. 110 - 111.
5. P. de Klerk e.a.: Die Opkoms van Europa 1500 - 1815, p. 246.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 13 Julie 1674 het die skip De Couweve, met vlae versier, Tafelbaai binnegevaar en groot opgewondenheid aan die Kaap veroorsaak. Nadat hy vasgemeer het, het die trompette geskal, is die tromme geslaan en het die kanonne gebulder. Tot groot vreugde van almal het hy die boodskap gebring dat die Nederlandse Republiek met Engeland vrede gesluit het.(6)

Byna drie jaar later, in 1677, het 'n tyding die Kaap bereik dat 13 oorlogskepe daarheen op pad was. Dit was 'n groot verrassing. Die Kaap was nie gereed om 'n aanval die hoof te bied nie, want die garnisoen is verklein en daar was nie genoeg lewensmiddele beskikbaar nie. Nadat die Politieke Raad die nuus verneem het, is besluit dat die nedersetting versterk moes word. Die enigste manier waarop dit gedoen kon word, was om manskappe en lewensmiddele van Hollandse skepe te lig wat in die hawe voor anker gelê het.(7)

In Oktober 1677 het die Politieke Raad met die oog op die aankomende oorlogskepe besluit dat die burgers nie meer toegelaat sou word om wild te jag nie. Daarmee wou die Raad voorkom dat die burgers diep die binneland ingaan en nie met seine bereik kon word nie. Willem van Dieden, die traanbrander, was die enigste persoon wat toegelaat is om te jag.(8)

Toe die oorlogskepe teen November nog nie die Kaap bereik het nie, het die kommandeur as voorsorgmaatreël 'n reglement met instruksies opgestel waarvolgens die vryburgers wat in die omgewing van die kasteel woonagtig was, moes optree wanneer 'n vyand die Kaap aanval. Niemand mag buite sy huis, woning of pos geslaap het nie. Hulle gewere moes altyd skoon wees en gereed om onmiddellik gebruik te word. Niemand mag sonder

6. VC 7 Daghregister, 13/7/1674, pp. 171 - 174.
7. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 2/7/1677, pp. 191 - 192.
8. Ibid., 16/10/1677, pp. 204 - 205.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



spesiale verlof van die owerheid hul beeste sonder toesig laat wei het nie.[9]

Wanneer hulle twaalf kanonskote vanaf die kasteel gehoor het, hetsy gedurende die dag of die nag, en 'n vlag op die Ruiterstal sien wapper het, moes hulle sonder tydverkwisting al hul beeste, skape en perde na die Ruiterstal neem. Die vryburgers moes dan met hul vrouens, kinders, gewere, geld, waardevolle besittings en noodsaaklike lewensmiddele na die kasteel gaan. Die Kompanjie sou die nodige voedsel en ander lewensmiddele tydens hulle verblyf voorsien. Indien dit nodig was, kon die kommandeur aan die burgers opdrag gee om hul huise en landerye af te brand. Dit sou afhang van die erns van die gevaar wat gedreig het.

Wanneer die inwoners elders te lande 'n skip of skepe opgemerk het wat nie deur die uitkykposte op die berge rondom die Kaap gesien is nie, moes hulle onmiddellik die werk staak waarmee hulle besig was, dit aan hul plaaslike regimente rapporteer en saam met die regiment na die kasteel gaan. Alle skade wat 'n inwoner sou ly terwyl hy vanaf sy eiendom weg was, sou deur die Kompanjie vergoed word. Die Kompanjie sou ook vergoeding uitbetaal vir skade wat burgers gely het in geval van 'n vyandelike aanval.[10]

Die oggend van 26 November 1677 is alle weerbare burgers wat in die omgewing van die kasteel gewoon het, opgeroep. Om 09:00 die oggend is die trom geslaan as teken dat hulle byeen moes kom. 'n Regiment van 93 man het opgedaag. Hulle het in twee divisies verdeel en onder bevel van luitenant Harmen Ernst Gresnicht na die woning van die kommandeur gegaan waar hy hulle toegespreek het. Die burgers is herinner aan die oorlogsgevaar wat gedreig het en hul aandag is opnuut gevestig op die feit dat planne beraam moes word indien hulle 'n aanval suksesvol wou afweer.[11]

---

9. VC 8 Daghregister, 26/11/1677, pp. 388 - 389.
10. Ibid., 26/11/1677, pp. 389 - 391.
11. Ibid., 26/11/1677, pp. 386 - 387.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Teen 1677 het die grens van die Kaapse nedersetting reeds vanaf die onmiddellike omgewing rondom die kasteel weggeskuif. Hoewel die meeste burgers nog in die onmiddellike nabyheid van die kasteel gewoon het, is daar tog reeds tussen stadsburgers en landbouers van die platteland onderskei.(12) Buiteposte het bestaan, maar dit wil voorkom of die bewindnebbers deur middel van 12 kanonskote vanaf die kasteel, die vlag by die Ruiterstal en die trom wat geslaan is, al die burgers kon oproep wat in geval van 'n aanval by die Kaap benodig is. Die eise wat teen die einde van die sewentigerjare van die sewentiende eeu aan die seinstelsel gestel is, was baie gering.

Die Franse vloot het nooit by die Kaap opgedaag nie en dit was eers in 1679 dat die Romeyn in Tafelbaai vasgemeer het met die nuus dat daar vrede gesluit is.(13)

Op 12 Oktober 1679 het Simon van der Stel as tiende kommandeur in diens van die V.O.C. die bewind aan die Kaap oorgeneem. Vir hom was dit gou duidelik dat die gebrek aan belangstelling in die landbou die swak skakel in die ekonomiese lewe van die Kaap was en onmiddellik na sy aankoms het hy aan dié saak aandag gegee. Van der Stel het die probleem probeer oplos deur grond in eiendom aan die burgers in die binneland uit te gee. Op dié wyse is die binneland vir die eerste keer oopgestel vir uitbreiding en dit is ook die rede waarom die seinstelsel na die binneland moes uitbrei.(14)

Na die bewindsaanvaarding van Simon van der Stel het die uitbreiding na die binneland die vorm van blywende kolonisasie begin aanneem. Reeds voor die einde van 1679 het die eerste boer hom by Stellenbosch gevestig. In Mei 1680 het daar ag gesinne gewoon en in April 1684 het die getal gesinne tot 44

12. C 330 Attestatiën, 23/10/1679, pp. 81 - 82.
13. VC 8 Daghregister, 10/2/1679, pp. 809 - 812.
14. M.J. Swart e.a.: Uit Ons Wording, pp. 446 - 447.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aangegroei.[15] Die volgende jaar het daar volgens kommissaris H.A. van Rheede reeds 99 gesinne gewoon.[16] In 1687 is 'n nuwe nedersetting, wat as Drakenstein bekend gestaan het, langs die Bergrivier gestig.[17]

Wanneer die orde of veiligheid aan die Kaap bedreig is, kon daar met 'n enkele brief aan die landdros van Stellenbosch gewapende versterkings vanaf al die buiteposte na die Kaap ontbied word. Só 'n geval het voorgekom in Februarie 1687 toe die Kompanjie se tronk só vol was van sy eie soldate en onderoffisiere dat die oorblywende garnisoen nie sterk genoeg was om as tronkbewaarders te dien en terselfdertyd teen buitelandse vyande wag te staan nie. Om dié rede is hulp vanaf die buiteposte ontbied.[18]

Die aankoms van admiraal De Vaundricourt se ses Franse oorlogskepe in Tafelbaai in Junie 1687 was 'n geleentheid toe daar weer in alle erns voorsorg teen 'n moontlke aanval getref is. Simon van der Stel het opdrag gegee dat Oloff Bergh, wat 'n gevangene op Robbeneiland was, teruggebring word sodat die garnisoen wat op die eiland was ook na die Kaap kon terugkeer. Slegs korporaal Callenbach, 'n Duitser, en 'n arbeider het op die eiland agtergebly. Die landdros van Stellenbosch, Johannes Mulder, het opdrag gekry om al die soldate wat die buiteposte beman het, gewapen na die kasteel te stuur. Al die Kompanjie se landbouers en veewagters is ook ontbied en slawe moes in hulle plek die werk doen. Mulder moes sonder versuim veertig goed gewapende vryburgers na die Kaap stuur. Indien daar nog burgers was wat reeds met hul ploegwerk klaar was, kon hulle ook gaan.[19]

---

15. A.J. du Plessis: Die Geskiedenis van die graankultuur in Suid-Afrika 1652 - 1752, p. 29.
16. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën 1657 - 1699, p. 208.
17. A.J. du Plessis: Die Geskiedenis van die graankultuur in Suid-Afrika 1652 - 1752, p. 29.
18. C 501 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - J. Mulder, 15/2/1687, p. 603.
19. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 11/6/1687, pp. 165 - 166.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die verskyning van die Franse het die kommandeur laat besef dat aandag gegee moes word aan die wyse waarvolgens die burgers van die buitedistrikte na die kasteel opgeroep word. Vir die eerste keer sedert Simon van der Stel as kommandeur aangestel is, het hy met hierdie probleem te kampe gehad. Hy het 'n reglement met voorskrifte as handleiding uitgevaardig vir Kompanjiedienare en vryburgers se optrede in so 'n situasie. Volgens die reglement moes alle Kompanjiedienare op die buite- en veeposte onmiddellik met hul volle wapenrusting na die kasteel gaan wanneer hulle drie kanonskote vanaf Rustenburg by Tygerberg en van dic kloof op pad vanaf De Kuilen via Stellenbosch gehoor het. By elke pos moes slegs een man agterbly om die vee op te pas, behalwe by De Kuilen en Hottentots-Holland waar een man en twee arbeiders moes bly. Wanneer vyf kanonskote afgevuur is, moes almal die poste verlaat en na die fort gaan. In laasgenoemde geval moes die Kompanjie se vee vanaf die verskillende veeposte na Hottentots-Holland gejaag word waar vier man moes agterbly om hulle op te pas.[20]

Die vryburgers van die Kaapse en Stellenbosse distrikte moes, sodra hulle die seinskote gehoor het, by hul onderskeie regimente aansluit en met volle wapenrusting na die kasteel gaan. Slegs 20 man mag by die poste agtergebly het om hul besittings op te pas. Wanneer vyf kanonskote afgevuur is, moes almal direk na die kasteel gaan sonder om by hul onderskeie regimente aan te sluit. In so 'n geval sou tien mans met al die vrouens en kinders oor die Hottentots-Hollandberge na die land van die Chainouqua, 'n Khoikhoi-stam, gestuur word. Kaptein Klaas was dié stam se opperhoof en die vrouens en kinders moes daar vertoef totdat hulle weer teruggeroep is.[21]

---

20. VC 11 Daghregister, 30/6/1687, pp. 333 - 335; M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 29/30 Junie 1687 (Reglement vir Kompanjiedienaars en vryliede in geval van gevaar), pp. 235 - 236.
21. Ibid., 29/30 Junie 1687 (Reglement vir Kompanjiedienaars en vryliede ingeval van gevaar), p. 235.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die vrouens en kinders sou toegelaat word om by kaptein Klaas te bly aangesien hy baie betroubaar was. Die Kompanjie het ook baie groot agting vir hom gehad.(22) Die kraal van die Chainouqua-Khoikhoi was in die omgewing van Botrivier geleë.(23)

Die vrouens en kinders sou nie meer na die buitepos by Hottentots-Holland gestuur word nie, maar oor die berg tot by Botrivier. Dit is interessant om daarop te let dat daar aan die begin twee seinkodes gebruik is. Drie of vyf skote is afgevuur, afhangende van die gevaar wat gedreig het.

Die seinpos by Rustenburg aan die voet van die Tygerberg(24) is soms ook beskryf as geleë by "het Rondebosje".(25) Die Rondebosjesberg is deel van die Tygerberg.(26) Die seinpos wat geleë was op die pad tussen De Kuilen en Stellenbosch het later as Saxenburg bekend gestaan omdat dit op die plaas Saxenburg geleë was. Hierdie plaas is op 26 September 1704 deur Willem Adriaan van der Stel aan Jochem Sax gegee - vandaar die naam Saxenburg. Dit is interessant dat die ligging van die plaas in die titelakte beskryf is as geleë langs die pad na Hottentots-Holland, onder die vlagstok. Hieruit blyk dit dat daar by die seinpos 'n vlagpaal was en dat daar ook vlae gehys is as seintekens.(27)

Op 12 November 1688 het die Here Sewentien aan kommandeur Simon van der Stel geskryf dat hulle in Nederland 'n oorlog met Frankryk te wagte was. Hulle het opdrag gegee dat die kommandeur alle Franse skepe moes behandel asof hulle vyande

---

22. VC 8 Daghregister, 8/11/1677, p. 369; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 2/10/1677, p.203 en 9/11/1677, p.208.
23. VC 6 Daghregister, 30/11/1671, p.538.
24. <u>Ibid</u>., 11/11/1671, p. 188.
25. A.J. Böeseken: <u>Simon van der Stel en sy kinders</u>, p. 49.
26. CTD 10 Kaapse Grondbriewe, 28/8/1689, p. 262.
27. CTD 16 Title Deeds Stellenbosch and Drakenstein: 1689 - 1722, 26/9/1704, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



is, aangesien Frankryk reeds begin het om Nederlandse skepe aan te val.[28]

Op 22 Februarie 1689 het die Tuymelaar in Tafelbaai vasgemeer nadat dit op 26 Oktober 1688 uit Texel vertrek het. Die skipper het verskeie briewe uit Nederland saamgebring. Hy het ook vertel dat hy onderweg na die Kaap 'n Franse oorlogskip gesien het wat besig was om 'n Hollandse skip weg te voer, terwyl hy met 'n ander een slaags was.[29]

Die nuus wat die Tuymelaar gebring het, het die Politieke Raad gedwing om opnuut aandag te gee aan die brief wat op 12 November aan hulle geskryf is. 'n Franse skip wat Tafelbaai binnegevaar het, is oorrompel[30] en later is daar op nog twee Franse skepe, die La Normande en die Le Coche, beslag gelê. Hul bemanning is later as gevangenes met die retoervloot na Europa gestuur.[31] Simon van der Stel het begin om voorbereidings te tref teen 'n moontlike aanval. Vyftig manskappe is uit die Alkmaar gelig om die garnisoen te versterk en alle alleenlopende vlugtelinge is op Kompanjiekoste van wapens voorsien.[32]

Die skaapwagters by Tygerberg en De Kuilen is opdrag gegee om opgesaalde perde gereed te hou waarmee hulle boodskappe kon vervoer wanneer dit nodig was. Die heemrade van Stellenbosch het skriftelik opdrag ontvang om die inwoners aldaar en dié van Drakenstein te waarsku om hul gewere, kruit en lood gereed te hou. As voorsorgmaatreël mag hulle nie hul huise verlaat het nie. Dit sou meebring dat hulle vinnig te voet of te perd byeen kon kom wanneer die klok gelui of die trom geslaan is. Hulle moes ook hulle bure waarsku wanneer hulle die seine

28. C 417 Inkomende Briewe Deel II: L. van Dam - Politieke Raad en Goewerneur, 12/11/1688, pp. 403 - 406.
29. VC 12 Daghregister, 22/2/1689, pp. 128 - 129.
30. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 26/4/1689, pp. 206 - 207.
31. VC 12 Daghregister, 14/5/1689, pp. 254 - 255.
32. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 23/2/1689, p. 203.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gehoor het. In noodgevalle kon die heemrade die renbode gebruik om 'n boodskap te versprei.(33)

In Augustus 1689 is die skepe vanaf Robbeneiland gesien en is die seinskote van daar afgevuur. Die bewindhebbers het onmiddellik gedink dat dit Franse skepe was. Die landdros van Stellenbosch het opdrag gekry om alle manskappe van die Kompanjieposte te kommandeer en na die Kaap te stuur. Slegs een man moes by elke pos agterbly om die vee op te pas. Voordat hulle na die Kaap kon kom, moes dié landdros toesien dat hulle wapens, kruit en lood het. Hulle wapens moes ook in 'n goeie toestand wees. Voordat hulle egter vanaf Stellenbosch na die Kaap kon vertrek, het hulle 'n boodskap gekry dat dit Kompanjieskepe was wat vanaf Robbeneiland gesien is. Dit was dus nie meer vir hulle nodig om na die Kaap te kom nie en hulle kon na hul wonings terugkeer.(34)

Na die gebeure van Augustus 1689 het Simon van der Stel opdrag gegee dat die seinstelsel uitgebrei moes word. Ysterkanonnetjies is by die Kompanjieskuur en by Drakenstein sowel as by Tygerberg en op die Kloof na Stellenbosch geplaas. Met die kanonnetjies moes seinskote afgevuur word sodra daar 'n boodskap vanaf die kasteel gestuur is dat vyandelike skepe hul opwagting gemaak het. Op dié wyse kon die inwoners vanuit die binneland na die kasteel opgeroep word.(35)

Met behulp van die seinkanon by die Kompanjieskuur kon alarmseine na die suidelike Vryburgers uitgedra word met die aankoms van 'n vyand. In 1697 het die poshouer van die skuur en al die wadrywers ook opdrag gekry om Kaap toe te kom nadat die eerste seinskote afgevuur is.(36) Die seinpos by

---

33. Ibid., 23/2/1689, p. 204; C 502 Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - Stellenbosch Heemrade, 24/2/1689, pp. 10 - 11.
34. C 502 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - Landdros en Heemrade van Stellenbosch en Drakenstein, 29/8/1689, pp. 12 - 14.
35. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 14/5/1690, p. 219.
36. Ibid., 14/5/1690, p. 219; C 505 Uitgaande Briewe: W. de Haas - S. van der Stel, 26/4/1697, p. 542.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Drakenstein was op die noordelike hoek van Riebeeck Kasteelberg geleë. In die titelaktes van plase wat in Drakenstein uitgegee is, word daar gemeld dat Willem Adriaan van der Stel op 6 September 1704 'n plaas op die noordelike hoek van Riebeeck Kasteelberg aan Jacobus van der Heyden gegee het. Die ligging van die plaas word beskryf as geleë onder die vlagstok. By hierdie seinpos was daar dus 'n vlagpaal waaraan seinvlae gehys is.(37)

Die Politieke Raad het die heemrade van Stellenbosch en Drakenstein versoek om hul manskappe met die minste tydverkwisting byeen te bring wanneer hulle die seinskote gehoor het en dan te voet of te perd na die kasteel te kom. Diegene wat nie wapens gehad het nie moes ook saamgaan sodat hulle by die kasteel van wapens voorsien kon word.(38)

Die owerheid aan die Kaap het herhaaldelik waarskuwings vanuit Nederland ontvang om voortdurend op hul hoede te wees en te waak teen vyandelike aanvalle. As gevolg van die oorlogstoestande in Europa het die Politieke Raad met 'n plakkaat skriftelik opdrag gegee dat geen soldaat die kasteel sonder skriftelike verlof van die kommandeur mag verlaat nie. Aangesien die opdrag skriftelik bekend gemaak is, het niemand 'n verskoning gehad dat hy nie daarvan geweet het nie. 'n Soldaat mag net so ver van die kasteel weg beweeg het dat hy nog in staat was om 'n kanonskoot te hoor. Diegene wat nie aan die opdrag gehoorsaam was nie sou gestraf word. Sodra die trom by die kasteel geslaan is, moes al die soldate by die parade byeenkom. Ook die Vryburgers van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse distrikte mag nie sonder skriftelike verlof van die kommandeur hul wonings verlaat en verder as drie uur te voet daarvandaan weg beweeg het nie. By skuldigbevinding sou hulle beboet word. Alle boetes was aan die fiskaal betaalbaar.(39)

---

37. CTD 16 Title Deeds Stellenbosch and Drakenstein 1689 - 1722, 6/9/1704, geen bladsy.
38. VC 12 Daghregister, 29/7/1690, pp. 469 - 470.
39. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 11/7/1690, pp. 222 - 223.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die plakkate is in Frans en Hollands geskryf. Twee is by De Kuilen aangebring, een in Frans en een in Hollands, twee aan die kerkdeur by Stellenbosch en twee by Drakenstein. Die plakkate moes opgeplak bly totdat die bewindhebbers opdrag gegee het dat dit weer afgehaal moes word.(40)

Om te voorkom dat almal wegvlug wanneer die seinskote afgevuur is en dit aan sommige die geleentheid gebied het om te sê dat hulle dit nie gehoor het nie, moes elke vryburger met die hoor van die seinskote ook sy buurman waarsku alvorens hy by sy regiment kon aansluit. As 'n Vryburger versuim het om dit te doen, is hy met 6 riksdaalders beboet.(41)

Die Kaap was ver van 'n moondheid wat hulp kon verleen in geval van 'n aanval en daarom moes hy altyd in staat wees om homself te beskerm. Wanneer die Kaap aangeval is, moes mobilisasie baie vinnig geskied en daarom is die landdros en heemrade van Stellenbosch en Drakenstein opdrag gegee om toe te sien dat hul manskappe van die nodige kruit en lood voorsien was. Hulle gewere moes ook in 'n goeie toestand wees sodat hulle onmiddellik nadat die seinskote afgevuur is na hul onderskeie regimente kon gaan. Die landdros en heemrade kon self besluit wie, in geval van 'n algemene oproep, by die vrouens en kinders sowel as die vee en ander besittings moes agterbly.(42) Vir die eerste keer sou die vrouens en kinders nou op die plase kon agterbly en was dit nie meer vir hulle nodig om skuiling by kaptein Klaas van die Chainouqua-Khoikhoi te soek nie.

Die oorlog tussen Nederland en Frankryk het ook vir Simon van der Stel interne probleme aan die Kaap besorg. Die Kaapse garnisoen was uit soldate van verskillende nasionaliteite

---

40. 1/STB 10/1 Inkomende Briewe: Goewerneur - H. Munkerus 5/11/1697, p. 52.
41. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 29 Julie/ 23 Augustus 1690 (Nopens oproeping van vryburgers deur seinskote; en weggelope slawe), pp. 258 - 259.
42. VC 12 Daghregister, 31/7/1690, pp. 492 - 494.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



saamgestel. Baie van hulle was natuurlik glad nie lojaal aan die Kompanjie nie en Van der Stel het nie geweet of hulle dalk tydens 'n aanval die Kaap sou verraai nie.(43) Op daardie tydstip het die Franse Hugenote onder leiding van dominee Pierre Simond met hul versoeke gekom om afsonderlik te mag woon. Die Politieke Raad het die wense van die Franse bestempel as 'n vermomde saamsweerdery en hulle as ondankbaar beskou.(44)

Simon van der Stel het ook probleme gehad met die slawe-eienaars omdat hulle nie meer laat weet het wanneer daar van hulle slawe gedros het nie. Volgens wet was die slawebesitters verplig om dit aan die regering bekend te maak wanneer daar van hulle slawe gedros het. Die situasie het so hand-uit geruk dat slawe wat gedros het oral in groepies begin saamwoon en gesteel en geplunder het. Alle slawe-eienaars is opdrag gegee om onmiddellik te rapporteer wanneer 'n slaaf langer as 24 uur vermis is. Indien die slawe-eienaar 'n inwoner van die Kaapse distrik was, moes hy die kommandeur daarvan laat weet en indien hy 'n inwoner van die Stellenbosse of Drakensteinse distrik was, moes hy dit aan die landdros rapporteer of in sy afwesigheid aan 'n heemraad. Die landdros en heemrade sou op hul beurt die boodskap aan die kommandeur stuur. Om die Vryburgers daarvan in kennis te stel dat slawe gedros het, is daar by die kasteel en langs die pad tussen De Kuilen en Stellenbosch 'n blou vlag gehys. Slawe-eienaars wat versuim het om bekend te maak dat daar van hul slawe gedros het, is met 10 riksdaalders beboet wanneer hulle skuldig bevind is. Die boete was aan die Raad van Justisie betaalbaar.(45)

Die moontlikheid dat die Kaap deur die Franse aangeval kon word, het Simon van der Stel laat besef dat hy ten alle koste

---

43. Ibid., 13/5/1689, pp. 248 - 252.
44. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 28/11/1689, p.215.
45. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 29 Julie/ 23 Augustus 1690 (Nopens oproeping van vryburgers deur seinskote; en weggelope slawe), pp. 258 - 259.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moes verhoed dat daar ook binnelandse probleme ontstaan. Sodra alle weerbare burgers deur die seinskote opgeroep is, sou die binneland 'n oop teiken wees vir die slawe wat gedros het en sou die vrouens en kinders wat op die plase agtergebly het weerloos teen hul plundertogte staan.

Van der Stel het besluit om op Saterdag 5 Augustus 1690 'n klopjag te hou om alle slawe wat gedros het op te spoor. Die landdros en heemrade van Stellenbosch en Drakenstein is opdrag gegee om patrolliegroepe saam te stel wat die distrikte moes patrolleer om al sulke slawe te probeer opspoor. Daar was altesaam ag groepe wat op patrollie uitgegaan het. Aangesien baie persone by die klopjag betrokke was, het Simon van der Stel opdrag gegee dat hulle tydens die klopjag baie fyn moes luister vir seinskote. Wanneer hulle dit gehoor het, moes almal onmiddellik aanmeld by hul onderskeie regimente, hetsy dié van Stellenbosch, Drakenstein of die Kaap, en na die kasteel gaan.(46)

Simon van der Stel was meer as enige van sy voorgangers bewus van die gevare waaraan die Kaap elke keer blootgestel was as die moederland in 'n oorlog betrokke geraak het. Om hierdie rede was dit ook vir hom baie belangrik dat die seinstelsel doeltreffend moes funksioneer en het hy ook meer aandag aan dié stelsel gegee as enige van sy voorgangers. Elke jaar het hy in die generale plakkaat wat gewoonlik in Januarie gepubliseer is en aan die landdroste en heemrade van die onderskeie distrikte gestuur is, 'n klousule met betrekking tot die seinstelsel ingevoeg. Die inwoners van die onderskeie distrikte moes, sodra hulle die seinskote hoor, onmiddellik met hul volle wapenrusting te voet of te perd by hul onderskeie regimente aanmeld. Hulle het hulself aan lyfstraf of selfs die doodstraf blootgestel indien hulle die seinskote verontagsaam het. Hulle moes ook hul bure daarvan in kennis

---

46. VC 12 Daghregister, 31/7/1690, pp. 474 - 479; 1/STB 10/1 Inkomende Briewe: S. van der Stel - J. Mulder, 31/7/1690, pp. 753 - 764; C 502 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - J. Mulder, 31/7/1690, pp. 753 - 764 en S. van der Stel - J. Mulder, 8/9/1690, p. 772.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



stel sodat niemand kon sê dat hy nie die skote gehoor het nie.(47)

Van der Stel het die Vryburgers opdrag gegee om aan geen rondswerwers herberg te gee of hulp te verleen nie. Die rondswerwers was soldate en matrose wat van vreemde skepe g dros het wat Tafelbaai aangedoen het. So wou hy voorkom dat verspieders die land binnedring en die militêre toestande van die land verraai.(48)

In 1695 het 'n boodskap die Kaap bereik dat die Franse van plan was om 'n vloot na Indië te stuur wat ook die Kaap sou aandoen. Vanuit Nederland is die bewindhebbers aan die Kaap opdrag gegee om gereed te maak asof hulle aangeval gaan word. Toestemming is verleen om die garnisoen met honderd man te versterk. Die manskappe is gekommandeer uit die skepe De Stadt Keulen, De Waalstroom, Oostersteijn, Serjansland, Voorschoten en De Voetboogh wat in Tafelbaai gelê het.(49)

Die heemrade van Stellenbosch en Drakenstein is gelas om 100 man, twintig te perd en tagtig te voet, na die Kaap te stuur. Hulle moes ten volle toegerus wees met wapens. Al om die veertien dae is hulle afgelos deur ander burgers totdat die Franse gevaar verdwyn het.(50)

Die geallieerdes se posisie het mettertyd verbeter en die moontlikheid van 'n Franse ekspedisie na die Kaap het al hoe geringer geword, maar die Kaapse inwoners was nogtans baie gespanne. Die garnisoen moes daagliks vir 'n parade byeenkom. As gevolg van hul lang afwesigheid vanaf hul plase het die gesaaides verwaarloos en was die oes ook besonder skraal.(51)

---

47. VC 13 Daghregister, 22/1/1693, p. 29.
48. Ibid., 23/10/1693, pp. 281 - 285.
49. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 3/5/1695, pp. 289 - 290.
50. Ibid., 12/9/1695, pp. 291 - 292; 1/STB 10/1 Inkomende Briewe: Extract Resolutie, 10/5/1695, p. 22 en Landdros en Heemrade - Politieke Raad, 7/5/1695, pp. 19 - 20.
51. VC 13 Daghregister, 2/9/1695, pp. 873 - 874.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Na 'n verblyf van 'n paar weke aan die Kaap het die Vryburgers van Stellenbosch en Drakenstein op 12 September 1695 toestemming gekry om na hul wonings terug te keer aangesien die Franse nie opgedaag het nie. Hulle is opdrag gegee om voortdurend op hul hoede te bly en met die hoor van die eerste seinskote onder bevel van hul offisiere na die kasteel te kom.(52)

Tussen 14:00 en 15:00 die middag van 29 November 1695 het die bewindhebbers in die kasteel 'n boodskap vanaf Houtbaai gekry dat daar elf skepe in aantog was. Later dieselfde middag is elf seinskote vanaf Leeukop afgevuur as teken dat die uitkykers elf skepe gesien het. Die goewerneur was van mening dat dit skepe van 'n vyandelike moondheid was omdat hulle nie daaraan gewoond was om so 'n sterk vaderlandse vloot aan die Kaap te sien nie. Alles het meer verdag gelyk omdat die skepe in 'n militêre formasie van drie eskaders gevaar het.(53)

Goewerneur Van der Stel het getwyfel oor die herkoms van die skepe en omdat hy boonop 'n Franse aanval gevrees het, het hy opdrag gegee dat die garnisoen onmiddellik van wapens voorsien word. Die burgerkavallerie en infanterie van Tafelvallei is ontbied. Seinskote is afgevuur soos wat daar op 'n Politieke Raadvergadering van 12 September 1695 besluit is ten einde die burgers van Stellenbosch en Drakenstein na die Kaap op te roep. Nadat die Kompanjiedienare vanaf die buiteposte en die burgers uit die verskillende distrikte by die kasteel aangekom het, is die strategie vir optrede bespreek en reëlings vir die verdediging van die Kaap getref. Twee vaartuie, die Standvastigheyd en De Swarte Leeuw is op 'n gereedheidsgrondslag geplaas indien 'n seeslag sou plaasvind. Kaptein Bergh het plekke langs die kus waar die vyand kon land, soos by die Waterplaas, "Duintjies", Roggebaai en die strand langs die Soutrivier met soldate en Vryburgers beset.(54)

52. Ibid., 12/9/1695, p. 877.
53. Ibid., 29/11/1695, pp. 914 - 915.
54. Ibid., 29/11/1695, pp. 916 - 917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hulle is nogtans skerp tereggewys en aangesê om die eed wat hulle teenoor die Kompanjie afgelê het na te kom en dat hulle altyd vir diens moes aanmeld.

Lourens Verburgh is gearresteer en die heemrade is aangesê om die vaandrig van Drakenstein, Gerrit Cloeten, wat onwillig was om na die Kaap te gaan, deur 'n korporaal en 7 tot 8 man te laat arresteer en na die Kaap te stuur. Die name van al die burgers wat onwillig was om te kom, moes ook aan die goewerneur gestuur word sodat die fiskaal almal volgens meriete kon straf. Die Politieke Raad het ook 'n algemene waarskuwing uitgereik. Indien so iets weer gebeur, sou die skuldiges al die voorregte sowel as hulp en bystand wat hulle van die Kompanjie ontvang het, verbeur. Wanneer hulle seinskote en die trom hoor, moes hulle by hul regimente aanmeld en na die kasteel kom. Die wat nie betyds by hul regimente kon kom nie moes op eie stoom na die Kaap gaan en redes verstrek hoekom hulle nie betyds was nie.(57)

Op 22 Desember 1695 het die Raad van Justisie byeengekom om diegene wat die seinskote geïgnoreer het en teen wie die fiskaal 'n saak aanhangig gemaak het, te verhoor. Aangesien dit die eerste keer was wat dit gebeur het, is die skuldiges verskoon op voorwaarde dat, indien daar in die toekoms weer van hulle verwag word om na die Kaap te kom, hulle as getroue inwoners saam met hul offisiere sou kom.(58)

Na die gebeure van 1695 het Van der Stel die burgers in Januarie 1696 met 'n plakkaat gewaarsku om onmiddellik na die Kaap te gaan wanneer hulle seinskote hoor. Hulle moes ook hul bure waarsku wat dit moontlik nie gehoor het nie.(59) Die landdros van Stellenbosch en Drakenstein, Henricus Munkerus, is opdrag gegee om een of twee persone aan te stel wat

57. VC 13 Daghregister, 13/12/1695, pp. 933 - 937.
58. Ibid., 22/12/1695, p. 957.
59. VC 14 Daghregister, 13/1/1696, pp. 10 - 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



voortdurend baie noukeurig vir seinskote moes luister.(60) Sersant Dirk Coningshoven van die buitepos Hottentots-Holland, sersant Christoffel Henning van Clapmuts, Jan Gerritsz van Groeningen van De Kuilen en Willem de Haas van Rondebosje is almal aangesê om met al die Kompanjiedienare wat by hul poste werksaam was, na die Kaap te kom wanneer daar weer seinskote afgevuur is.(61)

Die vrees vir 'n Franse aanval op die Kaap het verdwyn toe die oorlog op 20 September 1697 beëindig is met die Vrede van Rijswijck wat in die Nederlandse stad Rijswijck onderteken is. Hierdie nuus het die Kaap eers op 3 Februarie 1698 met die Fregat de Pool bereik.(62)

Simon van der Stel het 'n doeltreffende verdediging- en seinstelsel vir die Kaap as baie belangrik beskou. Hy was van mening dat die Kompanjie se grootste doelwit moes wees om aan die land en sy inwoners sekuriteit te gee. Met sy aftrede as goewerneur het hy in 'n verslag vir sy opvolger verduidelik dat die inwoners van die kolonie hulle nie veel gesteur het aan die veiligheid en verdediging daarvan nie. Die seinstelsel het goed gefunksioneer, maar die mense wat aan die seine gehoor moes gee, het veroorsaak dat dit nie suksesvol was nie.

Hy kon dit sê op grond van die wedervaringe wat hy in 1695 met die Vryburgers van Stellenbosch en Drakenstein gehad het. Hoewel die seinskote en vertoon van vlae behoorlik uitgevoer is, het dit nogtans gebeur dat diegene wat ver van mekaar gewoon het en wel die skote gehoor het, nie persoonlik gewaarsku kon word nie. Hulle het die oproep geïgnoreer deur

---

60. 1/STB 10/1 Inkomende Briewe: Goewerneur - H. Munkerus, 26/4/1697, pp. 48 - 49; C 505 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - H. Munkerus, 26/4/1697, pp. 18 - 21.
61. C 505 Uitgaande Briewe: Hottentots-Holland D. Coningshoven, Clapmuts C. Henning, De Kuilen J.G. van Groeningen, S. van der Stel - Rondebosje W. de Haas, 26/4/1697, pp. 18 - 23.
62. C 362 Inkomende Briewe: Here XVII - S. van der Stel, 27/10/1697, p. 34.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



in die veld uit te gaan en dan as verskoning aangevoer dat hulle nie die skote gehoor het nie.(63)

Op 20 Augustus 1702 het goewerneur W.A. van der Stel 'n boodskap gekry dat daar weer eens oorlog in Europa uitgebreek het.(64) Hierdie nuus het die Politieke Raad laat besluit om 'n parade wat op 1 Oktober op Stellenbosch en Drakenstein gehou sou word, na die Kaap te verskuif. Indien die vyand sy opwagting sou maak, sou alle manskappe dus byderhand en gereed wees.(65) As verdere voorsorgmaatreël is kommissaris De Wilde as veldowerste uit Holland gestuur om die verdedigingswerke en die militêre gesteldheid van die Kaap te ondersoek.(66)

Die direkteure van die V.O.C. het goewerneur W.A. van der Stel gewaarsku om voortdurend waaksaam te wees en om die nodige voorsorgmaatreëls te tref sodat hy nie deur die vyand onverhoeds betrap word nie. Hy het hom egter nie aan die waarskuwing gesteur nie en lang tye op sy plaas Vergelegen gaan bly, terwyl hy die verdediging van die Kaap in die hande van kaptein Oloff Bergh gelaat het.(67)

Hierdie gesindheid van die goewerneur het daartoe gelei dat die koloniste hom by die Nederlandse regering aangekla het. Volgens die klagstaat het hy die veiligheid en die ordelike voortbestaan van die kolonie in gevaar gestel deur dit aan die vyand bloot te stel, terwyl hy self nie eens op sy pos was nie. Die gevolg was dat die Nederlandse regering hom van sy pos as goewerneur onthef het.(68)

---

63. C 702 Memoriën en Instructiën, 30/3/1699, pp. 232 - 233.
64. C 482 Geheime Inkomende Briewe: Here XVII - W.A. van der Stel, 15/5/1702, pp. 81 - 85; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 22/8/1702, p. 387.
65. Ibid., 30/8/1702, p. 389.
66. VC 16 Daghregister, 29/8/1703, pp. 309 - 310.
67. G.M. Theal: History of South Africa before 1795 II, p. 412.
68. S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede, pp. 122 - 132.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Louis van Assenburgh het vir W.A. van der Stel as goewerneur opgevolg en die verantwoordelikheid van sy amp in daardie besondere tydsomstandighede terdeë besef. Voortvloeiend uit sy pligsbesef het hy ná sy aanstelling die militêre gesteldheid van die Kaap breedvoerig aan die Here Sewentien verduidelik. Volgens hom was die militêre waarde van die kasteel en ander buitewerke baie gering. Hy het voorgestel dat die ruitery vermeerder word en die dissipline van die soldate opgeknap word ten einde die militêre posisie van die Kaap te verbeter. Verder wou hy hê dat die nodige magtiging verleen moes word om twee tot vier eskadrons ruitery byeen te bring in gevalle wanneer die Kaap deur 'n vyand aangeval of bedreig is. Hy het ook voorgestel dat drie tot vier veldskanse langs die strand opgerig word sodat vyandelike skepe wat in Tafelbaai wou vasmeer vanuit dié stellings aangeval kon word.(69)

By 'n Politieke Raadvergadering, op 10 Februarie 1710, is besluit om die skipper en kwartiermeester van die Kompanjie, Jan Brommert, en twee skippers van die retoervloot wat in Tafelbaai was, met 'n skuitjie te stuur om vanaf die baaitjie by die Waterplaas tot by Roggebaai te vaar en van daar verder tot by die Soutrivier. Hulle moes 'n opname maak van die bevaarbaarheid van die see langs die kus van Tafelbaai tot by die Soutrivier en 'n skriftelike verslag met hul bevindinge by die goewerneur indien. Uit die ondersoek wou die goewerneur probeer vasstel waar die mees geskikte plek langs die kus was waar vyandelike skepe kon anker gooi en waarvandaan hulle nog 'n aanval op die nedersetting kon maak.(70)

Tafelbaai was vir die Kaapse regering van groot strategiese waarde en hulle het besef dat dit ten alle koste beskerm en verdedig moes word. Indien 'n vyandelike moondheid daarin kon slaag om met sy vloot die baai te beset, sou dit vir hom ewe maklik wees om die nedersetting te oorrompel. Die Kaapse

69. C 574 Geheime Uitgaande Briewe: L. van Assenburgh - Here XVII, 10/8/1709, pp. 18 - 26.
70. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 10/2/1710, p.132.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



regering het besef dat iets gedoen moes word om die veiligheid van Tafelbaai in 'n groter mate te waarborg. Die Politieke Raad het opdrag gegee dat Adam van Rijn, vise-admiraal van die retoervloot wat in Tafelbaai gelê het, goewerneur Louis van Assenburgh, kommandant Govert Cnoll, sekunde Joan Cornelis D'Ableing, fiskaal Joan Blesius, kaptein Oloff Bergh, Adolf van der Laan, fiskaal en koopman van die retoervloot, Christiaan Boonen, die skippers Gerrit van der Zeyde, Jan Brommert, Wessel van Neercasel en twee lede van die Politieke Raad, luitenant Kaje Jesse Slotsboo en die pakhuismeester Willem van Putten, na 'n geskikte plek moes soek waar 'n geskutbattery opgerig kon word waarmee die vyandelike skepe wat Tafelbaai tussen Robbeneiland en Leeustert binnegekom het, geskiet kon word. 'n Geskikte plek is gevind en 'n agpond=kaliber kanon is daar geplaas. Hiermee is proefskote geskiet na 'n vlot met 'n vlag daarop wat in die middel van die baai geanker was.(71)

Dit is insiggewend om daarop te let dat goewerneur Van Assenburgh aandag aan sekere fasette van die verdedigingstelsel gegee het en dit selfs wou verbeter, maar aan die seinstelsel wat seker een van die belangrikste skakels in die verdedigingstelsel was, het hy geen aandag geskenk nie. 'n Moontlike rede hiervoor was waarskynlik dat die seinstelsel en die funksionering daarvan, soos wat dit uit die bewindstydperk van Simon van der Stel gedateer het, as voldoende beskou is en hy dit nie nodig geag het om die stelsel verder uit te brei of die wyse van funksionering daarvan weer onder die aandag van die burgers te bring nie.

Die aand van 28 April 1712 het die Kompanjie se baashoutkapper, wat op Tafelberg was, verskeie kanonskote gehoor en dit onmiddellik aan die bewindhebbers gerapporteer. Dit was mistige weer, maar hy het berig dat hy 'n skip in die omgewing van Houtbaai, naby Slangkop, gesien het toe die mis effens opgeklaar het. 'n Seinman van Leeukop en 'n vryburger het terselfdertyd gerapporteer dat hulle sowat 6 tot 7 myl

71. C 335 Attestatiën: 14/3/1710, pp. 59 - 64.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



(9,6 km tot 11,2 km) van die land af vier skepe gesien en etlike skote gehoor het. Die Politieke Raad het dieselfde aand vergader en besluit om 'n korporaal met vier manskappe sowel as twee man vanaf die bosse by Steenberg deur die kloof tussen Tafelberg en Leeuberg na die strand te stuur om te gaan ondersoek instel. Die mistige weer het op 29 en 30 April voortgeduur en geen berigte het die kasteel bereik nie. Die aand van 30 April het die weer opgeklaar en is twee seinskote vanaf Leeukop gevuur. Die nag van 30 April het twee skepe, die Corsloot en d'Oude Zyp, Tafelbaai binnegevaar. Die bevelvoerder van die Corsloot het berig dat hy op 28 April sowat ag myl (12,8 km) vanaf die kus deur 'n Franse skip aangeval is en dat daar nog drie ander Franse skepe teenwoordig was.(72)

Voordat die Corsloot en d'Oude Zyp die nag van 30 April vasgemeer het, is die burgers uit die buitedistrikte met 'n boodskapper na die Kaap ontbied. Om 12:00 die middag van 1 Mei het die landdros van Stellenbosch en Drakenstein die boodskap gekry. Die korporaals het so vinnig as wat hulle kon hul manskappe bymekaargemaak, maar het eers die volgende middag tussen 13:00 en 14:00 na die Kaap vertrek. Dieselfde aand, toe hulle by Stellenboschkloof was, het 'n boodskapper vanaf die Kaap hulle bereik en gesê dat hulle kon terugkeer, aangesien die vyand nie meer aan die Kaap was nie.(73)

Op 11 April 1713 is die Spaanse Suksessie-oorlog beëindig met die ondertekening van die Vrede van Utrecht. Hierdie nuus het die Kaap eers op 14 September bereik met die aankoms van de Coning Carel wat Nederland op 18 Mei verlaat het.(74)

---

72. C 510 Deel III Uitgaande Briewe: H. Helot - Here XVII, 3/6/1712, pp. 46 - 50.
73. C 391 Inkomende Briewe: J.D. Langen - H. Helot, 3/5/1712, pp. 29 - 30.
74. VC 20 Daghregister, 14/9/1713, pp. 211 - 212 en 26/9/1713, p. 233.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Na die dood van Lodewyk XIV in September 1715 het Frankryk vrede verlang.[75] In die jare daarna vind ons geen botsings in Europa wat die Kaap ernstig geraak het nie. Dit was nogtans nie 'n periode waartydens volkome vrede ondervind is nie. Gedurende dié tydperk het die Groot Noorderoorlog gewoed wat in 1720 beëindig is. Oorlog is ook vanaf 1714 tot 1718 tussen Oostenryk en Turkye gevoer,[76] maar méér as die oorlogsnuus het nooit die Kaap bereik nie.[77]

75. H. Brugmans en G.W. Kernkamp: Algemeene Geschiedenis, pp. 349 - 350.
76. P. de Klerk e.a.: Die Opkoms van Europa 1500 - 1815, pp. 297 - 299.
77. VC 21 Daghregister, 28/1/1718, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 6

## DIE OPRIGTING VAN DIE EERSTE SEINSTELSEL 1734

Vir die Kaap was die jare tussen 1713 en 1732 betreklik rustig. Die jare twintig van die agtiende eeu het rustig tot 'n einde gekom en dit was nie voor 1734 dat die Kaap weer berigte van 'n oorlog ontvang het nie. Dié keer was dit die Poolse Suksessie-oorlog wat uitgebreek het. Slegs Frankryk, Oostenryk, Rusland, Spanje en Sardinië het aan die oorlog deelgeneem. Engeland en Nederland het nie betrokke geraak nie.[1]

Die nuus van die Poolse Suksessie-oorlog en die waarskuwing het goewerneur Jan de la Fontaine laat besluit om die verdedigingswerke aan die Kaap te laat inspekteer. In die ondersoek is daar by twee plekke op die strand, naby die mond van die Soutrivier, veldskanse gevind wat waardeloos en uitgedien was. Die goewerneur het opdrag gegee dat hulle verwyder word met die voorneme om 'n aantal kanonne daar te plaas waarmee Tafelbaai beter verdedig kon word. Ook sou 'n vyand wat daar wou land met groter gemak en meer doeltreffend oorrompel kon word.[2]

Die onsekere toestand van sake in Europa het daartoe gelei dat die Kaapse regering vir die eerste keer sedert die bewindstydperk van goewerneur Simon van der Stel weer aandag aan die seinstelsel gegee het. Hulle het besluit om 'n uitgebreide netwerk van seinposte aan die Kaap op te rig. Die Politieke Raad was gedwing tot so 'n stap omdat die grense van die Kolonie reeds tot diep in die binneland gestrek het en baie burgers op plase, dorpies en buiteposte ver vanaf die Kaap gewoon het. Om hierdie burgers vinnig by die kasteel te kry wanneer vyandelike moondhede die Kaap wou aanval, was uitbreiding van die seinstelsel noodsaaklik. Die seinstelsel

---

1. P. de Klerk e.a.: Die Opkoms van Europa 1500 - 1815, p. 302.
2. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 1/7/1734, p. 363.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



is uitsluitlik gebruik om alle weerbare burgers uit die buitedistrikte op te roep wanneer dit nodig was om die Kaap te help verdedig.

Die instruksies wat in 1690 met betrekking tot die seinstelsel opgestel is, was verouderd en die seine kon dus nie meer gebruik word nie. Goewerneur De la Fontaine was gevolglik genoop om die seinstelsel in belang van die veilige voortbestaan van die kolonie uit te brei.(3)

Die burgeroffisiere van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse distrikte het vervolgens opdrag gekry om in hul onderskeie distrikte na geskikte plekke te soek waar seinposte opgerig kon word. Die opdrag is spesifiek aan die burgeroffisiere gegee omdat hulle die distrikte die beste geken het.(4)

Hulle opdrag was tweeledig van aard. Eerstens moes hulle geskikte standplase soek vir die oprigting van seinposte. Dit moes só geleë wees dat alle inwoners van 'n distrik van seine bedien kon word. Tweedens moes hulle vasstel hoeveel manskappe, Kompanjiedienaars, leningsknegte, manlike slawe en geoefende perde daar in die distrikte was wat na die Kaap ontbied kon word wanneer dit nodig was. Nadat die burger= offisiere die distrikte besoek en opnames gemaak het, het hulle twee afsonderlike verslae aan die goewerneur gestuur.

Die burgeroffisiere het voorgestel dat die eerste seinpos op Plattekloof in die Tygerberg opgerig word.(5) Reeds so vroeg as 1687 was daar al 'n seinpos by Rustenburg waarmee die burgers wat in die omgewing van Tygerberg en Tygervallei gewoon het, na die Kaap opgeroep is.(6) In die ondersoek van

3. Ibid., 25/5/1734, pp. 353 - 354.
4. C 113 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 25/5/1734, p. 361.
5. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 1/7/1734, pp. 363 - 364.
6. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 29/30 Junie 1687 (Reglement vir Kompanjiesdienaars en vryliede in geval van gevaar), pp. 235 - 236.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die burgeroffisiere is daar na alle waarskynlikheid gevind dat seinposte hoog geleë moes wees ten einde seine meer doeltreffend na 'n volgende teikengebied te kon stuur. Om dié rede was al die seinposte wat in 1734 opgerig is op heuwels, koppe of selfs berge geleë. Rustenburg was in die vallei geleë en daarom is die seinpos van daar af na Plattekloof verskuif.

Die plaas Rustenburg is in 1707 deur Willem Adriaan van der Stel in eiendom uitgegee[7] en daar kan aanvaar word dat die persone wat die plaas vanaf 1707 tot 1734 besit het ook as seinmanne opgetree het. Sedert die oprigting van die seinpos in 1687, totdat die plaas in eiendom uitgegee is, was 'n Kompanjiedienaar waarskynlik vir die maak van seine verantwoordelik.

Die plaas Rustenburg het vanaf 1707 tot 1734 aan die volgende eienaars behoort:

| Eienaar | "Datum van grondbrief" |
|---|---|
| Cornelis Obes | 26 Februarie 1707 [8] |
| Jacobus Vogel | 6 Februarie 1713 [9] |
| Christofse Groenewald | 29 April 1716 [10] |
| Cornelis Valk | 9 Desember 1721 [11] |
| Johannes Groenewald | 18 Maart 1722 [12] |
| Hendrik Oostwald Eksteen | 14 Januarie 1730 [13] |

Die seinpos by Rustenburg het 57 jaar lank bestaan. As die plaas Rustenburg op 'n moderne kaart ingeteken word, sal dit suidwes van die bekende kampeerterrein, Hardekraaltjie in

7. CTD 12 Old Cape Freeholds, 26/2/1707, p. 92.
8. Ibid., 26/2/1707, p. 92.
9. Kaapse Aktekantoor, T 926, 6/2/1713, geen bladsy.
10. Ibid., T 1084, 29/4/1716, geen bladsy.
11. Ibid., T 1428, 9/12/1721, geen bladsy.
12. Ibid., T 1441, 18/3/1722, geen bladsy.
13. Ibid., T 1926, 14/1/1730, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Bellville, geleë wees en ten suide van die spoorlyn tussen Tygerbergstasie na Parowstasie. Dit sal met ander woorde geleë wees in die woongebied wat vandag as Tygervallei bekend is.(14) Die plaas was destyds langs die hoofverkeersroete tussen die Kaap en Stellenbosch geleë.(15)

Die tweede seinpos moes op Stellenboschkloof opgerig word van waar die seine wat vanaf Plattekloof gestuur is, gesien en gehoor kon word. Die seinpos op Stellenboschkloof sou seine aan 'n pos op Hottentots-Hollandkloof stuur wat op sy beurt seine na 'n pos by Houwhoek moes stuur. Die seinpos op Houwhoek moes seine tot by die Swartberg bokant die "Warmewater" stuur en vandaar moes seine gestuur word na 'n pos op die Hessekwakloof. Vanaf die Hessekwakloof was dit moontlik om inwoners wat aan Buffeljagsrivier gewoon het, te waarsku.

Op Simonsberg, bokant die Kompanjiepos by Klapmuts, moes daar ook 'n seinpos opgerig word. Dit moes tesame met 'n pos by die Paarl, wat tussen die plase van Lucas Meyer en Jan Bastiaansen geleë was, seine vanaf Plattekloof ontvang. Die seinpos by die Paarl moes die pos op die noordelike punt van Riebeeck Kasteelberg van seine bedien. Dié moes op sy beurt seine aan 'n pos op die voorste hoek van die Piketberg stuur.(16) Die seinpos op die noordelike hoek van die Riebeeck Kasteelberg was een van die vier seinposte wat reeds sedert 1690 bestaan het.(17) Die seinpos op die voorste hoek van die Piketberg moes seine aan 'n pos op die Pikenierskloof stuur en vandaar sou seine na 'n pos op die noordelike punt van die Piketberg gestuur word. Laasgenoemde seinpos was op

---

14. Kantoor van Opmeting en kartering, Mowbray: 1:12500 Kaart van Kaapstad en omstreke.
15. CTD 12 Old Cape Freeholds, 26/2/1707, p. 92.
16. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 1/7/1734, pp. 363 - 364; 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 26/6/1734, geen bladsy.
17. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 14/5/1690, p. 219.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die plaas van Floris Maijboom wat op die noordelike punt van die Piketberg geleë was.[18]

Die burgeroffisiere het voorgestel dat 'n seinpos bokant die Kompanjiepos oorkant Roodezand en 'n ander een oorkant die Breërivier, op die plaas Eendragt van Christoffel Botha, opgerig word. Nog 'n pos moes op die Olifantsberg opgerig word. Laasgenoemde pos was op die plaas van Hannes Botha. Vandaar kon 'n groot aantal burgers gewaarsku word. Die burgeroffisiere het geoordeel dat daar na die kant van Groenekloof ook seine gestuur moes word en het voorgestel dat seinposte op Dassenberg en op Klipberg agter Groenekloof opgerig word.[19] Groenekloof was die Kompanjiepos naby die dorpie wat vandag as Mamre bekend staan.[20] Met die uitbreiding van die seinstelsel in hierdie rigting sou dit vir die inwoners van die Kompanjiepos by Saldanhabaai ook moontlik wees om die seine te hoor.

Met so 'n seinstelsel sou dit moontlik wees om die inwoners van die Verlore- en Langvallei, dié wat langs die Olifants=rivier oor Roodezand, dié wat aan die Breërivier, Riviersonderend, in die Bokkeveld en tot aan die Buffeljagsrivier gewoon het sowel as diegene wat oorkant die Hottentots-Hollandkloof gewoon het, na die Kaap op te roep. Die seinstelsel sou dus vanaf Plattekloof, wat as middelpunt moes dien in die voorgestelde netwerk van seinposte, in die verskillende rigtings in die binneland opgerig word.[21]

Die burgeroffisiere wat die lys met voorgestelde seinposte saamgestel het, het die goewerneur se aandag daarop gevestig dat die seine nie altyd oral sigbaar sou wees nie, maar dat die seinskote oral baie duidelik gehoor sou word. Hulle was nogtans van mening dat 'n burger wat moeite sou doen en op 'n

18. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 1/7/1734, pp. 363 - 364; 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 26/6/1734, geen bladsy.
19. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 26/6/1734, geen bladsy.
20. V.S. Forbes: Pioneer Travellers of South Africa 1750 - 1800, p. 78.
21. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 26/6/1734, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hoogte klim sodra hy 'n seinskoot hoor, die kruitdampe en rook sou sien wat met die afvuur van seinskote gepaard gegaan het. Hulle het voorgestel dat bure mekaar moes waarsku wanneer hulle seine sien of hoor. 'n Burger kon dit doen deur 'n slaaf of arbeider met die boodskap na sy buurman te stuur.(22)

Adriaan van Kervel, opperkoopman en sekunde van die regering, en Johan Thobias Rhenius, militêre kaptein in die kasteel, het sekere voorstelle in verband met die voorgestelde seinstelsel aan die hand gedoen nadat hulle die verslag bestudeer het wat die burgeroffisiere in samewerking met die burgerkrygsraad van Stellenbosch en Drakenstein daaroor aan die Politieke Raad voorgelê het. Die plekke wat deur die burgeroffisiere as moontlike punte vir die oprigting van seinposte voorgestel is, was heeltemal geskik. Van Kervel en Rhenius was egter van mening dat 'n seinpos ook op die Honingberg opgerig moes word. Die Honingberg is tussen Riebeeck Kasteelberg en die Piketberg geleë. Indien daar slegs seinposte was op die plekke wat die burgeroffisiere aangewys het, sou dit beteken dat seine vanaf die noordelike punt van Riebeeck Kasteelberg na die seinpos op die voorste hoek van die Piketberg gestuur moes word. Dit was prakties onmoontlik omdat die afstand tussen die twee seinposte te groot en die landstreek wat van seine bedien moes word te uitgestrek was. Hulle was ook daarvan oortuig dat dit onmoontlik was om 'n kanonskoot wat op Riebeeck Kasteelberg afgevuur is tot op die voorste hoek van die Piketberg te hoor. 'n Seinpos op die Honingberg sou hulle probleme uitskakel.

Nog 'n voorstel wat Van Kervel en Rhenius gemaak het, was dat 'n seinpos op die Koeberg opgerig word sodat daar na die westelike deel van die Swartland en die hele Groenekloof seine gestuur kon word. Die burgerkrygsraad van die Kaapse distrik het die noodsaaklikheid vir die oprigting van 'n seinpos op Honingberg en Koeberg ingesien en dit by die Politieke Raad aanbeveel. Die Raad het die oprigting van al die seinposte, soos aanbeveel deur die burgeroffisiere, sowel as die voorstelle wat Van Kervel en Rhenius gemaak het, goedgekeur.

22. C 351 Attestatiën, 26/6/1734, pp. 547 - 553.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Hulle het opdrag gegee dat die persone wat plase naaste aan die voorgestelde seinposte besit het, van kanonne voorsien moes word waarmee hulle seinskote kon afvuur.

Die Politieke Raad is ook meegedeel dat daar ongeveer 300 burgers beskikbaar was wat in geval van 'n aanval op die Kaap met wapens na die kasteel kon kom. Onder hulle was daar oud-burgerkrygsraadslede, kommissarisse, ouderlinge, brandmeesters en 86 leningsknegte van die Kompanjie. Verder was daar ook 400 manlike slawe en 250 perde wat gebruik kon word.(23)

Op 'n buitengewone burgerkrygsraadvergadering wat op 11 Oktober 1734 in die Kaap gehou is, het die Raad die oprigting van al die seinposte wat deur die Politieke Raad goedgekeur is, aanvaar. Die name van die seinmanne wat by die verskillende poste aangestel is, is bekend gemaak. Die lys van seinposte en seinmanne verskyn in bylae vyf.(24)

Die burgerkrygsraad het toestemming verleen dat twintig pond (10 kg) buskruit beskikbaar gestel word en tussen die verskillende seinposte verdeel word. Elke seinpos het 'n "caamer van basjen" ontvang waarmee seinskote afgevuur moes word.(25) 'n "Caamer van basjen" was 'n kleinkaliber skeepskanonnetjie wat met ongeveer twee pond (0,9 kg) buskruit op 'n slag gelaai is.(26) Dit het 'n kort loop gehad en is hoofsaaklik vir saluut- of vreugdeskote gebruik.(27)

Al die burgers van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse distrikte, sowel as diegene wat buite die grense van die genoemde distrikte gewoon het, is met 'n plakkaat oor die

---

23. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 7/9/1734, pp. 369 - 370.
24. BKR 1 Notules van die Burgerkrygsraad, 11/10/1734, geen bladsy.
25. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek II, 2/6 November 1734 (Bepalings in verband met optrede ingeval van oorlog), pp. 156 - 158.
26. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, p. 398.
27. G.C. de Wet (red.) Resolusies van die Politieke Raad IX, p. 333.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



werking van die seinstelsel in kennis gestel. Hulle moes onmiddellik na die eerste seinskote gehoor en die seinvure gesien is, met hul volle wapenrusting te voet of te perd na hul onderskeie regimente gaan. Die regiment het dan na die kasteel vertrek. Die Kompanjie het van landsburgers verwag om die kolonie te verdedig met alles wat hulle gehad het. Diegene wat 'n oproep tot diens moedswillig verontagsaam het, is by skuldigbevinding sonder aansien des persoons as meinedige landsverraaiers beskou en kon lyfstraf of selfs die doodstraf opgelê word.(28)

Die seinposte is gewoonlik beman deur die persoon op wie se plaas die seinkanon opgestel is. In die geraadpleegde dokumente word die name van die seinmanne gegee, maar nie die plase waarop die seinposte was nie. Om 'n nadere beskrywing van die ligging van die verskillende seinposte te gee, moes vasgestel word watter plase in besit van die verskillende seinmanne was. Probleme is egter met hierdie metode van lokalisering ondervind omdat sommige burgers wat in 1734 seinmanne was nie plase in eiendom besit het nie, maar leningsplase gehad het. Die ligging van dié plase is gewoonlik baie vaag beskryf. In sulke gevalle kan daar net 'n breë beskrywing van die moontlike ligging van so 'n seinpos gegee word. Soms is die betroubaarste persoon wat naby 'n seinpos geboer het as seinman aangewys. In so 'n geval was die seinpos nie op sy plaas nie en is dit uit die aard van die saak moeilik om die ligging daarvan te bepaal.

Burgers het dikwels van leningsplase verwissel en daar kan nie altyd presies vasgestel word hoe lank 'n persoon 'n plaas van die Kaapse regering gehuur het nie. Dit bring mee dat daar nie met sekerheid gesê kon word of die huurder van 'n leningsplaas waarop daar 'n seinpos was op 'n spesifieke datum nog seinman by so 'n pos was nie. Soms het dit gebeur dat leningsplase lank reeds deur boere verlaat was, terwyl die

28. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek II, 2/6 November 1734 (Bepalings in verband met optrede ingeval van oorlog), pp. 156 - 158.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



plaas nog op hul naam geregistreer was. In gevalle waar seinposte op plase was wat in eiendom uitgegee is, kan presies vasgestel word wie die seinman was en waar die pos was.

In 1730 was Floris Maijboom die eienaar van die plaas Plattekloof en ook seinman van die seinpos wat daar was. Hy het die plaas in 1730 gekoop en in 1738 aan Paulus Artois verkoop.(29) Die seinpos by Stellenboschkloof was op die plaas Saxenburgh.(30) Saxenburgh is vanaf 1705 tot 1763 deur Oloff Bergh en sy seun Marthinus besit.(31) In 1734 was Lammert Mijburgh, eienaar van die plaas Lang Verwagt, seinman by die seinpos op Stellenboschkloof. Dit is nie duidelik hoe lank hy seinman by dié pos was nie. Lang Verwagt was die buurplaas van Saxenburgh.(32)

Casper Piek, die seinman van die pos op Hottentots-Hollandkloof het twee leningsplase aan die oostekant van die Hottentots-Hollandkloof van die Kaapse regering in lening gehou. Een van die plase was onder die Elandskloof aan die Karserivier geleë. Hierdie plaas het hy vanaf 1730 tot 1748 in lening gehad. Hoewel die plaas baie ver van die seinpos op Hottentots-Hollandkloof was, is dit na alle waarskynlikheid die plaas waarop hy gewoon het toe hy in 1734 as seinman aangestel is.(33) Die ander leningsplaas wat hy gehad het, was aan die Palmietrivier geleë. Hoewel hierdie plaas baie nader aan Hottentots-Hollandkloof was, het hy dit eers in Mei 1739 in lening ontvang.(34)

Michiel Otto was seinman by die seinposte op Houwhoek, Swartberg, bokant die "Warmewater", en by Hessekwakloof. Dit was vir hom fisies onmoontlik om by al die seinposte

---

29. Kaapse Aktekantoor, T 1956, 18/10/1730, geen bladsy en T 2401 29/07/1738, geen bladsy.
30. CTD 12 Old Cape Freeholds, 14/3/1705, p. 166.
31. Ibid., 14/3/1705, p. 166; Kaapse Aktekantoor, T 3833, 1/3/1763, geen bladsy.
32. 1/STB 18/31 Inventarissen, 4/1/1745, geen bladsy.
33. RLR 9/1 Oude Wildschutte Boek, 15/11/1730, pp. 104 - 105.
34. RLR 10/1 Oude Wildschutte Boek, 9/5/1739, pp. 67 - 68; RLR 15/1 Oude Wildschutte Boek, 15/7/1759, p. 105.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gelyktydig teenwoordig te wees en hy het na alle waarskynlikheid sy verantwoordelikheid en pligte gedelegeer. Hy het twee leningsplase in die nabye omgewing van die drie seinposte gehad, naamlik een by Klein-Houwhoek aan die Rheeboksrivier, genaamd De Rust[35], en 'n tweede plaas wat aan die Kromrivier geleë was en waarop hy gewoon het.[36]

Die seinpos by die Paarl was geleë tussen die plase van Lucas Meyer en Jan Bastiaansen. Meyer het die plaas Lugtenburg besit, maar dit is nie duidelik watter plaas Bastiaansen besit het nie.[37] Die seinkanon op die noordelike punt van Riebeeck Kasteelberg het op die plaas Voorspoed gelê. Dié plaas het gesamentlik aan Jacobus van der Heyden en Pieter van der Byl behoort.[38] Die seinkanon op Honingberg het waarskynlik op die plaas Vleeschbank gelê. Vleeschbank was die eiendom van Johannes Louw wat die seinman daar was.[39]

Hendrik Krugel was seinman by die seinpos op die voorste hoek van die Piketberg waar hy 'n leningsplaas gehad het. Al wat omtrent dié plaas bekend is, is dat dit vroeër deur Andries Krugel van die Kompanjie gehuur is.[40] Andries Krugel het twee leningsplase in die omgewing van Piketberg gehad, genaamd Palmiete Fontein wat aan die Olifantsrivier geleë was en 'n ander plaas genaamd Lange Valleij. Nêrens word gesê op watter een van die twee plase hy gewoon het nie.[41]

Guilliam Visagie was seinman by die seinpos op Pikenierskloof waar hy 'n veeplaas, genaamd Jongemanskraal, van die Kompanjie gehuur het en wat geleë was aan die Pikenierskloof. Visagie het nie op Jongemanskraal gewoon nie, maar op 'n ander plaas,

---

35. RLR 12/3 Oude Wildschutte Boek, 19/3/1751, p. 320.
36. MOOC 8/18 Inventarissen en Taxatien, 2/12/1782, geen bladsy.
37. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 2/10/1732, p. 239.
38. CTD 12 Old Cape Freeholds, 24/3/1704, p. 505.
39. MOOC 8/49 Inventarissen en Taxatien, 29-30/5/1782, geen bladsy.
40. RLR 9/2 Oude Wildschutte Boek, 1/3/1731, pp. 321 - 322; RLR 38/1 Oude Wildschutte Boek, 1/3/1731, pp. 129 - 131.
41. RLR 9/3 Oude Wildschutte Boek, 6/10/1732, p. 729.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



genaamd Slent, wat geleë was aan die suidwestelike hoek van die Paardeberg. Hieruit is dit duidelik dat Visagie nie altyd by die seinpos op Jongemanskraal teenwoordig was nie.(42) Op die plaas wat Floris Maijboom by die Piketberg gehad het, was daar ook 'n seinpos. Hy het twee plase in daardie omgewing gehad. Die een plaas was geleë in die Langevallei aan die Piketberg en het Klipfontein geheet,(43) terwyl die ander plaas op die hoek van die Piketberg geleë was en as Klyn Fontein bekend gestaan het.(44) Eersgenoemde plaas was na alle waarskynlikheid die een waarop die seinkanon gelê het. Floris Maijboom was natuurlik ook die eienaar van die plaas Plattekloof waar hy ook seinman was. Die seinpos by Koeberg waar Adam van Dijck seinman was, was op die plaas Kleine Oliphantscop(45) en die een op Klipberg waar Johannes Cruywagen seinman was, was op die plaas Klipfontein geleë.(46)

Oorkant die Breërivier was daar twee seinposte. Een was op die plaas Eendragt wat aan Christoffel Botha behoort het(47) en die ander een op die Olifantsberg, op die plaas genaamd Olifantsberg, wat aan Hannes Botha behoort het.(48)

Die ligging van vier seinposte, naamlik die een by Rietvallei aan die Buffeljagsrivier, op Simonsberg, by die Kompanjiespos oorkant Roodezand en die een aan die kant van Groenekloof, op Dassenberg, kan nie presies bepaal word nie. Hierdie poste was naby of by 'n Kompanjiepos geleë en 'n korporaal in diens van die Kompanjie, wat by die buitepos gebly het, het as seinman opgetree. Dit is dus nie moontlik om in hierdie vier

---

42. MOOC 8/6 Inventarissen en Taxatien, 4-5/6/1740, geen bladsy.
43. MOOC 8/6 Inventarissen en Taxatien, 19-20/2/1738, geen bladsy.
44. RLR 38/2 Oude Wildschutte Boek, 17/3/1735, p. 367.
45. C 350 Attestatiën, 1/9/1732, p. 75.
46. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VII, 8/5/1725, p. 152.
47. MOOC 8/10 Inventarissen en Taxatien, 7/1/1764, geen bladsy; BKR 1 Notules van die Krygsraad, 11/10/1734, geen bladsy.
48. MOOC 8/6 Inventarissen en Taxatien, 9/4/1738, geen bladsy; BKR 1 Notules van die Krygsraad, 11/10/1734, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gevalle vas te stel op watter plase die seinposte geleë was nie omdat plaaseienaars of leninghouers nie as seinmanne opgetree het nie.

Wanneer dit nodig was om die burgers uit die buitedistrikte na die Kaap te ontbied, is die eerste seinskote vanaf die pos by Plattekloof afgevuur. Daar was ook 'n vlagpaal waaraan daar terselfdertyd 'n rooi vlag gehys is.(49) Sedert 1741 is daar nie meer 'n rooi vlag nie, maar 'n prinsevlag gehys.(50) Die oomblik wanneer die seinmanne by die poste wat seine vanaf Plattekloof ontvang het, die seine gehoor en gesien het, moes hulle begin om ook seine te maak. Daarmee moes 'n seinman voortgaan totdat hy gesien het dat daar met die maak van seine begin is by die pos waarheen hy seine gestuur het. Hy kon dan self die maak van seine staak en by sy regiment aansluit om na die Kaap te vertrek. Op so 'n wyse het die seinboodskap in al die distrikte versprei.

Die burgeroffisiere van die Kaap en die landdros en burger-offisiere van Stellenbosch en Drakenstein het opdrag gehad om die lys met name van die burgers sowel as die getal lyfeienes en perde wat in die Kolonie beskikbaar was so volledig as moontlik op te stel. Tydens 'n noodtoestand, wanneer almal opgeroep is, kon daar met behulp van die naamlys onmiddellik vasgestel word wie teenwoordig was en watter burgers na die platteland moes terugkeer om op die plase by die vrouens en kinders te bly.(51)

Die wyse waarop die skeepskanonnetjies na die seinposte vervoer is en presies wanneer dit gedoen is, kon nie in die geraadpleegde dokumente opgespoor word nie. Kort nadat die

---

49. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek II, 2/6 November 1734 (Bepalings in verband met optrede ingeval van oorlog), pp. 156 - 158; C 521 Deel III Uitgaande Briewe: J. de la Fontaine - P. Lourensz, 6/11/1734, pp. 1148 - 1153.
50. C 117 Resolusies van die Politieke Raad, 21/3/1741, pp. 9 - 10.
51. G.C. de Wet (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 2/11/1734, p. 380.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



seinposte opgerig is, het kaptein Theunis Botha van Stellenbosch laat weet dat die kanonnetjies glad nie vir sein= doeleindes geskik was nie. Die kanonnetjies is by verskeie seinposte getoets en daar is gevind dat die skote tot op 'n afstand van 'n uur te perd vanaf 'n seinpos nie meer duidelik gehoor kon word nie. Op 'n stil mooiweersdag was dit in 'n mate moontlik om sulke seinskote te hoor, maar dan was die knal nog steeds so sag dat dit maklik met dié van 'n snaphaan verwar is.(52)

Die effektiwiteit van die seinstelsel is verder by die Politieke Raad onder verdenking geplaas nadat landdros Lourensz van Stellenbosch sy indrukke daaromtrent aan goewerneur Jan de la Fontaine oorgedra het. Ter stawing van sy indrukke het hy 'n geval onder die aandag van die goewerneur gebring: 'n "caamer van basjen" is op Houwhoek afgevuur en nie deur Jurgen Appel, wat aan die Botrivier gewoon het, gehoor nie. Hy was ook van mening dat die seinskote wat vanaf die seinpos by Hottentots-Hollandkloof afgevuur is nie tot by Houwhoek hoorbaar was nie. Nog minder sou skote vanaf die Swartberg tot by die volgende seinpos aan die Hessekwakloof gehoor word en van daar by die ander seinposte verder die binneland in. Die afstand tussen die seinposte was te groot en 'n "caamer van basjen" se knal te sag om so ver te trek. Sommige seinposte was tussen een en ag uur te perd van mekaar geleë. Die afstand tussen die seinpos op die Hessekwakloof en die een aan Buffeljagsrivier was só groot dat daar glad nie met behulp van die seinstelsel 'n verbinding tussen die twee poste gestig kon word nie. Daar was 'n hele aantal plase tussen die twee poste waar die seinskote ook nie gehoor sou word nie.(53)

Op 19 Oktober 1735 is 'n aantal proefskote afgevuur met die "caamer van basjen" wat op Plattekloof gelê het om vas te stel hoe ver die knal hoorbaar was. In opdrag van goewerneur De la

52. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 15/3/1735, geen bladsy.
53. C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 17/5/1735, pp. 58 - 65; C 446 Inkomende Briewe: P. Lourensz - J. de la Fontaine, 6/5/1735, pp. 17 - 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Fontaine het landdros Lourensz van Stellenbosch 'n aantal burgers na die seinpos op Stellenboschkloof gestuur. Hulle moes luister of hulle die skote vanaf Plattekloof kon hoor. Met hul terugkeer op Stellenbosch het hulle gerapporteer dat hulle vier skote vanaf Plattekloof gehoor en elkeen met die "caamer van basjen" beantwoord het wat op Stellenboschkloof gelê het. Die burgers het Lourensz meegedeel dat hulle 'n spesiale poging moes aanwend om die skote te kon hoor wat op Plattekloof afgevuur is. Volgens die burgers sou hulle dit nie kon hoor indien hulle nie so 'n opsetlike poging aangewend het nie. Op Stellenbosch was dit onmoontlik om die skote vanaf Plattekloof en Stellenboschkloof te hoor, hoewel daar die betrokke dag 'n sterk westewind in Stellenbosch en Stellenboschkloof gewaai het. Dit was dus duidelik dat die knal van die skote só sag was dat nie eens die wind dit tot op Stellenbosch kon dra nie.(54)

Die goewerneur het besef dat daar leemtes in die seinstelsel was en dat daaraan aandag gegee moes word ten einde dit doeltreffend te laat funksioneer. Hy wou die probleem oplos deur nog seinposte op te rig. Dit sou meebring dat die afstande tussen die seinposte verkort en die seinskote maklik vanaf een pos tot by 'n volgende gehoor kon word. Ten einde die plan deur te voer, moes nog kanonne gevind word om by die seinposte wat hy wou laat oprig, te plaas. Die landdroste en krygsoffisiere van die verskillende distrikte is opdrag gegee om in hul distrikte na kanonne te soek. Hulle moes kyk of daar nie ekstra bruikbare kanonne op die hoogte by die plaas van Albert Myburgh en by Riebeeck Kasteelberg op die plaas van Jacob van der Heyden gelê het nie.(55)

Die distrikte is deursoek, maar niks is gevind nie, behalwe op Riebeeck Kasteelberg waar daar 'n ekstra kanon gelê het. Die kanon het reeds 'n geruime tyd op die plaas van Jacob van der

54. Ibid., P. Lourensz - J. de la Fontaine, 23/10/1735, pp. 119 - 121.
55. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 19/4/1735, geen bladsy; C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 17/5/1735, pp. 58 - 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Heyden gelê, maar was ongeskonde en het geen merke gehad nie. Volgens 'n slaaf wat op die plaas gewerk het, het die kanon daar gelê sedert die plaas aan die vorige eienaar behoort het. Die kanon het nie ver van die woonhuis van Jacob van der Heyden, aan die noordekant van Riebeeck Kasteelberg, gelê nie. Lourensz het 'n aantal Kompanjieruiters gestuur om die kanon te gaan haal en na die Kaap te neem.(56)

Die Politieke Raad het besef dat die plakkaat wat hulle op 6 November 1734 uitgestuur het met die instruksies oor hoe burgers moes handel wanneer seinskote afgevuur is, nie veel werd was nie. Die seinstelsel het nie doeltreffend gefunksioneer nie en daarom kon burgers nie die instruksies volg nie.(57) Die Raad het aandag aan die saak gegee en die landdros en burgerkrygsraad van Stellenbosch opdrag gegee om bekwame persone af te vaardig om vas te stel of daar nie op die gestrande skip Schoonenberg en ander skepe wat in vorige tye in dieselfde omgewing gestrand het, ligte skeepskanonnetjies agtergebly het nie. Dit is dus duidelik dat die goewerneur die Politieke Raad oortuig het van die idee dat die seinstelsel alleen doeltreffend kon funksioneer indien daar nog seinposte opgerig word tussen dié wat reeds bestaan het.(58)

Die Schoonenberg was 'n Nederlandse skip onder bevel van Albertus van der Loest. Dit het op 22 November 1722 in die mond van die Uilkraalsrivier gestrand.(59)

Indien kanonnetjies gevind word, moes dit aan die oorkant van die Hottentots-Hollandkloof geplaas word waar nog seinposte opgerig moes word. Aan die Kaap was daar op daardie stadium

---

56. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 4/5/1735 geen bladsy; C 446 Inkomende Briewe: P. Lourensz - J. de la Fontaine, 6/5/1735, pp. 17 - 22.
57. C 522 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - P. Lourensz, 17/5/1735, pp. 400 - 403.
58. C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 17/5/1735, pp. 65 - 66.
59. C 408 Inkomende Briewe: A. van Loess - M.P. de Chavonnes, 27/11/1722, pp. 313 - 315.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



geen kanonnetjies wat daarheen gestuur kon word nie. Hulle moes ook kyk of van die burgers nie "caamers van basjen" wat van die Schoonenberg afkomstig was op hul plase gehad het nie.[60]

Carel Christoph Coetsits en Willem Lubbe is opdrag gegee om op die Schoonenberg na kanonnetjies te gaan soek. Met hul terugkeer het hulle volledig verslag gedoen aan die burgerkrygsraad. Hulle het op 24 Mei 1735 vertrek en op 31 Mei hul bestemming aan die mond van die Uilkraalsrivier bereik. Met laagwater het hulle die wrak van die gestrande Schoonenberg so goed as moontlik deursoek, maar niks gevind nie. Hulle het ooreenkomstig hul opdrag al die inwoners van die omgewing ondervra om uit te vind of daar nie kanonnetjies uitgespoel en in besit van die burgers beland het nie, maar niemand het van so iets geweet nie. Hulle het wel te hore gekom van 'n erg gebarste kanonnetjie wat aan die Boesmansrivier gelê het. Die inwoners het vertel dat Wyer Hendrikz die kanon daar aangebring het en dat dit 'n geruime tyd daar gelê het voordat Anthonie Visser dit met sy wa na die Kaap geneem het. Andries van Dyck, Anthonie Visser se kneg, het bevestig dat die kanon na die Kaap geneem is.[61]

Op 20 Junie 1735 het die burgerkrygsraad van Stellenbosch, onder voorsitterskap van landdros Lourensz, 'n vergadering gehou waartydens lede voorstelle kon indien om die seinstelsel te verbeter. Lourensz het die goewerneur se voorstel dat nog seinposte opgerig moes word aan die vergadering voorgehou. Dit is indringend bespreek, maar daar is tot die slotsom gekom dat dit nie die stelsel sou verbeter nie omdat die knal van skote wat met 'n "caamer van basjen" afgevuur is te sag was. Tussen die seinposte wat reeds bestaan het, was daar wel plase waar nog poste opgerig kon word, maar daar was nie bewoners op die plase wat as seinmanne aangestel kon word nie.

60. C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 17/5/1735, pp. 58 - 65.
61. 1/STB 13/4 Krygsraad Resolusies, 14/6/1735, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die enigste manier waarop die seinstelsel verbeter kon word, was om groter kanonne by die seinposte te plaas.[62]

Die Politieke Raad het kennis geneem van die burgerkrygsraad se voorstel en hulle opdrag gegee om 'n noukeurige opname te maak van die totale aantal kanonne wat by die seinposte benodig is. Hulle moes nie die kanonne wat op Stellenbosch=kloof en Riebeeck Kasteelberg gevind is in berekening bring nie.[63] Uit die opname het dit geblyk dat 17 kanonne benodig is.[64]

Die enigste kanonne waarsonder daar aan die Kaap klaargekom kon word en wat die Politieke Raad vir seindoeleindes kon afstaan, was driepondkaliber kanonne. Die Raad het aangevoer dat hulle nie swaarder kanonne na die binneland kon stuur nie, omdat die paaie te swak, die berge te hoog en daar onoorbrug=bare riviere was wat die vervoer daarvan bemoeilik en selfs onmoontlik gemaak het. Voordat die kanonne uitgestuur kon word, is 'n aantal proefskote afgevuur om seker te maak dat dit vir seindoeleindes geskik was. Die kanonne sou aan die burgerkrygsrade van die verskillende distrikte gestuur word. Hulle moes toesien dat dit na die seinposte geneem word en die "caamers van basjen" na die kasteel teruggestuur word. Geen bewyse is in die geraadpleegde dokumente gevind dat die driepondkaliber kanonne ooit na die seinposte gestuur is nie.[65]

Die Poolse Suksessie-oorlog is op 3 Oktober 1735 besleg, maar vrede is eers op 18 November 1738 finaal gesluit. Die vrede het nie lank geduur nie, want in September 1743 was Nederland weer in 'n oorlog gewikkel.[66] In hierdie tussentydperk toe

---

62. Ibid., 20/6/1735, geen bladsy.
63. C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 19/7/1735, pp. 84 - 86.
64. C 446 Inkomende Briewe: P. Lourensz - J. de la Fontaine, 9/8/1735, pp. 73 - 76.
65. C 98 Resolusies van die Politieke Raad, 16/8/1735, pp. 92 - 94.
66. H. Brugmans en G.W. Kernkamp: Algemene Geschiedenis, pp. 364 - 371.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



daar vrede aan die kant van Nederland was, het die seinstelsel aan die Kaap geen aandag ontvang nie.

Vroeg in 1741 het die Politieke Raad die oorlogstoestande wat opnuut in Europa geheers het, bespreek. Dit het hulle tot kommer gestem en daartoe gelei dat goewerneur Swellengrebel die plakkaat van 2 November 1734, wat in verband gestaan het met die funksionering van die seinstelsel, in oënskou geneem het.(67) Die Here Sewentien is meegedeel dat die stelsel glad nie aan die verwagtinge voldoen nie omdat die "caamers van basjen" nie vir seindoeleindes geskik was nie.(68)

Sekunde Ryk Tulbagh, die koopman en sekretaris van die Politieke Raad, Josephus de Grandpreez, die presidente van die krygsrade van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse distrikte, kaptein Rudolf Sigfried Alleman, landdros Pieter Lourensz en die burgeroffisiere van die drie krygsrade het byeengekom en beraadslaag in 'n poging om vas te stel watter metodes in stede van die bestaande seinstelsel gebruik kon word om die buiteliede in 'n noodsituasie op te roep. Hulle voorstel is op skrif gestel en aan die Politieke Raad voorgelê.

Hulle het gereken dat die landdros van Stellenbosch, die ritmeester van Drakenstein, die burgeroffisiere van die verskillende distrikte, die veldkorporaals van Tygerberg, Koeberg en Blaauwberg en die Kompanjie-amptenare van die buiteposte die burgers te perd moes besoek om hulle van die aankoms van 'n vyand in kennis te stel sodat hulle na die Kaap kon kom. Sommige van die plase in die Kaapse distrik was baie ver in die binneland geleë en 'n spesiale ruitermag, bestaande uit Kompanjiedienare en lede van die Kaapse burgery, is saamgestel om die boodskap na hulle te neem.

---

67. C 117 Resolusies van die Politieke Raad, 21/3/1741, pp. 115 - 122; BKR 5 Extract Resolusie genomen in't Kasteel de Goede Hoop, 21/3/1741, pp. 2 - 17.
68. C 526 Uitgaande Briewe: H. Swellengrebel - Here XVII, 8/5/1741, pp. 215 - 216.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Almal wat die boodskap gekry het, moes hul naaste bure en almal wat hulle teëgekom het daarvan in kennis stel en onmiddellik na die Kaap kom. As 'n addisionele algemene seinteken sou seinskote vanaf Plattekloof afgevuur en die prinsevlag aan die vlagpaal gehys word, sodat elkeen wat dit sien en hoor, kon weet dat hulle sonder tydverkwisting na die kasteel moes gaan. Die vlag sou bly wapper om almal wat dit sien te herinner dat dit hulle plig was om na die Kaap te gaan.

In tye wanneer 'n aanval verwag is, is baie slawe aan die Kaap benodig om noodsaaklike werk te verrig. Die burgers van die buitedistrikte is gevra om dan al die slawe waarsonder hul op hul plase kan klaarkom met hulle na die Kaap te bring. Die Politieke Raad het die nuwe wyse waarvolgens burgers na die Kaap opgeroep sou word deur middel van plakkate aan al die inwoners van die Kolonie bekend gemaak. Dit was elke inwoner se plig om hulp te verleen wanneer die Kolonie beskerm moes word. Hulle is daaraan herinner en gewaarsku dat swaar strawwe opgelê sou word aan diegene wat nie gehoorsaam was aan 'n algemene oproep tot mobilisasie nie.(69)

Die poshouer van Saldanhabaai, Jan Jochem Bock, is opdrag gegee om alle skepe vanaf die "ordinaire plaats" dop te hou. Oor alle skepe wat die baai binnegekom of daar verbygevaar en na Tafelbaai op pad was, moes aan die Kaapse regering verslag gedoen word. 'n Manskap moes na die kasteel gestuur word om te sê hoeveel skepe gesien is en van watter land hulle afkomstig was.(70)

Die Politieke Raad het besef dat 'n vyand skielik sy opwagting aan die Kaap kon maak en dat daar dan nie volgens die voor=gestelde wyse opgetree sou kon word om die buiteliede op te roep nie. Die metode om die boodskap by die burgers te kry

---

69. C 117 Resolusies van die Politieke Raad, 21/3/1741, pp. 115 - 122; C 526 Uitgaande Briewe: H. Swellengrebel - Here XVII, 8/5/1741, pp. 215 - 216.
70. C 529 Uitgaande Briewe: J. de Grandpreez - J.J. Bock, 17/2/1744, pp. 857 - 858.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sou in so 'n situasie hopeloos te tydrowend wees. Die moontlikheid het ook bestaan dat die burgers die boodskap of seine kon ignoreer. Niemand sou dan opdaag om die Kaap te verdedig nie. Om dié rede is besluit om 'n aantal burgers met wapens vanuit die buitedistrikte na die kasteel te laat kom in gevalle wanneer hulle hoor dat Nederland in 'n oorlog betrokke geraak het.

Slegs 50 man sou op 'n keer uit die buitedistrikte na die Kaap kom en sou elke maand deur 'n ander groep afgelos word. Volgens dié stelsel sou burgers een keer elke ses maande aan die Kaap diens doen. Die Kompanjie was daarvoor verantwoordelik om kos en huisvesting aan die manskappe te voorsien vir die tydperk wat hulle aan die Kaap vertoef het.(71)

Die ritmeesters en kapteins van die buitedistrikte moes sorg dat hul manskappe gewere het, kruit en lood vir 24 patrone en alle ander voorraad wat hulle sou nodig kry. In geval van 'n oproep tot mobilisasie was daar nie tyd om dit aan hulle uit te reik nie. Die burgeroffisiere het verantwoordelikheid aanvaar vir die gewere en ammunisie en moes toesien dat die burgers dit oppas.(72)

Op 14 September 1744 het die skip Vijvervreugd in Tafelbaai vasgemeer met die nuus dat Frankryk oorlog teen Brittanje verklaar het en dat dit slegs 'n kwessie van tyd was voordat Nederland daarby betrokke sou raak. Die goewerneur het ook berig ontvang dat die Franse van voorneme was om oorlogskepe na Oos-Indië te stuur en dat hulle aan die Kaap daarop voorbereid moet wees. Alle middele moes in werking gestel word om 'n verrassingsaanval die hoof te bied.(73)

---

71. C 117 Resolusies van die Politieke Raad, 21/3/1741, pp. 115 - 122.
72. C 526 Uitgaande Briewe: H. Swellengrebel - Here XVII, 8/5/1741, pp. 221 - 222.
73. VC 26 Daghregister, 15/9/1744, geen bladsy; C 122 Resolusies van die Politieke Raad, 15/9/1744, pp. 357 - 359.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die burgers rondom die Kaapse nedersetting se aandag is daarop gevestig dat hulle nog steeds met seine opgeroep sou word. Hulle moes na die kasteel gaan sodra twee kanonskote uit die geskut op die punt Buren afgevuur is en 'n rooi vlag aan die vlagstok by die kasteel gehys is. Gedurende die nag sou twee kanonskote afgevuur word en twee lanterns aan die vlagstok vertoon word. Die seine vir die inwoners in die buitewyke van die Kaap en omgewing sou steeds vanaf Plattekloof gemaak word.(74)

Op 15 September 1744 het die Politieke Raad opdrag gegee dat 'n afdeling van 50 dragonders met hul offisiere en onderoffisiere na die Kaap moes kom om 'n maand diens te doen. Na 'n maand sou hulle deur die volgende afdeling afgelos word. Die eerste afdeling was onder bevel van kaptein Johannes Louw Pietersz en het op 17 September 1744 aangemeld. Op 17 Oktober is hulle afgelos deur kaptein Gerhard van der Bijl en sy manskappe wat op 17 November deur kaptein Johannes Louw Jacobsz en sy manskappe afgelos is. Hy is op 17 Desember deur kaptein Cornelis van Rooyen en sy manskappe van die Overberg afgelos.

Die kompanies uit die buitedistrikte het uit altesaam 56 man bestaan. Daar was 'n kaptein, 'n luitenant, 'n kornet, twee wagmeesters, 'n vaandeldraer, vier korporaals en 46 dragonders. Die manskappe het hul gewere sowel as kruit en lood vir 12 patrone saamgeneem na die Kaap waar hulle nog ammunisie gekry het. Huisvesting en proviand is aan hulle voorsien en daar was ook stalle en kos vir hul perde. Die Overbergers het op pad na die Kaap by Stellenbosch aangedoen waar hulle ammunisie ontvang het.(75)

---

74. C 122 Resolusies van die Politieke Raad, 22/9/1744, p. 400.
75. 1/SWM 11/1 Inkomende Briewe: Landdros, Heemrade en Krygs=offisiere van Stellenbosch - Heemrade en Krygsoffisiere van die Overbergse buitedistrikte, 23/9/1744, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 28 November 1744 het twee Engelse skepe, The Fame en Winchelsea in Tafelbaai aangekom met die nuus dat Frankryk oorlog teen Nederland verklaar het.(76) Vier maande later, in Maart 1745, het die Here Sewentien die Politieke Raad laat weet dat hulle nie meer 'n aanval hoef te vrees nie. Dit was die tyd van die jaar wanneer die boere met ploegwerk begin het en die Politieke Raad het opdrag gegee dat die kompanie wat aan die Kaap diens gedoen het, huis toe kon gaan. Landdros Lourensz is aangesê om nie weer 'n groep te stuur nie, maar hy moes sorg dat die burgers paraat bly, sodat hulle met die verskyning van die vyand vinnig na die Kaap kon kom.(77)

Laat die agtermiddag van 23 Augustus 1745 is vier seinskote vanaf Leeukop afgevuur as teken dat vier skepe in aantog was. Teen die aand is nog twee opgemerk. Die skepe was te ver om deur die seinmanne geïdentifiseer te word, maar as gevolg van die oorlogstoestande wat in Europa geheers het en die feit dat daar nie elke dag ses skepe tegelyk in die Kaap aangekom het nie, het goewerneur Swellengrebel gedink dat dit die vyand was. Die militêre poste langs die strand is beset en 'n groep ruiters moes die strand by die Waterplaas die hele nag patrolleer om seker te maak dat die skepe nie soldate aan wal sit nie. Die Kompanjiedienaars van die Schuur en nabygeleë buiteposte is na die kasteel ontbied. Die burgermilisie is op 'n gereedheidsgrondslag geplaas sodat hulle met die eerste alarmseine na die kasteel kon gaan. Die burgers uit die buitedistrikte is ook opgeroep. Die volgende oggend het ses Engelse skepe Tafelbaai binnegevaar. Hulle was geensins vyandiggesind nie en die goewerneur het almal wat hy laat opkommandeer het, weer huis toe gestuur.(78)

Op 22 Oktober 1747 het die skip 't Casteel van Tilburg in Tafelbaai aangekom.(79) Die Politieke Raad het die volgende

76. VC 26 Daghregister, 28/11/1744, geen bladsy.
77. C 530 Uitgaande Briewe: J. de Grandpreez - P. Lourensz, 23/2/1745, pp. 40 - 41; C 123 Resolusies van die Politieke Raad, 23/3/1745, pp. 135 - 136.
78. VC 26 Daghregister, 23/8/1745, geen bladsy en 24/8/1745, geen bladsy.
79. Ibid., 22/8/1747, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dag vergader en die nuus wat hy gebring het, bespreek. Die koning van Frankryk het oorlog teen Nederland verklaar en die besluit wat hulle op 15 September 1744 geneem het, is weer van krag gemaak.[80]

Die burgers se aandag is daarop gevestig dat hulle met dieselfde seine as in 1744 vanaf die kasteel en Plattekloof gewaarsku sou word wanneer die vyand die Kaap wou aanval. 'n Spesiale afdeling bestaande uit 10 perderuiters onder bevel van 'n korporaal is gestig en moes elke nag die strand by die Waterplaas patrolleer. Wanneer hulle vyandelike skepe opgemerk het, moes hulle onmiddellik na die kasteel gaan, twee kanonskote afvuur en die twee lanterns aan die vlagpaal hys.[81]

Die Politieke Raad het besluit om weer die burgers uit die buitedistrikte op te roep om vir skofte van 'n maand aan die Kaap diens te doen. Die res van die inwoners in die buitedistrikte is gewaarsku om hul perde gereed te hou sodat hulle met die eerste alarmseine na die Kaap kon gaan.[82] Op 20 Oktober 1747 het die eerste groep in die Kaap aangekom.[83]

Tydens 'n besoek aan die Kaap het landdros Rhenius van Swellendam die goewerneur gevra of die burgers uit sy distrik van die maandelikse wapenoefeninge verskoon kon word. Ondanks die troebele tydsomstandighede het die goewerneur die versoek toegestaan. Die goewerneur het ook ingestem dat daar elke maand slegs 12 dragonders met 'n offisier en onder-offisier vanaf die Swellendamse distrik na Stellenbosch gestuur word om saam met Stellenbosse burgers aan die Kaap diens te doen. Soveel burgers as moontlik moes in die Swellendamse distrik

80. Ibid., 23/8/1747, geen bladsy.
81. C 703 Memoriën en Instructiën, 22/8/1747, pp. 33 - 50.
82. C 125 Resolusies van die Politieke Raad, 23/8/1747, pp. 185 - 190; C 653 Daghregister van Stellenbosch en Swellendam, 26/8/1747, pp. 330 - 331; C 532 Uitgaande Briewe: P. Lourensz en J. de Grandpreez - J.T. Rhenius, 23/8/1747, pp. 571 - 573.
83. VC 26 Daghregister, 20/10/1747, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



agterbly omdat dit so uitgestrek en ver van die Kaap was en hulle dit nie aan kwaaddoeners wou blootstel nie.[84]

Vir burgers van die Swellendamse distrik het militêre diens aan die Kaap eindelose probleme en sorge gebring. Wanneer hulle 'n maand na die Kaap moes gaan, was hulle genoodsaak om hul veeplase onder toesig van hul vrouens en kinders te plaas, of wanneer hulle dít nie kon doen nie, onder toesig van een of twee Khoikhoi. Met hul terugkeer was hul koring deur die vee verniel en was baie van hul skape en beeste weg. Die veewagters het gewoonlik uit vrees vir straf ook gevlug en die res van die vee net so in die veld gelos as prooi vir ongediertes. Die boere het nie geld gehad om die rekognisie van hul leningsplase te betaal nie en het ook nie vee gehad wat hulle aan die Kompanjie kon gee nie. Hulle is finansieel geruïneer en landdros Rhenius het die goewerneur versoek om hulle vry te stel van wagdiens.[85]

Die goewerneur het die versoek nie as onredelik beskou nie, maar omdat hy 'n Franse aanval gevrees het, kon hy dit nie toestaan nie. Hy het nogtans die versekering gegee dat hy alles in werking sou stel om 'n plan te beraam sodat hul las ligter gemaak kon word. Indien die burgers 'n plan gehad het, moes hulle daarmee vorendag kom. Hy het hulle egter daaraan herinner dat hulle eerste prioriteit moes wees om die land te beskerm.[86]

Op 27 September 1748 het die Engelse skip Tartar in die Kaap aangekom met die tyding dat daar 'n wapenstilstand tussen Engeland, Nederland en Frankryk aangekondig is. Die burgers van Stellenbosch en Swellendam is teruggestuur en die

---

84. 1/SWM 1/1 Notule van die Landdros en heemrade, 19/9/1747, pp. 92 - 94.
85. C 126 Resolusies van die Politieke Raad, 16/9/1748, pp. 325 - 328; C 474 Inkomende Briewe: J.T. Rhenius - H. Swellengrebel, 16/9/1748, pp. 18 - 20.
86. 1/SWM 11/1 Inkomende Briewe: J. de Grandpreez - J.T. Rhenius, 26/9/1748, geen bladsy; C 533 Uitgaande Briewe: J. de Grandpreez - J.T. Rhenius, 26/9/1748, pp. 391 - 393.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



landdroste van die twee distrikte is opdrag gegee om nie weer burgers na die Kaap te stuur nie.[87] Die berig dat daar vrede tussen die drie moondhede gesluit is, het die Kaap op 1 Maart 1749 met die skip Oude Karspel bereik.[88]

---

87. C 126 Resolusies van die Politieke Raad, 28/9/1748, pp. 333 - 334; 1/SWM 11/1 Inkomende Briewe: J. de Grandpreez - J.T. Rhenius, 28/9/1748, geen bladsy; C 533 Uitgaande Briewe: J. de Grandpreez - A. van Schoor en J.T. Rhenius, 28/9/1748, pp. 419 - 422.
88. C 474 Inkomende Briewe: W. Backer - H. Swellengrebel, 24/10/1748, pp. 118 - 119.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 7

## DIE TWEEDE SEINSTELSEL - 1759

In 1754 het daar oorlog uitgebreek in Noord-Amerika tussen die kolonies van Frankryk en Engeland. Twee jaar later het die oorlogswolke ook oor Europa begin saampak en op 17 Augustus 1756 het die Sewejarige Oorlog uitgebreek nadat Brittanje en Frankryk mekaar die stryd aangesê het.(1) Engeland het ook alle ooreenkomste en verdrae verbreek wat hy met Nederland gesluit het.(2)

Dit was egter nie voor Desember 1758 dat die Sewejarige Oorlog en die gevolge daarvan die Kaap in rep en roer gehad het nie. Die voormiddag van 28 Desember is sewe seinskote vanaf Leeukop afgevuur. In die lig van die gebeure rondom die Sewejarige Oorlog en die vrees dat die Kaap aangeval kon word, was die Kaapse owerheid onmiddellik agterdogtig. Later die middag het nege Franse skepe Tafelbaai binnegevaar. Die Politieke Raad is onmiddellik byeengeroep om voorsorgmaatreëls teen 'n aanval te tref.(3)

Die kapteins van die burgerkavallerie en infanterie is opdrag gegee om hul manskappe op 'n gereedheidsgrondslag te plaas en van wapens te voorsien. Die kommandante in bevel van die onderskeie batterye en fortjies moes toesien dat die konstabels en hul handlangers wat die kanonne beman het op hul poste was en dat die kanonne met skerppuntammunisie gelaai is. Kompanjiedienaars van die Schuur en houtkappers van Witte Boomen is ontbied om die kanonne in die linie by die strand te beman.(4)

---

1. H. Brugmans en G.W. Kernkamp: Algemene Geschiedenis, pp. 381 - 382.
2. H.S. Williams (ed.): The Historians' History of the World XIV, pp. 6 - 7.
3. VC 28 Daghregister, 28/12/1758, geen bladsy.
4. C 136 Resolusies van die Politieke Raad, 28/12/1758, p. 438.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Nadat alles in gereedheid gebring is, het die Franse skepe in Tafelbaai kom anker gooi. Een van die offisiere is deur hul bevelvoerder, Chevalier de Ruis, met 'n brief na goewerneur Rijk Tulbagh gestuur waarin die Kaapse regering die versekering gegee is dat hulle geen kwade bedoelings het nie. Hulle wou slegs vars water en verversings hê.(5)

Afgesien van die belofte wat die Franse aan goewerneur Tulbagh gemaak het, het hy voortgegaan om voorsorgmaatreëls teen 'n aanval te tref. Tussen 75 en 80 man uit die burgerkavallerie van Stellenbosch en Drakenstein is na die Kaap opgeroep. Die burgerkrygsraad van Stellenbosch en Drakenstein is opdrag gegee om op 15 Januarie 1759 'n afdeling van 50 burgerdragonders na die Kaap te stuur. Hulle moes elke maand 'n ander groep stuur sodat hulle mekaar kon aflos.(6)

In Januarie 1759 het die landdros van Swellendam te hore gekom dat oud-heemraad Jan Loots besig was om die inwoners van die Swellendamse distrik in opdrag van die goewerneur na die Kaap op te roep om as dragonders diens te doen. Landdros Horak het onmiddellik vir Jacobus Rademijer na die landbouer Philip Cortje gestuur by wie Loots vertoef het en hom na Swellendam ontbied. Loots het geweier en Rademijer moes die volgende dag weer gaan om hom te gaan haal.

By sy aankoms op Swellendam het Loots verduidelik dat hy die boodskap om die burgers na die Kaap te ontbied gekry het terwyl hy by Jan Hendrik Conradie aan die Breederivier gekuier het. Conradie het hom verseker dat die boodskap van die goewerneur kom en hom gevra om die boodskap vir Hercules du Preez te neem wat in Roodezand gewoon het. Loots het verduidelik dat hy van die Kaap af op pad huis toe was en dat hy geweet het van die vyandelike skepe wat daar verwag is. Hy het daarom nie die boodskap in twyfel getrek nie, maar almal wat hy teëgekom het gevra om Kaap toe te gaan.

5. Ibid., 29/12/1758, p. 444.
6. Ibid., 30/12/1758, pp. 448 - 449.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Landdros Horak het 'n brief aan die goewerneur geskryf en wou van hom weet hoekom hy nie van die algemene mobilisasie in kennis gestel is nie. Die inwoners van sy distrik het nie geweet wat aan die gang was nie en hy wou graag 'n verduideliking van die goewerneur hê.(7)

In sy antwoord het goewerneur Tulbagh vir Horak verseker dat hy niks van die aangeleentheid geweet het nie. Hy het niemand uit die Swellendamse distrik na die Kaap opgeroep nie, en indien hy dit wou doen, sou hy vir Horak eerste daarvan in kennis gestel het. Horak is gevra om die inwoners van sy distrik gerus te stel. Alles was nog stil aan die Kaap en hulle dienste was nog nie benodig nie.(8)

'n Ondersoek van goewerneur Tulbagh het verder aan die lig gebring dat Loots glad nie skuldig was nie en alles op 'n misverstand berus het. Loots het soos 'n getroue landsburger opgetree toe hy die boodskappe versprei het. Hy het gehandel volgens die instruksies wat uiteengesit was in die plakkaat in verband met optrede tydens 'n algemene mobilisasie toe hy almal wat hy teëgekom het, gewaarsku het. Sy optrede was dus sonder voorbedagte kwade redes.(9)

In Maart 1759 het Chevalier de Ruis met sy vloot uit Tafelbaai vertrek sonder dat die Kaap aangeval is.(10) Goewerneur Tulbagh het die garnisoen vergoed vir die dienste wat hulle gelewer het terwyl die Franse aan die Kaap vertoef het. Hy het 'n legger witwyn uit die Kompanjie se kelder laat haal sowel as pype en tabak uit die pakhuis en onder die manskappe uitgedeel.(11)

---

7. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 30/1/1759, pp. 104 - 110.
8. C 544 Uitgaande Briewe: Goewerneur - A. Horak, 27/1/1759, pp. 20 - 22.
9. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 27/11/1759, pp. 464 - 474.
10. VC 28 Daghregister, 17/3/1759, geen bladsy en 21/3/1759, geen bladsy.
11. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 27/3/1759, pp. 209 - 210.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die Sewejarige Oorlog wat in Europa gewoed het en die gebeure van Desember 1758 en Januarie 1759, toe vals berigte versprei is in verband met burgers wat na die Kaap moes gaan, het die Politieke Raad in Augustus 1759 opnuut laat besef dat daar indringend aandag aan die seinstelsel gegee moes word. Dit was noodsaaklik dat die stelsel doeltreffend funksioneer sodat alle weerbare burgers uit die buitedistrikte opgeroep kon word wanneer dit nodig was.

Landdros Adriaan van Schoor van Stellenbosch is deur die Politieke Raad opdrag gegee om geskikte plekke vir die oprig van seinposte te soek. Dit was reeds in 1734 gedoen, maar die seinstelsel wat toe opgerig is, was nie 'n sukses nie. Sommige plekke wat Van Schoor in 1759 aangewys het, was in 1734 ook seinposte, maar 'n hele aantal nuwe plekke is deur hom uitgekies. Hy het aanbeveel dat die seinposte met sespondkaliber kanonne toegerus word.

Van Schoor het voorgestel dat die drie- tot vierpondkaliber kanon wat sedert 1734 by die seinpos op Plattekloof gelê het, deur 'n groter kanon vervang word. Die klein kanonnetjie se knal was te sag en daarom was die seinpos by Plattekloof nie in staat om seine doeltreffend aan die ander poste te stuur nie.(12) Goewerneur Tulbagh het opdrag gegee dat 'n twaalfpondkaliber kanon na Plattekloof geneem word en dat 'n nuwe vlagpaal daar opgerig word. Adriaan Henning, eienaar van die plaas Plattekloof, is deur die Politieke Raad as seinman aangestel en het 100 pond (45,4 kg) buskruit ontvang.(13) Plattekloof het meer buskruit as enige ander seinpos ontvang omdat dit die beginpunt van die seinstelsel was van waar daar in drie verskillende rigtings seine na die binneland gestuur is.

Die seintekens wat sedert 1741 gebruik is om die inwoners wat rondom die Kaap gewoon het na die kasteel op te roep wanneer 'n aanval verwag is, is in 1759 in opdrag van goewerneur

12. Ibid., 14/8/1759, pp. 307 - 308.
13. Ibid., 4/9/1759, p. 346.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Tulbagh verander. Die rooi vlag wat by die kasteel gehys is, was te ooglopend. Aankomende skepe kon dit sien en vir hulle sou dit 'n aanduiding wees dat die bewindhebbers 'n aanval verwag. Die skeepsbevelvoerders sou hulle dus daarop kon voorberei en dit moes nooit gebeur nie, want dan kon die Kaapse regering glad nie die vyand met 'n verrassingsaanval uitoorlê nie. Die afvuur van twee kanonskote as seinteken vanaf die punt Buren by die kasteel is ook laat vaar. Die Politieke Raad het besluit dat die Kompanjiedienaars en burgers net so doeltreffend na die kasteel opgeroep kon word deur 'n trom te slaan. In gevalle wanneer dit nodig was om die burgers uit die buitedistrikte op te roep, is die boodskap met twee perderuiters vanaf die kasteel na Plattekloof gestuur.(14)

Sodra die seinman by Plattekloof die boodskap ontvang het, moes hy die prinsevlag aan die vlagpaal hys en aanhoudend rookseine maak en seinskote afvuur. Daarmee moes hy voortgaan totdat hy opgemerk het dat daar by die seinposte waarheen hy seine gestuur het, ook daarmee begin is. Die eerste alarmseine is vanaf Plattekloof na die binneland gestuur.

Die Kaapse burgerkrygsraad was nie daarmee tevrede dat die eerste seinpos op Plattekloof was nie. Na hulle mening was Plattekloof te ver en het dit té lank geduur om 'n boodskap met perderuiters vanaf die kasteel tot daar te neem. In gevalle wanneer die vyand skielik sy opwagting aan die Kaap gemaak het, moes alarmseine baie gou na die binneland gestuur word. Om dié rede moes daar 'n seinpos nader aan die Kaap opgerig word. 'n Seinpos is aan die Soutrivier naby die woning van Johannes van Aarden opgerig. Hierdie pos is met 'n twaalfpondkaliber kanon toegerus en daar is ook 'n vlagpaal geplant. Die Kompanjie het 100 pond (45,4 kg) buskruit daarheen gestuur en dit goed gedink om vir Johannes van Aarden as seinman aan te stel.

---

14. Ibid., 14/8/1759, pp. 307 - 310.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Wanneer dit nodig was om die burgers uit die buitedistrikte op te roep, is twee perderuiters met die boodskap na die seinpos by Soutrivier gestuur. Sodra die seinman by Plattekloof opgemerk het dat die prinsevlag by Soutrivier wapper en daar seinskote by dié pos afgevuur word, het hy die prinsevlag by sy pos gehys en onmiddellik begin seine maak. Dit was vir hom nie meer nodig om op 'n boodskap vanaf die kasteel te wag voordat hy seine kon maak nie.[15]

Die seinposte is by die volgende plekke opgerig: Hoogenberg, Rondebosjesberg, Koeberg, Dassenberg, Klein-Paardeberg, Klein-Swarteberg, Swarteberg, Baviaansberg,[16] Duyvenheuwel, Joostenberg, Simonsberg, Paarlberg, Paardeberg, Riebeeck Kasteelberg, Roodezandberg, Honingberg en Piketberg.[17] Tweepondkaliber skeepskanonnetjies (Caamers van basjen) is ook op Klapmutsberg, Groenenberg, Wemmershoekberg, Witzenberg en Goudini geplaas.[18] Die ander seinposte was by Saxenburg, Hottentots-Hollandberg, aan die anderkant van die Hottentots-Hollandkloof, Houwhoek, Swartberg, Tygerhoek en Hessekwakloof.[19]

Die seinstelsel wat in 1734 opgerig is, was nie 'n sukses nie omdat die kanonnetjies te klein was. Om die doeltreffendheid van die stelsel te bepaal, het die Politieke Raad in 1759 daarop aangedring dat dit getoets word nadat sespondkaliber kanonne by die poste op Duyvenheuwel, Joostenberg, Simonsberg, Paarlberg, Paardeberg, Riebeeck Kasteelberg, Roodezandberg, Honingberg, Piketberg, Saxenburg, Hottentots-Hollandberg en Hottentots-Hollandkloof geplaas is. Daar is gevind dat die skote duidelik vanaf die een seinpos tot by die volgende gehoor en die seinvure gesien kon word, maar die burgers is gewaarsku om nie oorgerus te wees nie. Hulle is opdrag gegee

15. Ibid., 25/9/1759, pp. 395 - 396.
16. Ibid., 4/9/1759, pp. 344 - 350.
17. Ibid., 14/8/1759, pp. 307 - 310.
18. Ibid., 4/9/1759, pp. 344 - 350.
19. Ibid., 14/8/1759, pp. 307 - 310 en 27/11/1759, pp. 476 - 480; C 501 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 14/11/1759, pp. 258 - 260; C 544 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - A. Horak, 27/11/1759, pp. 994 - 995.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



om voortdurend waaksaam te wees en om baie fyn te luister vir seinskote.

Seinvure is by die seinposte aangesteek om die burgers wat nie die skote kon hoor nie met rookseine te waarsku. Landdros Van Schoor was baie optimisties oor die nuwe seinstelsel en was van mening dat die meeste burgers van die buitedistrikte met alarmseine bereik kon word. Hy het erken dat daar ook diegene was wat op verafgeleë plekke gewoon het wat nie met die stelsel bereik kon word nie.[20]

Nadat kanonne by die seinposte op Hoogenberg, Rondebosjesberg, Koeberg, Dassenberg, Klein-Paardeberg, Swartland, Klein-Swarteberg en Baviaansberg geplaas is, is dit deur die ritmeester van die eerste kompanie burgerkavallerie van die Kaap, Jan Meyndertsz Cruywagen, en die vaandrig van die kasteel, Jan Frederik Kirsten, getoets. Dit het goed gewerk en die skote is oral baie duidelik gehoor. Daar het egter een probleem opgeduik. Soms het sterk winde gewaai of harde reënbuie uitgesak, terwyl die seinvure gemaak is en dan kon die rookseine nie hoog genoeg in die lug opstyg nie. In sulke weersomstandighede het die seinvure eintlik geen doel gedien nie, maar die Politieke Raad het die seinmanne beveel om dit nie te blus nie. Hulle moes voortgaan om rookseine te maak terwyl hulle seinskote afgevuur het.[21]

Probleme het eweneens by twee van die seinposte aan die oostekant van die Hottentots-Hollandkloof opgeduik. Die seinman by Klein-Houwhoek was nie in staat om seine tot by Groot-Houwhoek te stuur nie en ook kon die seinman by Swartberg nie seine tot by Tygerhoek stuur nie. Die afstande tussen die seinposte was te groot en die kanonne te klein om hul knal so ver te laat hoor.[22]

---

20. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 14/8/1759, pp. 307 - 310.
21. Ibid., 4/9/1759, pp. 344 - 350.
22. Ibid., 27/11/1759, pp. 476 - 480.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Goewerneur Tulbagh het kennis geneem van die probleem en aan landdros Horak die versekering gegee dat hy by die eerste geleentheid wat hy sou kry twee agpondkaliber kanonne sou stuur om op Houwhoek en Swartberg te plaas. Horak moes toesien dat dit op die geskikste plekke kom. Daar is ook beloof om later nog twee kanonne aan hulle te stuur.(23)

Die goewerneur is ook gevra vir 200 pond (90,72 kg) buskruit wat gelykop onder die seinmanne van Houwhoek, Swartberg, Tygerhoek en Hessekwakloof verdeel kon word. Elke seinman het 'n vaatjie met 50 pond (22,7 kg) buskruit ontvang. Die Kompanjie het toestemming verleen dat die buskruit met sy waens vanaf die Kompanjiesposte by Riviersonderend en Buffeljagsrivier na die seinposte geneem word. Jan Marten Lourens en Carel August Hellinger het die vier vaatjies na die seinposte geneem.(24) Lourens was baas van die Kompanjiepos by Riviersonderend(25) en Hellinger korporaal by die Kompanjiepos Rietvallei aan die Buffeljagsrivier.(26)

Die seinmanne is opdrag gegee om aanhoudend seine te maak, totdat hulle opgemerk het dat daar by die poste waarheen hulle seine gestuur het ook daarmee begin is. Eers dan kon 'n seinman sy pos verlaat en moes hy met sy volle wapenrusting na die Kaap gaan.(27)

Seinmanne wat geweier of versuim het om seine te maak, kon deur 'n hof lyfstraf of selfs die doodstraf opgelê word. Die Politieke Raad was die seinmanne in 'n mate simpatiek gesind omdat hulle reeds in diens van die Kompanjie was. Hulle was

---

23. C 544 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - A. Horak, 7/9/1759, pp. 938 - 941.
24. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 27/11/1759, pp. 476 - 480; C 544 Uitgaande Briewe: R. Tulbagh - A. Horak, 27/11/1759, pp. 994 - 995.
25. C 388 Attestatiën, 2/12/1771, p. 757.
26. C 376 Attestatiën, 1/9/1759, p. 475.
27. S.D. Naudé (red.): Kaapse Plakkaatboek III, 14 Augustus/ 7 September 1759 (Insake voorgestelde seine vir die optrek van burgers na die Kaap ingeval van oorlog), pp. 23 - 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vrygestel van die gewone jaarlikse wapenoefeninge en ander gewone burgerdienste.[28]

Op twee afsonderlike burgerkrygsraadvergaderings wat in September 1759 in die Kaapse en Stellenbosse distrikte onderskeidelik gehou is, het elke seinman wat dit bygewoon het 'n afskrif van die seininstruksies ontvang wat die Politieke Raad op 14 Augustus 1759 opgestel het. Elke seinman moes beloof dat hy die instruksies noulettend sou navolg. Hulle is aangemoedig om hulle in tye van nood soos brawe en getroue landsburgers te gedra.[29]

Die volgende seinmanne het die vergadering bygewoon:

A. KAAPSE DISTRIK[30]

| Seinman | Seinpos |
|---|---|
| Adriaan Henning | Plattekloof |
| Gysbert Verweij (junior) | Hoogenberg |
| Jan Louw | Rondebosjesberg |
| Luitenant Eksteen | Koeberg |
| Johannes de Vries | Klein-Dassenberg |
| Michiel Basson | Swartland |
| Kneg van de weduwee Van der Poel | Klein-Paardeberg |

28. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 14/8/1759, p. 307.
29. 1/STB 13/7 Notule van die Krygsraad, 25/9/1759, geen bladsy; BKR 1 Notule van die Burgerkrygraad, 25/9/1759, geen bladsy.
30. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 20/10/1759, p. 389; BKR 1 Notule van die Burgerkrygsraad, 25/9/1759, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



B. Distrik Stellenbosch en Drakenstein

| Seinman | Seinpos |
|---|---|
| Daniël Jochem Schoeman | Duyvenheuwel |
| Andries Brink (junior) | Simonsberg |
| Johannes Daniel Kriel | Paarlberg |
| Jan Visagie | Paardeberg |
| Johannes Augustus Dreyer | Riebeeck Kasteel |
| Cornelis Zaayman | Roodezandberg |
| Lodewyk Pretorius | Honingberg |
| Marthinus Bergh | Saxenburg |
| Jan Odendaal | Hottentots-Hollandberg |
| David Malan | Hottentots-Hollandkloof |
| Pieter van der Byl | Swarteberg (Swartland) |
| Maarten Melck | Klapmuts |
| Paul Roux | Groenenberg |
| Jan Theron | Witzenberg |
| Charl du Plessis | Pokkekraalberg |
| Hendrik Cloete | Joostenberg |
| Stephanus Grove | Wemmershoek |

Slegs Ernst Christiaan Eelders wat seinman by die pos op Piketberg was, kon as gevolg van ongesteldheid nie die vergadering bywoon nie.(31)

Met verloop van tyd het die seinmanne beswaar gemaak teen die instruksies wat in 1759 vir hulle opgestel is. Hulle was ontevrede omdat hulle na die Kaap moes gaan nadat hulle alarmseine gemaak het. Slegs bejaardes het in die buitedistrikte agtergebly wanneer die burgers opgeroep is. Wanneer so 'n bejaarde persoon na sy bure se eiendom moes omsien, was daar volgens berekeninge ongeveer 50 slawe onder sy toesig. Hulle moes voortdurend van die een plaas na die ander ry om te voorkom dat die slawe oproerig raak en ook die buskruit by die seinposte oppas. Hierdie persone het reeds

31. 1/STB 13/7 Notule van die Krygsraad, 25/9/1759, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gevorderde jare bereik en het liggaamsgebreke gehad wat verhoed het dat hulle die werk na behore kon doen. Die seinmanne het die regering se toestemming gevra om ook in die distrikte agter te bly wanneer die burgers tydens 'n algemene mobilisasie opgeroep is.(32)

Toestemming is aan hulle verleen op voorwaarde dat hulle by die kommando's van die veldwagmeesters aansluit nadat hulle alarmseine gemaak het. Die veldwagmeester by wie hulle aangesluit het, was verantwoordelik vir die orde in die distrik, behoorlike toesig oor die buskruit by die seinposte en die voorkoming van ongelukke daar.(33)

Die burgers in die buitedistrikte het voorskrifte ontvang waarvolgens hulle moes handel wanneer hulle deur alarmseine opgeroep is. Plakkate met die voorskrifte is aan die landdroste in die buitedistrikte gestuur wat dit moes opplak sodat die burgers dit kon lees.(34)

Sodra hulle die alarmseine gehoor en gesien het, moes hulle onmiddellik sonder om op mekaar te wag of om by hul regimente aan te sluit, met hul volle wapenrusting na die Kaap gaan. Onderweg daarheen moes hulle almal wat hulle langs die pad teëgekom het omtrent die toedrag van sake inlig. Hulle moes ook aandoen by al die plase waar hulle verbygery het en die nuus versprei sodat geen burger later kon sê dat hy nie van die algemene mobilisasie geweet het nie. Burgers wat alarmseine geïgnoreer het, is as landsverraaiers beskou en kon deur 'n hof lyfstraf of selfs die doodstraf opgelê word.

Baie van die burgers kon nie onmiddellik na die Kaap gaan wanneer hulle die alarmseine gehoor het nie omdat hul ryperde nie altyd byderhand was nie. Hulle is opdrag gegee om die

---

32. C 183 Resolusies van die Politieke Raad, 13/10/1789, pp. 256 - 259.
33. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 5/5/1790, geen bladsy.
34. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 14/8/1759, p. 310; C 703 Memoriën en Instructiën: 4/9/1759, pp. 495 - 512.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



diere op stal of by enige plek naby hul huise te hou in tye wanneer gevrees is dat die Kaap aangeval gaan word. Die Politieke Raad het selfs aanbeveel dat hulle die perde kniehalter en naby hul wonings laat wei. Die perde het gewoonlik op die landerye gewei en dit het dikwels 'n halwe dag of selfs 'n volle dag geduur voor die diere in die hande gekry is. Hulle wapens moes altyd gereed wees en hulle moes alle slawe en Khoikhoi wat in hulle diens was en 'n geweer kon hanteer, saambring na die Kaap.(35)

Vanaf November 1759 het die landdroste in hul onderskeie distrikte rondbeweeg en gekyk of die burgers hul perde, wapens en ammunisie gereed gehou het. 'n Persoon wat versuim het om dit te doen, is onmiddellik by die Politieke Raad aangekla en met 25 riksdaalders beboet.

Die veldkorporaals en bejaarde burgers wat nie meer militêre diens kon doen nie, sowel as 'n paar persone uit die infanterie-kompanie het in die buitedistrikte agtergebly om dit te beskerm wanneer die ander burgers na die Kaap gegaan het. Wanneer die veldkorporaals die seine gehoor het, moes elkeen een of twee persone neem wat in die distrikte agtergebly het en deur die distrik ry om te kyk of die burgers die alarmseine gehoorsaam het. Hulle moes almal wat hulle teëgekom het die nuus meedeel. Elke veldkorporaal moes ook seker maak dat sy buur-veldkorporaal die boodskap gekry het.

Alle burgers wat hul plase sou verlaat, is opdrag gegee om die gewere wat hulle op die plase agtergelaat het, te beveilig. Die slotte moes uitgehaal en weggesteek word. Wanneer die burgers weg was, het die veldkorporaals met gereelde tussenposes met minderjarige seuns wat nog nie militêre diens kon doen nie, in die distrikte rondgery om orde te handhaaf en

35. S.D. Naudé (red.): Kaapse Plakkaatboek III, 14 Augustus/ 7 September 1759 (Insake voorgestelde seine vir die optrek van burgers na die Kaap ingeval van oorlog), pp. 23 - 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



te kyk dat alles veilig is.[36]

Die burgers in die distrik Stellenbosch en Drakenstein het buskruit en lood vir 25 tot 30 patrone ontvang sodat hulle in geval van 'n algemene mobilisasie nie vir ammunisie hoef te gewag het nie, maar onmiddellik na die Kaap kon gaan. Die kapteins het die kruit en lood aan hul manskappe voorsien en hulle beveel om dit slegs vir die maak van patrone te gebruik.[37]

Die burgers van die Swellendamse distrik moes elkeen 36 patrone gereed hou. Die veldkorporaals het een keer elke vier maande die burgers in hul wyke besoek om te kyk of hulle alles gereed gehou het en aan die landdros verslag gedoen.[38]

Die poshouers van Saldanhabaai, St. Helenabaai en Valsbaai het opdrag gehad om die boere wat in die omgewing van dié baaie gewoon het, of die knegte of opsieners wat hulle op hul plase aangestel het, te beveel om met al hulle groot- en kleinvee, perde, waens en voedselvoorrade wat hulle met hul kon saamneem, na die binneland te trek sodra hulle vyandelike skepe opgemerk het wat daar wou ankergooi. Persone wat nie die bevel gehoorsaam het nie kon die doodstraf opgelê word. Sodra die poshouers vyandelike skepe opgemerk het, moes hulle 'n perderuiter met die boodskap na die goewerneur stuur.[39]

Die seinstelsel is byna nooit gebruik nie en om die kanonne in 'n goeie en bruikbare toestand te hou is daar in 1776 besluit dat dit een tot twee keer per jaar skoon geskiet moes word. Dit is gedoen nadat die seinmanne daarvan in kennis gestel is. Dit was belangrik om hulle vooraf te waarsku, aangesien dit groot verwarring kon veroorsaak wanneer hulle die skote gehoor en nie geweet het dat hulle dit nié moes aanstuur nie. Die kanonne is nie almal op dieselfde dag skoon geskiet nie.

---

36. 1/STB 13/7 Notule van die Krygsraad, 25/9/1759, geen bladsy.
37. Ibid., 24/10/1759, geen bladsy.
38. 1/SWM 10/1 Daghregister, 20/10/1759, geen bladsy.
39. C 703 Memoriën en Instructiën, 4/9/1759, pp. 495 - 512.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Daar is ook besluit om dit elke tweede jaar skoon te brand om dit van roes en ander aanpaksels te bevry. Die kanon en slee is daarna met teer geverf. Die seinmanne moes toesien dat daar genoeg buskruit, ten minste vyftien proppe van kabelgaring, een vadem lont en 'n skutboor by elke seinpos was om dit skoon te skiet.(40)

Twaalf plakkate met inligting oor die skoonskiet van die kanonne is aan die landdros van Stellenbosch gestuur en deur hom by kerke en ander openbare plekke opgeplak.(41) Die kanonne is vanaf 1 Desember 1776 skoon geskiet en die burgers is gewaarsku om nie daarop te reageer nie omdat dit nie alarmseine was nie.(42)

Landdros Boonacker van Swellendam is daarvan in kennis gestel dat die kanonne in die Kaapse sowel as Stellenbosse en Drakensteinse distrikte gedurende Desember skoon geskiet sou word. Sodra die kanon op die Swartberg, wat die laaste seinpos in die Stellenbosse distrik was, afgevuur is, moes die kanon by Tygerhoek, wat die eerste seinpos in die Swellendamse distrik was, nie afgevuur word nie. Boonacker kon self besluit wanneer hy die seinposte by Tygerhoek en Hessekwakloof wou laat skoon skiet, maar is herinner om die inwoners van sy distrik daarvan in kennis te stel.(43) Luitenant Lourens de Jager is deur die burgerkrygsraad opdrag gegee en het die seinkanonne in die Swellendamse distrik gedurende Januarie 1777 skoon geskiet.(44)

Konstabel Hendrik Wilhelm Rutz is deur die goewerneur opdrag gegee om die kanonne skoon te skiet en terselfdertyd te

---

40. 1/STB 13/8 Notule van die Krygsraad, 8/10/1776, geen bladsy.
41. C 561 Deel III Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - M.A. Bergh, 7/11/1776, pp. 207 - 208.
42. 1/STB 13/8 Notule van die Krygsraad, 31/10/1776, geen bladsy.
43. C 561 Deel III Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - P.F. Boonacker, 7/11/1776, pp. 208 - 210; C 154 Resolusies van die Politieke Raad, 6/11/1776, pp. 317 - 320.
44. 1/SWM 1/2 Krygsraad Notule, 7/1/1777, geen bladsy; 1/SWM 10/2 Daghregister, 7/1/1777, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



inspekteer. Hy het 'n magtigingsbrief ontvang wat hy aan die seinmanne moes toon as bewys dat hy opdrag gehad het vir die taak. Die seinmanne is opdrag gegee om hom van die een seinpos na die ander te vervoer. Vanaf Honingberg het sy roete oor die Paarl na Stellenbosch, oor die Hottentots-Hollandberge na die Swartberg gestrek. Vanaf Honingberg tot by Stellenbosch en daarvandaan na die Hottentots-Hollandberge was die afstande tussen die seinposte baie groot. Landdros Bergh van Stellenbosch moes toesien dat die boere wat plase tussen die seinposte gehad het, help om Rutz te vervoer.(45)

In Januarie 1777 het Rutz aan die goewerneur en Politieke Raad oor sy inspeksietog verslag gedoen. 'n Afskrif van die verslag is aan majoor Hendrik Prehn oorhandig wat verantwoordelik was om alles wat by die seinposte ontbreek het, aan die seinmanne te verskaf.(46)


In 1759 is daar op aandrang van die Politieke Raad besluit om elke seinkanon op 'n slee te plaas. Die kanonne het op affuite gelê en by sommige seinposte selfs op die grond. Die slee is ooreenkomstig 'n sketsplan en 'n skaalmodel gemaak wat goewerneur Tulbagh aan die Politieke Raad gegee het. Die voordeel wat die slee bo die affuit gehad het, was dat 'n seinman met gemak en sonder enige hulp die slee met die kanon daarop in enige rigting kon draai waarheen hy 'n sein wou stuur. Veral op Plattekloof waar seine in drie verskillende rigtings na die binneland gestuur is, kon die slee met groot doeltreffendheid gebruik word.(47)

Die slee was 'n baie eenvoudige konstruksie wat bestaan het uit 'n raamwerk van vier balke van jatyhout wat tien duim (25,4 cm) by ses duim (15,24 cm) dik was. Die slee was vyf

45. C 561 Deel III Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - M.A. Bergh, 30/11/1776, pp. 210 - 213; C 704 Memoriën en Instructiën, 29/11/1776, p. 145; C 154 Resolusies van die Politieke Raad, 6/11/1776, pp. 317 - 320.
46. C 155 Resolusies van die Politieke Raad, 14/1/1777, pp. 41 - 42.
47. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 14/8/1759, pp. 310.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## SKETS VAN 'N SLEE




De Zijstukken zijn hoog 10 dm. en dik 6 dm
de dwars Reegels, of voet Stukken zijn hoog 10, en dik 6 dm:
en worden soo wel de Zijstukken als de dwars Reegels,
of voet Stukken ieder 1/2 dm ingelaten
de Tappen insneeden zijn die 10 % Calibaa
de ijzere Bouten zijn dik 1/4 dm

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



voet (1,524 m) lank en sy breedte voor was drie voet en twee duim (0,96 m) terwyl dit agter drie voet en vyf duim (1,07 m) breed was. Die slee was dus voor smaller as agter. Die twee sybalke sowel as die voorste en agterste dwarsbalke het elkeen twee halfinlaat-tapvoeë van een en 'n halfduim (3,81 cm) gehad. Die balke is met behulp van die voeë aanmekaargeheg. Die twee sybalke het van bo af op die voorste en agterste dwarsbalke gepas. Net die twee dwarsbalke het op die grond gerus. In die middel van elkeen van die vier voeë waarmee die balke aanmekaargeheg is, is gate deur die balke geboor waardeur boute van bo na onder deur die balke gesit is. Die boute was een en 'n kwartduim (3,1 5 cm) dik. Aan die bokant van elke sybalk is daar dertien en 'n halfduim (34,29 cm) vanaf die voorste punt van elke balk 'n halfmaangroef oor die breedte van die balk gemaak. Elke groef was vier en 'n halfduim (11,43 cm) lank. Die groewe is in die balke gemaak sodat die kanon met sy as stewig en vas op die slee kon lê en nie sou rondskuif wanneer dit afgevuur word nie. Die slee met die kanon daarop het by die seinpos op 'n geplaveide klipplatform gelê.(48)

Die kanonne is met ossewaens vanaf die Kaap tot so na as moontlik aan die seinposte vervoer(49) en dan waarskynlik met osse of perde tot by, of baie naby aan die seinpos gesleep. 'n Ander moontlikheid is dat die kanonne met behulp van slawe tot by die seinposte geneem is, maar omdat die kanonne baie swaar en ongemaklik was om te dra, is hierdie moontlikheid baie gering. In die geraadpleegde dokumente word nêrens verduidelik hoe dit gedoen is nie.


By elke seinpos was daar toebehore waarmee die seinman die kanon gelaai, afgevuur en na die tyd weer skoongemaak het. Elke pos het gewoonlik 'n kruitmaatlepel met 'n aftrekker, 'n

---

48. C 200 Bylae tot die Resolusie van die Politieke Raad, 26/7/1792, pp. 243 - 245.
49. C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 149 - 152; 1/STB 1/61 Kladnotule van die Landdros en Heemrade, 12/6/1792, pp. 489 - 492; 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 12/6/1792, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## GEREEDSKAP EN TOERUSTING VIR 'N SEINPOS



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wisser met 'n ontbrander, ook genoem 'n lontstok, ruimnaalde en skutbore gehad. Dan was daar ook nog lont, 'n hoeveelheid buskruit, 'n aantal kardoese waarin die regte hoeveelheid buskruit gegooi is voordat dit in die kanon geplaas is, 'n kruithoring gevul met pankruit, proppe en twee tot drie kanne teer.(50) Die kruitmaatlepel met die aftrekker was een gereedskapstuk. Dit het bestaan uit 'n stok met 'n lepel aan die een punt en 'n aftrekker aan die ander punt. Die kruitmaatlepel was 'n hol koperskop waarmee die kruit afgemeet is voordat dit in die kardoes gegooi is. Op so 'n wyse is die regte hoeveelheid kruit elke keer afgemeet.(51) Die gevulde kardoes is in die kruitmaatlepel geplaas met behulp waarvan dit dan in die kanonloop gestoot is. Die aftrekker was 'n gedraaide metaal werktuig wat baie soos 'n kurktrekker gelyk het. Hiermee is die oorblyfsels van die kardoes en propreste uit die kanonloop gehaal nadat dit afgevuur is.(52)

Die wisser met ontbrander was ook een gereedskapstuk. Sommige seinposte het bo en behalwe die wisser met ontbrander ook 'n aparte lontstok gehad. Die lontstok was gewoonlik van essenhout gemaak. Die ontbrander of lontstok het 'n gesplete punt gehad waaroor 'n verskuifbare ring geplaas is om die stok se punt toe te knyp wanneer die ring vorentoe geskuif is sodra die lont daarin geplaas is. Aan die ander punt van die ontbrander was die wisser of ook genoem wisserklos.(53) Die stok se punt was gedraai en skaapvel of varkvel is daarom gewikkel. Die wisser is gebruik om die kanon se loop na elke skoot skoon te maak.(54) Die ruimnaald of priem is gebruik om

50. C 269 Kladnotules van die Resolusies van die Politieke Raad, 21/5/1793, pp. 69 - 70; 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: H.W. Rutz - H.L. Bletterman, 21/5/1793, geen bladsy.
51. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, p. 439.
52. H. Raket: Beginzelen der Practyk in de Artillerie, Plaat II en III; J.H. Röding: Algemeines Wörterbuch der Marine, Tab. L.
53. H. Raket: Beginzelen der Practyk in de Artillerie, Plaat II en III; J.H. Röding: Algemeines Wörterbuch der Marine, Tab. L.
54. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, p. 444.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die kardoes met kruit wat binne-in die kanon geplaas is stukkend te steek. Die ruimnaald is deur die laaigat tot in die loop gedruk. Die laaigat is 'n klein gaatjie bo-op die agterste punt van die kanon. Die skutboor was 'n ysternaald wat gebruik is om die laaigat te ruim en skoon te maak.(55)

Die lont wat gebruik is, was van katoendrade wat geweek was in 'n mengsel van gemaalde kruit en brandewyn waarin 'n bietjie Arabiese gom opgelos was.(56) Die proppe wat gebruik is, was van tou of gepluiste katoen gemaak en die kardoese waarin die buskruit gegooi is, van linne of perkament. Die kardoese was langwerpig en die grootte daarvan is bepaal deur die kaliber van die kanon op 'n seinpos. Die kardoese was gewoonlik aan die een kant toegestik en nadat die seinman dit met buskruit gevul het, is die ander punt met 'n toutjie toegeknoop.(57)

Om die kanon af te vuur moes dit gelaai word. 'n Kardoes met kruit is binne-in die kruitlepel geplaas. Dit is tot agter in die kanon se loop gestoot. Hierna is die stok waaraan die kruitlepel vas was, gedraai sodat die kruitlepel se oop kant na onder gewys het en die kardoes met die kruit daarin in die kanon kon agterbly sodra die kruitlepel uitgetrek is. Die kardoes met kruit is op só 'n wyse in die kanon ingeskuif en nie ingestamp nie omdat die kardoes kon bars. Nadat die kardoes met kruit in die kanon geplaas is, is 'n prop geneem en tot teenaan die kardoes gedruk. Die seinman het dan 'n ruimnaald geneem en dit deur die laaigat gedruk om die kardoes stukkend te steek, sodat daar direkte kontak kon wees tussen die kruit in die kardoes en die pankruit wat in die laaigat gegooi is. Die pankruit is in die kruithoring gehou. Dit het 'n baie fyn grein gehad en het maklik ontbrand. Die pankruit

---

55. H. Raket: <u>Beginzelen der Practyk in de Artillerie</u>, Plaat II en III; J.H. Röding: <u>Algemeines Wörterbuch der Marine</u>, Tab. L.
56. P.J. van Malssen (red.): <u>Van Dale's Groot Woordeboek der Nederlandsche Taal</u>, p. 1100.
57. H. Raket: <u>Beginzelen der Practyk in de Artillerie</u>, Plaat II en III, J.H. Röding: <u>Algemeines Wörterbuch der Marine</u>, Tab. L; C 602 Inkomende Briewe: E. Brand - A.J. Sluysken, 16/4/1795, p. 161.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



is aan die brand gesteek met die lontstok waaraan 'n stuk brandende lont vasgeheg was.(58) Wanneer die kanon nie gebruik is nie is die laaigat met 'n dekplaatjie toegemaak. Dekplaatjies was gewoonlik van lood of seildoek wat in teer gedompel was. Die dekplaatjie is met twee toutjies aan die kanon vasgebind.(59)

Seinmanne is deur die krygsrade van die Kaapse, Stellenbosse en Swellendamse distrikte aangestel. Met die stigting van die seinposte is die betroubaarste persoon wat naaste aan 'n seinpos gewoon het gewoonlik as seinman aangestel en nie noodwendig die persoon op wie se plaas die seinpos geleë was nie. Die krygsrade het egter gepoog om die eienaars van plase waarop die seinkanonne gelê het as seinmanne aan te stel. Dit het wel gebeur dat betroubare persone se plase deur die jare verbind is met seinposte en wanneer hulle dit verkoop het, is die nuwe eienaar ook deur die krygsraad as seinman aangestel. In sommige van hierdie gevalle waar plase van eienaars verwissel het, is die saak met die krygsraad opgeneem en het hulle dit reggestel deur die persoon op wie se grond die seinpos geleë was as seinman aan te stel.(60)

Wanneer 'n seinman sy plaas verkoop het, moes hy die burgeroffisier wat oor hom aangestel was daarvan in kennis stel sodat dié op sy beurt die krygsraad kon laat weet. Die burgeroffisiere is soms nie van verkooptransaksies verwittig nie. So was daar dan tye wanneer daar by sommige seinposte

58. J. Boudriot: Le Vaisseau de 74 Canons, pp. 124 - 129.
59. C 186 Resolusies van die Politieke Raad, 27/4/1790, p. 285.
60. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 9/11/1779, geen bladsy en 7/12/1779, geen bladsy en 12/1/1779 geen bladsy; BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 6/3/1782, geen bladsy; 1/STB 1/18 Notule van Landdros en Heemrade, 2/2/1778, geen bladsy; C 655 Daghregister Stellenbosch en Drakenstein, 3/10/1775, p. 549; 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 6/5/1777, geen bladsy; 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 1/12/1789, geen bladsy; BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 5/9/1781, geen bladsy; 1/SWM 10/1 Daghregister, Junie 1767, geen datum, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nie seinmanne aangestel was nie.[61] Wanneer 'n persoon sy plaas verkoop of as seinman bedank het, en daar in die omgewing van die seinpos nie 'n geskikte opvolger gewoon het nie moes die krygsraad met 'n aanstelling wag totdat hy voorstelle vir 'n geskikte kandidaat ontvang het.[62] Dit het ook gebeur dat die krygsraad vergeet het om in 'n vakante pos 'n seinman aan te stel.[63]

Die krygsraad kon nooit 'n persoon wat in die Kompanjie se diens was as seinman aanstel nie. Na die dood van Ernst Philip Kap, wat seinman by Duyvenheuwel was, het sy weduwee met Johan Jacob Greylingh getrou. Hy was 'n kompanjiedienaar en kon nie deur die krygsraad as seinman aangestel word alvorens hy by die Politieke Raad om vryburgerskap aansoek gedoen het nie.[64] In 1781 is Johannes Hendrik Giebeler, wat seinman by Klapmuts was, in die burgerkavallerie van Stellenbosch opgeneem. Aangesien Giebeler 'n kompanjiedienaar geword het, was die krygsraad gedwing om Martinus Melck in sy plek aan te stel.[65] Dieselfde het gebeur met Jacobus Slabbert wat by Riebeeck Kasteel as seinman aangestel was. Die goewerneur moes hom ook eers tot vryburger verklaar.[66]

Wanneer 'n seinman weens hoë ouderdom wou aftree, kon hy nie sy seun outomaties in sy plek aanstel nie. Hy moes 'n amptelike versoek tot die krygsraad rig wat sy uittrede kon bekragtig en 'n nuwe aanstelling kon maak.[67] Ook wanneer 'n seinman gesterf het, kon sy erfgenaam hom nie sonder meer

---

61. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 1/3/1785, geen bladsy; 1/STB 1/61 Kladnotule van die Landdros en Heemrade, 5/3/1793, p. 592.
62. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 6/5/1777, geen bladsy.
63. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 5/9/1781, geen bladsy.
64. C 655 Daghregister Stellenbosch en Drakenstein, 7/5/1776, p. 643.
65. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 17/4/1781, geen bladsy.
66. Ibid., 20/10/1781, geen bladsy.
67. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 7/11/1792, geen bladsy; 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 6/5/1783, geen bladsy; 1/STB 13/11 Notule van die Krygsraad, 2/9/1794, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



opvolg nie, maar moes 'n opvolger deur die krygsraad aangewys word.(68)

In gevalle waar seinmanne reeds gevorderde lewensjare bereik het, het die krygsraad ingestem dat hul knegte of seuns as seinmanne kon optree, maar op voorwaarde dat hulleself steeds finale verantwoordelikheid vir die seinpos moes aanvaar.(69) In Augustus 1780 het Johannes Smit wat seinman by Houwhoek was en reeds 'n gevorderde leeftyd bereik het die goewerneur gevra om aan hom 'n Kompanjiekneg te gee om die seinpos te beman en die buskruit op te pas. Smit het aangevoer dat hy nie meer seuns in die huis gehad het wat hom hiermee kon help nie. Die goewerneur het die versoek van die hand gewys en Smit moes maar sien en kom klaar.(70)


In 1777 het Jacobus Malan wat eienaar van die plaas was waarop die seinkanon van Hottentots-Hollandkloof gelê het dit goedgedink om sy kneg, die vrygestelde Kompanjiedienaar, Godlieb Jansen, as seinman aan te stel indien dit vir die goewerneur aanvaarbaar was. 'n Maand nadat Jansen aangestel is, het hy gevra om van sy amp onthef te word. Die krygsraad het sy versoek van die hand gewys omdat hy in diens van sy werkgewer was en aan sy opdragte gehoorsaam moes wees. Hy is ook meegedeel dat hy sy vryburgerskap sou verloor en weer 'n Kompanjiedienaar sou word sodra hy sy werkgewer verlaat.(71)

Wanneer 'n seinman om die een of ander rede sy woonplek moes verlaat, of om mediese redes nie sy pligte as seinman kon nakom nie, moes hy 'n bekwame persoon in sy plek aanstel. Dit moes iemand wees wat hy kon vertrou. Die Politieke Raad het bepaal dat 'n seinman in sulke gevalle verantwoordelikheid moes aanvaar vir die doen en late van sy plaasvervanger. Een

---

68. 1/STB 13/8 Notule van die Krygsraad, 29/12/1775, geen bladsy en 6/2/1776, geen bladsy.
69. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 8/6/1777, geen bladsy.
70. C 743 Kaapsche Geschillen, nr. 77, 5/12/1780, J. Smit - As getuies F.A. Grundlingh en T. Necker, pp. 255 - 256.
71. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 3/6/1777, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




Gebaseer op kaarte M1/875, M1/1044 en M1/3311(Kaapse Argief)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vereiste wat gestel is, was dat die plaasvervanger naby aan die seinpos moes woon.


Seinmanne was daarvoor verantwoordelik om hul poste skoon en netjies te hou en moes toesien dat daar niks verkeerd is nie. Indien iets verkeerd was of ontbreek het, moes hulle dit onmiddellik rapporteer. Alle bosse, houtgewasse en ander ruigtes wat rondom 'n seinpos gegroei het, moes elke jaar uitgekap en verwyder word. Hierdie voorsorgmaatreël is getref om die houtslee waarop die seinkanon gelê het, teen brand te beskerm.(72)

In 1782 het die seinman van Hottentots-Hollandberg gerapporteer dat die prop van die kanon in die loop ingeslaan is. Kwaaijongens het ook 'n houtpen in die laaigat gekap en so voorkom dat die kanon gebruik kon word.(73) In 1790 het die seinman by Hottentots-Hollandkloof gerapporteer dat die hout by die seinpos aanhoudend deur reisigers wat in die omgewing uitgespan het, gesteel of as brandhout gebruik is. Die landdros van Stellenbosch het 'n plakkaat by die ingang van die kloof aangebring met 'n waarskuwing dat dit 'n oortreding was om die hout te steel óf te gebruik. Skuldiges sou voor die Raad van Justisie gedaag word. Khoikhoi en slawe wat die hout wederregtelik verwyder sou in die tronk gegesel word. Na aanleiding hiervan is seinmanne versoek om hul seinposte meer gereeld te besoek. Indien hulle skielik alarmseine moes maak en dan ontdek dat daar dinge by die seinpos verkeerd was, kon dit ernstige gevolge hê en veroorsaak dat die seinstelsel nie doeltreffend funksioneer nie.(74)

---

72. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 14/8/1759, pp. 307 - 310.
73. 1/STB 1/18 Notule van Landdros en Heemrade, 25/3/1782, p. 298; C 657 Daghregister Stellenbosch en Drakenstein, 23/3/1782, p. 61.
74. 1/STB 1/10 Notule van Landdros en Heemrade, 3/5/1790, p. 98; 1/STB 1/66 Kladnotule van Landdros en Heemrade, 3/5/1790, pp. 125 - 126.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




SEINPOSTE NADER AS 75km VANAF DIE KASTEEL

Name van seinposte

1 Robbeneiland
2 Leeustert
3 Leeukop
4 Soutrivier
5 Welgelegen
6 Wynberghoogte
7 Houtbaaikloof
8 Muizenberg
9 Simonsbaai
10 Plattekloof
11 Hoogelegen
12 Rondebossiesberg
13 Koeberg
14 Duyvenheuwel
15 Klapmuts
16 Simonsberg
17 Paarlberg
18 Vlaggeberg
19 Hottentots-Hollandberg
20 Hottentots-Hollandkloof
21 Joostenberg

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Om die presiese ligging van die seinposte te bepaal was nie maklik nie en 'n byna onmoontlike taak. In gevalle waar die nodige bewyse gevind is, kon daar met redelike akkuraatheid gesê word waar die oorspronklike seinposte was, maar dan is daar gevalle waar hoegenaamd geen aanduiding is waar die seinposte was nie en moet daar afleidings gemaak word. Meeste van die koppe en berge waar die seinposte geleë was, het in die volksmond algemeen bekend gestaan as kanonkop en het deur die loop van jare hierdie naam behou. Hierdie naam kom op moderne kaarte steeds voor en het die taak met die opspoor van die ligging van sommige seinposte vergemaklik. Dit is ook die rede hoekom daar soveel kanonkoppe op moderne kaarte voorkom waar die destydse seinstelsel gefunksioneer het. Op die meegaande kaarte word die ligging van die seinposte so akkuraat as moontlik aangedui.

Die seinstelsel het in drie verskillende rigtings vanaf Plattekloof na die binneland ontwikkel. Die eerste was in die rigting van die Swartland en het tot so ver as die huidige dorpe Darling en Moorreesburg gestrek. Die tweede het verby die Swartland tot so ver as Pikenierskloof gegaan en ook vanaf Wellington oor die Witzenberg deur die Land van Waveren tot so ver as Worcester. Die derde rigting was deur die Hottentots-Hollandkom oor die Hottentots-Hollandberge tot by Swellendam. Daar was 35 seinposte. 'n Volledige tabel met die name van die seinposte, die name van die seinmanne by elke seinpos en die naam van die plaas of plase waarop die seinposte geleë of moontlik geleë was soos wat dit tot Junie 1795 bestaan het, verskyn in bylae ses.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 8

## INSPEKSIES VAN SEINPOSTE

In 1759 het die Politieke Raad vir die eerste keer besluit dat die seinposte gereeld geïnspekteer moes word. Die burgerkrygsrade van die Kaapse, Stellenbosse, Drakensteinse sowel as Swellendamse distrikte is opdrag gegee om toe te sien dat die burgeroffisiere wat naaste aan die seinposte gewoon het elke drie tot vier maande die seinposte inspekteer. Hulle moes kyk dat die poste skoon was en dat die seinmanne die buskruit wat aan hulle toevertrou is, met die nodige sorg in veilige bewaring gehou het. Die burgeroffisiere moes na elke inspeksie 'n skriftelike verslag oor die toestand van die seinposte inlewer. Die offisiere van die Kaapse distrik het direk aan die burgerkrygsraad verslag gedoen, terwyl dié van Stellenbosch en Swellendam aan hul onderskeie landdroste gerapporteer het.(1)

Die offisiere het gedurende die laaste helfte van die maande April, Augustus en Desember die seinposte geïnspekteer en hul verslae gedurende Januarie, Mei en September by die krygsraad=vergaderinge ingedien. Die burgerkrygsrade het aan die goewerneur verslag gedoen.(2)

Die eerste offisiere wat in die Kaapse distrik aangestel is om die seinposte te inspekteer, was die ritmeester Johannes Meijndert Cruywagen wat moes toesig hou oor die poste by Plattekloof en Hoogenberg, luitenant Petrus Eksteen en veldkorporaal Nicolaas Laubser wat om die beurt toesig gehou het oor die poste by Klein-Dassenberg, Swartland, Klein-Paardeberg, Swarteberg en Baviaansberg. Luitenant Oloff Bergh het oor die poste by Rondebosjesberg en Koeberg toesig gehou.(3) In September 1774 is luitenant Olof Bergh aangestel

---

1. C 137 Resolusies van die Politieke Raad, 2/10/1759, p. 394.
2. Ibid., 2/10/1759, pp. 390 - 391; BKR 1 Notule van die Burgerkrygsraad, 25/9/1759, geen bladsy.
3. Ibid., 25/9/1759, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



oor die poste by Plattekloof en Hoogenberg en die ritmeester Petrus Michiel Eksteen by die poste op Rondebosjesberg en Koeberg. Luitenante Michiel van Breda en Christiaan George Maasdorp sowel as die kornette Jacobus Artois en Hermanus von Wielligh moes om die beurt die poste by Klein-Dassenberg en Klein-Paardeberg inspekteer.[4]

In die Swellendamse distrik is die kornet Gotfried Droski aangestel om die seinkanonne te inspekteer by Hessekwakloof en Tygerhoek omdat hy die naaste daaraan gewoon het.[5] In sy verslag het hy berig dat alles by die seinposte in 'n goeie toestand was.[6]

Die Swellendamse distrik was baie uitgestrek en die seinposte was ver van mekaar geleë. Die offisiere in die distrik het ook baie ver van mekaar af gewoon. Om hierdie rede is daar besluit dat die seinposte elke jaar deur 'n ander offisier geïnspekteer moes word.[7]

Droski is opgevolg deur kaptein Carel Pietersz de Jager wat die seinposte in 1761 geïnspekteer het[8] en hy is opgevolg deur die ritmeester Andries Holtshausen wat die poste in 1762 geïnspekteer het.[9] In 1763 het luitenant Jacobus Botha die kanonne geïnspekteer[10] en in 1765 is dit deur luitenant Gert Hendrik Meyer gedoen.[11] Na afloop van elke inspeksie is 'n

4. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 7/9/1774, geen bladsy.
5. 1/SWM 10/1 Daghregister, 10/12/1759, geen bladsy.
6. C 502 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 19/4/1760, pp. 155 - 156.
7. 1/SWM 10/1 Daghregister, 20/6/1760, geen bladsy.
8. C 503 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 19/2/1761, pp. 190 - 191; C 504 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 19/5/1761, pp. 51 - 53 en A. Horak - R. Tulbagh, 21/8/1761, pp. 163 - 164.
9. C 506 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 24/6/1762, pp. 44 - 45 en A. Horak - R. Tulbagh, 3/11/1762, pp. 105 - 107.
10. C 507 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 29/3/1763, pp. 73 - 74; C 508 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 21/8/1763, pp. 105 - 106.
11. C 514 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 4/4/1765, p. 53; C 515 Inkomende Briewe: A. Horak - R. Tulbagh, 21/8/1765, pp. 56 - 57.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



verslag aan die goewerneur gestuur, maar sommige jare is daar nooit aan die goewerneur gerapporteer nie. Daar is byvoorbeeld net vanaf 1768 tot 1769, 1771 tot 1775[12] en in 1786 en 1787 inspeksieverslae aan die goewerneur gestuur.[13]

In Oktober 1779 moes Christoffel Snyman die seinposte in die Swellendamse distrik inspekteer, maar hy het dit nooit gedoen nie. Die burgerkrygsraad het hom met 25 riksdaalders beboet en hy is ernstig vermaan om sy werk met meer ywer te doen.[14] Snyman het verskoning vir sy laksheid by die burgerkrygsraad aangebied en sy boete is opgeskort.[15] In 1780 het die kornet Louis Fourie die seinposte in die Swellendamse distrik geïnspekteer en in 1781 is dit deur luitenant Daniel du Plessis gedoen.

In Julie 1776 is landdros Marthinus Adrianus Bergh van Stellenbosch opdrag gegee om die seinposte in sy distrik te laat inspekteer. Die offisiere wat met dié taak belas was, moes by elke seinpos die kanon, slee, buskruit en gereedskap inspekteer en verslag doen.[16]

Elke seinman is voor die tyd oor die inspeksie gewaarsku en aangesê om gereed te wees. Die inspeksie is in Augustus 1776 uitgevoer. Die seinmanne is gevra om alles wat by hul poste ontbreek het onder die aandag van die offisiere te bring sodat dit aangevul kon word. Tydens die inspeksie het die offisiere ook gekyk of die seinposte skoon was en of daar genoeg

---

12. C 517 Inkomende Briewe: J. Mentz - R. Tulbagh, 16/8/1768, pp. 37 - 38; C 526 Inkomende Briewe: J. Mentz - R. Tulbagh, 25/8/1771, p. 52; C 529 Inkomende Briewe: J. Mentz - J. van Plettenberg, 25/8/1772, pp. 70 - 73; C 532 Inkomende Briewe: J. Mentz - J. van Plettenberg, 27/8/1773, pp. 63 - 64; C 535 Inkomende Briewe: J. Mentz - J. van Plettenberg, 24/8/1774, p. 29; C 538 Inkomende Briewe: J. Mentz - J. van Plettenberg, 27/8/1785, p. 27.
13. C 563 Inkomende Briewe: C. van Nult Onkruydt - J. van de Graaff, 12/9/1786, p. 90; C 568 Inkomende Briewe: C van Nult Onkruydt - J. van de Graaff, 1/12/1787, p. 4.
14. 1/SWM 10/2 Daghregister, 11/1/1780, geen bladsy: 1/SWM 1/2 Krygsraad Notule, 11/1/1780, geen bladsy.
15. 1/SWM 1/2 Krygsraad Notule, 15/3/1780, geen bladsy.
16. C 561 Deel III Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - M.A. Bergh, 29/7/1776, pp. 109 - 110.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



brandhout was. Die seinmanne is ook gevra om alle probleme wat by die seinposte ondervind is met die offisiere te bespreek.[17]

Frederik Heijneman, seinman van die pos op Hottentots-Holland=kloof, het tydens die besoek van kaptein Josias de Kock toestemming gevra om sy kanon twee keer per jaar skoon te brand en die Kompanjie vir teer gevra waarmee hy die kanon kon verf nadat hy dit skoon gebrand het. Die teer het die kanon teen roes beskerm. Heijneman was van mening dat alle seinmanne dit moes doen. In tye van nood wanneer alarmseine gemaak moes word, sou daar nie probleme opduik met kanonne wat buite werking was nie. Hy het ook 15 tot 20 proppe, kabelgaring en een vaam (ongeveer 1,8 m) vars lont gevra.[18]

In September het die offisiere verslag gedoen oor die inspeksies wat hulle by die seinposte uitgevoer het. Die sekretaris van die Stellenbosse burgerkrygsraad het 'n algemene verslag opgestel wat in Oktober aan die goewerneur gestuur is.[19] Hy het gerapporteer dat die kanonne en toerusting by die seinposte Duyvenheuwel, Joostenberg, Simonsberg, Paarlberg, Paardeberg, Riebeeck Kasteelberg, Honingberg, Roodezandberg, Saxenburg, Hottentots-Hollandberg en Hottentots-Hollandkloof in 'n goeie toestand was en dat daar tussen 10 en 45 pond buskruit by elke pos beskikbaar was.[20]

Na dié inspeksie van 1777 is 'n skrywe tot die seinmanne gerig omdat daar 'n vermindering in hul buskruit was sonder dat hulle daarvan rekenskap kon gee. Hulle het die skuld vir die buskruit wat weg was gewoonlik voor die deur van die seinman wat voor hulle in beheer van die pos was, gelê. Om hierdie

---

17. 1/STB 13/8 Notule van die Krygsraad, 6/8/1776, geen bladsy.
18. 1/STB 13/38 Sein Posten en Sein mannen, 20/8/1776, geen bladsy.
19. 1/STB 13/8 Notule van die Krygsraad, 3/9/1776, geen bladsy.
20. 1/STB 13/8 Sein Posten en Sein mannen, 8/10/1776, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



rede is besluit dat 'n seinman die kanon met alles wat aan die seinpos behoort het op 'n behoorlike wyse in die teenwoordigheid van die offisier wat oor sy pos aangestel was aan sy opvolger moes oorhandig wanneer hy die pos verlaat het. Die persoon wat as seinman oorgeneem het, moes ook behoorlik kennis neem van alles wat op so 'n pos was. Die offisiere moes toesien dat elke seinman behoorlik rekenskap kon gee van al die buskruit wat aan hom toevertrou was voordat hy die seinpos verlaat het. Indien hy dit nie kon doen nie moes hy alles wat vermis is self aankoop.(21) Die tekorte aan buskruit wat daar in 1777 was, het waarskynlik ontstaan omdat die kanonne vanaf Desember 1776 skoon geskiet is.

Teen die einde van 1778 is alle seinmanne opdrag gegee om die buskruit wat hulle by die seinposte gehad het na die Kaap te stuur sodat hulle met nuwe voorraad uitgereik kon word. Die offisiere het daarna tydens elke inspeksie baie noukeurig verslag gedoen oor die hoeveelheid buskruit wat by elke seinpos was.(22)

In Augustus 1779 is die seinposte weer in opdrag van die goewerneur geïnspekteer en is bevind dat daar steeds by baie poste buskruit ontbreek het. Die kruit is deur die Kompanjie aangevul en die offisiere moes sorg dat die seinmanne dit in 'n goeie toestand hou en veilig bewaar.(23)

Toe dit in 1781 rugbaar geword het dat die Kaap moontlik aangeval gaan word, is die offisiere opdrag gegee om die seinkanonne onmiddellik te inspekteer en sonder versuim aan hul onderskeie landdroste verslag te doen. Tydens die inspeksie het hulle die seinmanne gewaarsku om waaksaam te

21. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 7/9/1777, geen bladsy.
22. Ibid., 8/12/1778, geen bladsy.
23. C 157 Resolusies van die Politieke Raad, 2/9/1779, pp. 366 - 368; 1/STB 20/2 Uitgaande Briewe: anoniem - Landdros, 2/9/1779, geen bladsy; 1/SWM 11/2 Inkomende Briewe: Goewerneur - D. van Ryneveld, 2/9/1779, geen bladsy; C 564 Deel IV Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - Burgerkrygsraad, 2/9/1779, pp. 108 - 109.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wees, altyd op hul poste te bly, alles wat nodig was om alarmseine te maak by die poste gereed te hou en om ooreenkomstig die seininstruksies wat aan hulle gegee is op te tree wanneer hulle alarmseine moes maak. Hulle is ook opdrag gegee om nie na die Kaap te gaan nadat hulle alarmseine gemaak het nie. Hulle moes by die seinposte bly en die buskruit wat aan hulle toevertrou is in veilige bewaring hou.(24)

Dit het ook aan die lig gekom dat die seinposte by Klein-Swarteberg en Baviaansberg in die Swartland 'n aantal jare nooit geïnspekteer is nie. Die burgerkrygsraad van die Kaap was baie verontwaardig en het opdrag gegee dat alle seinposte in die Kaapse distrik elke jaar deur die offisiere geïnspekteer moes word.(25)

In November 1787 is die landdroste van Stellenbosch, Drakenstein en Swellendam opdrag gegee om alle seinposte in hul distrikte te laat inspekteer sodat alles wat ontbreek het, aangevul kon word.(26) Tydens die inspeksies het dit aan die lig gekom dat die kanonne by Baviaansberg, Riebeeck Kasteelberg en Hottentots-Hollandberg defek was. Die sespondkaliber kanon by Baviaansberg was totaal ongeskik. Die sespondkaliber kanon op Riebeeck Kasteelberg het 'n gat van 'n duim (2,54 cm) diep in die loop gehad, terwyl die agpondkaliber kanon op Hottentots-Hollandberg vier gate in die loop gehad het.(27)

Die Kaapse regering het drie nuwe kanonne beskikbaar gestel vir dié seinposte, maar op voorwaarde dat die landdros van Stellenbosch dit self laat haal. Die burgerkrygsraad het op

---

24. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 31/3/1781, geen bladsy; C 550 Inkomende Briewe: Krygsraad - J. van Plettenberg, 31/3/1781, pp. 76 - 77.
25. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 5/9/1781, geen bladsy.
26. C 176 Resolusies van die Politieke Raad, 6/11/1787, pp. 103 - 104; 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: Goewerneur - H.L. Bletterman, 6/11/1787, geen bladsy; 1/SWM 11/3 Inkomende Briewe: Goewerneur - C. van Nult Onkruyt, 6/11/1787, geen bladsy.
27. C 405 Attestatiën, 2/5/1788, p. 369.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die aanbod gereageer en goewerneur Van de Graaff meegedeel dat die seinpos op Baviaansberg nie onder hulle jurisdiksie geval het nie. Die goewerneur is ook in kennis gestel dat seinkanonne nog altyd met Kompanjiewaens vervoer is en dat die burgerkrygsraad dit nie kon bekostig om waens vir dié doel te huur nie. Hulle het voorgestel dat 'n wa vanaf die Kompanjiepos by Groenekloof die kanon gaan haal wat op Riebeeck Kasteelberg moes kom en een vanaf die Kompanjiepos by Soetmelksvallei die kanon wat op Hottentots-Hollandberg moes kom. Albei seinposte was geleë langs roetes wat na die twee Kompanjieposte gelei het.(28)

Van tyd tot tyd was dit nodig om nuwe offisiere vir die inspeksie van die seinposte aan te stel. In 1781 het Joost Rynhard van As en Hendrik Oostwald Eksteen wat die seinposte Duyvenheuwel en Simonsberg geïnspekteer het, na die Kaap gegaan om by die piketwag diens te doen. Dirk Wouter Hoffman en Johannes Casparus Groenewald is tydelik in hulle plekke aangestel.(29) Luitenant Pieter Gerhard van der Byl is aangestel om toesig te hou oor die seinpos by Paardeberg en Paarlberg, terwyl vaandrig Andries Jensen aangestel is om toesig te hou oor die seinpos by Piketberg.(30) Luitenant Eduard Wium is in die plek van kaptein Philip Wouter de Vos by Hottentots-Hollandberg aangestel.(31) Die toesig oor die seinpos op Paarlberg is aan luitenant Johannes Casparus Groenewald opgedra en dié oor die seinpos op Saxenburg aan luitenant Dirk Wouter Hoffman.(32)

In 1783 is kornet Samuel Johannes Cats aangestel om toesig te hou oor die seinpos by Riebeeck Kasteelberg.(33) In Mei 1785 het hy die burgerkrygsraad versoek om hom van die amp te onthef, maar vanweë die feit dat die vergadering nie voltallig

---

28. 1/STB 20/4 Uitgaande Briewe: Burgerkrygsraad - C.J. van der Graaff, 3/6/1788, geen bladsy.
29. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 3/4/1781, geen bladsy.
30. Ibid., 8/5/1781, geen bladsy.
31. Ibid., 7/1/1783, geen bladsy.
32. Ibid., 4/2/1783, geen bladsy.
33. Ibid., 8/10/1783, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



was nie is sy versoek uitgestel.[34] Vier maande later het die burgerkrygsraad besluit om kornet Jan de Waal aan te stel as toesighoudende offisier by die pos op Riebeeck Kasteelberg in die plek van Samuel Johannes Cats wat aangestel is om oor die seinpos op Simonsberg toesig te hou.[35]

In September 1789 het die here G.P. Eksteen en J.A. Grundine die seinkanonne in die Kaapse distrik geïnspekteer.[36] Hulle het in November aan die burgerkrygsraad gerapporteer dat alles by die seinposte in 'n goeie toestand was.[37] Die volgende jaar is luitenante Johannes Gysbert van Reenen en Johannes Brink, seun van Andries Brink, opdrag gegee om die poste te inspekteer. Van Reenen moes die poste by Klipberg, Baviaansberg, Klein-Swarteberg, Zoute Fontein (Swarteberg) en Dassenberg inspekteer terwyl Brink belas was met die poste by Soutrivier, Plattekloof, Tygerberg, Rondebosjesberg, Koeberg en Klein-Paardeberg.[38]

In Julie 1790 het Van Reenen en Brink aan die burgerkrygsraad gerapporteer dat hulle alles by die seinposte in 'n goeie toestand aangetref het. Die voorraad buskruit was egter nie volgens die hoeveelhede wat voorgeskryf is nie omdat daar sedert 1781 nooit kruit aan die poste gestuur is nie. Die burgerkrygsraad is versoek om 300 pond kruit te voorsien om die tekorte aan te vul. Die versoek is toegestaan en die offisiere is aangesê om die seinmanne te waarsku dat dit slegs vir seindoeleindes gebruik mag word. Indien daar weer tekorte sou voorkom, sou die offisiere dit op eie koste moes

34. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 10/5/1785, geen bladsy.
35. Ibid., 6/9/1785, geen bladsy; 1/STB 1/60 Kladnotule van Landdros en Heemrade, 6/9/1785, geen bladsy.
36. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 2/9/1789, geen bladsy.
37. Ibid., 14/11/1789, geen bladsy.
38. Ibid., 5/5/1790, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aanvul.[39]

In Desember 1790 is kornet Rudolph Cloete aangestel om toesig te hou oor die pos op Honingberg.[40] Hy was baie verbaas hieroor, aangesien inspeksies gedoen is deur offisiere wat naaste aan die seinposte gewoon het. Cloete was van mening dat Willem Wium die seinpos op Honingberg moes inspekteer en het die burgerkrygsraad versoek om hom van die verpligting te onthef. Wium het gesê dat hy nader aan die seinpos op Saxenburg gewoon het en dat hy reeds dié pos moes inspekteer. Dit was vir hom onmoontlik om twee poste gelyktydig te behartig. Cloete se versoek is van die hand gewys en hy moes voortgaan met die inspeksies by Honingberg totdat iemand in sy plek aangestel kon word.[41] In Junie 1791 is Willem van As aangestel om toesig te hou oor Honingberg en Willem Morkel oor die seinpos op Swarteberg.[42]

In Maart 1791 het Willem Wium gerapporteer dat daar buskruit by die seinpos op Saxenburg ontbreek het.[43] Drie maande later het Francois de Wet wat toesig gehou het oor die seinposte op Roodezandberg en Witzenberg, gerapporteer dat daar by die twee poste onderskeidelik 20 (9,1 kg) en 25 (11,34 kg) pond buskruit ontbreek het. Die burgerkrygsraad van Stellenbosch het hom verseker dat hulle dit so gou moontlik sou aanvul.[44] Die seinposte in die Stellenbosse distrik het kruit vanaf die magasyn op Stellenbosch gekry.[45]

Kaptein Joost Rynhard van As wat die seinpos by Duyvenheuwel moes inspekteer, het die burgerkrygsraad meegedeel dat hy nie reg kon laat geskiet aan sy opdrag nie omdat hy geen kennis van kanonne gehad het nie. Landdros Bletterman het by die

39. C 188 Resolusies van die Politieke Raad, 3/8/1790, pp. 345 - 347.
40. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 7/12/1790, geen bladsy.
41. Ibid., 1/3/1791, geen bladsy.
42. Ibid., 7/6/1791, geen bladsy.
43. 1/STB 1/61 Kladnotule van die Landdros en Heemrade, 1/3/1791, p. 251.
44. Ibid., 7/6/1791, p. 294.
45. Ibid., 6/12/1791, p. 393.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



regering aanbeveel dat 'n kanonnier na Duyvenheuwel gestuur moes word om die seinkanon te inspekteer.(46)

Onder toesig van kolonel P.M. Gilquin, hoof van die artillerie, is kanonnier C.G. Schildbach na Duyvenheuwel gestuur. Hy het die kanon op 15 April 1790 geïnspekteer en 'n verslag opgestel wat aan die Politieke Raad voorgelê is. Uit sy verslag het dit geblyk dat daar 'n sespondkaliber kanon gelê het, maar die loop was as gevolg van roes al só groot dat dit net sowel 'n agtpondkaliber kanon kon wees. Roes het reeds diep in die yster gepenetreer. Hy het aan die buitekant van die kanon 'n roeslaag van sowat 'n ½ (12,7 mm) duim afgekap, maar dit was nog erg aangepak. In die loop was daar twee gate. Die slee was nie meer bruikbaar nie, omdat die hout verrot was. Daar was 'n vaatjie met 50 (22,7 kg) pond buskruit wat in 'n goeie toestand was, 'n vierpond kruitmaat wat van blik gemaak was, 'n lepel met 'n aftrekker vir 'n sespondkaliber kanon waarvan die klos en stang verrot was, 'n wisser met 'n ontbrander, 'n ruimnaald en 'n lontstok met 1 ½ voet (45,7 cm) lont daaraan.

Schildbach het gevoel dat hy nie die bevoegdheid gehad het om die kanon af te skryf nie en het dit aan die goewerneur en die Politieke Raad oorgelaat om te besluit of hulle 'n nuwe kanon daarheen wou stuur. Hy het aanbeveel dat 'n nuwe slee, laaigereedskap vir 'n sespondkaliber kanon, 'n driepond kruitmaat, twee lontstokke, een tot twee bosse lont, twee tot drie paar ruimnaalde, twee tot drie paar skutbore, 'n kruithoring, 10 tot 15 kardoese vir 'n sespondkaliber kanon, 15 tot 20 laaiproppe, een dekplaat van lood of geteerde seildoek wat oor die laaigat geplaas kon word, een sesduim helblok, een mondprop en vier houtpenne waarmee die kanon gedraai kon word na die seinpos gestuur moes word.

Die Politieke Raad het Schildbach se aanbevelings goedgekeur en 'n nuwe kanon met toebehore na Duyvenheuwel gestuur. Die

46. C 580 Inkomende Briewe: H.L. Bletterman - Goewerneur, 15/3/1790, p. 90.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ou kanon was in so 'n haglike toestand dat dit nie die moeite werd was om dit na die Kaap terug te neem nie.(47)

Die kornet Jacobus Haman is in die plek van kaptein Joost Rynhard van As aangestel om toesig te hou oor die seinpos by Duyvenheuwel en luitenant Wouter de Vos moes die pos by Houwhoek inspekteer.(48)

In November 1790 het die seinmanne van die Kaapse distrik voor die burgerkrygsraad verskyn en persoonlik verslag gedoen oor die toestand van hul poste.(49) Die verslag verskyn in bylae sewe.

In 1791 het die seinmanne van die Kaapse distrik die burgerkrygsraad versoek om die seinposte deur 'n kundige persoon te laat inspekteer. Die ritmeester Jan Hendrik Munnik is afgevaardig en het die goewerneur oor dié saak gespreek.(50) Sekunde Rhenius het die versoek gunstig oorweeg en die hulp van kaptein Hendrik Wilhelm Rutz ingeroep wat die seinposte in 1776 geïnspekteer het.(51)

Sedert Rutz die kanonne in 1776 geïnspekteer het, het 14 jaar verloop en hy was bang dat baie van die kanonne se toestand in dié tyd so verswak het dat dit lewensgevaarlik sou wees om hulle af te vuur omdat stukke roes kon afspring. Rutz het aanbeveel dat 'n kommissie van kundige persone aangewys moes word om die werk te doen.(52) Die kommissie het uit homself, luitenant J.C. Frederici, 'n bombardier en 'n artilleris,

---

47. C 186 Resolusies van die Politieke Raad, 27/4/1790, pp. 279 - 286.
48. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 1/6/1790, geen bladsy.
49. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 10/11/1790, geen bladsy.
50. Ibid., 6/7/1791, geen bladsy.
51. C 196 Resolusies van die Politieke Raad, 26/8/1791, pp. 83 - 86.
52. C 191 Resolusies van die Politieke Raad, 11/1/1791, pp. 57 - 61.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bestaan.(53) Hulle moes 26 kanonne en 5 "caamers van basjen" inspekteer.(54)

Die kommissie se spesifieke opdrag was om die seinkanonne in die Kaapse, Stellenbosse, Drakensteinse sowel as Swellendamse distrikte skoon te skiet en die buskruit sowel as laaigereedskap by elke seinpos te inspekteer. Die landdroste van die verskillende distrikte is opdrag gegee om die burgers van die inspeksie in kennis te stel, sodat daar nie verwarring kon ontstaan wanneer hulle die skote vanaf die seinposte gehoor het nie.(55)

Plakkate met inligting oor die inspeksie is aan die landdroste gestuur wat hulle op die gewone plekke in die distrikte opgeplak het. Die burgers is ook by die wapenoefeninge daarvan in kennis gestel. Rutz het 'n brief van die Politieke Raad gekry wat hy aan die seinmanne moes toon as bewys dat hy die seinposte moes inspekteer.(56)

Na die inspeksie het die kommissie in Februarie 1792 'n volledige verslag uitgebring.(57) Die verslag verskyn in bylae ag.

Tydens die inspeksie het kaptein Rutz agtergekom dat daar leemtes in die seinstelsel was. Hy het opgemerk dat daar vanaf die einde van die Piketberge tot by Renosterhoek en tussen die Langevallei en Verlorevallei tot by die Olifantsrivier sowat 50 plase was wat glad nie seine kon hoor nie. Onder die Witzenberg het Charles Theron gewoon wat met 'n "caamer van basjen" die hele Bokkeveld van seine moes bedien. Aan die voet van die Pokkekraalberge by Goudini het

---

53. C 706 Memoriën en Instructiën, 19/10/1791, p. 509.
54. C 408 Attestatiën, 10/1/1791, p. 39.
55. C 196 Resolusies van die Politieke Raad, 26/8/1791, pp. 83 - 86; 1/STB 10/7 Inkomende Briewe: E. Bergh - H.L. Bletterman, 16/9/1791, geen bladsy.
56. C 196 Resolusies van die Politieke Raad, 26/8/1791, pp. 83 - 86.
57. C 194 Bylae tot Resolusies van die Politieke Raad, 28/2/1792, pp. 191 - 200.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Hendrik du Plessis gewoon wat met 'n "caamer van basjen" seine moes maak vir al die boere wat op plase langs die Breërivier tot by Swellendam gewoon het. Hierdie twee kanonnetjies was hopeloos te klein om so ver gehoor te word. Langs die Karsrivier, na die kant van Zoetendaalsvallei en langs die strand was daar ook 'n klomp plase wat nie van seine bedien kon word nie.

Terwyl Rutz in die omgewing van Pikenierskloof inspeksie gedoen het, is hy vergesel van verskeie persone wat die omgewing geken het. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat alle inwoners van daardie gebied slegs opgeroep kon word indien nog twee kanonne daar geplaas word. Een kanon moes op die Pikenierskloof geplaas word en die ander een ongeveer ses uur te perd verder, agter die plaas van die Khoi-kaptein, Catrijn Koopman.

Volgens die bestaande stelsel moes die seinman by Witzenberg met 'n "caamer van basjen" seinskote afgevuur het sodra hy seine vanaf die pos op die Roodezandberg ontvang het. Daarna moes hy die seinpos op Witzenberg verlaat, deur die vlakte gaan waar die Bokkeveld begin en tot op Schurfdberg klim van waar hy seine moes maak om al die inwoners in die Bokkeveld op te roep. Al hierdie seine kon nie baie ver gehoor en gesien word nie en in die proses het daar ook baie tyd verlore gegaan. Rutz het aanbeveel dat 'n agpondkaliber kanon op Witzenberg geplaas word waarmee alle inwoners van die Bokkeveld gewaarsku kon word.

Die seinman by Pokkekraal kon glad nie seine vanaf die Roodezandberg of Witzenberg sien of hoor nie. Charl Marais wat aan die Breërivier gewoon het, was die enigste een wat seine vanaf Roodezandberg en Witzenberg kon sien en hoor en moes met sy perd die boodskap na Pokkekraal neem. Die rit het vier uur geduur. Dit was vir hom 'n groot las en het probleme meegebring, want die Breërivier wat hy telkens moes oorsteek, het soms só sterk afgekom dat geen mens daar kon deur nie. Sedert 1775 was dit gedurende die reënseisoen elke jaar die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



geval. Indien hy in sulke tye 'n boodskap na Pokkekraal moes neem, sou dit vir hom onmoontlik wees en sou daar nie seine gemaak kon word nie.

Rutz het aanbeveel dat twee "caamers van basjen" in daardie omgewing geplaas word. Charl Marais se plaas was twee uur te perd vanaf die plaas van Daniël Hugo waar daar 'n heuwel was waarop 'n "caamer van basjen" geplaas kon word. Marais moes die boodskap na Daniël Hugo neem. Vanaf Daniël Hugo se plaas kon die plaas Klipheuwel aan die oorkant van die Breërivier bereik word waar daar ook 'n "caamer van basjen" geplaas moes word om seine aan Pokkekraal te stuur. Charl Marais sou dus nie meer 'n reis van vier uur te perd hoef af te gelê het nie. Rutz het voorgestel dat 'n agpondkaliber kanon op Pokkekraal geplaas word.

Wat die situasie in die omgewing van Potberg tot by die Karsrivier, Soetendaalsvallei en die strand betref, het Rutz nie oor eerstehandse kennis beskik nie. Hy het nie die gebied besoek nie omdat die nodige vervoer nie aan hom verskaf kon word nie. Volgens Philip Meijburgh was daar baie plase wat van seine bedien kon word en het daar verskeie ses- en agpondkaliber kanonne langs die strand gelê wat afkomstig was van skepe wat daar gestrand het. Van die kanonne kon met min moeite tot op Potberg vervoer word waar 'n seinpos opgerig sou kon word. Verskeie burgers het hulle bereid verklaar om daarmee te help.

Rutz het aanbeveel dat die kanonne twee keer per jaar aan die buitekant geteer en aan die binnekant met stertvet gesmeer word. Dit sou voorkom dat hulle so vinnig roes. Die Kompanjie moes die teer aan die seinmanne voorsien.

Die Politieke Raad het toestemming verleen dat 'n seinkanon op Pikenierskloof en op die berg agter die plaas van Catrijn Koopman geplaas word. Op die Witzenberg moes 'n ses of agpondkaliber kanon in die plek van die "caamer van basjen" geplaas word. Charl Marais en die persone wat na hom sy plaas

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



besit het, is opdrag gegee om onmiddellik nadat hulle seine vanaf Roodezandberg en Witzenberg gesien en gehoor het die boodskap na Daniël Hugo of diegene wat na hom die plaas besit het te neem. Daar is nooit 'n "caamer van basjen" op Daniël Hugo se plaas geplaas nie, maar wel op Charl Marais s'n en op Klipheuwel wat aan die weduwee Marais behoort het. Die Politieke Raad het ook ingestem dat 'n agpondkaliber kanon, in stede van die "caamer van basjen", op Pokkekraal en 'n kanon op Potberg geplaas word. Toestemming is ook verleen dat elke seinpos jaarliks drie kanne teer kon kry.(58)

Die Politieke Raad het besluit dat die kanonne wat bestem was vir die seinposte op Pikenierskloof, Witzenberg en die Pokkekraalberge vervoer moes word deur die eienaars van die plase wat langs of naby die paaie gewoon het wat na dié poste gelei het. Dit moes onder toesig van die veldwagmeesters in die buitedistrikte geskied. Die "caamers van basjen" wat op Witzenberg en Pokkekraal gelê het, moes ook onder toesig van die veldwagmeesters na die plase van Charl Marais en die weduwee van Johannes Marais vervoer word. Die veldwagmeesters is skriftelik hiervan in kennis gestel en moes alle persone wat betrokke sou wees, aansê om hul trekosse, drywers vir die waens en touleiers vanaf September 1792 gereed te hou.(59)

Die kanonne wat na Witzenberg en Pokkekraal moes gaan, sou vanaf die Kaap vervoer word tot op die plaas van Daniël Krynauw aan die Mosselbankrivier en van daar moes die veldwagmeesters Carel Hendrik van Aarden, Pieter Rossouw, Johannes Stephanus Joubert, Willem Lodewyk van Heerden en Pieter du Toit opeenvolgend toesien dat die kanonne deur die distrikte vervoer word.

---

58. C 201 Resolusies van die Politieke Raad, 28/2/1792, pp. 228 - 238; C 194 Bylae tot Resolusies van die Politieke Raad, 28/2/1792, pp. 191 - 200; 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 27/3/1792, geen bladsy; 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: E. Bergh - H.L. Bletterman 28/2/1792, geen bladsy.
59. 1/STB 1/61 Kladnotule van die Landdros en Heemrade, 12/6/1792, pp. 489 - 492; 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 12/6/1792, geen bladsy; C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Onder Pieter du Toit se toesig moes die kanon op Witzenberg geplaas word en die "caamer van basjen" wat daar gelê het na die plaas van Charl Marais geneem word. Die veldwagmeester Johannes Stephanus du Toit moes die seinkanon op Pokkekraal laat plaas en toesien dat die "caamer van basjen" na die plaas van die weduwee van Johannes Marais geneem word.

Die kanon wat bedoel was vir Pikenierskloof moes ook onder toesig van die veldwagmeesters van plaas tot plaas vervoer word. Die kanon sou vanaf die Kaap tot op die plaas van Andries Grové vervoer word en van daar moes die veldwagmeesters Francois Johannes Retief, Johannes Petrus Marais, Jacobus Abraham Burger en Jacobus Frederik Mouton toesien dat dit deur die distrikte vervoer word. Jacobus Frederik Mouton was daarvoor verantwoordelik dat die kanon op die seinpos kom.(60)

Die kanonne kon nie voor September 1792 na die seinposte geneem word nie omdat die paaie en riviere in die winter feitlik onbegaanbaar was en die trekosse by ploegbedrywighede betrokke was en dus nie gebruik kon word nie.(61)

Die burgerkrygsraad van Stellenbosch het sekunde Rhenius meegedeel dat dit nie sou deug om die kanonne met die boere se waens te vervoer nie. Op sommige plase was daar te min persone beskikbaar wat die swaar kanonne van die een wa op die volgende kon laai. Dit was 'n onmoontlike taak en hulle het gevra dat die kanonne vervoer word met die waens waarop dit oorspronklik by die Kaap gelaai is.(62)

60. 1/STB 20/5 Uitgaande Briewe Landdros en Heemrade: Krygsraad - C.H. van Aarden, 12/6/1792, geen bladsy; C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.
61. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 12/6/1792, geen bladsy; C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.
62. 1/STB 20/5 Uitgaande Briewe Landdros en Heemrade: Krygsraad - C.H. van Aarden, 12/6/1792, geen bladsy; C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Wat betref die kanon wat op die berg bokant die plaas van Catrijn Koopman geplaas moes word, het die burgerkrygsraad die regering ingelig oor die mening van sommige burgers wat die omstandighede daar en in die hele Hantam goed geken het. Die burgers was van mening dat 'n kanon nie daar doeltreffend gebruik kon word nie. Afgesien daarvan dat dit byna onmoontlik was om 'n kanon oor die berge te vervoer tot by die plaas van Koopman, was die meeste plase in die Hantam en Roggeveld tien en selfs meer uur te perd vanaf die voorgestelde seinpos. Diegene wat nader aan die pos gewoon het moes ook in elk geval by die huis bly om hul goedere en eiendom teen die roofsugtige San en Khoikhoi te beskerm wanneer hulle opgeroep sou word. Wanneer die kanon afgevuur word, sou dit vir rondswerwende Khoikhoi-groepe 'n teken wees dat die burgers na die Kaap moes gaan en sou dit vir hulle 'n gulde kans wees om met hul plundertogte te begin. Op grond van al die besware het die burgerkrygsraad die goewerneur versoek om nie 'n kanon daarheen te stuur alvorens die aangeleentheid deeglik ondersoek is nie.

Wat die vervoer van 'n kanon vanaf die strand na Potberg betref, het die burgerkrygsraad goewerneur Rhenius daarop gewys dat daardie gebied onder die jurisdiksie van die Swellendamse landdros geressorteer het en hulle daarom nie die middele in werking kon stel om 'n seinpos daar op te rig nie. Hulle kon dus ook nie 'n seinman vir daardie pos benoem nie.(63)

Die regering het positief gereageer op die voorstelle wat die burgerkrygsraad van Stellenbosch gemaak het en toestemming verleen dat die burgers nie meer die kanonne hoef te vervoer nie. Die Kompanjie sou dit self doen, maar die burgers is gevra om hul osse beskikbaar te stel om die waens met die kanonne te trek. Diegene wat bereid was om dit te doen, is

63. 1/STB 13/10 Notule van die Krygsraad, 12/6/1792, geen bladsy; C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vergoeding aangebied. Die Politieke Raad het ook besluit om nie meer die kanonne op gewone waens nie, maar op kanonwaens te laat vervoer. Dit sou verhoed dat die kanonne elke keer oorgelaai moes word en die kanse dat hulle beskadig kon word, sou veel minder wees.

Die regering het afgesien van sy plan om 'n kanon op die plaas by Catrijn Koopman te plaas en het ingestem dat die voorgestelde seinpos op Potberg onder die jurisdiksie van die Swellendamse landdros val.(64) Die goewerneur het aan die landdros van Swellendam opdrag gegee om toe te sien dat een van die kanonne wat op die strand gelê het, na Potberg vervoer word.(65) In die geraadpleegde dokumente kan nêrens bewyse gevind word dat daar 'n seinpos op Potberg opgerig is nie.

Johannes Kotze wat aan die voet van die Pikenierskloof gewoon het, is deur die burgerkrygsraad van Stellenbosch as seinman aangestel by die pos op Pikenierskloof.(66) In September 1794 is hy vanweë sy hoë ouderdom van die amp onthef en het sy seun Johannes Louis Kotze hom opgevolg.(67) By die "caamer van basjen" wat op die plaas van Charl Marais gelê het, is hyself as seinman aangestel en by die een op die plaas Klipheuwel, wat aan die weduwee van Johannes Marais behoort het, is Daniël Marais as seinman aangestel. By Pokkekraal is Charl Jacobus du Plessis as seinman aangestel. Die nuwe seinmanne het elkeen 'n afskrif van die instruksies in verband met seine ontvang.(68)

Kaptein Rutz het goewerneur Rhenius versoek om hout uit die Kompanjie se houtmagasyn beskikbaar te stel sodat sleë gemaak kon word vir die kanonne wat aan die nuwe seinposte gestuur

64. Ibid., 11/7/1792, pp. 141 - 149.
65. C 226 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, p. 44.
66. C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.
67. 1/STB 13/11 Notule van die Krygsraad, 2/9/1794, geen bladsy; 1/STB 1/62 Minuut Resolutiën, 2/9/1794, pp. 304, 314 - 315.
68. C 205 Resolusies van die Politieke Raad, 11/7/1792, pp. 141 - 149.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moes word. Dit moes gedoen word voordat die kanonne gestuur word, aangesien die mates geneem moes word. Rutz het gewaarsku dat 'n slee ook op Potberg benodig gaan word sowel as op Klipberg waar daar glad nie 'n slee was nie en dat dit in gedagte gehou moes word wanneer die hout bestel word.(69)

Daniël Marais was baie verbaas om te verneem dat hy as seinman aangestel is by die seinpos op sy moeder se plaas, Klipheuwel.(70) Hy was ook korporaal van die distrik Goudini en het die burgerkrygsraad meegedeel dat dit vir hom totaal onmoontlik was om as korporaal én seinman diens te doen. Volgens hom was dit twee ampte wat glad nie saamgevoeg kon word nie omdat 'n korporaal altyd gereed moes wees om in die distrik uit te beweeg indien daar iets gebeur het. In sulke gevalle sou hy nie vinnig iemand kon kry wat in sy plek as seinman kon diens doen nie omdat sy naaste bure ver gewoon het en die Breërivier dikwels in vloed was en hy dit nie maklik sou kon oorsteek nie. Hy het die burgerkrygsraad gevra om hom van die amp as seinman te onthef.(71)

Die wagmeester G.D. du Toit onder wie se bevel Daniël Marais as korporaal was, het ook 'n brief tot die burgerkrygsraad van Stellenbosch gerig en hulle versoek om Marais van die amp as seinman te onthef. Du Toit het beweer dat 'n korporaal nie tyd gehad het om nog ander dienste ook te verrig nie en voorgestel dat Marais se broer, Ernst Lodewicus Marais, as seinman by die pos op Klipheuwel aangestel word.(72) Die burgerkrygsraad het die versoeke van die hand gewys en Daniël Marais was verplig om tot 1795 as seinman aan te bly.(73)

---

69. C 200 Bylae tot Resolusies van die Politieke Raad, 26/7/1792, pp. 243 - 244; C 266 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 27/7/1792, p. 61.
70. 1/STB 13/11 Notule van die Krygsraad, 5/5/1793, geen bladsy; 1/STB 20/5 Uitgaande Briewe Landdros en Heemrade: Landdros en Krygsraad - D. Marais, 5/5/1793, geen bladsy.
71. 1/STB 10/167 Inkomende Briewe van Private persone: D. Marais - H.L. Bletterman, 10/5/1793, geen bladsy.
72. 1/STB 10/167 Inkomende Briewe van Private persone: G.D. du Toit - H.L. Bletterman, 10/5/1793, geen bladsy.
73. 1/STB 1/61 Kladnotule van Landdros en Heemrade, 4/6/1793, p. 628.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Kaptein Rutz het volmag van die Politieke Raad gekry om alles wat by die seinposte ontbreek het, soos wat hy in sy verslag van Februarie 1792 gespesifiseer het, aan die seinmanne te voorsien. Die seinmanne moes dit self by die Kompanjie se magasyn in die Kaap afhaal en baie van hulle het flink gereageer.(74)

In Mei 1793 was daar 'n hele aantal seinmanne wat nog glad nie gereageer het nie. Dit het die seinmanne van die drie nuwe poste by Witzenberg, Pokkekraal en Pikenierskloof ingesluit. Hulle het niks behalwe hul kanonne gehad nie. Rutz het 'n ver= slag oor tekorte by die seinposte opgestel en aan die Poli= tieke Raad oorhandig.(75) Sien hierdie verslag in bylae nege.

Die burgerkrygsraad van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse sowel as Swellendamse distrik is opdrag gegee om hierdie artikels onmiddellik te laat afhaal.(76)

Die landdros van Stellenbosch het die goewerneur skriftelik laat weet dat hy ooreenkomstig die resolusie van 27 Maart 1792 opgetree het en reeds die nodige uitgereik het aan al die seinmanne in sy distrik wat buskruit kort gekom het. Net Johannes Kotzé van Pikenierskloof het nog nie syne afgehaal nie. Hulle is ook aangesê om al die ander artikels wat by hul poste ontbreek het so gou as moontlik te laat haal.(77)

---

74. BKR 2 Notule van die Burgerkrygsraad, 27/5/1793, geen bladsy; 1/STB 13/11 Notule van die Krygsraad, 4/6/1793, geen bladsy.
75. C 269 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 21/5/1793, pp. 69 - 70; 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: E.G. Clercq en H.W. Rutz - H.L. Bletterman, 21/5/1793, geen bladsy; 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: geteken H.W. Rutz - Naamlys van seinmanne wat nie hul seinbenodigdhede afgehaal het nie, 11/5/1793, geen bladsy.
76. BKR 2 Notule van die Burgerkryggsraad, 27/5/1793, geen bladsy.
77. 1/STB 20/5 Uitgaande Briewe Landdros en Heemrade: Burgerkrygsraad Stellenbosch - J.I. Rhenius, 4/6/1793, geen bladsy; 1/STB 1/61 Kladnotule van Landdros en Heemrade, 4/6/1793, pp. 626 - 627.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die seinposte op Pikenierskloof, Witzenberg en Pokkekraal is nooit geïnspekteer nie omdat die burgerkrygsraad van Stellenbosch nooit offisiere aangestel het wat oor hierdie poste moes toesig hou nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 9

## DIE TWEEDE SEINSTELSEL WORD OP DIE PROEF GESTEL

Die Nederlandse handelsvlote het die Amerikaanse Vryheidsoorlog gebruik om 'n florende, maar onwettige smokkelhandel met die Amerikaanse kolonies op te bou. Die kritieke tyd vir die Kaap het gekom toe die Nederlandse Republiek in 1780 as gevolg van sy onwettige handelsbedrywighede in 'n oorlog met Engeland betrokke geraak het omdat Engeland hom die reg toegeëien het om skepe van neutrale moondhede, onder andere ook die van Nederland, te onderskep en die vragte wat aan boord was te konfiskeer.(1) Op dié manier het die Engelse die Nederlandse houthandel vernietig omdat hulle gereken het dat die hout gebruik kon word vir die bou van oorlogskepe. Hulle het ook die Nederlandse kommunikasielyn met die Frans Wes-Indiese eilande met geweld verbreek. Uiteindelik het dit op 'n oorlog tussen Engeland en Nederland uitgeloop.(2)

Op 31 Maart 1781 het die Franse skip Silphide uit Europa in Tafelbaai aangekom. Onder die briewe wat hy gebring het, was een wat die heer Van Berkenrode, Nederlandse ambassadeur aan die Franse hof, geskryf het. Hy het goewerneur Van Plettenberg meegedeel dat Engeland op 20 Desember 1780 teen Nederland oorlog verklaar het en hom gewaarsku dat die Kaap ook aangeval kon word en hulle voorsorgmaatreëls moes tref.(3)

Van Plettenberg het onmiddellik gereageer en die landdros van Stellenbosch opdrag gegee om 100 man uit die burgermilisie na die Kaap te stuur om in die piketwag diens te doen. Die landdros moes ook 'n verdere 100 man gereed hou wat met die eerste alarmseine na die Kaap kon gaan.(4) Dieselfde aand

1. G. Claassen: 'n Historiese blik op die Lae Lande, p. 198.
2. H.S. Williams (ed.): The Historian's History of the World XIV, pp. 8 - 10.
3. VC 33 Daghregister, 31/3/1781, geen bladsy.
4. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 31/3/1781, geen bladsy; C 566 A Uitgaande Briewe: J.M. Horak - O.G. de Wet, 31/3/1781, p. 372.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nadat hulle die boodskap ontvang het, is 'n krygsraadvergadering gehou en is 100 man in 'n piket opgekommandeer om die volgende dag na die Kaap te vertrek.(5) Hulle het op 2 April 1781 in die Kaap aangekom.(6)

Die landdros van Swellendam was op daardie stadium op besoek aan die Kaap en is persoonlik deur die goewerneur meegedeel om 50 dragonders uit sy distrik na die Kaap te stuur. Landdros Van Ryneveld het op Sondag, 1 April 1781 uit die Kaap vertrek en op 3 April in Swellendam aangekom. Dieselfde aand is 'n krygsraadvergadering gehou en is opdrag gegee dat 50 dragonders so spoedig moontlik na die Kaap moes gaan.(7) Die eerste groep dragonders was onder bevel van die ritmeester Jacobus Steijn. Op 20 April het Landdros Van Ryneveld weer 'n krygsraadvergadering gehou en die burgers omtrent die toedrag van sake in Europa ingelig. Hy het ook bekend gemaak dat nog twee afdelings van 50 man elk gereed moes maak sodat hulle mekaar kon aflos.(8)

Die tweede afdeling dragonders was onder bevel van die ritmeester Esaias Meyer en moes op 12 Junie 1781 in die Kaap aanmeld. Hulle het op 3 Junie vanaf Swellendam vertrek. Die derde groep was onder bevel van die ritmeester Johannes Jacobus Botha. Landdros Van Ryneveld het die goewerneur laat weet dat sy distrik baie uitgestrek was en hy dit moeilik gevind het om die burgers betyds te waarsku om aan die Kaap diens te doen.(9)

Die goewerneur het die offisiere wat die seinkanonne moes inspekteer opdrag gegee om dit onmiddellik te doen en dan aan hul onderskeie landdroste verslag te doen oor die toestand waarin die kanonne en die gereedskap was. Hulle moes ook aan

---

5. C 550 Inkomende Briewe: J. van Plettenberg - Krygsraad, 31/3/1781, pp. 76 - 77.
6. VC 33 Daghregister, 2/4/1781, geen bladsy.
7. C 550 Inkomende Briewe: D. van Ryneveld - J. van Plettenberg, 7/4/1781, pp. 122 - 123.
8. 1/SWM 10/2 Daghregister, 20/4/1781, geen bladsy.
9. C 551 Inkomende Briewe: D. van Ryneveld - J. van Plettenberg, 3/6/1781, pp. 53 - 54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die seinmanne opdrag gee om waaksaam te wees, op hul poste te bly, alles wat nodig was om alarmseine te maak by die poste gereed te hou en ooreenkomstig die instruksies wat aan hulle gegee is op te tree wanneer hulle alarmseine moes maak.(10)

Die Politieke Raad het aan die landdros van Stellenbosch sowel as die poshouers van Simonsbaai, Saldanhabaai en Plettenbergbaai opdrag gegee om die inwoners van Hottentots-Holland, die wat in die omgewing van Valsbaai, Saldanhabaai, St. Helenabaai en Plettenbergbaai gewoon het te waarsku om met al hulle diere en lewensmiddele na die binneland te trek sodra hulle skepe opgemerk het. Die inwoners is gewaarsku om hulle nie aan die vlae te steur wat op skepe gewapper het nie. Skeepsbevelvoerders het dikwels vals vlae aan boord van hul skepe gehys en die vlag kon dus nie as bewys dien van 'n skip se identiteit nie. Die poshouer in Simonsbaai is ook opdrag gegee om alle proviand wat die Kompanjie aan hulle gegee het, in die see te gooi wanneer hulle na die binneland vertrek het. Dit sou dan bederf en nie deur die vyand gebruik kon word nie.(11) Sodra skepe by Saldanhabaai, St. Helenabaai of Simonsbaai opgemerk is, moes die poshouer 'n perderuiter met die boodskap na die Kaap stuur.(12) Veldkorporaal Hendrik Barnard van Plettenbergbaai is gevra om die landdros van Swellendam in kennis te stel wanneer hy skepe in sy omgewing opgemerk het. Persone wat hierdie opdragte verontagsaam, sou die doodstraf opgelê word.(13)

As verdere voorsorgmaatreël om vyandige skepe vroegtydig op te spoor, is daar besluit om die kuslyn by Hottentots-Holland deur 'n wagmeester te laat patrolleer. Indien hy skepe gewaar, moes hy dit onmiddellik aan die landdros van

---

10. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 31/3/1781, geen bladsy.
11. C 566 A Uitgaande Briewe: O.M. Bergh - C. Brand, 2/4/1781, pp. 382 - 384.
12. C 159 Resolusies van die Politieke Raad, 2/4/1781, pp. 205 - 210.
13. C 566 A Uitgaande Briewe: J.M. Horak - H. Barnard, 4/4/1781, pp. 398 - 399.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Stellenbosch rapporteer wat die nuus aan die goewerneur sou stuur.(14)

In Mei 1781 het die wagmeester David Malan die burgerkrygsraad van Stellenbosch meegedeel dat Michiel Radyn wat die wagdiens moes waarneem, aan die anderkant van die Hottentots-Hollandberge gaan woon het. Met sy vertrek het hy sy pligte aan sy broer Petrus Albertus Radyn oorgedra, maar dié het geweier om dit te doen. Die burgerkrygsraad het skerp hierop gereageer en 'n skriftelike opdrag aan Dawid Malan gegee wat hy aan Petrus Radyn moes oorhandig. Indien hy weier om die pligte van sy broer oor te neem, moes Malan dit onmiddellik aan die landdros rapporteer.(15)

Op 13 Maart 1781 het 'n Engelse vloot bestaande uit 46 skepe met 3000 soldate aan boord onder bevel van Johnstone die hawe van Spithead verlaat. Hulle was na die Kaap onderweg en het beplan om daar 'n aanval te maak. Die geheim van die Engelse ekspedisie is aan die Franse verklik deur 'n spioen, ene De la Motte, en 'n Franse vloot onder De Suffren het op 22 Maart 1781 die hawe van Brest in Frankryk verlaat om die Engelse se planne te verydel.(16)

Johnstone wat nie die minste agterdog gehad het dat sy ekspedisie aan die Franse bekend was nie het by die Kaap Verdiese-eilande in die hawe van St. Jago aangedoen om vars water in te neem sonder om voorsorgmaatreëls teen 'n aanval te tref. Hier het De Suffren die Engelse oorval en in die geveg wat gevolg het, het albei partye gevoelige verliese gely. Johnstone het die Franse aanval afgeweer, maar was nie in staat om sy sukses op te volg nie. Hy het egter die hoop gekoester dat De Suffren by 'n Brasiliaanse hawe sou moes

14. 1/STB 13/9 Notule van die Krygsraad, 17/4/1781, geen bladsy.
15. Ibid., 8/5/1781, geen bladsy.
16. C 646 Politieke Raad, Duplikaat Dagregister, 21/6/1781, pp. 807 - 809; G.M. Theal: History of South Africa before 1795 III, p. 198.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aandoen vir herstelwerk aan sy skepe en dat hy sodoende voor die Franse vloot Tafelbaai sou bereik.[17]

Intussen het skepe van die V.O.C. se retoervloot in Tafelbaai aangekom, maar hulle is na Saldanhabaai gestuur waar hulle moes vertoef totdat hulle onder geleide na Nederland kon gaan.[18] Die Hoogcarspel, Honcoop, Middelburg, de Paarl, Dankbaarheijd en Held Woltemade is na Saldanhabaai gestuur.[19]

Die Morgenster, Batavia, Amsterdam en Indiaan het in Tafelbaai gebly en sou met vlagseine vanaf die kwartiermeester se magasyn gewaarsku word wanneer vyandige skepe hul verskyning gemaak het. Wanneer daar gedurende die dag 'n kanonskoot vanaf Leeukop afgevuur is, moes die bevelvoerders met hul manskappe dadelik aan boord van hul skepe gaan. Sodra meer as een skoot vanaf Leeukop gevuur is en die wind uit die noorde of weste gewaai het, moes hulle die vlagstok by die kwartiermeester se magasyn dophou om te kyk watter kleur vlag gehys word.

As dit 'n wit vlag was moes alle manskappe aan land gaan. Op die bote mag slegs soveel manskappe agtergebly het as wat met een boot na die land geneem kon word. Wanneer daar bo alle twyfel vasgestel is dat die aankomende skepe van die vyand was, sou 'n blou vlag gehys word. Die aankomende skepe moes met kanonvuur aangeval word. Die manskappe moes aan boord bly totdat dit wou voorkom of die vyand hulle gaan oorrompel. As daar op land gereken is dat die manskappe eerder die skepe moes verlaat, sou 'n prinsevlag aan die vlagpaal gehys word.[20]

17. Anon.: A letter to lord Viscount Howe, p. 9.
18. K.M. Jeffreys (red.): Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1781 (Goewerneur en Raad in Batavia - Politieke Raad), 14/5/1781, p. 412.
19. VC 33 Daghregister 13/5/1781, geen bladsy.
20. C 704 Memoriën en Instructiën, 10/11/1781, pp. 333 - 339.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 20 Mei het die Franse skip Serapis in Simonsbaai geanker. Kaptein Chevallier de Roche, bevelvoerder van die Serapis het berig dat daar binnekort 'n sterk Franse vloot aan die Kaap sy opwagting sou maak.(21)

'n Maand later op 20 Junie, die oggend om 10:00 is sewe seinskote vanaf Leeukop afgevuur. Die seinskote het alles aan die Kaap in rep en roer gebring. Dit het baie verdag voorgekom aangesien 'n vyandiggesinde Engelse vloot aan die Kaap verwag is. Sonder om eens vas te stel wat die herkoms van die aankomende skepe was, is boodskappers onmiddellik na die seinposte by Soutrivier en Plattekloof gestuur met 'n opdrag aan die seinmanne dat hulle onmiddellik alarmseine na die buitedistrikte moes stuur. Dit het alles baie vinnig gebeur en een en 'n halfuur nadat die boodskappers by die kasteel weg is, is die eerste seinskote, omstreeks 12:00, vanaf Plattekloof afgevuur.

Twee tamboerslaners uit die garnisoen het opdrag gekry om die trom te slaan. Intussen is die rooi vlag aan die vlagstok op die punt Leerdam by die kasteel gehys en is daar ook twee kanonskote as seintekens afgevuur. Nadat die seine uitgestuur is, het die burgery van die Kaap op die plein voor die burgerwaghuis onder hulle verskillende vaandels by hul regimente byeengekom. Die Politieke Raad en die goewerneur het 'n blitsvergadering gehou terwyl almal op hul verskillende poste vir opdragte en bevele gewag het. Die goewerneur het later self te perd tot by die Waterplaas gery om die aankomende skepe te verken. Om 14:00 het hy teruggekeer en die Politieke Raad meegedeel dat dit Franse skepe was en hulle na Valsbaai op pad was. Die oproep van burgers uit die buitedistrikte is tot niet verklaar en die burgery wat reeds aan die Kaap byeen was, het toestemming gekry om huis toe te gaan. Hulle is gewaarsku om paraat te bly sodat hulle met die eerste alarmseine na die Kaap kon kom.(22)

21. VC 33 Daghregister, 20/5/1781, geen bladsy.
22. Ibid., 20/6/1781, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Gedurende die middag en die nag van 20 Junie het 'n aansienlike aantal burgers uit die nabygeleë buitedistrikte van Tygerberg, Koeberg, Swartland, Stellenbosch, Drakenstein en Hottentots-Holland in die Kaap aangekom, nadat hulle die alarmseine gehoor en gesien het. Hulle het toestemming gekry om weer terug te keer en is opdrag gegee om almal wat hulle langs die pad teëgekom het, te vra om ook om te draai.(23)

Met dagbreek die oggend van 22 Junie is daar seinskote vanaf die Hessekwakloof afgevuur as teken vir die Swellendamse burgers dat hulle na die Kaap moes gaan. Dieselfde dag het die burgers na die Kaap vertrek, maar op 24 Junie het 'n krygsoffisier van Stellenbosch hulle op Hottentots-Hollandkloof teëgekom. Hy het hulle bedank vir hulle ywer om na die Kaap te kom, maar hulle meegedeel dat hulle kon omdraai.(24)

Die aand van 21 Junie het goewerneur Van Plettenberg 'n boodskap van Christoffel Brand, die poshouer in Simonsbaai, gekry dat die Franse skip L'Heros onder bevel van De Suffren Simonsbaai binnegevaar het. Die L'Heros het voor die res van die Franse vloot in Simonsbaai aangekom. De Suffren het berig dat die res van die skepe waaroor hy bevel gevoer het nog in aantog was en dat hulle deur 'n Engelse vloot gevolg word.(25) Op 22 en 23 Junie het die res van De Suffren se vloot in Valsbaai aangekom.(26) Die Franse troepe wat aan boord van die skepe was, het op 25 Junie vanaf Valsbaai na die Kaap gemarsjeer om daar te help indien die Engelse die Kaap wou aanval. Hulle is gehuisves in huise wat die Kompanjie van die weduwee van Hendrik Schröder, die burger Johannes Pieters, Jacobus Johannes van den Berg en die weduwee Dil gehuur het.(27)

---

23. Ibid., 21/6/1781, geen bladsy.
24. 1/SWM 10/2 Daghregister, 22 en 24/6/1781, geen bladsy.
25. VC 33 Daghregister, 21/6/1781, geen bladsy.
26. Ibid., 22-23/6/1781, geen bladsy.
27. Ibid., 25/6/1781, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die burgers se reaksie op die alarmseine van 20 Junie het die Politieke Raad tot kommer gestem. Hoewel baie so vinnig moontlik met hulle volle wapenrusting na die Kaap gekom het en met hul optrede getoon het dat hulle bereid was om as eedgetroue burgers hul land teen 'n vyand te beskerm, was daar ook diegene wat die oproep geïgnoreer het. Hulle het hulle aan vervolging blootgestel omdat hulle nie die eed van trou wat hulle aan die land gesweer het nagekom het nie, en ook hulle plig versuim het. Die Politieke Raad het besluit om in die lig van die feit dat die Kaap enige dag deur die Engelse aangeval kon word 'n plakkaat met instruksies op te stel waarvolgens alle inwoners moes optree sodra hulle die alarmseine gehoor en gesien het. Die plakkaat is in al die buitedistrikte versprei en opgeplak sodat niemand as verskoning kon aanvoer dat hy nie daarvan kennis gedra het nie.[28]

Intussen het Johnstone sy reis vanaf St. Jago hervat. Toe hy teen die begin van Junie nog nie sy bestemming bereik het nie het hy met die moontlikheid rekening gehou dat De Suffren alreeds Tafelbaai bereik het. Toe sy skepe op 12 Junie die kus van Suidelike Afrika in sig kry, het hy weens die onsekerheid oor wat van De Suffren geword het 'n verkenningsgroep vooruit gestuur. Die verkenningskepe het op 30 Junie die <u>Held Woltemade</u> wat intussen vanaf Saldanhabaai na Ceylon vertrek het, nie ver van Saldanhabaai af nie, oorrompel.[29]

Op grond van die inligting wat bemanningslede van die <u>Held Woltemade</u> laat uitlek het, het Johnstone op 9 Julie, toe die verkenningskepe weer by die res van die vloot aangesluit het,

28. C 159 Resolusies van die Politieke Raad, 3/7/1781, pp. 395 - 397; S.D. Naude (red.): Kaapse Plakkaatboek III, 3/7/1781 (Optrede i.v.m. 'n vyandelike aanval), pp. 119 - 121.
29. K.M. Jeffreys (red.): <u>Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1782 Deel I</u> (Politieke Raad - Direkteur en Raad van Ceylon), 12/2/1782, pp. 406 - 407 en (Uittreksel uit besluit van Here XVII - Goewerneur van Indië), 8/12/1781, pp. 418 - 419.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



geweet dat De Suffren reeds in die Kaap was en het hy ook te hore gekom van die vyf retoerskepe wat in Saldanhabaai was.(30) Dié nuus het Johnstone laat besluit om die retoerskepe in Saldanhabaai aan te val. Kort voor 09:00 die oggend van 21 Julie 1781 het Johnstone met 16 skepe Saldahabaai genader terwyl die res van sy vloot noord van die baai anker gegooi het.(31) Die Nederlanders op die retoerskepe het van die vyand bewus geraak toe daar vanaf Postberg 'n noodsein gegee is. In die lig van die Engelse oormag het hulle besluit om nie teenstand te bied nie. Hulle het die ankertoue deurgekap en nadat hulle die skepe aan die brand gesteek het, het hulle in reddingsbootjies gespring en wal toe geroei.(32)

Op 22 Julie het goewerneur Van Plettenberg 'n brief van die poshouer in Saldanhabaai gekry waarin hy meegedeel is dat Engelse skepe hul verskyning in die mond van Saldanhabaai gemaak het. Van Plettenberg het onmiddellik op die nuus gereageer en die skippers van die Batavia, Amsterdam, Morgenster en Indiaan wat intussen om veiligheidsredes na Houtbaai gestuur is, gewaarsku om op hul hoede te bly en voorsorg te tref teen 'n moontlike Britse aanval(33) Op 23 Julie is daar met dagbreek alarmseine by die seinposte gemaak, sodat alle weerbare burgers uit die buitedistrikte na die Kaap kon kom om met die verdediging te help indien die Engelse 'n aanval sou maak.(34)

Op 24 Julie het goewerneur Van Plettenberg 'n boodskap vanaf Saldanhabaai gekry dat die Engelse die Kompanjieskepe aangeval en verwoes het en daarna die baai verlaat het. Intussen het

---

30. G.M. Theal: History of South Africa before 1795, III, p. 204.
31. C 160 Resolusies van die Politieke Raad, 3/8/1781, pp. 40 - 43.
32. VC 33 Daghregister, 26/7/1781, geen bladsy; C 398 Attestatiën, 2/8/1781, pp. 397 - 401.
33. VC 33 Daghregister, 22/7/1781, geen bladsy.
34. 1/SWM 10/2 Daghregister, 23/7/1781, geen bladsy; VC 33 Daghregister, 23/7/1781, geen bladsy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



baie burgers vanuit die nabygeleë buitedistrikte in die Kaap aangekom nadat hulle op die alarmseine van 23 Julie gereageer het.[35] Verskeie teenstrydige berigte het die Kaap bereik oor wat in Saldanhabaai gebeur het en Van Plettenberg het begin twyfel of die Engelse skepe wel Saldanhabaai verlaat het. Om die waarheid uit te vind is daar die namiddag van 25 Julie 'n afdeling vrywilligers uit die burgerkavallerie onder bevel van luitenant Johannes Gysbert van Reenen na Saldanhabaai gestuur. Onderweg daarheen het hulle persone teëgekom wat hulle meegedeel het dat die Engelse skepe vertrek het. Dieselfde aand was hulle weer in die Kaap terug.[36]

Die volgende dag het die bemanning wat aan boord van die Hoogcarspel, Honcoop, de Paarl, Middelburg en Dankbaarheijd was, uit Saldanhabaai in die Kaap aangekom en van hul wedervaringe vertel. Later dieselfde dag het daar weer berigte die Kaap bereik dat die Engelse nog steeds in Saldanhabaai was en weer is 'n afdeling uit die burgerkavallerie onder bevel van luitenant Van Reenen na Saldanhabaai gestuur.[37] Van Reenen en sy troepe het op 29 Julie in Saldanhabaai aangekom en gevind dat die Engelse weg was.[38]

Toe die Britse vlootmag teen 10 Augustus nog nie sy verskyning aan die Kaap gemaak het nie en die gevaar van 'n aanval verdwyn het, het goewerneur Van Plettenberg al die burgers wat aan die Kaap teenwoordig was, op die plein voor die burgerwaghuis byeengeroep. Hy het die burgers uit die buitedistrikte toestemming gegee om na hul wonings terug te keer en die maandelikse piketdiens tot November 1781 opgehef.[39]

---

35. Ibid., 24/7/1781, geen bladsy.
36. Ibid., 25/7/1781, geen bladsy.
37. Ibid., 26/7/1781, geen bladsy.
38. Ibid., 29/7/1781, geen bladsy.
39. Ibid., 10/8/1781, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die ekspedisies van Johnstone en De Suffren het die Kaapse regering genoodsaak om met meer ywer as ooit aan die werk te spring om die behoud van die Kaap te verseker.

Die Politieke Raad het besef dat hulle nie net burgers met behulp van alarmseine kon oproep wanneer 'n aanval op die Kaap verwag is nie. 'n Besluit is geneem waarvolgens burgers uit die buitedistrikte maandeliks na die Kaap moes kom om in die piketwag diens te doen. Die piketwag sou permanent aan die Kaap bly, maar elke maand sou 'n nuwe groep burgers kom om diens te doen. Afgesien van die piketwag moes alle weerbare burgers wat in die buitedistrikte was, na die Kaap gaan sodra hulle alarmseine gehoor en gesien het. Die inwoners van die Kaap moes diegene wat in die piketwag diens gedoen het, sowel as die burgers wat gekom het nadat hulle die alarmseine gehoor het, huisves. Hierdie stelsel het onenigheid onder die inwoners van die Kaap veroorsaak, omdat die Politieke Raad geen onderskeid tussen rykes en armes gemaak het nie. Vir hulle het dit nie saak gemaak of iemand dit kon bekostig om huisvesting te verskaf nie.(40)

Op advies van die fiskaal, Willem Cornelis Boers, het die Politieke Raad 'n nuwe stelsel van inkwartiering ontwerp. In plaas daarvan dat persone gratis by inwoners van die Kaap gehuisves is, moes al die inwoners van die Kaap, Stellenbosch, Drakenstein sowel as almal wat aan die Kaapse kant van die Hottentots-Hollandberge, Stellenbosse, Drakensteinse en Roodzandberge én diegene wat aan die Vier-en-twintig Riviere en omstreke gewoon het, elke vier maande 'n spesifieke belasting betaal. Die geld wat op hierdie wyse ingevorder is, sou aan die burgers wat vanaf die buitedistrikte gekom het om in die piketwag diens te doen, as salarisse uitbetaal word. Hulle sou tien riksdaalders per maand ontvang en kon dan by 'n plek van hul eie keuse loseer. Ewe-eens sou die burgers wat vir 'n algemene mobilisasie na die Kaap gegaan het, op finansiële hulp kon aanspraak maak indien hulle dit van hul

40. C 160 Resolusies van die Politieke Raad, 18/9/1781, pp. 93 - 96.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



burgerkrygsrade geëis het. Elke persoon sou een Kaapse gulden per dag ontvang.(41)

Hierdie nuwe belastingstelsel het sterk teenkanting vanaf die kant van sommige burgers uitgelok. Hulle was glad nie te vinde vir die idee dat hulle belasting moes betaal en ook in die piketwag moes diens doen nie. Vir sommige was dit net een te veel dat hulle hulself op gevaarlike plekke teen die vyand moes gaan blootstel. Hulle het dit ook baie duidelik gestel dat hulle nie onwillig was om diens te doen nie. As bewys het hulle die Politieke Raad daarop gewys dat hulle gereeld hul perde, waens en slawe beskikbaar gestel het om te help met die bou van fortifikasies en verskansings.(42)

Daar was ontevredenheid onder die burgers oor die piketdiens wat hulle aan die Kaap moes doen. Vanaf die begin van April 1781 tot 10 Augustus 1781 het daar elke maand 'n groep van 100 piketwagte na die Kaap gegaan en tussendeur is hulle twee keer deur alarmseine na die Kaap opgeroep.

Die burgers het daarop gewys dat hulle baie gehoorsaam was aan die alarmseine wat op 22 Junie gemaak is. Hulle het dwarsdeur die nag in reën en stormwinde na die Kaap gejaag. Die meeste het teen dagbreek daar aangekom, maar gevind dat die poorte van die kasteel nog gesluit was en moes elders teen die reën en wind gaan skuiling soek. Die poorte is eers later die oggend oopgemaak. Die burgers het gevoel dat hulle hul uiterste bes gedoen het om gou by die Kaap te kom sodat hulle ook met die verdediging kon help, terwyl daar aan die kant van die bewindhebbers min opgewondenheid was. Op 23 Junie is hulle teruggestuur sonder dat hulle wapens eers geïnspekteer is. Hulle was ook ontevrede oor die plakkaat wat later uitgereik is en waarin die regering sy ontevredenheid uitgespreek het oor die burgers wat nie die alarmseine gehoorsaam het nie, terwyl daar talle was wat wind en weer getrotseer het en hulle na die Kaap gehaas het.

41. Ibid., 9/10/1781, pp. 98 - 104.
42. Ibid., 30/10/1781, pp. 222 - 230.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 23 Julie is die burgers weer opgeroep en dieselfde aand het daar reeds burgers van so ver as die Land van Waveren en ander kontreie wat net so ver was, in die Kaap aangekom. In die dae wat gevolg het, het nog baie burgers uit die buitedistrikte in die Kaap aangekom. Hulle is almal op 10 Augustus teruggestuur sonder dat hul dienste benodig is.

Die burgers was ontevrede omdat die werk op hul plase stil gestaan het wanneer hulle weg was. Hulle huislike lewe het daaronder gelei en daar was ook uitgawes aan verbonde wanneer hulle na die Kaap moes gaan. Aan die Kaap was daar nie eens genoeg stalle en voer vir hul perde nie. Die 10 riksdaalders wat hulle later as vergoeding ontvang het, was glad nie voldoende nie.

Die piketdiens het baie ongerief vir die boere in die buitedistrikte veroorsaak en sommige het selfs gereken dat hulle dienste aan die Kaap oorbodig was. 'n Versoekskrif is daarop deur sommige burgers van Stellenbosch en Drakenstein aan die regering gerig. Hulle het gevra om vrygestel te word van piketdiens. As hulle versoek nie slaag nie sou hulle egter nie in gebreke bly om na die Kaap te gaan nie. Hulle het verder gewys op die uitputtende ritte wat hulle perde moes verduur en ook aangevoer dat hul oeste baie verwaarloos het gedurende hul afwesigheid vanaf die plase en dat dit jong beginnerboere baie nadelig getref het. Tydens hul afwesigheid was hulle gesinne ook aan die balhorigheid en moedswilligheid van die slawe blootgestel.(43)

Die Politieke Raad was simpatiek gesind teenoor hulle versoek en het besluit om permanente pikette te werf onder diegene in die buitedistrikte wat nog geen vaste huishouding gehad het

43. C 605 Inkomende Briewe: Geteken deur 76 persone (geen name verskyn in dokument nie) - J. van Plettenberg, ongedateer, pp. 75 - 92.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nie. Hulle sou teen 'n salaris van twintig riksdaalders per maand permanent in die Kompanjie se diens geneem word.[44]

In September 1783 het die Engelse skip Spy onder bevel van kaptein Shawood in Tafelbaai aangekom. Hy het op 12 Augustus 1783 vanaf St. Helena vertrek en 'n brief van die goewerneur van St. Helena aan goewerneur Van Plettenberg gebring met die tyding van 'n voorlopige vrede wat op 3 Februarie 1783 tussen die koning van Engeland en die State-Generaal van die Verenigde Nederlandse provinsies geteken is.[45] Vroeg in 1784 is die vrede as 'n voldonge feit beskou en is die Franse hulptroepe met Kompanjieskepe na Mauritius geneem om vandaar met Franse skepe na Europa geneem te word.[46]

In Desember 1792 het die Kaap met die oorlogskip Le Pervier die tyding gekry van opstande in Frankryk en dat dit tot oorlog tussen Engeland, Frankryk en Nederland kon lei. Dit het die belangrikheid van die Kaap weer skerp in die brandpunt gebring.[47]

In Februarie 1793 het Frankryk oorlog teen die Republiek van Nederland verklaar. Die bewindhebbers aan die Kaap is daarvan in kennis gestel deur die kaptein van die Nephtunus wat op 29 April in Tafelbaai aangekom het. Voorsorgmaatreëls wat getref moes word, is dadelik deur middel van 'n plakkaat bekend gemaak.[48]

Sodra vyandelike skepe opgemerk is en die Kaapse burgers na die kasteel moes kom, sou daar gedurende die dag twee kanonskote kort op mekaar geskiet word vanaf die punt Leerdam

44. C 161 Resolusies van die Politieke Raad, 13/2/1782, pp. 241 - 244.
45. C 165 Resolusies van die Politieke Raad, 8/9/1783, pp. 131 - 137.
46. VC 34 Daghregister, 22/1/1784, geen bladsy; C 166 Resolusies van die Politieke Raad, 22/1/1784, pp. 68 - 71.
47. C 210 Resolusies van die Politieke Raad, 11/12/1792, pp. 97 - 99.
48. S.D. Naude (red.): Kaapse Plakkaatboek IV, 30 April - 2 Mei 1793 (Verdediging van die Kaap), pp. 196 - 198.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



by die kasteel en 'n rooi vlag aan die vlagpaal gehys word wat uitsluitlik vir dié doel daar opgerig is. Gedurende die nag sou twee kanonskote afgevuur word en twee lanterns, die een bokant die ander, aan die vlagstok vertoon word. Indien die burgers direk by hul poste moes aanmeld, sou daar gedurende die dag 'n derde kanonskoot afgevuur word en so ook gedurende die nag, sowel as drie vuurpyle wat kort na mekaar afgevuur sou word.(49)

Alle seinmanne is gewaarsku om voortdurend op hul hoede te wees.(50) Dit was ook nodig om by Hottentots-Holland wagte aan te stel om die baai dop te hou. Ses manskappe wat daar naby gewoon het, is onder toesig van korporaal Daniël Malan opdrag gegee om vanaf 10 Mei bedags en snags die strand vanaf Vishoek tot aan die mond van die Eersterivier te patrolleer. Alle skepe wat hulle opgemerk het, moes onmiddellik aan die landdros van Stellenbosch en daarna aan die goewerneur gerapporteer word.(51)

Dit was ook nodig om die Kaapse garnisoen en burgery uit die landmilisie van Stellenbosch, Drakenstein en Swellendam te versterk. Uit elke distrik moes soveel burgers gestuur word as wat afgestaan kon word. Die goewerneur het die landdroste opdrag gegee om met die hulp van die burgerkrygsrade die mees doeltreffende manier te vind waarvolgens die burgers na die Kaap kon gaan, hoe hulle afgelos moes word en om te bepaal hoe groot die piketwagte moes wees. As daar enige besware van die burgers was, wou die goewerneur graag daarvan weet. Hy wou ook weet wanneer die eerste piketwag aan die Kaap verwag kon word.

Ses afskrifte van die plakkaat met die instruksies oor optrede wanneer die eerste alarmseine gemaak sou word, is na die buitedistrikte gestuur om opgeplak te word. Die burgers is

49. C 707 Memoriën en Instructiën, 10/5/1793, pp. 133 - 145.
50. C 269 Kladnotule van die Resolusies van die Politieke Raad, 30/4/1793, pp. 39 - 40.
51. 1/STB 13/11 Notule van die Krygsraad, 5/5/1793, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gevra om elke moontlike persoon wat 'n geweer kon hanteer en wie hulle kon vertrou met hulle saam te bring om met die verdediging van die land te help. Dit het Khoikhoi en vryswartes ingesluit.(52)

Die burgers moes op 15 Mei na die Kaap gaan en was weereens baie ontevrede omdat hulle opgeroep is. Dit was ploeg- en saaityd en ook die tyd wanneer hulle hul wingerde moes bewerk. Hulle was baie ontevrede omdat Khoikhoi en vryswartes ook saam met hulle na die Kaap moes gaan. Dit was mense waarsonder hulle nie op hul plase kon klaarkom nie aangesien hulle 'n tekort aan slawe gehad het. Die Khoikhoi en vryswartes was die enigste mense wat die werk op die plase kon voortsit wanneer die eienaars tydens 'n algemene mobilisasie opgeroep is.

Voorts kon dit gebeur, net soos met die vorige oorlog, dat hulle 19 dae aan die Kaap moes vertoef sonder dat die vyand opdaag. Dit kon ook gebeur dat persone na 'n maand van diens in die piketwag na hul plase terugkeer en dan skielik vir 'n algemene mobilisasie opgeroep word. Diens in die piketwag het tot gevolg gehad dat hulle telkens hul werksaamhede op hul plase moes staak om na die Kaap te gaan hoewel daar nog geen teken van 'n vyand was nie. Hul plase het op die manier baie verwaarloos en tot gevolg gehad dat daar 'n skaarste aan landbouprodukte was.

Die Kompanjie sou ook benadeel word omdat 'n groot deel van sy inkomste van die boere afkomstig was in die vorm van belastings wat hulle moes betaal. Dit sou noodwendig veel laer wees omdat hul produksie gedaal het. 'n Skaarste en tekort aan landbouprodukte sou meebring dat die dorpsbewoners tekorte het. Dit het ook 'n tekort aan voedsel beteken vir diegene wat die land moes verdedig wat tot gevolg kon hê dat die vyand hulle maklik sou oorwin.

---

52. 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: Goewerneur - H.L. Bletterman, 3/5/1793, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die boere was var mening dat piketdiens deur die stadsburgers of militariste gedoen moes word sodat hulle met hul werksaamhede kon voortgaan.(53) Die goewerneur wou hulle nie van piketdiens vrystel nie, maar het toestemming verleen dat die jaarlikse wapenoefeninge beëindig kon word.(54) Teen die einde van September 1793 was daar soveel probleme met die Khoikhoi in die distrikte van Stellenbosch en Swellendam dat die Politieke Raad ingestem het om die piketdiens op te hef. Hulle het toestemming gegee dat die burgers op hul plase kon bly om hul familie en eiendom te beskerm.(55)

In Maart 1795 het die Politieke Raad aan Hendrik Oostwald Laubscher, kaptein van die Stellenbosse kavallerie, en kaptein Dirk Wouter Hoffman opdrag gegee om uit die burgerdraggonders weer 'n kompanie piketwagte op te roep sodat hulle teen 15 Maart in die Kaap kon aanmeld. Hulle moes ook reëlings tref dat daar elke maand 'n ander groep na die Kaap gaan.(56) Op 22 Mei het die goewerneur aan landdros Bletterman laat weet dat hy nie meer piketwagte na die Kaap hoef te stuur nie, maar dat hulle waaksaam moes bly. Hulle moes luister vir alarmseine en onmiddellik na die Kaap gaan wanneer hulle dit hoor.(57)

Op 11 Junie 1795 het 8 skepe die middag omstreeks 12:30 hul verskyning in Valsbaai gemaak. Dieselfde aand het Pieter Welstraaten, die matroos by die pos op Muizenberg vir die Politieke Raad laat weet van die skepe wat hy gesien het.

Die skepe is ook vanaf Simonsbaai gesien en kaptein Dekker het onmiddellik 'n boot gestuur om vas te stel wat hul herkoms

53. 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: Memorie, Burgers en inwoners van Stellenbosch en Drakenstein - H.L. Bletterman, Mei 1793, geen datum, geen bladsy.
54. 1/STB 10/6 Inkomende Briewe: Goewerneur - H.L. Bletterman, 16/9/1793, geen bladsy.
55. C 218 Resolusies van die Politieke Raad, 27/9/1793, p. 329; 1/STB 10/7 Inkomende Briewe: Politieke Raad - H.L. Bletterman, 26/9/1793, geen bladsy.
56. 1/STB 1/62 Minuut Resolutiën, 3/3/1795, pp. 513 - 515.
57. C 573 Uitgaande Briewe: Kasteel de Goede Hoop - H.L. Bletterman, 22/5/1795, p. 405.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



was. Indien dit nie vyandelike skepe was nie moes hulle 'n vlag vertoon as teken vir die bevelvoerder in Simonsbaai. Geen vlag is vertoon nie en die gevolgtrekking is gemaak dat dit vyandelike skepe was.(58)

Die boot het om 21:00 die aand teruggekeer met die boodskap dat dit Engelse skepe was. Brand, die poshouer in Simonsbaai, het dadelik 'n boodskap aan die goewerneur gestuur. Aangesien 'n aanval op die Kaap gevrees is, het die Politieke Raad die nag van 11 en 12 Junie 1795 vergader en besluit om die burgers uit die buitedistrikte met alarmseine op te roep.(59) Om 02:00 is die eerste seinskote by die kasteel afgevuur en die volgende oggend by Soutrivier en die ander seinposte in die binneland.(60)

Baie gou nadat die burgers die seinskote gehoor het, het hulle uit die buitedistrikte by die kasteel begin opdaag. Dié vanaf Stellenbosch, Drakenstein, Paarl, Wamakersvallei, Koeberg en Tygerberg was reeds die agtermiddag van 12 Junie in die Kaap, terwyl dié vanaf Roodezand, Breërivier, Hexrivier, Bokkeveld en Roggeveld ook later opgedaag het. Sommige burgers het meer as 160 myl (257 km) gery om by die Kaap te kom. Daar was selfs 'n burger wat sy perd so gery het dat hy dood neergeslaan het. Hy het die tog verder te voet aangepak en na meer as 50 uur, nadat hy die alarmseine gehoor het, in die Kaap aangekom.(61)

Die burgers uit die Swellendamse distrik het hulle nie veel aan die alarmseine gesteur nie. Hulle was so besorg oor die beskerming van hul eie distrik teen die moordlustige Khoikhoi en ontevrede met hul landdros dat hulle teen 18 Junie 1795 nog

58. C 231 Resolusies van die Politieke Raad, 11/6/1795, pp. 130 - 134.
59. Ibid., 12/6/1795, pp. 141 - 142.
60. VC 75 Narrative of the surrender of the Cape of Good Hope to the English, geen datum, p. 50.
61. VC 76 Memorie en byzonderhede wegens overgave der Kaap de Goede Hoop 1795, geen datum, pp. 17 - 18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nie eens by die Kaap was nie, maar besig was met die hou van 'n krygsraadvergadering.(62)

Alle burgers uit die buitedistrikte is by inwoners van die Kaap huisvesting gegee. Aangesien die Politieke Raad nie geweet het vir hoe lank hulle aan die Kaap sou moes bly nie is hulle 10 schelling (1 schelling = 6 stuyvers en 16 stuyvers = 1 gulden) per dag betaal. Met dié verdienste moes 'n burger ook sy perd onderhou.(63)

Die aankoms van die Engelse was op daardie stadium so allesoorheersend dat byna niks anders gedokumenteer is nie. Oor die seinstelsel is daar niks verder geskryf nie en daar kan nie vasgestel word hoe lank die burgers wat deur die alarmseine opgeroep is aan die Kaap gebly het, hoeveel opgedaag het en of diegene wat dit geïgnoreer het, gestraf is nie. Wat egter belangrik is, is dat die seinstelsel goed gewerk het. Die feit dat die burgers wel na die Kaap gegaan het om met die verdediging te help bewys dat die stelsel doeltreffend gefunksioneer het.

---

62. 1/SWM 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 17/6/1795, pp. 251 - 252 en 18/6/1795, pp. 253 - 255.
